UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE BRITSE OWERHEID EN DIE BURGERLIKE BEVOLKING VAN HEIDELBERG, TRANSVAAL, GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG

deur

WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)**

in die

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF. F. PRETORIUS
MEDEPROMOTOR: DR. J.E.H. GROBLER

OKTOBER 2007

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD


**Voorwoord** - (i)

**Kaart** - (iii)

**Afkortings** - (iv)

**Inleiding** - 1

*Hoofstuk 1:* **Heidelberg word Brits** - 17

*Hoofstuk 2:* **Die Britse verskroeide aarde-beleid en die ontstaan van die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg** - 55

*Hoofstuk 3:* **Die Heidelbergse konsentrasiekamp** - 91
3.1 Organisasie - 91
3.2 Gesondheidsdienste - 136
3.3 Mediese dienste - 153

*Hoofstuk 4:* **Onderwys op Heidelberg** - 179

*Hoofstuk 5:* **Die kerklike lewe op Heidelberg** - 242

*Hoofstuk 6:* **Die Britse owerheid en die Heidelbergse swart bevolking** - 285

*Hoofstuk 7:* **Die einde** - 348

**Bylaes** - 364

**Bibliografie** - 368

**Samevatting** - 379

**Summary** - 381

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Hierdie proefskrif handel oor een van die mees emosionele en omstrede tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, waaroor daar tans steeds meningsverskille onder die Suid-Afrikaanse en Britse historici bestaan.

Die skryf van hierdie proefskrif sou nie sonder die hulp van verskeie persone en instansies moontlik gewees het nie. Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder leiding van prof. Fransjohan Pretorius (Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria) aan te pak. Vir sy professionele optrede en deeglike nasien van die teks, asook sy indringende maar steeds opbouende kritiek, het ek die hoogste waardering. Sy eindelose geduld en die besondere hoflikheid wat hy tydens die sintese aan die dag gelê het, het nie ongesiens verbygegaan nie. Eweneens aan die mede-promotor, dr. J.E.H. Grobler van dieselfde departement, my opregte dank.

Teenoor die hulpvaardige personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria, waar ek vir amper 'n jaar navorsing gedoen het, wil ek graag my erkentlikheid betoon. In die opsporing van verdere dokumentasie het die personeel van die onderskeie kerkargiewe, te wete dié van die NG Kerk, vroeër in Pretoria en tans op Stellenbosch, die NH Kerk in Pretoria en die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom, waardevolle bydraes tot die afhandeling van hierdie proefskrif gelewer. Ek kan ook nie nalaat om my dank vir hul volgehoue hulp aan die personeel van die Africana-afdeling van die Universiteit van Pretoria se biblioteekdienste oor te dra nie.

Dank ook aan ds. Danie le Roux, leraar van die NG Gemeente op Heidelberg, vir die opsporing van die uitgawes van *The Heidelberg News* in dié gemeente se kerkkantoor. Vir prof. W.S. Boshoff van Unisa bedank ek graag dat hy die sendingverslae van die Berlynse sendinggenootskap van 1900-1901 onder my aandag gebring het. Terselfdertyd ook my waardering vir die dokumente oor

Heidelberg wat brig.genl. (dr.) H.J.G. Kamffer in Pretoria, my swaer, mnr. Mauritz Hansen op Naboomspruit, en mnr. J.C. van der Westhuizen van die Gautengse Provinsiale Regering tot my beskikking gestel het. ‘n Besondere woord van dank aan dr. C.C. Momberg, medikus op Heidelberg en voorsitter van die Heidelbergse Historiese Genootskap, sonder wie se hoogs gewaardeerde insette, dokumente en foto’s oor die Heidelbergse konsentrasiekamp hierdie studie aan volledigheid mank sou gegaan het. Laastens, my dank aan mev. Ingrid Swanepoel vir die bekwame wyse waarop sy die taalversorging behartig het.

Op ‘n persoonlike noot wil ek graag my oorlede ouers huldig vir hulle voortdurende aanmoediging tydens hulle leeftyd om my studies enduit te voer. Ook aan my eggenote vir haar daadwerklike ondersteuning, onselfsugtige opofferings en eindelose geduld tydens die skryf van hierdie proefskrif.

Bo alles, aan die Hoërhand al die eer daarvoor dat Hy my begenadig het om hierdie werk te kon voltooi.

W.J. Pretorius
Pretoria
Oktober 2007

# LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| CNO | - | Christelik-nasionale onderwys. |
| CO | - | Colonial Office Records. |
| CS | - | Archives of the Colonial Secretary, Transvaal. |
| DBC | - | Department of Burgher Camps. |
| DCH | | District Commissioner of Heidelberg. |
| DNV | - | Departement van Naturellevlugtelinge. |
| FK | - | Fotokopieë. |
| KG | - | Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR. |
| MGP | - | Archives of the Military Governor, Pretoria. |
| NGK | - | Nederduitse Gereformeerde Kerk. |
| NH of G Kerk | - | Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. |
| NHK | - | Nederduitsch Hervormde Kerk. |
| OVS | | Oranje-Vrystaat. |
| PMO | - | Archives of the Provost Marshal's Office, Army Headquarters South Africa. |
| PSY | - | Archives of the Political Secretary. |
| PU vir CHO | | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. |
| RGN | - | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. |
| SAC | | South African Constabulary. |
| SAVF | | Suid-Afrikaanse Vrouefederasie. |
| SNA | - | Archives of the Secretary for Native Affairs, Transvaal. |
| SS | - | Argief van die Staatsekretaris van die ZAR. |
| TAB | | Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. |
| UOVS | | Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein. |
| UP | | Universiteit van Pretoria. |
| WO | - | War Office Records. |
| ZAR | - | Zuid-Afrikaansche Republiek. |

ggj

# INLEIDING

Die historiografie van die Anglo-Boereoorlog het vir die grootste deel van die twintigste eeu merendeels om die militêre aspekte gewentel. In die laaste dertig jaar van die vorige eeu het daar, as gevolg van navorsing in Europa en die VSA oor "war and society", 'n klemverskuiwing plaasgevind wat navorsing oor die lot en ervarings van die burgerlike bevolking tydens die oorlog ten doel gehad het. Dit het daartoe gelei dat die Anglo-Boereoorlog voortaan nie meer net as 'n geïsoleerde oorlog waarby slegs die blankes betrek was, beskou sou word nie. Nou sou dit deur talle moderne historici as 'n totale Suid-Afrikaanse oorlog bestempel word, omdat alle inwoners, blank en swart, daarby betrek is. Die nuwe benaming, "South African War", sou spoedig by menige geskiedkundige inslag vind.[1]

Die logiese uitvloeisel van bogenoemde is dat plaaslike en nasionale geskiedenis nie losstaande van mekaar gesien kan word nie. Beide is in dié opset onderdele van en nou verweef met mekaar en moet eerder as aanvullend tot mekaar as mededingend beskou word. Veralgemenings van historiese gebeure en feite maak die grondslag uit waarop die nasionale geskiedenis sy beslag kry. Navorsers kan nie tydens die bestudering van 'n onderafdeling van hierdie tema, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe, van die reeds bestaande veralgemenings oor hierdie onderwerp ontsnap nie. Dit is dus verkieslik om so 'n onderwerp eers binne die plaaslike raamwerk van die gemeenskap, die geografiese ligging en die bevolking te bestudeer sodat dit as 'n onderdeel van 'n nasionale gebeurtenis meer begryplik kan word.[2]

---

[1] Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 15.

[2] J.L. Hattingh, "Die Irenekonsentrasiekamp", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jaargang 30(1), p. 1.

In die lig van bogenoemde is daar besluit om 'n beter begrip van die burgerlike lewe op Heidelberg in die ZAR tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, en veral tydens die Britse besetting vanaf 23 Junie 1900, te verkry om sodoende 'n bydrae tot die nasionale geskiedenis in die algemeen te lewer. Gevolglik is daar in oorleg met die studieleier besluit om Heidelberg tydens die Britse besetting tematies aan te bied sodat dit as 'n onderdeel van die nasionale geskiedenis beoordeel kan word. Terselfdertyd het 'n leemte in dié verband aan die lig gekom, naamlik dat daar van 1967 tot 2000 slegs oor vyf spesifieke konsentrasiekampe primêre navorsing gedoen is, naamlik oor die konsentrasiekampe by Irene[3], Pietersburg[4], Bloemfontein[5], Eshowe[6] en Merebank[7]. Daarenteen het werke deur J.C. Otto[8], A.C. Martin[9] en N. Devitt[10] oor hierdie kwessie slegs op 'n breë grondslag geskied. Martin, veral, het Otto oor sekere van sy feite gekonfronteer en probeer om hulle reg te stel.[11]

Oor Heidelberg tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, het twee populêre publikasies van Ian Uys verskyn, getitel *Heidelbergers of the Boer War,* in 1981,

[3] *Ibid*.

[4] J.E. Krugell, "Die Pietersburgse Konsentrasiekamp", ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1988.

[5] E. Wessels, "'A cage without bars' – die konsentrasiekamp in Bloemfontein" in Fransjohan Pretorius, *Verskroeide aarde.*

[6] J.M. Wassermann, *The Eshowe Concentration and surrendered Burghers Camp during the Anglo-Boer War*, *(1899-1902).*

[7] A.U. Wohlberg, "The Merebank Concentration Camp in Durban, 1901-1902", ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 2 000.

[8] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, 1954.

[9] G.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902: Facts, Figures and Fables*, 1957.

[10] N. Devitt, *The Concentration Camps in South Africa during the Anglo Boer War of 1899-1902*, 1941.

[11] G.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902: Facts, Figures and Fables.*

en *Fight to the bitter end,* in 2002. Uys, wat nie 'n geskoolde historikus is nie, het geen diepgaande navorsing oor die burgerlike lewe of die kommandolewe tydens die oorlog gedoen nie. In sy tweede werk, *Fight to the bitter end,* het hy sommige van die primêre bronne, soos distrikskommissaris J.M. Vallentin se memoires, gedeeltes van die twee Viljoenbroers, Marthinus (Ouboet) en Henning, se dagboeke en Cassie O'Reilly se brief aan haar suster in Skotland, woordeliks sonder enige kommentaar opgeneem. Beide werke het tekortkominge. Onder andere bespreek Uys nie die lewe in die Heidelbergse konsentrasiekamp nie, alhoewel hy gedeeltes uit Janie Kriegler se dagboek oor die daaglikse bestaan in die Merebank- konsentrasiekamp kritiekloos aanhaal.

Vanaf die laat vyftigerjare het intensiewe navorsing oor die konsentrasiekampe meer objektiewe beoordeling tot gevolg gehad. Twee navorsers, naamlik J.D. Kriel[12] en C. Searle[13], het in 1957 met hulle proefskrifte weer eens die algemeen gemeenskaplike feite beklemtoon. Beide se navorsing is van belang. Die waarde van Searle s'n lê daarin dat sy die kennis oor die verpleging in die konsentrasiekampe bekendgestel het.[14] Daar sou egter eers in 1966 aan die studie van spesifieke konsentrasiekampe aandag verleen word. In hierdie jaar het J.L. Hattingh met sy studie oor *Die Irenekonsentrasiekamp* die weg vir verdere akademiese navorsing oor ander individuele kampe gebaan. Geskiedskrywers soos Hattingh, J.E. Krugell, J.M. Wassermann en A.U. Wohlberg moes tydens die skryf van hulle werke oor dié onderwerp daarvan bewus gewees het dat, om oor die geskiedenis van so 'n hoogs emosionele en omstrede kwessie te skryf, so goed is as om 'n mens se kop in die spreekwoordelike byenes te druk. Onder andere stuit die navorser teen die

---

[12] "Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog: 'n studie van altruïsme en passifisme." Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1957.

[13] "A Socio-Historical survey of the development of nursing in South Africa between 1652 and 1960". Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1964.

[14] J.L. Hattingh, "Die Irenekonsentrasiekamp", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 30(1), p. 1.

diepgewortelde anti-Britse gevoelens van ‘n groot aantal Afrikaanssprekendes en hulle gevolglike gebrek aan objektiwiteit. Die navorser self moet die geskiedskrywing op so ‘n omsigtige wyse benader dat hy nie onder die aanklag van subjektiwiteit kan deurloop nie.

Werke oor die burgerlike lewe tydens die oorlog is nie so geredelik beskikbaar nie. Hattingh het met sy meer ewewigtige werk, *Die Irenekonsentrasiekamp,* ‘n goeie voorbeeld van objektiewe geskiedskrywing gestel. Alhoewel Hattingh met sy werk ‘n nuwe aanslag onder die navorsers tot gevolg gehad het, sou veral S.B. Spies se belanghebbende werk in 1977, *Methods of barbarism?*, spoedig as die mees gesaghebbende werk oor die burgerlike lewe tydens die oorlog beskou word.[15] Volgens Albert Grundlingh verleen hierdie werk ‘n “belangrike nuwe dimensie” aan die bestudering van die Anglo-Boereoorlog.[16] Die objektiwiteit waarmee Spies hierdie omstrede onderwerp benader, was ‘n vars briesie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Spies reken in sy voorwoord tot die tweede druk van hierdie werk: “It recognises that the Anglo-Boer War (South African War) had an impact on all South Africans.”[17] In 1990 het Jan Ploeger se ongepubliseerde dog omvattende “Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, wat vyf dele beslaan, verskyn. Ofskoon dit ‘n handige naslaanwerk is waarin talle dokumente uit die Transvaalse Argiefbewaarplek opgeneem is en dit op die invloed van die oorlog op die burgerlike bevolking wys, het dit nie dieselfde trefkrag as Spies se werk nie. Spies se aanbieding is meer gebalanseerd, omdat hy die burgerlike lewe vanuit sowel ‘n Britse as Afrikaanse standpunt benader.

Een faset van die burgerlike samelewing, naamlik die posisie, rol en ondervinding van die gekleurdes in die Anglo-Boereoorlog, het tot ongeveer 1965 weinig

---

[15] Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 16.

[16] Albert Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 13.

[17] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. vii.

aandag geniet. Nuwe navorsing is nou veral op die swartes se aandeel in die oorlog toegespits. Wetenskaplike bydraes oor hierdie onderwerp het vanaf 1965 redelik vinnig op mekaar gevolg. In dieselfde jaar het H.J. Botha die bal met sy MA-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria, getitel, "Die moord op Derdepoort, 25 November 1899. Nie-blankes in oorlogsdiens", aan die rol gesit. Hierna het nuwe publikasies gereeld verskyn. Ook in hierdie opsig is S.B. Spies se *Methods of barbarism?* een van die mees gesaghebbende bydraes. Spies plaas in hierdie publikasie lords Roberts en Kitchener se behandeling van sowel blank as swart burgerlikes tydens die oorlog onder die soeklig. In 1983 het 'n ewe belangrike werk deur Peter Warwick verskyn, naamlik *Black people and the South African War, 1899-1902,* wat hy in 1978 as 'n proefskrif aan die Universiteit van York voltooi het. Hierdie werk bied nuwe perspektiewe op die swartes se lotgevalle en ervaringe tydens die oorlog. Swart geskiedskrywers soos H.T. Siwundhla[18] en J.S. Mohlamme[19] het nie agterweë gebly nie en met hulle proefskrifte aan Amerikaanse universiteite nuwe insigte oor die rol en posisie van die swartes verskaf. In 2003 het S.V. Kessler met sy doktorale proefskrif oor "The black concentration camps in the South African War"[20] ook nuwe lig op die Suid-Afrikaanse swartes in oorlogstyd gewerp. Sowel Kessler as Mohlamme se insiggewende bydraes oor die lotgevalle van swartes in Fransjohan Pretorius se *Verskroeide aarde* is met groot vrug geraadpleeg. 'n Groot struikelblok wat die skrywer moes oorkom, was die skaarste aan inligting oor die swart Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe.

'n Belangrike faset van die oorlog is die invloed van die wapenneerlêers op die burgerlike bevolking en hulle pogings om die oorlog tot 'n spoedige einde te

[18] *The participation of Non-Europeans in the Anglo-Boer War, 1899-1902*, proefskrif, Claremont Graduation School. 1977.

[19] *Black people in the Boer republics during and in the aftermath of the South African War of 1899-1902*, proefskrif, University of Winsconsin-Madison, 1985.

[20] Brief Stowell Kessler aan skrywer op 14.04.2007 waarin hy die aanvaarding van sy doktorale proefskrif in 2003 deur die Universiteit van Kaapstad bevestig.

bring. Tot in die sestigerjare van die vorige eeu het daar geen omvattende en gespesialiseerde werk oor hierdie onderwerp bestaan nie. Albert Grundlingh het in 1977 goed daarin geslaag om hierdie leemte met sy werk, *Die "hendsoppers" en "joiners"* te vul. Op 'n taktvolle wyse het hy die omstandighede waarin hierdie groep burgers hulle na wapenneerlegging bevind het, geskets. Met deernis het hy ook hulle rol en invloed tydens die oorlog probeer bepaal. In Heidelberg het van die invloedryke en vooraanstaande burgers oorgegee en terselfdertyd die Eed van Neutraliteit afgelê. Vir die duur van die oorlog en na vredesluiting moes hulle die veragting van die bittereinders verduur. In sy voorwoord tot die tweede uitgawe in 1999 skryf Grundlingh dat, indien hy weer so 'n werk sou aanpak, hy waarskynlik, in die lig van veranderde omstandighede in Suid-Afrika, meer begrip vir hierdie wapenneerlêers sou toon. Hierdie mense het ingrypende besluite geneem, "in sommige gevalle onnadenkend, en die implikasies van besluite wat hulle nie dikwels kon voorsien nie."[21]

Een van die temas, naamlik die onderwys in die konsentrasiekampe en veral die onderrig in die kampskool op Heidelberg, het baie aandag geverg, aangesien inligting daaroor nog nie vantevore ontsluit is nie. 'n Studie van verskeie bronne oor die onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en veral dié in die kampskole dui op 'n leemte, naamlik geen intensiewe navorsing oor die kampskool op Heidelberg nie. Historici soos F.C. Symington[22] en J.C. Otto[23] het oor die onderwys in die kampskole navorsing gedoen, maar volgens Hattingh het dit op 'n breë grondslag geskied sonder om die omstandighede en behoeftes van die kampe afsonderlik in ag te neem.[24]

---

[21] Albert Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 6.

[22] "Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode, 1900-1907." Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, U.P., 1948.

[23] *Die konsentrasiekampe*, 1954.

[24] J.L. Hattingh, "Die Irenekonsentrasiekamp", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jaargang 30(1), 1967, p. 1.

In 1925 het E.C. Malherbe in sy werk, *Education in South Africa, 1652-1922,* ook oor die onderrig in die kampskole in die algemeen geskryf deur slegs die suksesvolle kampskole by Groenpunt en Norvalspont te noem. A.K. Bot se *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936,* is slegs op gemik op 'n vlugtige beeld oor die onderwys sonder om enigsins in besonderhede in te gaan. Daarteenoor bevat die werk van J. Chr. Coetzee in 1941 oor *Onderwys in Transvaal, 1838-1937,* meer besonderhede, maar die inligting oor die kampskole is onvoldoende. Selfs die eeufeespublikasie in 1976 oor die *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976,* bevat min inligting oor die kampskole.

Die geskiedskrywer, dr. A.E.F. Bosman, voorheen predikant van die N.G. Kerk op Heidelberg, het die ontwikkeling van die onderwys op hierdie dorp vanaf 1866 in 'n navorsingstuk getitel, *Pro Deo et Patria,* beskryf. Hierdie werk, wat op goeie navorsing berus, kon nie bevestig of daar wel onderwys in die kampskole bestaan het nie. 'n Aanhaling in dié verband op p. 31 in Bosman se werk oor die onderwys tydens die Anglo-Boereoorlog lees soos volg: "Van skoolhou was daar geen sprake nie. Waarskynlik het daar 'n skool in die konsentrasiekamp in Heidelberg bestaan, maar geen duidelike gegewens is beskikbaar nie. Daar was wel 'n Engelse kampskool by die Geref. Kerk." Uit hierdie aanhaling kan die gevolgtrekking gemaak word dat oor die kampskool op Heidelberg geen navorsing gedoen is nie, ten spyte daarvan dat van die bronne, onder andere *The Heidelberg News,* wel op die dorp beskikbaar was. P.W. Lötz, wat ook oor die onderwys op Heidelberg geskryf het,[25] is in sy aanbieding oor die kampskool op Heidelberg te eensydig. Sy relaas hieroor in 'n paar bladsye, waarin hy baie sterk op Symington se bevindings steun, laat die onderrig in die kampskool op Heidelberg nie tot sy reg kom nie.

---

[25] "Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in die distrik Heidelberg, Transvaal, van 1839 tot 1950." Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1952.

Laastens moet die pro-Britse gesindheid van ‘n deel van die ouers op die dorp ten opsigte van die onderrig van Engels nie uit die oog verloor word nie. M.A. Basson wys in sy proefskrif hoe die sterk Britse invloed die Transvaalse onderwys beïnvloed het. Sedert die erkenning van Engels as skooltaal in 1866 het die Britse invloed gaandeweg sterker geword en vanaf 1901 het dit die onderwys in die hele Suid-Afrika oorheers. Na die toekenning van selfbestuur aan die Transvaalkolonie in 1906 is daar deur middel van die Smuts-onderwyswet van 1907 gepoog om sowel die Nederlandse as die Britse stroming op ‘n gelyke grondslag in ‘n eenvormige onderwysstelsel te akkommodeer.[26]

Die gepubliseerde bronne oor die gemeentelike aktiwiteite van die drie Nederlandse susterkerke op Heidelberg tydens die Anglo-Boereoorlog is ewe teleurstellend as die gepubliseerde bronne oor die kampskole. Die werk van A.E.F. Bosman,[27] S.P. Engelbrecht[28] en W.G. van der Schijf[29] voldoen aan die vereistes om as agtergrond te dien vir die ontstaan en vestiging van die drie kerke op die dorp, maar hulle lewer nie 'n betekenisvolle bydrae oor die kerklike lewe tydens die Britse besetting van Heidelberg nie. Aangesien die drie bronne niks hieroor tydens die oorlog vermeld nie, is dit begryplik dat die aanname gemaak word dat die oorlog dit tot stilstand gedwing het. In werklikheid het die teenoorgestelde plaasgevind, alhoewel nie op so ‘n groot skaal nie. Oor die kerklike lewe van sowel die Duitse sendinggenootskap – die Berlynse Sending – as die Engelse denominasies, St. Ninian’s Anglican Church en Wesleyan Methodist Church, is daar geen sekondêre bronne beskikbaar nie. Net soos in

---

[26] M.A. Basson, “Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys.” D. Ed.-proefskrif, U.P., deel 1, 1950.

[27] *Aan God alleen die eer, ‘n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde. Gemeente Heidelberg, Transvaal, 1865-1965.*

[28] *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935.*

[29] *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg 1890-1965. Gedenkboek by geleentheid van die driekwart-eeufees.*

die geval van die drie susterkerke is daar vir inligting oor die kerke op Heidelberg ten tye van die oorlog op die primêre bronne teruggeval.

Materiaal vir die skryf van hierdie proefskrif is in primêre en sekondêre bronne te vinde. Sekondêre werke vir hierdie proefskrif het behels ongepubliseerde MA-verhandelings en doktorale proefskrifte en gepubliseerde literatuur. Primêre bronne kan in twee dele verdeel word, naamlik ongepubliseerd en gepubliseerd. Ongepubliseerde stof wat vir die skryf van hierdie proefskrif benut is, is gevind in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) in Pretoria, die argiewe van die drie susterkerke, naamlik dié van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk op Stellenbosch, voorheen in Pretoria, dié van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom, dié van die Nederduitsch Hervormde (NH) Kerk in Pretoria en privaatversamelings van dr. C.C. Momberg en F.M. von N. Hansen onderskeidelik op Heidelberg en Naboomspruit. Dit sluit in briewe, dagboeke, telegramme, herinneringsgeskrifte, ensovoorts. Gepubliseerde primêre bronne sluit in Britse Blouboeke, amptelike dokumente en Hansards.

Ongelukkig bestaan daar leemtes ten opsigte van die beskikbaarheid van verslae oor die konsentrasiekampe. ‘n Algemene klagte is dat van die “Burgher Camps Department” se dokumente verlore gegaan het en navorsers gevolglik op die gepubliseerde maandverslae in die Britse Blouboeke aangewese is.[30] Ten opsigte van Heidelberg was die kampverslae, met die uitsondering van dié van Julie 1901 wel in die lêers van die “Burgher Camps Department”, gemerk DBC 11 tot 14, beskikbaar. Hierdie amptelike verslae, waarin ook die statistieke vervat is, is uit ‘n Britse oogpunt opgestel. Dit is inderdaad die enigste rapporte wat oor die konsentrasiekampe bestaan. Afgesien van die eensydigheid daarvan, bemoeilik dit ook die navorser se taak om ‘n ewewigtige beeld oor die kamplewe daar te stel. Ten spyte van vergeefse pogings om persoonlike herinneringe van die Heidelbergse kampinwoners oor hulle verblyf in dié konsentrasiekamp op te

[30] J.L. Hattingh, “Die Irenekonsentrasiekamp”, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* jaargang 30(1), 1967.

spoor, kon daar tog uit die bestaande Britse verslae ‘n idee oor hierdie kamp gevorm word.

Nog meer as oor die Heidelbergse blanke konsentrasiekamp, is daar weinig inligting oor die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik beskikbaar. Alhoewel daar redelik volledige statistieke oor die swart kampe in die dokumente van die “Secretary for Native Affairs” (SNA) opgeneem is, laat die absolute gebrek aan kampverslae 'n mens twyfel of die volle waarheid oor hierdie kampe vertel sal word.

In die vorming van ‘n beeld van Heidelberg tydens en na die oorlog is die gebruikmaking van ongepubliseerde bronnemateriaal in die onderskeie argiewe ewe belangrik. Hieronder ressorteer die notules van onder andere skoolinspekteursvergaderings in Pretoria tydens die oorlog, ‘n vergadering van voorgenome wapenneerlêers uit die wyk Hooggeveldt in die Heidelbergdistrik, na-oorlogse kerkraadsvergaderings en gemeentelike verslae oor die geestelike lewe van die lidmate, wat onontbeerlik vir die skryf van hierdie proefskrif was. Die notules van die N.G. Kerk op Heidelberg bevat die name van persone (tuggevalle) wat die pad tydens die oorlog byster geraak het. Uit die notules is dit duidelik dat alhoewel die kerkrade die kerklike tug streng en met groot omsigtigheid toegepas het, dit steeds in liefde geskied het.

Inligting in oorlogsdagboeke is van onskatbare waarde in die skryf van ‘n proefskrif. ‘n Navorser wat van dagboeke gebruik maak, verkry nie slegs insig in die intieme gedagtes van ‘n skrywer oor die verloop van ‘n oorlog nie, maar ook belangrike inligting om die verloop van gebeure in die regte konteks te plaas. Die skrywer het sommige van die inligting daarin met vrug gebruik om ‘n beeld van Heidelberg en die distrik tydens die Britse besetting te rekonstrueer. ‘n Belangrike werk in hierdie verband, wat nie in ‘n Suid-Afrikaanse argief opgeneem is nie, is *Private Tucker’s Boer War Diary*, versorg en geannoteer deur Pamela Todd en David Fordham en in 1980 deur Elm Tree Books in Londen uitgegee. Tucker het met sy daaglikse inskrywings oor die optrede van die Britse

troepe in die Heidelbergdistrik die leser van die verwoesting en die wyse waarop dit plaasgevind het, bewus gemaak. Te midde van die oorlog skemer die menslike gevoelens van die Britse troepe deur. Hulle verlange huis toe wanneer hulle op ‘n Sondagmôre, in die stilte van die veld, die gewyde sang vanuit die Anglikaanse Kerk op Heidelberg aanhoor, is aangrypend.

Verskeie persone se dagboeke is wel in die TAB beskikbaar. ‘n Dagboek, waarin belangrike inligting oor die Brits besette Heidelberg verskyn, is dié van J.M. Vallentin, die Britse distrikskommissaris op Heidelberg. Gedurende sy verblyf is daar met die "refugee camp”, waaruit die konsentrasiekamp op Heidelberg later ontstaan het, begin. Vallentin, wat netheid en orde as ‘n vereiste vir dié dorp se welvaart gestel het, het met sy besliste dog menslike optrede die agting van die Heidelbergers geniet. Onder die dagboeke wat slegs gebruik is om sekere gebeure in die regte perspektief te stel, tel dié van die Viljoenbroers op Heidelberg, Ouboet (Marthinus) en Henning, seuns van veggenl. P.R. Viljoen. Hierdie dagboeke, wat hoofsaaklik oor die kommandolewe handel en in potlood geskryf is, se leesbaarheid is nie meer van die beste nie.

Herinneringskrifte kan aanvullend tot dagboeke gebruik word, alhoewel outeurs die skryf daarvan verskillend benader. Waar ‘n dagboek die meer intieme ervaring van ‘n skrywer oor daaglikse gebeure weergee, berus die waarde van ‘n herinneringskrif daarop dat die skrywer eers perspektief oor gebeure kon verkry het. Eers wanneer hy dit as getuie daarvan finaal sinvol verwerk en logiese afleidings daaruit gemaak het, kan hy sy wedervaringe skriftelik verwoord. In die TAB is daar twee belangrike herinneringskrifte wat onder andere oor die aanvangsperiode van ‘n Brits besette Heidelberg handel. Eerstens het mev. Issie Kriegler se oorspronklike herinneringskrif, geskryf in Nederlands, die wedervaringe van die Heidelbergers op die dorp tydens die Britse anneksasie van Junie 1900 af tot ongeveer November 1900 uit die Boere se oogpunt benader. Hierdie geskrif, in Afrikaans vertaal, het saam met ander Boerevroue se wedervarings verskyn in E. Neethling se boek getitel, *Mag ons vergeet?*, wat in 1940 deur Nasionale Pers uitgegee is. Tweedens, naas Kriegler se geskrif, is

daar die ongepubliseerde lywige brief van die Britsgesinde Cassie O'Reilly, eggenote van dr. James O'Reilly – distriksgeneesheer op Heidelberg – aan haar suster Kate in Skotland. O'Reilly het die Britse besetting van die dorp met ope arms verwelkom. Verhoudinge tussen die O'Reilly's en die Britse offisiere het egter spoedig versuur ten spyte daarvan dat sy hulle verblyf op die dorp so aangenaam moontlik wou maak. Haar uitgesprokenheid oor die Britse owerhede op Heidelberg se optrede het bygedra tot haar en haar gesin se verbanning saam met ander Boeregesinne, onder andere die Krieglers, uit Heidelberg. O'Reilly het moontlik eers na 'n tyd van selfondersoek hierdie brief op 3 Mei 1901, na hulle aankoms in die konsentrasiekampe te Merebank, geskryf. Aangesien hierdie brief die elemente van 'n herinneringskrif bevat, moet dit ook as sodanig hanteer word.

Briewe oor die burgerlike lewe op Heidelberg ten tye van die Britse besetting is baie skaars. 'n Belangrike bron in dié verband wat oor die eerste maande van die Britse besetting handel, is die briewe van Anna Jooste aan haar seun Gertjie op kommando en later as krygsgevangene eers in Simonstad en dan op St. Helena. P.H.S. van Zyl het sommige van hierdie briewe, feitlik die enigste van hul soort, tussen Junie en Augustus 1946 in *Die Brandwag* in 'n reeks artikels, getitel "Heldinneflitse", gepubliseer.

Laastens is inligting vervat in *The Heidelberg News* van onskatbare waarde om 'n beeld van 'n Brits beheerde Heidelberg ten tye van die oorlog te vorm. Beriggewing in dié koerant, alhoewel baie Britsgeoriënteerd, het gehelp om 'n kykie in die daaglikse lewe van die Heidelbergers te verkry. Die oorlogsuitgawes wat in 1 November 1901 na 'n swye van twee jaar weer begin verskyn het, is onlangs na 'n soektog in die kerkkantoor van die N.G. Kerk (Klipkerk) op Heidelberg opgespoor.

Die basiese uitgangspunt in hierdie proefskrif is dat daar noodwendig met verloop van tyd nuwe insigte of begrip in die geskiedskrywing oor so 'n emosionele en omstrede gebeurtenis soos die Anglo-Boereoorlog moet ontstaan.

Prof. F.A. van Jaarsveld skryf in *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms* dat Afrikanergeskiedskrywing teen 1961 gekenmerk is "deur monumentale of vererende temas (biografieë) ... en 'n onkritiese of betrokke geesteshouding wat historiese legendevorming in die hand gewerk het." Nieteenstaande die feit dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis in daardie tydperk "wesenlik as 'n Afrikanergeskiedenis" beskou is, het daar in dieselfde tyd Afrikanerhistorici na vore getree wat die tekortkominge in die Afrikanergeskiedskrywing blootgelê het.[31]

Geskiedskrywers soos Grundlingh het van dié nuwe insigte in die geskiedskrywing kennis geneem en hulle daarmee vereenselwig.[32] In die voorwoord tot die tweede druk, 2001, van sy werk, *Methods of barbarism?*, maak S.B. Spies dankbaar melding van 'n aantal werke na 1977 wat met "fresh perceptions, insights and nuances" vorendag gekom het. Terselfdertyd het hy sy waardering betuig vir sommige van hierdie werke wat 'n waardevolle bydrae gelewer het "to our understanding of British policy towards civilians in the South African War". Hieronder tel die werke van Afrikanerhistorici soos Albert Grundlingh se *Die "hendsoppers" en "joiners"*, en Fransjohan Pretorius se *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* Hierdie basiese uitgangspunt behoort veral na die hedendaagse Afrikaner deurgetrek te word om 'n meer objektiewe en ewewigtige begrip van die gebeure in die konsentrasiekampe by hulle tuis te bring.

Tydens die skryf van hierdie proefskrif moes daar ook met van die Britse geskiedskrywers rekening gehou word wat krities op die Suid-Afrikaanse nasionale standpunt is. Eerstens, kritiseer Helen Dampier van die Universiteit van Northhampton vir Fransjohan Pretorius in haar boekresensie in *Historia,* jaargang 52(1), oor A.D. Lückhoff se *Women's endurance*, omdat hy in die voorwoord die skuld vir die hoë sterftesyfer in die konsentrasiekamp op Bethulie

---

[31] F.A. van Jaarsveld, p. 199.

[32] A. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 6

grotendeels aan die kampadministrasie toeskryf. Tweedens, is Liz Stanley in haar werk, *Mourning becomes...*, krities teenoor die Afrikaanse geskiedskrywers wat ‘n bedryf gevorm het om uit die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog intellektuele gewin te trek.

Die stof vir hierdie proefskrif is in twee hooftemas ingedeel: Heidelberg voor die Britse besetting op 23 Junie 1900 en Heidelberg daarna. Om vir die leser ‘n duidelike beeld van Heidelberg in oorlogstyd te skep, is daar in oorleg met die studieleier op ‘n tematiese aanbieding besluit waarin beide hooftemas sover moontlik tot hulle reg kom. So ‘n werkswyse hou die voordeel in dat die onderskeie temas binne die raamwerk van die Heidelbergse gemeenskap in sy geheel aangebied word, maar aan die einde van die proefskrif as ‘n onderdeel van ‘n nasionale gebeurtenis hopelik beter insig by die leser tot gevolg sal hê.

In hoofstuk een word die tydperk voor en na die Britse besetting van Heidelberg behandel – die oorlogsverklaring, aanvanklike suksesse van die Boeremagte, mismoedigheid onder die burgers as gevolg van teenslae, wapenneerlegging, verraad en die rol van die wapenneerlêers om die oorlog te help beëindig – en hoe die burgerlike bevolking op hierdie gebeure gereageer het.

Hoofstuk twee konsentreer kortliks op die bepalings van die Haagse Konvensie, lord Roberts en lord Kitchener se verskroeide aarde-beleid, die uitvoering daarvan deur die Britse soldate in die Heidelbergdistrik, die totstandkoming van ‘n “refugee camp” op die dorp waaruit die konsentrasiekampe later sou ontstaan en die strenger toepassing van die verskroeide aarde-beleid deur Kitchener na Roberts se vertrek.

Vervolgens, in hoofstuk drie, alhoewel lang en omdat dit ‘n eenheid vorm, word die geskiedenis van die Heidelbergse konsentrasiekamp in besonderhede aangebied. Eerstens word die organisasie van die konsentrasiekamp in oënskou geneem. Tweedens word die veelbesproke aspekte van gesondheidsdienste tydens die kamptydperk onder die soeklig geplaas. Derdens word kwessies soos

mediese versorging, hospitalisering, verouderde en primitiewe mediese geriewe, die Britse en die burgerlikes se geneeswyses en epidemies bespreek, terwyl die statistieke van siektes en sterftesyfers in die Heidelbergse konsentrasiekampe krities bekyk word.

Onderwys en godsdiens wat 'n integrale deel van die samelewing op Heidelberg gevorm het, kom in hoofstukke vier en vyf aan die beurt. In hoofstuk vier word die onderwysbeleid van die ZAR en die onderwys in die Britse kampskool op die dorp bespreek. Die onderwys op Heidelberg in oorlogstyd het nie net die kampskool betrek nie, maar ook 'n aantal privaat skole op die dorp wat onderrig aan heelparty dorpskinders verskaf het. In hoofstuk vyf word daar naas die rol van die drie susterkerke op Heidelberg, eers in die ZAR en later in die konsentrasiekamp, ook aan die Berlynse sendinggenootskap aandag gegee. In teenstelling met hierdie sendinggenootskap, waar feitlik geen geestelike bediening tydens die oorlog geskied het nie, het die twee Britse kerkgenootskappe op Heidelberg, die St. Ninian's Anglican Church en die Wesleyan Methodist Church, wel na hulle Britse lidmate se geestelike lewe omgesien. Dit word ook duidelik dat die Britse element op die dorp tydens die duur van die oorlog aktief by gemeentelike aktiwiteite  betrek was.

Hoofstuk ses het op die plek en rol van die Heidelbergse swartes tydens die oorlog betrekking. Na oorlegpleging met die studieleier is daar besluit om dié kwessie vanuit 'n breër oogpunt te benader en nie net op die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik te konsentreer nie. Gevolglik is sake soos die terugstuur van swart mynwerkers na hulle gebiede voor die aanvang van die oorlog, die tekort aan swart plaasarbeiders na die vertrek van die burgers na die front, die uitreiking van passe aan swart mynwerkers, die indiensneming van swartes as soldate in die Britse leër, die Boere se reaksie daarop, die hervestiging van swartes en die tekort aan arbeid na die oorlog behandel. Ten spyte van die gebrek aan maandelikse kampverslae oor die swart kampe kon die navorser tog uit die beskikbare gegewens 'n redelike beeld van die Heidelbergse swartes se daaglikse bestaan tydens die oorlog vorm.

Op 31 Mei 1902 het die oorlog ook vir Heidelberg en sy inwoners ten einde geloop. Soos in die geval van ander konsentrasiekampe, sou hervestiging en die tog huiswaarts binne ‘n afsienbare tyd volg. Ten spyte van die ellende en stoflike verarming wat deur die oorlog teweeggebring is, ontstaan die vraag of die Heidelbergers iets goeds uit die oorlog kon put. Het die Heidelbergers in die konsentrasiekamp slegs die skadusy van die oorlog aanskou? Hieroor sal daar in hoofstuk sewe gehandel word wanneer die kwessie van die Heidelbergse konsentrasiekamp as ‘n goeie kamp, al dan nie, ter sprake kom.

# HOOFSTUK 1

## HEIDELBERG WORD BRITS

Die diplomatieke onderhandelings in 1899 onder leiding van president M.T. Steyn van die Oranje-Vrystaat om 'n dreigende oorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en Brittanje af te weer, was uit die staanspoor tot mislukking gedoem weens sir Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, se onbuigsame en ontoegeeflike houding oor stemreg aan die Uitlanders. Onderhandelinge tussen Milner en president S.J.P. Kruger het ten spyte van laasgenoemde se toegewing oor stemreg van veertien tot sewe jaar misluk, omdat Milner se hoofdoel slegs oorlog teen die ZAR was.

Die Heidelbergkommando het nog voor die amptelike oorlogsverklaring op 11 Oktober 1899 na die Natalse front vertrek. In die aanvanklike suksesse teen die Britse leër en die besetting van Ladysmith deur die Boeremagte, het die Heidelbergkommando hulle veral tydens die slag van Colenso in Desember 1899 onderskei. 'n Gees van moedeloosheid wat hierna onder die kommando's ingetree het, het nie alleen tot die ontsetting van Ladysmith deur die Britse magte onder genl. R. Buller in Februarie 1900 bygedra nie, maar ook op die westerfront tot die oorgawe van genl. Piet Cronjé aan veldmaarskalk lord F.S. Roberts by Paardeberg in dieselfde tyd gelei. 'n Deel van die Heidelbergkommando onder leiding van kmdt. C.J. Spruyt, wat as hulp vir Cronjé na die Oranje-Vrystaat (OVS) gestuur is, kon hom egter nie help nie. Hierdie kommando, wat die Britse besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 aanskou het, het hierna al vlugtende voor die Britse kolonnes drie maande later oor die Vaalrivier na Heidelberg teruggekeer. Na die val van Pretoria op 5 Junie en die besetting van Heidelberg op 23 Junie het van die lede van die Heidelbergkommando, wat nie meer vir die stryd kans gesien het nie, wapens neergelê en die Eed van Neutraliteit onderteken.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het daar in die oorwegend Boeregemeenskap op Heidelberg en in die distrik benewens Britse familieverbintenisse ook 'n redelike sterk Britse element bestaan. Baie burgers van Britse afkoms het hulle met die uitbreek van die oorlog aan die kant van die Boererepublieke geskaar deur die wapen teen Brittanje op te neem. Engelssprekendes op Nigel, soos die Leversages en Honiballs wat met Boeremeisies getroud was, het nie geskroom om as lede van die Heidelbergkommando teen die Britse magte op die Natalse front te veg nie. George E.S. Leversage, wat vroeg in die oorlog gesneuwel het, het 'n dagboek van sy wedervaringe op die Natalse front nagelaat wat vandag van onskatbare waarde vir die bestudering van die kommandolewe is.[1] Daarby het 'n aantal Engelssprekende Heidelbergers, by name Thomas Taylor, Samuel Smith, David McNamara, John Fisher, John Biccard, David Anderson, Robert Robinson, Samuel Thompson, Michael Ryan, James Wood, Francis Buntley, John Blackie, Charles Cothill en Benjamin Russell, saam met die Heidelbergkommando probeer om die Britse inval uit Natal te keer. Op die dorp het die gesiene medikus, dr. James O'Reilly, en sy vrou Cassie ook hulle beskeie bydrae tydens die oorlog gelewer deur met begrip en deernis na die inwoners se fisieke welstand om te sien.[2] Selfs van die Engelse vroue wat op die dorp agtergebly het, het goed met die Boerevroue saamgewerk. Hierdie Engelse vroue het onder andere materiaal en ander benodigdhede voorsien en gebruik om eiehandig 'n Rooikruisvlag vir die eerste hospitaal op die dorp te maak.[3]

Die waarde van Heidelberg, wat op die Johannesburg-Durbantreinroete gelê het, blyk daaruit dat die Regering in Pretoria dié dorp so belangrik geag het dat dit as

---

[1] A.E.F. Bosman (red.), *The diary of E.S. Leversage during the siege of Ladysmith, 1899-1902,* in die *Christiaan de Wet-Annale*, no. 10.

[2] Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, p. 1.

[3] TAB, A432, E. Joubert 1899-1901, brief Cassie O'Reilly aan haar suster Kate in Skotland, 03.05.1901, p. 5.

'n bewaarplek vir proviand en ammunisie gedien het. Die Heidelbergers het hierdie bedrywighede met vreugde aanskou. Dit moes ongetwyfeld daartoe bygedra het om die opgewondenheid onder die jong dorpenaars te verhoog. Hulle kon nie wag om per trein met hulle nuwe Mausergewere na die Natalse front te vertrek om die Britse leër aan te durf nie. Talle van hulle het nie met die werklikheid rekening gehou nie. Die gedagte dat die jongmense nog nie die roes van die oorwinning by Majuba tydens die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881, afgeskud het nie, het die ouer geslag verontrus.[4]

Dit is te betwyfel of die Transvaalse kommando's, met inbegrip van Heidelberg, ten volle voorbereid vir die komende oorlog was. 'n Notule van 'n vergadering van die Heidelbergkommando gehou op 18 September 1899 het wèl die indruk geskep dat dié kommando slaggereed was. Op daardie tydstip kon daar uit die ses wyke waaruit die kommando bestaan het, naamlik Zuikerboschrand, Hooggeveldt, Kliprivier, Roodekoppen, Heidelberg-dorp en Boksburg, 2 200 burgers, bestaande uit 1 350 perderuiters en 850 voetgangers, opgekommandeer word.[5] Hierdie syfer stem nie ooreen met die amptelike getal dienspligtiges, naamlik 1 578, wat die historikus, dr. J.H. Breytenbach in sy werk oor die Anglo-Boereoorlog vermeld nie. Toe die oorlog op 11 Oktober 1899 begin het, het dit geblyk dat net 1 211 uit 1 578 Heidelbergers (76,7%) in Natal opgedaag het.[6]

As 2 200 as maatstaf geneem word, blyk dit dat ongeveer 55% van hierdie kommando wel vir krygsdiens in Natal aanwesig was. Dit het met die aanvanklike syfer vir mobilisasie, naamlik hoogstens 56% tot 65% van die gesamentlike

---

[4] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 18.

[5] TAB, KG 380, notule van vergadering van die Heidelbergkommando gehou te Heidelberg, 18.09.1899.

[6] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, I*, p. 161.

Republikeinse strydmagte, ooreengestem. Volgens Breytenbach was daar twee redes hiervoor. Eerstens moes dienspligtiges op die tuisfront agterbly om die instandhouding van noodsaaklike dienste soos beveiliging, boerdery en bewaking van spoorlyne te verrig. Tweedens het die Boere se krygsbeleid en krygstaktiek daarop berus om die vyand nie met 'n groot mag tegemoet te trek nie, aangesien die vyand hoofsaaklik op dorpe soos Ladysmith op die Republieke se grense saamgetrek het.[7] Met dié verklaring is daar geen fout te vind nie, maar dit sou verkeerd wees om elkeen van die ongeveer duisend burgers van die Heidelbergkommando wat nie aan die oproepinstruksies gehoor gegee het nie, hierby in te sluit. Alhoewel hierdie halfhartige dienspligtiges later tog vir krygsdiens na die gevegsfront vertrek het, het hulle geen geleentheid laat verbygaan om die wêreld vir die offisiere moeilik te maak nie. Sonder om hulle enigsins aan militêre dissipline te steur, het groot getalle gedros en daardeur die kommando's se slaankrag verminder.

Op die tuisfront het die volgende sake na die vertrek van die Heidelbergkommando aandag geniet: Eerstens is daar op 'n vergadering in die landdroskantoor op 29 September 1899 besluit dat dr. James O'Reilly nie saam met die Heidelbergkommando na die front sou vertrek nie. Sy verantwoordelikheid sou die mediese versorging van siekes en gewondes wees.[8] Tweedens het die Heidelbergse landdros, F.D.J. Wepener, die belangrikheid van die Johannesburg-Durban treinroete besef en in opdrag van kommandant-generaal P.J. Joubert spoor- en brugwagte vir die bewaking daarvan aangestel.[9] Derdens het die inwoners op Heidelberg vroeg reeds oor die bekendmaking van oorlogsnuus gekla dat dit per telegraaf aankom 24 uur nadat dit reeds in die

---

[7] *Ibid*., pp. 153-154.

[8] TAB, Staatsekretaris 8071, 14143/99, notule van vergadering gehou in Landdroskantoor, Heidelberg, 29.09.1899.

[9] TAB, KG 580, brieweboek, Kommandant-generaal aan Landdros Heidelberg, 07.10.1899.

koerante gepubliseer is. Die Transvaalse regering kon dié klagtes nie begryp nie, aangesien 'n amptelike verslag daagliks uitgestuur is.[10]

Die golf van sukses wat die Boeremagte aanvanklik op die Natalse front gery het, het aan die einde van Februarie 1900 ten einde geloop. Die beëindiging van die beleg van Ladysmith op 28 Februarie deur die Britse magte onder genl. R. Buller en genl. Piet Cronjé se oorgawe die vorige dag met ongeveer 4 000 burgers aan Roberts by Paardeberg het nie net 'n keerpunt in die oorlog teweeggebring nie, maar ook 'n gees van vertwyfeling onder die burgers tot gevolg gehad. Dit was asof die offisiere daarna geen beheer oor hulle burgers op kommando gehad het nie. Ook die Heidelbergers wat hulle nie aan die militêre dissipline gesteur het nie, het hulle aan weglopery skuldig gemaak. Volgens 'n opname wat Wepener op 26 Maart 1900 aan die Kommandant-generaal se kantoor gestuur het, het dit geblyk dat die aantal weglopers en tuisblyers in die wyke Zuikerboschrand en Nigel op 37 en 39 mans onderskeidelik te staan gekom het.[11] Indien die ander wyke se opnames beskikbaar was, sou die hoeveelheid heelwat groter gewees het. Op 7 Mei het staatsprokureur J.C. Smuts kommandant-generaal Louis Botha van ongeveer 500 Heidelbergers se "terugvluchten" in kennis gestel en dat hy "instructies aan speurpolitie en Res. Vrederechter gegeven heb met

---

[10] TAB, Heidelbergargief, Landdros Heidelberg, telegramkopieboek, Febr. 1899-Jan. 1900, telegram Landdros Heidelberg aan Staatsekretaris Pretoria, 10.11.1899; Staatsekretaris 8868, telegramboek, telegram Staatsekretaris aan Landdros Heidelberg, 10.11.1899.

[11] TAB, SSOS 8408, CR 3776/00, lyste vanaf Zuikerboschrand en Nigel ingestuur deur landdros Wepener op 26.03.1900.

dreigementen en eventueel arrest terug te krygen."[12] Die Vrystaatse polisie het 'n verlore stryd gevoer teen hierdie burgers, wat hulle "bedreigd met wapens".[13]

Terselfdertyd het gerugte oor ryk burgers wat diensplig ontduik en "vreemde onderdanen" sou huur om in hulle plek te gaan veg, teen April 1900 die rondte begin doen. Volgens wet no. 20 van 1898 was dit wel toelaatbaar vir opgekommandeerdes om plaasvervangers te vind om in hulle plek krygsdiens te verrig. Al voorwaarde hieraan verbonde was dat substitute die goedkeuring van die veldkornet of die kommandant moes wegdra en dat die gekommandeerdes hulle van die nodige toerusting moes voorsien.[14] Hieroor het nie slegs president Kruger hom uitgespreek nie, maar ook uit die Heidelbergdistrik het ene D.F.J.J.P. Kotzé van die plaas Leeuwkop wyk Hooggeveldt op 14 April ernstig teen hierdie substituutstelsel beswaar gemaak. Volgens Kotzé sou so 'n stelsel tot die ondergang van die staat lei. Die pligsgetroue burgers veg vir dit wat vir hulle kosbaar is, maar die "substituten ... die voor geld vechten, zij zullen in gevaarlijke oogenblikken, waarop het aankomt, om pal te te staan, natuurlijk achterblijven, misschien vluchten..."[15] Geen verdere inligting oor die substituutstelsel kon opgespoor word nie, maar dit blyk dat 'n redelike persentasie van die manlike burgerlike bevolking op Heidelberg en in die distrik geen erg aan die verdediging van die land gehad het nie. Of burgers uit Heidelberg wel substitute gehuur het

---

[12] TAB, Leydsargief, oorlogsargief, 737(iv), kopieë oorlogsberigte, telegram Staatsprokureur Pretoria aan RVR Vereeniging, 07.05.1900.

[13] *Ibid*., telegram hoofspeurder Oranje-Vrystaat Kroonstad aan Staatsprokureur Pretoria, 07.05.1900.

[14] Aangehaal in Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 219.

[15] TAB, SSOS 8413, CR6829/00, telegram landdros P.R. Viljoen Potchefstroom aan Staatsekretaris Pretoria, 09.04.1900; telegram president Kruger Pretoria aan Landdros Potchefstroom, 09.04.1900; brief D.F.J.J.P. Kotzé Leeuwkop wyk Hooggeveldt aan president Kruger en die Uitvoerende Raad, 14.04.1900.

om in hulle plek te gaan veg, is onseker. Die voorbeeld wat hierdie burgers egter met so ‘n onverskillige houding gestel het, het dié burgers wat nog getwyfel het, oorgehaal om by die geledere van die anti-oorlogsgesindes op die tuisfront aan te sluit.

‘n Groep vroue (“burgeresse”) op Heidelberg, wat hulle nie met hierdie verderflike gees van vertwyfeling kon vereenselwig nie, het op 15 en 18 Mei 1900 ‘n pleidooi in hierdie verband aan staatsekretaris F.W. Reitz en president Kruger gerig. Die teenwoordigheid van 56 Britte op die dorp en ongeveer dertig in die distrik het ‘n groot gevaar ingehou. Hierdie element moes so gou moontlik uit die gemeenskap verwyder word. Omstandighede het egter die uitvoering van hierdie versoek verhoed.[16] Mev. P.R. Viljoen kon haar veral nie met landdros Wepener se gesindheid in dié verband versoen nie. Aan president Kruger het sy gerapporteer dat hy “als eerste ambtenaar openlijk zegt ... aan de burgers dat alles reeds verloren is. Mij heeft hy gezegt waarachtig onze zaak is nu verloren. Ik antwoorde hen moed op te geven is min waarop hy antwoord ’dan moet jy ook maar min van my dink.’“[17] Viljoen se uitgesprokenheid sou haar dan ook tydens die Britse besetting van Heidelberg in die moeilikheid laat beland.

Die Britse vloedgolf wat die twee Republieke getref het, het alle weerstand verswelg en eindelik tot die inname van die hoofstede gelei: Bloemfontein op 13

---

[16] TAB, Leydsargief, oorlogsargief, 781(2), algemene rapport kapt. Ram en lt. Thomson i.s. Anglo-Boereoorlog, dele vii-ix, telegram no. 51, burgeresse Heidelberg aan Staatsekretaris, 15.05.1900; telegram no. 27, burgeresse Heidelberg aan president Kruger Pretoria, 18.05.1900. p. 604.

[17] TAB. Leydsargief, 726(6), oorlogstelegramme 07.06.1900-09.06.1900, telegram no. 5, mevrou P.R. Viljoen aan president Kruger Machadodorp, 08.06.1900.

Maart 1900 en Pretoria op 5 Junie van dieselfde jaar.[18] Die gebeure in Bloemfontein voor die Britse inname van die stad moes op die Heidelbergkommando, wat dit alles aanskou het, 'n groot indruk gemaak het. Dit was 'n stad wat die oggend van die besetting met Britse vlae en Union Jacks behang was en Wilhelm Mangold het die atmosfeer as "verby, want hier lewe verraad" beskryf.[19] Die voorbereidings wat inwoners van Bloemfontein vir die Britse oorname getref het, het die Heidelbergers se gemoedstoestand sekerlik beïnvloed. Baie lede van die Heidelbergkommando wat die wapen na die val van Bloemfontein neergelê het, het die inwoners ongetwyfeld met hulle terugkoms op Heidelberg oor hierdie gebeure ingelig. Skaars drie maande later het soortgelyke gebeure hom op dié dorp afgespeel toe die inwoners die Britse besetters met ope arms verwelkom het.

Na die inname van Pretoria het talle mismoedige burgers, waaronder ook Heidelbergers, teruggekeer huis toe. Hierdie toestand het die Kommandant-generaal verplig om op 15 Junie 1900 aan kmdt. S.B. Buys opdrag te gee om die Heidelbergkommando, weer byeen te bring.[20] Ds. A.J. Louw, leraar van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk op die dorp, is deur die Kommandant-generaal versoek om Buys in dié opsig behulpsaam te wees.[21] Met sy aankoms op Heidelberg op 20 Junie het veggenl. P.R. Viljoen die taak om die

---

[18] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VII*, pp. 4, 6.

[19] T. van Rensburg (red.). *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, pp. 147, 150.

[20] TAB, Leydsargief, 753(2), oorlogsargief, genl. Louis Botha telegramkopieboek, Junie–September 1900, telegram Kommandant-generaal aan kmdt. S.B. Buys, 15.06.1900.

[21] TAB, Leydsargief, 727(3), oorlogstelegramme, 17.06.1900-18.06.1900, telegram Kommandant-generaal Balmoral aan ds. A.J. Louw Heidelberg, 17.06.1900.

kommando weer byeen te bring, oorgeneem. Die volgende dag het hy aan die Kommandant-generaal getelegrafeer dat hy reeds ‘n taamlike getal burgers versamel het. Dit het later geblyk dat dit ongeveer 550 burgers was wat met die verdediging van die dorp belas sou wees.[22]

In Transvaal het die besetting van verskeie dorpe, waaronder Heidelberg op 23 Junie 1900, gevolg. Die oorgawe van die dorp was onvermydelik, aangesien Nigel reeds die vorige dag beset is. Toestande het hierna versleg. Vroeg die oggend van 22 Junie het die voorposte van die Heidelbergkommando berig dat ‘n groot Britse mag uit die rigting van Elandsfontein in aantog was. Cassie O’Reilly was die eerste vrou in Heidelberg wat die nadering van die Britse troepe aanskou het. Met behulp van ‘n teleskoop het sy gesien dat “the whole of a farm simply alive with soldiers and horses and wagons ... I could distinctly see 8 ambulance wagons standing in line. I saw the red cross flags waving on them.” Waarskuwings het gevolg en die kommando het in die koppies noord van die dorp stelling ingeneem. Toe die kommando ‘n uur later met die werklikheid ten opsigte van die getalsterkte van die Britse troepemagte kennis gemaak het, het hulle die hopeloosheid van die situasie besef. Die Britse artillerie het nie ‘n oomblik gehuiwer om op die Heidelbergers se stellings los te brand nie. Volgens Wilhelm Mangold het die kommando tydens hierdie aanslag geen noemenswaardige skade gely nie.[23] Anna Jooste beskryf in haar briewe aan

---

[22] TAB, Leydsargief, 727(5), oorlogstelegramme 21.06.1900-22.06.1900, telegram veggenl. P.R. Viljoen aan Kommandant-generaal, Balmoral, 21.06.1900; Leydsargief 727(6), oorlogstelegramme 23.06.1900-24.06.1900, telegram veggenl. P.R. Viljoen Heidelberg aan Kommandant-generaal Balmoral, 24.06.1900

[23] TAB, W81/4, Viljoenaanwins, dagboeke – M.J. Viljoen, dagboek no. 2, 22.06.1900; T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 204; TAB, A432, E. Joubert 1899-1901, brief Cassie O’Reilly Oakvale Natal aan haar suster Kate in Skotland, 03.05.1901, p. 17.

haar seun Gertjie hoe 'n paar bomme tydens hierdie bombardement ook naby die Gereformeerde Kerk geval het. Die ontploffings het die inwoners so angsbevange gelaat dat gesinne vir 'n moontlike ewige afskeid van mekaar gereedgemaak het.[24] Terselfdertyd het die kommando besef dat hulle nie die verdediging van die koppie met 550 burgers teen 'n vyandelike oormag van tussen 15 000 en 20 000 en tien kanonne kon voortsit nie, omdat die dorpenaars daaronder sou ly. Hieroor het Viljoen aan die Kommandant-generaal soos volg getelegrafeer: "Dus onmogelijk voor ons tegenstand te doen zonder kanonne."[25]

Viljoen, wat die beskadiging van die dorp deur bombardement wou verhoed, het 'n onderhandelaar met 'n boodskap na genl. A.F. Hart gestuur. Hiervolgens het hy Hart van die Heidelbergkommando se voorgenome terugtrekking verwittig indien die bombardement op die dorp beëindig word. Hart het ingestem en teen skemer het die kommando die wyk geneem. Hulle het alle beskikbare proviand en ammunisie saamgeneem terwyl 'n voermagasyn en oortollige wapens in vlamme opgegaan het.[26]

Teen donker het die Heidelbergkommando in 'n hoogs emosionele toestand van hulle geliefde dorp afskeid geneem deur vir oulaas daardeur in die rigting van Greylingstad te trek en teen middernag op 'n koppie buite die dorp te oornag.[27] Anna Jooste beskryf hierdie laaste nag in Heidelberg as 'n "nag van afskeid en

---

[24] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag*, 19.07.1946, p. 19.

[25] TAB, Leydsargief 727(6), oorlogstelegramme 23.06.00 – 24.06.00, telegram veggenl. P.R. Viljoen aan Kommandant-generaal te Balmoral, 24.06.1900; T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 204.

[26] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 204.

[27] TAB, W81/4, Viljoenaanwins, dagboeke – M.J. Viljoen, dagboek no. 2, 22.06.1900.

trane ... en die hele nag het vaders en seuns af en toe ingekom om nogeens, vir die laaste te groet."[28] Vroeg die volgende oggend was die kommando ooggetuie van hoe die Britse berede mag op die pad van Johannesburg af en die infanterie uit Nigel-goudmyn se rigting die dorp binnegeval het. Wilhelm Mangold verwoord sy gevoel oor die inname van die dorp soos volg: "Dit was vreeslik om te dink wat nou sou word van ons mooi Heidelberg waar ons jare lank gewoon en 'n aangename tuiste en goeie heenkome gevind het. Nou was alles wat vir my van waarde was, in die hande van die vyand."[29]

Tydens die Britse besetting van Heidelberg het onverwagte tonele hulle afgespeel. 'n Groep dames in 'n rytuig, moontlik Engelssprekende inwoners op die dorp, het die Royal Sussex Regiment buite die dorp ingewag en moontlik namens al die Engelssprekende dames van die dorp, met 'n "most gorgeous banner" as geskenk verwelkom. Die banier was van sy en met die hand geborduur. Aan die een kant het 'n portret van koningin Victoria gepryk en aan die anderkant die Union Jack met die volgende bewoording in sy geborduur: "Presented to the Royal Sussex Regiment by the ladies of Heidelberg, 23rd. June." Eers die middag na die oorhandiging het die dames die naam van die regiment daarop aangebring. Dit het geblyk dat die dames nie net maande lank in die geheim hieraan gewerk het nie, maar ook vasbeslote was om dit aan die eerste Britse regiment te oorhandig wat die dorp binneval nadat die Heidelbergkommando dit ontruim het.[30]

In sy verslag aan lord Roberts was genl. Ian Hamilton in vervoering oor die ongelooflike ontvangs wat hulle hier in die "most English town I have yet seen" te

---

[28] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag*, 19.07.1946, p. 19.

[29] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 205.

[30] L.E. du Moulin, *Two years on trek*, p. 105.

beurt geval het. Die strate het van inwoners gewemel en op die markplein het kapt. J.M. Vallentin die Union Jack te midde van die uitbundige gejuig van die bevolking gehys. Toe die Australiërs hierna die Britse volkslied, "God save the Queen", aangehef het, het die skare sonder om enigsins te huiwer spontaan saamgesing.[31] Engelssprekende dames woonagtig op die dorp, wat die vlaghysing bygewoon het, het met trane van blydskap aan hulle gevoel uiting gegee.[32]

Afgesien van Heidelberg se Britse karakter het ook die dorp se skoonheid verskeie Britte tydens die besetting beïndruk. Du Moulin beskryf die dorp as "the prettiest town that we have seen in these colonies and the most English."[33] Hierdie uitspraak kan moontlik aan die hoeveelheid Engelssprekendes woonagtig op die dorp gewyt word. Generaal-majoor W.H. MacKinnon, wat Heidelberg bestempel het as een van die mooiste dorpe wat hy in Suid-Afrika gesien het, was veral met die skilderagtige Nederlandse kerk (die Klipkerk) en die groot aantal Skotte wat daar 'n tuiste gevind het, beïndruk.[34]

Lord Roberts, verheug oor die besetting van so 'n belangrike dorp, het Hamilton met die verowering daarvan en met die verdrywing van die Heidelbergkommando gelukgewens.[35] Tydens die intog het Hamilton se perd in 'n gat getrap en gestruikel. Hamilton het afgeval en sy sleutelbeen gebreek, wat hom geruime tyd buite aksie gestel het.[36]

---

[31] TAB, Lord Roberts Papers, volume 34, telegram General Ian Hamilton, Elandsfontein to Lord Roberts Pretoria, 25.06.1900.

[32] Sir George Forrester, *The life of lord Roberts, KG, VC*, p. 306.

[33] L.E. du Moulin, *Two years on trek*, p. 107.

[34] Major General W.H. MacKinnon, *Journal of the C.I.V. in South Africa*, p. 112.

[35] L.E. du Moulin, *Two years on trek*, p. 106.

[36] Richard Danes, *Cassel's history of the Boer War, 1899-1901*, p. 1 276; Maj. Gen. W.H. MacKinnon, *Journal of the C.I.V. in South Africa*, p. 112.

Na die besetting van Heidelberg het Britse troepe die dorp in groot getalle binnegery. Op 25 Junie het genl. Archibald Hunter van Potchefstroom af aangekom om beheer van Hamilton se troepe oor te neem totdat hy van sy besering herstel het.[37] Dieselfde dag het die Second Battalion Royal Dublin Fusiliers die dorp onder orkesbegeleiding van die Derbyshire Regiment binnegemarsjeer. Vir die nuwe aankomelinge wat Heidelberg vanaf ‘n heuwel ongeveer ‘n kilometer buite die dorp aanskou het, het die aangeplante bloekombome (bluegum trees) langs die strate en die markplein in die middel van die dorp ‘n merkwaardige ooreenkoms met Krugersdorp getoon.[38]

Hierna is die beheer van die dorp aan die Second Battalion Royal Dublin Fusiliers, die 28th Field Battery Royal Artillery en ‘n halwe bataljon van die Somersetshire Light Infantry oorgelaat. Die militêre owerheid het, om die dorp teen die Boere se aanslae te verdedig, twee heuwels aan die westekant van die dorp beset. Die Royal Dublin Fusiliers het die een heuwel, deur hulle Dublin Hill gedoop, geannekseer, terwyl die Somersetshire Light Infantry op die ander een stelling ingeneem het.[39] Die Britse teenwoordigheid op die dorp is op 27 Junie met die aankoms van ‘n patrollie van die New South Wales Mounted Rifles onder ene lt. Newman verder versterk.[40]

Anna Jooste beskryf in haar briewe aan haar seun Gertjie die lewe op Heidelberg gedurende die eerste weke na die besetting. Volgens Jooste het vroue en kinders selde op straat verskyn. Die skole was reeds gesluit en “dit was ‘n afgesonderde, eentonige lewe, met veel angs en bekommernis tussen die vier

---

[37] Richard Danes, *Cassel’s history of the Boer War, 1899-1901*, p. 1 276.

[38] Majors C.F. Romer and A.E. Mainwaring, *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*, p. 109.

[39] *Ibid*., p. 111.

[40] R.L. Wallace, *The Australians at the Boer War*, p. 205.

mure van ons huis."[41] Mev. I. Kriegler, weduwee van kmdt. J.C. Kriegler, beskryf hoe die Britte so streng waggehou het dat niemand toegelaat is om die dorp binne te gaan of te verlaat nie.[42] Hierby het Jooste aangesluit deur te skryf dat niemand sonder 'n pas op straat mag verskyn het nie. Hierdie buitengewone omstandighede het hulle verplig om hulle stil te gedra en moeilikheid te voorkom.[43]

Die Britte was daarvan bewus dat die kommando's steeds in die omgewing bedrywig was. Om te voorkom dat die dorpenaars die kommando's van inligting voorsien, het die militêre owerhede opdrag gegee dat alle ligte saans om 19:00 uitgedoof moes wees. Vir Jooste was dit uiters moeilik om haar met ses kinders, waarvan een 'n baba van ses maande, in die lang, donker, eensame winternagte daarby aan te pas.[44] Op 1 Februarie 1901 het die militêre owerhede op Heidelberg 'n toegewing aan die inwoners gemaak deur die brand van ligte tot 20:30 saans toe te laat. Die opblaas van die spoorlyn naby die Heidelbergse spoorwegstasie op 7 Maart het tot die terugtrekking van hierdie vergunning twee dae later gelei. Voortaan sou die brand van ligte na sononder verbode wees en versuim om hieraan gehoor te gee, sou onder Krygswet val. Vallentin, wat intussen goeie betrekkinge met die Heidelbergers opgebou het, het nie met so 'n onredelike verbod saamgestem nie. Hy het dit as ongeregverdig beskou dat die dorpenaars hiervoor moes boet, aangesien dit onmoontlik was om enige persoon met die ontploffing te verbind. Dit het hom gegrief dat hy nie in hierdie saak geken is nie. Gevolglik het hy beweer dat hierdie verbod 'n oortreding van "Par. 7. Circular Memo 22 C of S dated 11th July 1900" was, wat soos volg gelui het:

---

[41] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp" in *Die Brandwag*, 19.07.1946, p. 19.

[42] E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, p. 120.

[43] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag*, 19.07.1900, p. 19.

[44] *Ibid*., p. 19.

"On the appointment of District or Assistant Commissioners, Officers doing duty with the troops will not initiate, or interfere with, any measures connected with the civil population, except at the request of the District or Assistant Commissioners." Aangesien dit vir Vallentin ondenkbaar was dat die brand van ligte in enige ander dorp algeheel verbied was, het hy die Militêre Goewerneur in Pretoria, genl.maj. J.G. Maxwell, versoek om hierdie verbod op te hef en 'n bevel uit te reik dat die brand van ligte tot 22:30 saans toelaatbaar was.[45] Alhoewel geen inligting in verband met die opheffing van hierdie verbod beskikbaar is nie, kan daar aanvaar word dat die pro-Britse gesindheid van 'n groot deel van die inwoners die opheffing van dié verbod verhaas het.

Die burgerlike lewe het onder die besetting van Heidelberg gely deurdat al die winkels, bak- en slaghuise deur die Britse troepe in besit geneem is. Hiermee saam het 'n stroom proklamasies gevolg dat die vroue hulle mans moes oorreed om dorp toe te kom ten einde wapens neer te lê. Indien die vroue nie hieraan gehoor gee nie, sou alle voedselvoorrade van hulle ontneem word. Intussen het verminderde voedselvoorrade die militêre owerheid op die dorp verplig om soldatewinkels, die sogenaamde "dry canteens", te open waar die inwoners voorrade kon bekom. Hieraan was egter 'n slenter verbonde. 'n Kaartjie waarop alle name in 'n huis verskyn het, is aan so 'n huisgesin uitgereik om die nodige voedselvoorrade by die soldatewinkels aan te koop, op voorwaarde dat hulle geen man of kind onder hulle sorg op kommando gehad het nie. Van die gesinne wat sulke kaartjies gehad het, het vele wat nie so bevoorreg was nie in die geheim van die nodige voorsien.[46] Op dié wyse het die Heidelbergers deur saam te staan hulle medemense van verhongering gered.

---

[45] TAB, MGP, 2759/01, letter J.M. Vallentin District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 10.03.1901, p.66: notice issued 09.03.1901, p. 68; extract from Circular Memo 22 C of S dated 11th July 1900, p. 70.

[46] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag*, 19.07.1946, p. 46; E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, p. 120.

Die besetting van Heidelberg het die gedagtes ten opsigte van wapenneerlegging, wat reeds ‘n geruime tyd in die gemoedere van sommige Heidelbergers gesluimer het, laat ontwaak. Talle dienspligtige burgers, moeg vir oorlogvoering en wanhopig oor die uitkoms van die oorlog, het doodeenvoudig die republikeinse oorlogspoging versaak, hulle wapens aan die Britse militêre owerheid oorhandig en terselfdertyd die Eed van Neutraliteit afgelê. Dié eed het bepaal dat ‘n burger nie weer die wapen teen Brittanje sou opneem nie, hom tot aan die einde van die oorlog stil tuis sou gedra en dat, indien hy valslik verklaar het of sy eed of belofte verbreek het, hy homself sou blootstel “to be summarily and severely punished by the British Authorities”. Dit het daarop neergekom dat hy die krygswet van die ZAR oortree het, omdat hy hom tot neutraliteit ten opsigte van oorlogvoering verbind het. So ‘n daad het hom dus aan vervolging deur die Republikeinse owerhede blootgestel.[47]

Kort na die besetting van Heidelberg het ‘n groot aantal Boere dorp toe vertrek om wapens in te handig en die eed af te lê. Hieraan het lt.kol. Du Moulin nie veel waarde geheg nie, aangesien talle van die wapens wat ingehandig is, verroes, beskadig, verouder en waardeloos was.[48] Selfs die outeurs, maj. C.F. Romer en maj. A.E. Mainwaring, het nie veel van die Heidelbergse wapenneerlêers se gesindheid gedink nie. Hulle het Heidelberg as ‘n Afrikanerdorp kokend met ontevredenheid en verraad bestempel. Die inwoners se selfvoldaanheid kon hulle nog vergewe, maar hulle geslepenheid, geloofwaardige uiterlike en innerlike valsheid was onvergeeflik. Dit was die verbitterde geestelikes en veral die optrede van een van hulle wat hulle erg onthuts het. Wie hierdie geestelike was, kon nie vasgestel word nie. Hierdie persoon, wat hulle van gereelde kommunikasie met die vyand verdink het, het reeds die Eed van Neutraliteit

[47] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, p. 14:8

[48] L.E. du Moulin, *Two years on trek,* p. 107.

afgelê en "was availing himself of our hospitality." In 'n stadium het ene kapt. G.S. Higginson 'n hele nag in 'n leë huis deurgebring om hierdie jakkals te vang. Sy nagwaak was egter tevergeefs.[49]

Van die vooraanstaande leiers in die Heidelbergse samelewing het hulle na die besetting van die dorp aan verraad skuldig gemaak. Die eerste persoon wat sy ware kleure gewys het, was landdros Wepener, met wie die Transvaalse regering en van die Heidelbergers reeds voor die Britse besetting swaarde gekruis het. Voorheen was hy hooggeag op die dorp en in Januarie 1900 was daar reeds sprake dat Wepener na die slagveld sou vertrek. Die Heidelbergers, wat aanvanklik van Wepener 'n hoë dunk gehad het, het op 27 Januarie 'n versoekskrif, onderteken deur 'n groot aantal Heidelbergers, aan president Kruger en die Uitvoerende Raad gerig dat hulle hom as "onmisbaar voor ons dorp en district" beskou en dat hy "in ons midde moge gelate worde."[50] Dit blyk dat daar hieraan gehoor gegee is. Ongeveer 'n maand later het die Heidelbergkommando in die Oranje-Vrystaat nie meer oor 'n leier beskik nie, aangesien kmdt. C.J. Spruyt as krygsgevangene weggevoer is. Omstandighede daar het die President verplig om Wepener op 24 Februarie as kommandant van die Heidelbergkommando aan te wys.[51] Die aanstelling het egter deur die mat geval toe J.D. Weilbach hom weer bereid verklaar het om as kommandant van die kommando op te tree.[52]

---

[49] Majors C.F. Romer en A.E. Mainwaring, *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*, pp. 113-114.

[50] TAB, Staatsekretaris oorlogstukke, 8348, no. 4099/00, versoekskrif burgers Heidelberg aan president Kruger en lede van die Uitvoerende Raad, 27.01.1900, pp. 198-199.

[51] TAB, Leydsargief 717(6), oorlogstelegramme, telegram president Kruger Pretoria aan landdros Wepener Heidelberg, 24.02.1900.

[52] TAB, Leydsargief 717(8), oorlogstelegramme, telegram Staatsekretaris Pretoria aan Landdros Heidelberg, 26.02.1900.

Vanaf 2 Julie 1900 tot September 1900 het Wepener en ‘n tiental voormalige amptenare van die ZAR “besluit om nou in Britse diens die vereiste ampseed van trou geheimhouding af te lê.” Onder hulle was die markmeester, J.B. Schraader, en die dokter van die gevangenis, dr. G. Marquardt. Wepener het dié eed op 2 Julie voor Vallentin afgelê en Schraader die volgende dag.[53] Vallentin het Wepener op 2 Julie as landdros aangewys, maar die volgende dag het hy Vallentin skriftelik meegedeel dat hy nie bereid was om sy pligte as landdros te hervat as hy nie al sy vorige personeel kon behou nie. Vallentin was nie bereid om hierdie vergunning toe te staan nie. Op 6 Julie het Vallentin opdrag ontvang om toe te sien dat Wepener en ds. A.J. Louw die Eed van Neutraliteit onderteken. Wepener het dit gedoen, maar Louw het geweier om te teken en hy is uit Heidelberg verban. Op 11 Julie het hy per trein na Kaapstad vertrek waar hy die res van die oorlog deurgebring het.[54] Intussen het Wepener op 9 Augustus as oud-landdros van Heidelberg aan Vallentin te kenne gegee dat hy die Spruyts per brief sou probeer oorreed om oor te gee.[55]

Wepener het dan ook op 5 November 1900 ‘n brief aan kmdt. C.J. Spruyt (wat intussen uit krygsgevangeskap ontsnap en weer by sy kommando aangesluit het) gerig om die haglike omstandighede waarin die land en sy mense verkeer het, onder sy aandag te bring en hom op die hopeloosheid van hulle saak te wys. Voortdurende verset sou verdere verwoesting tot gevolg hê, wat die volk weer dieper in slawerny sou dompel. Om Spruyt tot sy standpunt oor te haal, het Wepener hom op die totale besetting van die land deur die Britse troepe en die

---

[53] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, p. 14:12. Outeur verwys na Landdrosargief Heidelberg 199.

[54] TAB, PSY 57, 60/1900, diary J.M. Vallentin, 02.07.1900-03.07.1900, 06.07.1900, 11.07.1900, pp. 128-129, 131, 135.

[55] *Ibid*., 09.08.1900, p. 148.

bitter treurige toestand van agtergeblewe vroue en kinders, byna naak en sonder voedsel, gewys. Sodra hierdie skrywe Spruyt van die hopeloosheid van hulle saak oortuig het, sou dit sy plig wees om die offisiere en amptenare wat bo hom gestel is, onverwyld te oorreed om hierdie "allernoodlottigste toestand" te beëindig.[56]

Of Spruyt op hierdie skrywe reageer het, kon nie vasgestel word nie. Wepener het hierna ook briewe met dieselfde strekking aan vk. Org Meyer geskryf. Meyer het dit aan veggenl. P.R. Viljoen oorhandig, wat hom op 17 September 1901 geprys en bewonder het vir sy "vastberadenheid na zoo een duivels vleijerei ..."[57] Viljoen het die geleentheid aangegryp en Wepener die volgende dag ernstig oor sy Britse gesindheid geroskam en terselfdertyd ook die brief aan Spruyt opgehaal. Viljoen het dit onomwonde aan Wepener gestel dat dit vir hulle 'n raaisel is dat 'n seun van 'n "Afrikaander ... wiens bloed voor zyn land en volk gestroomd heef dat een zoon van zoodanig man op zich te nemen de verrader te worden van dat vergoten bloed, ja van ganz zyn volk. Had gij met ons uitgekomen en met ons meegedaan zoo als u plicht was, dan waash gij vandag niet de mondstuk van onze vyanden." Viljoen het hierdie brief, wat baie dof en feitlik onleesbaar is, soos volg afgesluit: "Wij willen u zich beletten met u duivelswerk voort te gaan."[58] Dit blyk dat Wepener nie daarna weer enige

---

[56] TAB, Prellerversameling, A787, Anglo-Boereoorlog, no. 36, brief F. Wepener aan kmdt. C.J. Spruyt Heidelberglaer, 05.11.1900.

[57] *Ibid*., no. 34, genl. P.R. Viljoen, briewekopieboek 1901, brief veggenl. P.R. Viljoen Wilgerivier aan vk. J.G. Meyer, 17.09.1901

[58] *Ibid*., brief veggenl. P.R. Viljoen aan F. Wepener ex-Landdros Heidelberg, 18.09.01. Wepener was die seun van Louw Wepener wat by Thaba Bosigo tydens die Tweede Vrystaat-Basoetoe-oorlog van 1865 gesneuwel het. J.C. Moll, "Wepener, Frederik Daniël Jacobus", in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV*, pp. 811-812.

korrespondensie met betrekking tot die beëindiging van die oorlog gevoer het nie.

Selfs die wapenneerlegging van 'n prominente leiersfiguur soos H.F.P. Jansen van Rensburg, lid van die Eerste Volksraad vir Heidelberg, het ontsteltenis onder die burgers veroorsaak. Viljoen het die manier waarop Van Rensburg hom op die gevegsfront om die bos gelei het, ten sterkste veroordeel en dit op 16 Julie 1900 aan die Kommandant-generaal en drie dae later aan president Kruger gerapporteer. Van Rensburg, wat op dié tydstip op kommando was, het Viljoen se toestemming gevra om met agt burgers op die vyand te spioeneer. Viljoen het die versoek toegestaan. Volgens 'n verklaring van een van die agt burgers het hy huis toe vertrek en "Roberts liet weten zijn wapen te halen."[59] Volgens Albert Grundlingh kan die grootskaalse wapenneerlegging aan twee redes gewyt word, naamlik die demoralisasie onder die Boeremagte na die oorgawe by Paardeberg en die val van die republikeinse hoofstede.[60] Indien Grundlingh se standpunt oor wapenneerlegging korrek is, het Viljoen met sy gevolgtrekking oor volksraadslid Van Rensburg se verraad die verdere morele agteruitgang van die Boere op sowel die slagveld as die tuisfront aan die lig gebring.

Van Rensburg het sy rede vir oorgawe op 12 Julie 1900 aan die Militêre Kommissaris vir Polisie in Johannesburg verstrek. Daarvolgens het hy onmiddellik na die aankoms van die Britse troepe op Heidelberg besef dat verdere bloedvergieting onnodig sou wees. Aanvanklik het hy oor oorgawe getwyfel, maar nadat ene brig.genl. C. Ridley (voorletter nie duidelik nie) hom die versekering gegee het dat hy op sy plaas kon bly en sy eiendom deur die Britse

---

[59] TAB, Leydsargief, 728(8), oorlogstelegramme, 14.07.1900-16.06.1900, telegram no. 55, veggenl. P.R. Viljoen, Paul Ras plaats aan Regering Machadodorp, 16.07.1900; Leydsargief 729(1), telegram no. 45, veggenl. P.R. Viljoen aan president Kruger Waterval-Onder, 19.07.1900.

[60] Albert Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 40.

magte beskerm sou word, het hy distrikskommissaris Vallentin op Heidelberg gaan spreek. Vallentin het toe aan hom 'n pas uitgereik om op 4 Julie deur die Britse linies te beweeg en op 8 of 9 Julie plaas toe terug te keer. Terselfdertyd het hy Vallentin toestemming gevra om lord Roberts te spreek, aangesien die burgers wat wou oorgee duidelikheid oor sekere punte in sy proklamasie verlang het. Terwyl hy nog op kommando was en voordat die datums op die pas sou verval, het hy op 5 Julie 'n brief van Vallentin ontvang dat hy dieselfde dag in opdrag van genl. Hart moes inkom om wapens neer te lê. Daarby moes hy die gewapende burgers inlig dat as hulle nie onder die voorwaardes van Roberts se proklamasie oorgee nie, hulle binnekort verplig sou wees om die wapens sonder enige voorbehoude neer te lê. Van Rensburg en 'n aantal burgers het daarop dorp toe vertrek om oor te gee. Die spioenasie wat Van Rensburg en agt burgers kastig wou gaan uitvoer, het in werklikheid net 'n rookskerm geblyk te wees om aan Hart se opdrag uitvoering te gee. Op pad het hulle 'n Britse patrollie teengekom. Nadat Van Rensburg aan hierdie patrollie oorgegee het, het hy die burgers beveel om dieselfde te doen. Die patrollie was nie bewus van die korrespondensie tussen Van Rensburg en die militêre owerhede nie en het hom gearresteer en hom na Vallentin gestuur. Hierdie arrestasie het dus op 'n misverstand berus. Van Rensburg is eers aan die begin van Augustus vrygelaat en toegelaat om op sy plaas te bly.[61]

Die Britse militêre owerhede op Heidelberg het ook pogings aangewend om die burgers te oorreed om oor te gee deur wapenneerlêers te gebruik. In Augustus 1900 het George Honiball, swaer van George Leversage, as tussenganger opgetree. Leversage het reeds tydens die Natalse offensief oor sy swaer se gesindheid gekla. Honiball en ene M. Otto was volgens Leversage "the only two men from the Nigel who have so far brought any disgrace on the Nigel men and

[61] TAB, MGP volume 9, no. 993/00, brief H.P.F. Jansen van Rensburg aan Military Commissioner of Police 12.07.1900, verklarings van brig.genl. C. Ridley 25.06.1900, kapt. J.M. Vallentin, 03.07.1900 en 05.07.1900, pp. 123, 128-133.

consequently we are not very sweet to him, especially as the Nigel crowd have so far conducted them so well both in the laager and on the battlefield ..."[62] Op 16 Augustus het Honiball aan Vallentin verslag oor sy besoek aan die burgers naby Boschmanskop gelewer. Hierdie verslag is op Vallentin se versoek deur Honiball se broer aan die burgers oorgedra. Honiball het gerapporteer dat die burgers baie begerig was om die wapens neer te lê en dat hy (Vallentin) hulle veldkornet, Philip Groesbeek, waarskynlik op 18 Augustus te woord sou staan. Die ontmoeting het egter nie plaasgevind nie. Op 20 Augustus het Vallentin via Honiball 'n brief aan Groesbeek gestuur waarin hy hom ingelig het dat hy hom op 24 Augustus by Honiball se huis sou ontmoet. Groesbeek het die volgende dag 'n afspraak om 10 uur daardie dag met Vallentin bevestig.[63]

'n Interessante verwikkeling in lord Roberts se proklamasies ten opsigte van oorgawe het nou ingetree. Pas nadat Honiball op 20 Augustus vertrek het, het Vallentin 'n nuwe proklamasie in hierdie verband ontvang. Dit het kortliks daarop neergekom dat niemand voortaan meer toegelaat sal word om die Eed van Neutraliteit af te lê nie. Indien 'n burger saam met sy kommando inkom, sou oorgawe onvoorwaardelik wees. Vallentin het besef dat sy samesprekings met Groesbeek dalk as gevolg van hierdie proklamasie kon skipbreuk ly. Gevolglik het hy Groesbeek tydens hulle gesprek op 22 Augustus aan huis van Honiball, ongeveer vyf kilometer anderkant Nigel, meegedeel dat indien hulle op 24 Augustus onvoorwaardelik oorgee, hy sou aanbeveel dat die vorige voorwaardes vir oorgawe nog van toepassing sou wees. Vallentin het sy optrede aan die Political Secretary in Pretoria getelegrafeer en dié het Groesbeek en sy burgers se oorgawe onder die vorige voorwaardes goedgekeur.[64]

---

[62] A.E.F. Bosman (red.), *The diary of E.S. Leversage during the siege of Ladysmith, 1899-1900*, in die *Christiaan de Wet-Annale*, no. 10, p. 219.

[63] TAB, PSY 57, diary J.M. Vallentin, 16.08.1900-22.08.1900, pp. 151-153.

[64] *Ibid*., 20.08.1900-22.08.1900, p. 153.

Met hierdie inligting tot sy beskikking het Groesbeek op 23 Augustus 1900 ‘n vergadering van voornemende wapenneerlêers op Honingfontein, wyk Hooggeveldt, distrik Heidelberg, bygewoon. Aanvanklik het Groesbeek oor sy samesprekings met Vallentin op 22 Augustus verslag gelewer. Verskeie vrae is aan Groesbeek gerig wat hy na die beste van sy vermoë beantwoord het. Onder andere is hy gevra of hulle verby die wette van die ZAR kon kom indien hulle wapens sou neerlê. Groesbeek, wat geweet het dat hulle met die oorhandiging van hulle wapens direk teen die wette van die ZAR sou handel, het geredeneer dat hy “ziet in aflegging der wapens een kans om onzer wijk Hooggeveldt van vernieling te vrijwaren.” Op ‘n vraag of, indien enige burgers wel die wapen sou neerlê, die ander burgers dan verplig sou wees om dit ook te doen, het Groesbeek soos volg geantwoord: “... als alle burgers hier byeen onder een eed willen verklaren, hunne wapens te behouden en te willen vechten tot hun dood, hy zelf de eerste zal zijn om dit te doen, en naar het front te gaan. Hy is echter tegen om zoo als nu hier en daar heen te vluchten en achter bulten zich weg te steken en van geen nut te zijn, en komt er nog eens terug dat als dan eene onvoorwaardelijke aflegging der wapens waardoor zij onze families, en vee en wyk kunnen beveiligen wenschlijker is.” Uit die notule van die vergadering blyk dit dat ‘n paar burgers nie hierdie gedagte van wapenneerlegging gesteun het nie. Hierdie gesindheid het duidelik geword toe Simon Groesbeek versoek het dat diegene wat nog verder wou veg, eenkant moes staan. Daarop het drie burgers die vertrek verlaat terwyl die ander geswyg het. Na nog verskeie redenasies het ene Chris van Wyk aan die vergadering die betekenis van eedaflegging uitgestippel. Wapenneerlêers sou vir die duur van die oorlog neutraal bly en nie geregtig wees om weer die wapen teen Brittanje op te neem nie. Na lang besprekings is ‘n voorstel ingedien om “eenparig de wapens voorwaardelijk af te leggen of eenparig op te gaan naar het front om te vechten.” Met die uitsondering van nege stemme het al die aanwesige burgers “besluiten voorwaardelijk hunne wapens af te leggen.” Daarna het die vergadering Philip Groesbeek en Chris van

Wyk afgevaardig om die volgende dag, 24 Augustus, met Vallentin op Nigel te onderhandel.[65]

Groesbeek het Vallentin op 24 Augustus versoek om hom weer te spreek. Vallentin het daarop gestaan dat hy Groesbeek op die voorafbepaalde tyd, naamlik 14:30 die middag, sou ontmoet. Die ontmoeting het wel plaasgevind. Groesbeek wou tot die volgende dag wag, aangesien hy nog nie met al sy mense in verbinding getree het nie. Vallentin het ingewillig om hulle oorgawe die volgende dag te behartig. Op 25 Augustus, teen 10:00 die oggend, het 90 burgers op Nigel die wapen in die teenwoordigheid van Vallentin neergelê.[66] Die suksesvolle oorgawe van so 'n groot groep Boere het die kroon gespan op Vallentin se volgehoue pogings. Hy sou egter nie weer hierdie prestasie ewenaar nie.

Die nuus van hierdie oorgawe het vinnig versprei. Op 2 September 1900 het ene kmdt. Malan vk. J. Botha van wyk Zuikerboschrand se verslag oor hierdie aangeleentheid aan die Kommandant-generaal gestuur. In die verslag het Botha nie net van agente wat rondgaan om die burgers tot wapenneerlegging te oorreed, melding gemaak nie, maar ook van 'n brief geskryf deur eerste volksraadslid Jan Meyer aan sy broer, vk. R.S. Meyer, waarin hy hom aangeraai het om die wapen neer te lê. Hierdie brief is later onderskep en op Heidelberg in veilige bewaring gehou.[67]

---

[65] TAB, Prellerversameling A787, Anglo-Boereoorlog, genl. P.R. Viljoen, inkomende briewe 1900-1902 (31), notule van vergadering gehou op 23 Augustus 1900 op die plaas Honingfontein, wyk Hooggeveldt, distrik Heidelberg.

[66] TAB, PSY 57, diary of J.M. Vallentin, 24.08.1900-25.08.1900, pp. 154-155.

[67] TAB, Leydsargief 732(1), oorlogstelegramme 01.09.1900-02.09.1900, telegram kmdt. Malan aan Kommandant-generaal 02.09.1900; A.M. Schoeman, "Meyer, Johannes Petrus", in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V*, p. 540.

Vallentin het nie stilgesit nie en verdere pogings aangewend om sy sukses voort te sit. Aan die einde van September 1900 het hy drie naamlose boodskappers met proklamasies in die berge tussen Cypherfontein 33 en Steenkoolspruit 550 in die suidoostelike hoek van die Heidelbergdistrik gestuur. Hierdie proklamasies het moontlik oor die nuwe voorwaardes vir wapenneerlegging gehandel. Die drie boodskappers het die wind van voor gekry toe die buiteposte geweier het om hulle deurgang na die kommando's te verleen of om die burgers te woord te staan. Hierdie summiere weiering het Vallentin laat twyfel of die burgers van die nuutste verwikkelinge insake vrywillige oorgawe bewus was. Gevolglik het hy Maxwell in Pretoria gevra of hy daardie burgers uit die noorde kon bereik. Maxwell het op 27 September geantwoord dat hy dié proklamasies met 'n swarte aan die kommando's gestuur het.[68]

Die Britse militêre owerhede het nie veel sukses met hierdie optrede behaal nie. 'n Jaar later is vroue gebruik om die burgers tot wapenneerlegging te oorreed. Veral Viljoen kon hom nie daarmee vereenselwig nie. Op 9 September 1901 het hy 'n circulaire (omsendbrief) aan alle offisiere van die Heidelberg- en Pretoriadistrikte gestuur om hierdie praktyk so gou moontlik in die kiem te smoor. Voordat 'n vrou deur die linies kon beweeg om haar man te spreek, moes Viljoen self of sy plaasvervanger of die kommandant van die distrik haar te woord staan om goedkeuring te verleen. Hendsoppers se vroue moes desnoods onmiddellik deur die linies teruggestuur word. Viljoen het van sy offisiere verwag om hieraan stiptelike uitvoering te gee, "daar het duidelijk gebleken is, dat (de) vyand thans

[68] TAB, MGP volume 28, 3985/00, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor in Pretoria, 25.09.1900; telegram Military Governor in Pretoria, 27.09.1900; A. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 83-84.

vrouwspersonen gebruik ten nadele onzen zaak ..."[69] Die Britse militêre owerhede het hulle deur sulke optrede om die burgers te oorreed om oor te gee, die argwaan van die burgerlike bevolking op die hals gehaal.

Lord Roberts se pogings om die vegtende burgers en hulle offisiere met behulp van vooraanstaande persone tot oorgawe oor te haal, het nie in alle opsigte geslaag nie. Selfs die poging van H.G. Junius, 'n gesiene inwoner van Heidelberg, op 28 Oktober 1900 om kommandant-generaal Louis Botha tot ander insigte te bring, het misluk. In Junius se brief waarin hy hom op sy jarelange vriendskap met Botha beroep het, het hy hom versoek om die verwoesting van die land te beëindig. Die skuld vir hierdie verwoestende oorlog het hy voor die deur van president Kruger gelê, omdat hy deur sy optrede die land in die grootste ellende gedompel het. Gevolglik het niemand hom meer vertrou nie. Volgens Junius het Botha en "andere progressieve raadsleden" alles in hulle vermoë probeer om oorlog te voorkom, "doch Kruger kon en wilde niet anders." Toe Junius en sy mense berig ontvang het dat Botha die noodsaaklikheid van vrede ingesien het, (datum onbekend) het stemme van dankbaarheid nie net in albei Republieke nie, maar ook onder die duisende krygsgevangenes op St. Helena en Ceylon (Sri Lanka) weerklink. Die haglike toestand waarin die land verkeer het, het Junius beweeg om Botha dringend te versoek: "... redt uwe natie van totale verwoesting, en ondergang ... Het Afrikaansche volk ziet naar u als de eenige sterke man, die een einde aan dezen oorlog kan maken aangezien Kruger met al zyn gebrouw en geknoei en zyn lafhartige vlucht alle vertrouwen totaal verloren heeft ... De Engelschen verbranden de huizen der burgers die nog op commando zyn en de burgers vebranden de huizen van hen die wapens afgelegd hebben.

[69] TAB, Prellerversameling A787, no. 34, Anglo-Boereoorlog, genl. P.R. Viljoen, briewekopieboek 1901, 40/1901, Circulaire aan alle offisieren van de districten Heidelberg en Pretoria, 09.09.1900.

Zoodoende wordt de Afrikaner met alle macht aan beide kanten uitgeroeid en dat alles terwille van 'Krugerisme'."[70]

Vallentin het Junius se brief op 30 Oktober 1900 aan die Military Secretary to the Field Marshal Commanding in Chief vir aflewering aan die Kommandant-generaal deurgestuur. Op 4 November het genl.maj. A.H. Paget dit aan die naaste Boerekommando vir deursending na Botha laat oorhandig.[71] Na ontvangs hiervan het Botha op 6 November teenoor lord Roberts sonder enige huiwering sy veragting vir so 'n laakbare skrywe uitgespreek: "Gemelde Junius is een myner burgers die nog nooit gedurende den loop van dezen oorlog behoorlyk zyne burger plichten heeft vervuld en ik kan niet gelooven dat met Uwe Exc. medeweten zulk een lage brief van een nietsbeduidende verrader onder den schyn van een officieel depeche aan my is uitgezonden."[72]

Tien maande later, op 7 September 1901, het Junius 'n poging aangewend om ook veggenl. H.A. Alberts van die Heidelbergkommando te oorreed om die wapens neer te lê. Hy het dit skriftelik aan Alberts gestel dat "onze zaak is ongelukkig heeltemal verloren maar nu zal het niet helpen om ons land met vrouwen en kinderen en om zelf heeltemaal te vernielen." Volgens Junius sou alles wat Alberts besit, na aanleiding van Kitchener se proklamasie van 7 Augustus 1901, na middernag op 14 September verlore wees. Vir hom was dit belangrik dat Alberts en vk. Willem Pretorius sou inkom om 'n waarborg van die

---

[70] TAB, W2, N.J. de Wetversameling, oorlogstukke, korrespondensie, September 1900 - April 1902, brief H.G. Junius Heidelberg aan kommandant-generaal Louis Botha, 28.10.1900.

[71] TAB, FK, War Office 1910, Cin C/1102, letter District Commissioner Heidelberg to Military Secretary, 31.10.1900; FK, War Office 1911, letter Military Secretary to Major-General A.H. Paget, 14.11.1900

[72] TAB, W2, N.J. de Wetversameling, oorlogstukke, korrespondensie, September 1900 – April 1902, brief Kommandant-generaal aan lord Roberts, 06.11.1900.

intelligensie-offisier op Heidelberg, Thomas Cunningham, te ontvang en sodoende in besit van hulle eiendomme te bly. Hy het ook 'n koevert ingesluit ingeval Alberts sy brief sou wou beantwoord.[73] Geen dokument kon opgespoor word om vas te stel of Alberts wel reageer het nie. Al gevolgtrekking waartoe gekom kon word, was dat hy dit nie die moeite werd geag het om op so 'n brief te antwoord nie. Hierna was dit asof Junius sy rol uitgespeel het. Hy het Heidelberg verlaat nog voordat die oorlog beëindig is om in Johannesburg te gaan woon.[74]

Naas die pogings van genl. H.H. Kitchener, opvolger van lord Roberts, om 'n einde aan die oorlog te maak, het Vallentin voortgegaan om die dienste van die Heidelbergers wat oorgegee het, te benut om die staking van vyandelikhede te bespoedig. Teen Desember 1900 het hy die burgers wat vir beskerming na Heidelberg gestroom het, gepols oor maatreëls wat die Britse regering vir 'n spoedige staking van krygsverrigtinge kon tref. Die wapenneerlêers het baie hieroor kwytgeraak en Vallentin het hulle versoek om hulle voorstelle skriftelik aan hom voor te lê. Gevolglik het hulle op 19 Desember 'n memorandum waarin hulle voorstelle vervat is, aan Vallentin besorg. Twee dae later het Vallentin hierdie voorstelle met sy kommentaar na Maxwell in Pretoria deurgestuur.[75]

Genoemde vergadering het onder voorsitterskap van Philip Groesbeek en vier ander, naamlik B. Bezuidenhout, Simon Groesbeek, F. Wepener en H. Junius, op Heidelberg plaasgevind. Die notule bestaan uit twee dele: eerstens, redes vir so 'n uitgerekte oorlog, en tweedens, voorstelle vir die spoedige beëindiging daarvan. Die teenwoordigers het eerstens die nimmereindigende oorlog en die

---

[73] TAB, Prellerversameling A787, Anglo-Boereoorlog 1899-1902, veggenl. H.A. Alberts, inkomende stukke, 1900-1902, brief H.G. Junius aan veggenl. H.A. Alberts, 07.09.1901.

[74] *The Heidelberg News,* "Comings, Goings and Doings", 18.04.1902.

[75] TAB, MGP volume 55, no. 7967/00, letter District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 21.12.1900, pp. 56-57.

burgers op die slagveld se ongeneentheid om die wapens neer te lê aan lord Roberts se proklamasie van 30 Mei 1900 toegeskryf. Hierdie proklamasie, wat beskerming aan ‘n wapenneerlêer en sy eiendom beloof het, is nie streng nagekom nie. ‘n Groot aantal van die wapenneerlêers het as gevolg van die trae uitvoering daarvan nie die beloofde beskerming geniet nie. Gevolglik het die oorlogvoerende burgers wat op die wapenneerlêers se plase aangedoen het, hulle met konfiskasie van eiendom, dood en slae gedreig en hulle verplig om weer die wapen op te neem. Tweedens het die Britse militêre owerhede die oorlog deur hulle optrede uitgerek. Baie boere is weggestuur en hulle plase is verwoes. Hulle besittings, soos perde, is teen ‘n lae waardasie opgeëis sonder om enige kwitansies daarvoor uit te reik. Derdens moes die rede vir die weiering van die burgers om oor te gee teen die agtergrond van menige rebelle uit die Britse kolonies wat steeds vegtend was, gesien word. Hierdie persone sou glo veral deur president Kruger se wanvoorstellings beïnvloed wees om die Republieke by te staan. Die wapenneerlêers het dit hulle plig geag om Haar Majesteit se regering te dwing, “that in case they surrender, to remit the punishment which these rebels deserve or that they may be leniently dealt with.”[76] Alhoewel die notule nie vermeld waarvandaan die rebelle afkomstig was nie, was dit algemeen bekend dat die Afrikaners uit die Kaapkolonie, wat onder Britse gesag gestaan het, hulle volksgenote in die noorde baie simpatiekgesind was. Hulle het die oorlog as Kaapse rebelle meegemaak.

Ten opsigte van die staking van vyandelikhede het Philip Groesbeek en sy makkers aan die hand gedoen dat die Britse regering “with a little indulgence, could end this deplorable state of affairs.” Dit sou raadsaam wees om die burgers op die gevegsfront deur ‘n wydverspreide proklamasie drie weke tyd te gun om op een of ander manier oor te gee. Hulle het die volgende maniere aanbeveel:

---

[76] *Ibid*., letter P. Groesbeek (chairman) Heidelberg to J,M, Vallentin District Commissioner Heidelberg, 19.12.1900, pp. 58-59.

- Die onherroeplike anneksasie van die twee Republieke deur Brittanje.
- Voordat daar tot strenger maatreëls oorgegaan word, moes die Britse regering inwillig om die vegtende burgers geleentheid te bied om oor te gee en so verdere verwoesting en vernieling te voorkom.
- Tot nou toe het die Britse regering die armes gevoed en versorg. Na vredesluiting sou dit nog vir ‘n bepaalde tyd voortgesit word.
- Alle burgers wat tot op daardie stadium nog nie die wapens neergelê het nie, sou ‘n geleentheid gebied word om binne drie weke oor te gee en die Eed van Getrouheid voor die naaste beskikbare Britse offisier af te lê. Daarna sou hulle ongehinderd na hulle plase kon vertrek of, indien hulle dit verkies het, kon hulle saam met hulle gesinne en vee die beskerming van die garnisoen geniet totdat vrede en orde herstel is. Gesinne wat weggestuur is, sou vergunning ontvang om so gou moontlik terug te keer of toegelaat word om met hulle families te verenig.
- Burgers wat reeds die wapen neergelê het, maar later deur vegtende burgers verplig is om weer te gaan veg, sou nie van die voorregte uitgesluit word wat die ander wapenneerlêers geniet nie.
- Rebelle wat uit ander Britse kolonies afkomstig was of nie oor burgerskap beskik het nie, sou dieselfde voorregte geniet.
- Persoonlike vryheid en behoud van eiendom.

As bogenoemde aanbevelings in oënskou geneem word, is dit duidelik dat humanitêre oorwegings en toegeeflikheid, eerder as verdere verdeeldheid, die grondslag vir oorgawe aan Brittanje gevorm het. Ten opsigte van kriminele dade het die vergadering dit ter afsluiting onomwonde soos volg gestel: “Her Majesty’s

Government only reserves the right to punish such persons as have, according to the civil laws, committed other criminal acts."[77]

Onder leiding van sir Joseph Chamberlain, sekretaris van kolonies, is daar sedert Desember 1900 gepoog om die staking van vyandelikhede op 'n meer doelgerigte wyse te bereik. Op 7 Desember het Chamberlain aan Milner opdrag gegee om in medewerking met Kitchener die strydende Boere te oorreed om hul wapens neer te lê en hulle met die verpletterende uitslag te versoen. Om die gewenste uitwerking te verkry, het Chamberlain 'n proklamasie in albei tale, wat wyd versprei moes word, voorgestel. Hieruit moes dit blyk dat die anneksasie van die Republieke in die naam van koningin Victoria onherroeplik was en dat daar geen ander bedoeling was as om die inwoners op 'n billike en grootmoedige wyse te behandel nie. Die verspreiding van hierdie proklamasie was vir Chamberlain van groot belang en gevolglik het hy op 10 Desember voorgestel dat invloedryke vredemakers hierdie proklamasie na die Boere in die veld moes neem.[78]

Milner het getwyfel of vredemakers die gewenste uitwerking op die Boere sou hê, maar hy het nietemin Chamberlain se voorstelle aan Kitchener gestuur. Nadat Kitchener op 21 Desember 1900 'n vergadering van wapenneerlêers in Pretoria toegespreek het, het 'n sentrale vredeskomitee tot stand gekom. Hieroor het hy soos volg aan Milner berig: "I have formed a Burgher Peace Committee here, consisting of influential surrendered burghers. They are sending delegates to each Commando to induce Boers in the field to come and do away with the present misrepresentations of Boer leaders."[79]

---

[77] *Ibid*., p. 59.

[78] A. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 109.

[79] *Ibid*., pp, 109, 111; TAB, War Office, FK 1788, 079/4995, Enclosure 1 in No., telegram 117, Lord Kitchener, Pretoria, to High Commissioner, 27.12.1900.

Die sentrale vredeskomitee het aanvanklik uit vyf lede bestaan met Karl Rood, ‘n sakeman uit Pretoria, as voorsitter. Rood sou as voorsitter optree totdat H.P.F. Jansen van Rensburg, wat volgens Milner aanvanklik nie gretig was om dit te doen nie, in Januarie 1901 by hom oorgeneem het.[80] Met Van Rensburg aan die stuur het hierdie komitee uit dertien gekoöpteerde lede bestaan van wie drie uit Heidelberg afkomstig was, naamlik Van Rensburg self, B.C. Bezuidenhout en F. Wepener.[81] Terselfdertyd is daar ook plaaslike komitees in ses Transvaalse dorpe in die lewe geroep. Op Heidelberg het daar nie so ‘n komitee tot stand gekom nie, alhoewel daar tog ‘n beweging vir vrede onder leiding van vk. Philip Groesbeek was.[82]

Die onderskeie plaaslike komitees het aan die werk gespring, maar teen die einde van Januarie 1901 het dit gelyk asof hulle ‘n verlore stryd gevoer het. Op 28 Januarie het Van Rensburg vir Maxwell in Pretoria soos volg van hulle vordering in kennis gestel: “I regret to say up to now no good results are apparent from the labours of the different local committees, consequently my committee decided to place itself in direct communication with the burger leaders at the front, as per our resolution dated 15th January 1901 and approved by you and the Commander in Chief.” Met dié doel voor oë het die sentrale komitee op 24 Januarie ‘n brief aan die Kommandant-generaal en sy offisiere geskryf wat hulle aan Maxwell in Pretoria voorgelê het. ‘n Afvaardiging van vyf lede is aangewys, onder andere Van Rensburg en Bezuidenhout, om met die genoemde persone in

---

[80] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 111; TAB, War Office, FK 1788, 079/4995, enclosure 2 in no., telegram S. 19, High Commissioner to Lord Kitchener, Pretoria, 29.12.1900.

[81] TAB, MGP, volume 67, 1271/02, letter H.P.F. Jansen van Rensburg to Military Governor Pretoria, 28.01.1901, p. 46.

[82] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 112.

gesprek te tree. Ter afsluiting het Van Rensburg die vertroue uitgespreek dat, ter wille van vrede, “the interview asked for may take place.”[83]

Ter inleiding het die sentrale vredeskomitee hulle oogmerke in die brief uiteengesit. Hulle “enige doel [was] de bevordering van vrede en de welvaart van het Land, wenschen met alle ernst onze medeburgers nog in het veld vechtende te ontmoeten ten einde te bespreken en uit te leggen.” As motivering vir so ‘n gesprek het hulle na sekere aspekte verwys wat hulle na aan die hart gelê het. Eerstens was daar die omstandighede waaronder duisende van hulle broers as krygsgevangenes in verafgeleë lande verkeer het. Tweedens sou faktore soos die daaglikse verarming van die land en die lewe wat toenemend ondraaglik word, veroorsaak dat dit jare sou duur voordat die landbou, handel en nywerheid tot die vooroorlogse peil herstel kon word. Derdens was daar die lyding van honderde daklose vroue en kinders wat in onbeskryflike ellende verkeer het. Met die feite tot hulle beskikking, het hulle op Botha en sy offisiere ‘n beroep gedoen om in belang van vrede aan die gesprek deel te neem.[84]

Botha het ‘n week later op hierdie skrywe reageer en dit aan Van Rensburg gestel dat dit hom “verbaasd zulk eene onbeschaamheid van u te zien na uw Land en Volk verraden te hebben.” So ‘n veragtelike optrede het dit vir hom onmoontlik gemaak om “met verraders en ik kan zeggen moordenaars van hun volk te onderhandelen ...”[85] In die lig daarvan dat albei van hulle lede van die

---

[83] TAB, MGP, volume 67, 1271/02, letter H.P.F. Jansen van Rensburg to Military Governor Pretoria, 28.01.1901, pp. 45-47.

[84] TAB, Prellerversameling, A787, 21, Anglo-Boereoorlog 1899-1902, genl. H.A. Alberts, uitgaande stukke, verklarings, oorlogsberigte diverse, 1900-1902, brief sentrale vredeskomitee aan Kommandant-generaal, 24.01.1901.

[85] TAB, Prellerversameling, A787, 20, genl. H.A. Alberts, inkomende stukke, brief Kommandant-generaal Ermelo aan H.P.F. Jansen van Rensburg en andere, 01.02.1901.

Eerste Volksraad was toe die oorlog uitgebreek het, was Botha se antwoord aan Van Rensburg eintlik persoonlik van aard. Van Rensburg se optrede moes Botha diep geskok het. Waarskynlik het Botha op hierdie tydstip dit nie raadsaam geag om die sentrale vredeskomitee te woord te staan nie, aangesien sulke besluite eers deur die militêre hoofleierskap geneem moes word.

Die sentrale vredeskomitee was hoegenaamd nie met hierdie antwoord van Botha gediend nie. Hulle wou op 27 Februarie 1901 ‘n brief aan hom rig, maar Maxwell in Pretoria het anders besluit omdat Kitchener en Botha op 28 Februarie 1901 by Middelburg samesprekings gevoer het. Dit sou dus onvanpas wees om op daardie tydstip so ‘n brief te stuur.[86]

Die Britse militêre owerhede op Heidelberg het, benewens hulle pogings om die oorlog te help beëindig, ook probeer om die dorp en sy inwoners teen die Boerekommando’s se aanvalle te beskerm. Vallentin veral het in daardie opsig die leiding geneem deur ‘n soort van korps op die tuisfront te organiseer waarvan die pligte hoofsaaklik verdedigend van aard sou wees. Reeds op 14 November 1900 het hy ‘n vergadering van Britte (Britishers) byeengeroep om die vorming van so ‘n vrywilligerskorps te oorweeg. Lord Roberts het toestemming daarvoor verleen en Vallentin gemagtig om ‘n skrywe aan die stafhoof in Johannesburg te rig waarin goedkeuring daarvoor en vir die uitreiking van wapens aangevra word. Terselfdertyd het hy die stafhoof versoek om onmiddellik aanvullende voorrade, soos onder andere vyftig bandeliers en tien kiste kleingeweerammunisie, te bestel. Daar was soveel entoesiasme dat 42 Britte die middag reeds die Eed van Getrouheid afgelê het. Op 15 November het ‘n verdere vergadering plaasgevind waar die doelwit vir die vorming van so ‘n korps soos volg geformuleer is: “... to form a distinct unit for the defence of the town Heidelberg and to enable

[86] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, pp. 125, 159-160 voetnoot 108.

individual members to volunteer outside the town." Intussen sou Vallentin as bevelvoerder optree.[87]

Vallentin het Roberts op 16 November 1900 verseker dat nie een van die persone wat die eed afgelê het, vir die Boere geveg het nie. Hy het die dienste van oudburgers van die hand gewys. Alhoewel sommige tog hulle dienste aangebied het, het hy teenoor Roberts erken dat hy hulle ten volle vertrou. Daarom sou hy Roberts se voorstel aan 'n algemene vergadering voorlê, omdat hy daarvan oortuig was dat hulle tot hierdie voorwaardes sou instem. Daarby was Vallentin ook van voorneme om wapens wat nie in gebruik is nie, in 'n kamer op die dorp onder militêre bewaking te hou en die uitslag van die vergadering aan Roberts te telegrafeer.[88] Die volgende dag het Vallentin aan Roberts getelegrafeer dat 31 persone sy (Roberts) voorstel onderskryf het en dat die res sonder twyfel sou volg. Om hulle erns te kenne te gee, het die vergadering 'n verklaring opgestel wat soos volg gelui het: "We hereby acknowledge that if we ever proved to have behaved in a treacherous manner (teenoor die Britse owerhede) we are liable, in addition to the death penalty, to have our farms and other property confiscated." Terselfdertyd het Vallentin Roberts in kennis gestel dat hy die volgende dag 'n vergadering op Nigel sou hou met die oog op die vorming van 'n korps daar ook.[89] Hierdie vergadering is deur heelparty entoesiastiese Britse inwoners bygewoon. Vallentin kon aan Roberts rapporteer

---

[87] TAB, Lord Roberts Papers, (manuscripts) operation telegrams, volume 58, November 1900, telegram S540 H1258, District Commissioner Heidelberg to Chief of Staff Johannesburg, 16.11.1900.

[88] *Ibid*., telegram C6369, District Commissioner Heidelberg to Lord Roberts Government House Johannesburg, 16.11.1900.

[89] *Ibid*., telegram S545, C6376, District Commissioner Heidelberg to Lord Roberts Military Governor's House Johannesburg, 17.11.1900.

dat "32 subscribed to the oath of allegiance and conditions proposed by your Lordship."[90]

Roberts het op 19 November 1900 aan Vallentin se herhaalde versoeke om wapens gehoor gegee deur so 'n uitreiking aan die "Vallentin's Heidelberg Volunteers", soos hulle voortaan bekend sou staan, te magtig. Roberts het beoog om op 29 November 'n besoek aan die dorp te bring en hy het versoek om die Volunteers dan toe te spreek. Aangesien 29 November 1900 Roberts se laaste dag as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika was, is dit te betwyfel of Roberts 'n besoek aan Heidelberg gebring het. Die hooftaak van hierdie dorpswag (town guard) sou die beskerming van die dorp teen aanvalle van die Boere wees. Vir dié doel moes hulle in die buitewyke van die dorp stelling inneem om die militêre owerhede vroegtydig van kommando's se teenwoordigheid in kennis te stel. Dit kan aanvaar word dat die patrioties gesinde Heidelbergers spottend na hierdie groep van nie meer as 200 nie as die "Witkoppe" verwys het, omdat hulle wit bande om hulle hoedens gedra het. Die aantal verliese wat die Volunteers in die eerste ses maande van hul bestaan gely het, was gering, naamlik een gesneuwel en drie gewond. Vallentin was self een van die gewondes.[91]

Die Britse militêre owerheid het onmiddellik na die besetting van Heidelberg ook die regspleging beheer. Soos reeds aangedui, het Vallentin aan Wepener die geleentheid gebied om sy werksaamhede as landdros voort te sit. Die eise wat Wepener gestel het, was vir Vallentin onaanvaarbaar en gevolglik het Wepener nie weer sy dienste as landdros hervat nie. Die gereg het tog sy loop geneem en oor sake soos die moordsaak teen Martha Lehman, saak 165, wat reeds voor die

---

[90] *Ibid*., telegram District Commissioner Heidelberg to Lord Roberts Military Governor's House Johannesburg, 18.11.1900.

[91] A. Grundlingh *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 205-206; Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, pp. 154-155.

besetting op die rol geplaas is, het resident-magistraat R.A. Poore in September 1900 uitspraak gelewer. Lehmann, wat haar eggenoot vermoor het, is op 10 September skuldig bevind en ter dood veroordeel. Poore het burgers, wat die Eed van Neutraliteit verbreek het, ook verhoor, soos ook die geval van Hans Britz, saak 226, wat op 8 Oktober tot 'n boete van £50 of gevangenisstraf van sewe maande hardepad gevonnis is. Selfs ten opsigte van onwettige drankhandel het Poore nie geskroom om die wet streng toe te pas nie. Hy het August Sauer, saak 252, op 22 Oktober tot 'n boete van £300 of gevangenisstraf van twee jaar hardepad gevonnis.[92] Ten opsigte van ongewenste persone soos Samuel Nathanson en sy seuns het Vallentin nie gehuiwer om 'n hofbevel te verkry en hulle te deporteer nie. Vallentin beskryf Nathanson aan die Political Secretary in Pretoria as "immensely rich and known all over Johannesburg and Heidelberg as the liquor king. I have as yet no charge against him but in the course of issuing liquor licences. Resolved to refuse his licence and thought it a good opportunity to rid South Africa of him." Nadat Vallentin op 21 Augustus deur die Political Secretary beveel is om Nathanson na Durban te stuur, het Nathanson op 23 Augustus opdrag ontvang om Heidelberg teen 31 Augustus te verlaat.[93]

Alhoewel die Heidelbergse militêre owerhede aan die begin van 1901 ten volle in beheer van Heidelberg en die distrik gestaan het, het die Boere hulle teen April verplig om hulle houvas op die burgerlike bevolking te verstewig. Die aktiewe Boerekommando's langs die Natalse spoorlyn het informante op verskeie dorpe gehad wat hulle gereeld van belangrike Britse militêre inligting voorsien het. So 'n spioenasienetwerk het ook op Heidelberg bestaan totdat dit die Britse militêre owerhede geluk het om dit toevallig oop te krap. 'n Swart bode het 'n boodskap

---

[92] TAB, Heidelbergargief, LHB, Criminal Records Heidelberg, 1/1/1.

[93] *Ibid*., telegram District Commissioner Heidelberg to Political Secretary, 11.08.1900; telegram Distict Commissioner J. Vallentin to Mr. Samuel Nathanson Heidelberg, 23.08.1900; TAB, PSY 57, diary J.M. Vallentin, 23.08.1900, p. 154.

van die samesweerders ontvang om aan die naaste Boerekommandant te oorhandig. In plaas daarvan het hy dit aan die Britse polisie op die dorp oorhandig. Die ondersoeke wat gevolg het, het getoon dat vyf persone, waaronder die stasiemeester, gewoonlik inligting versamel het, indrukke uitgeruil en hulle waarnemings daarna aan die kommando's deurgestuur het. Verdere ondersoeke het dokumente met volle besonderhede oor Britse verskansings wat ter wille van die verdediging van die dorp opgerig is, die garnisoen en die aard van die buiteposte aan die lig gebring. Hierdie vyf persone is gearresteer, alhoewel die vermoede bestaan het dat daar ook ander, nie-geïdentifiseerde samesweerders was. Die Engelssprekendes op Heidelberg, of die "Uitlanders" soos H.W. Wilson hulle beskryf, was goed met die Boere bekend. Hierdie groep het die militêre owerhede sedert hulle aankoms op die dorp gewaarsku teen die gevaar van "employing burghers in any position of trust, but their warnings had been disregarded."[94]

Die Britse militêre owerhede het binne 'n kort tydjie beheer oor die Heidelbergse burgerlike bevolking verkry. Volgens *The Heidelberg News* wat na twee jaar se stilswye weer op 1 November 1901 verskyn het, was daar onder die inwoners "general satisfaction with the methods now in vogue."[95]

[94] H.W Wilson, *After Pretoria: the guerrilla war, IV*, pp. 467-468.

[95] *The Heidelberg News*, "The New Order", 01.11.1901.

# HOOFSTUK 2

## DIE BRITSE VERSKROEIDE AARDEBELEID EN ONTSTAAN VAN DIE BLANKE KONSENTRASIEKAMP OP HEIDELBERG

*The Heidelberg News* het na twee jaar se swye op 1 November 1901 oor dié dorp soos volg berig: “Much as one hears of damaged properties and ruined homesteads, it is a comfort to us in Heidelberg that we have none such in view.” Ten spyte daarvan dat daar weinig veranderings op die dorp plaasgevind het, het die oprigting van die konsentrasiekamp die landskap verander, “by the appearance of white tents against the background of mimosas and other bush in the kloof, by the square outline of forts and blockhouses here and there on the skyline and by the existing of sundry temporary suburbs to the town of Heidelberg ...”[1]

Alhoewel Heidelberg en sy onmiddellike omgewing die verwoesting volgens genoemde koerant grootliks vrygespring het, het talle plase in die distrik onder die optrede van Britse soldate deurgeloop. Om die afbrand van Boereplase deur Britse troepe sedert Junie 1900 en die gevolglike ontstaan van konsentrasiekampe, of “burgher camps”, soos dit by die Afrikaner en Britse militêre owerhede onderskeidelik bekend gestaan het, in die regte konteks te plaas, moet die bepalings van artikels 44 tot 47 van die Haagse Konvensie van Julie 1899 eers kortliks gestel word.

Die ZAR het geen uitnodiging ontvang om die Haagse Vredes- of Ontwapeningskonferensie in Julie 1899 in Den Haag, Nederland, by te woon nie. Hiervoor moet die Britse regering, wat hardnekkig teen ‘n Transvaalse verteenwoordiging op so ‘n konferensie kapsie gemaak het, die blaam dra. Die Konvensie se besluite ten opsigte van die nie-vegtende burgerlike bevolking in ‘n oorlogsituasie is aan die einde van die kongres deur al die verteenwoordigers

[1] *The Heidelberg News*, “Notes and News”, 01.11.1901.

onderteken. Artikel 44 plaas ‘n verbod op die oorreding van die burgers van ‘n besette gebied tot militêre optrede teen hul eie land. Artikel 45 verbied uitdruklik eedaflegging deur die burgerlike bevolking aan die besetter. Die bepalings van die daaropvolgende twee artikels is ‘n logiese uitvloeisel van die voorafgaande twee. In artikel 46 is bepaal dat die besetter die “familie-eer en -regte, lewens en besittings, asook godsdienstige oortuigings en vryheid” van die nie-vegtendes moes eerbiedig. Daarby was die verbeurdverklaring van private eiendom ook verbode. Artikel 47 het daarop uitgebrei deur plundering pertinent te verbied.[2]

Brittanje het die bepalings van die Haagse Konvensie na afloop van die konferensie onderteken. ‘n Logiese vraag wat hieruit voortvloei, was of dié Konvensie op die komende oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke betrekking sou hê, aangesien beide Republieke die status van “nie-kontrakterende partye” beklee het.[3] In 'n neutedop kom die antwoord daarop neer dat Brittanje, gebind aan sy ondertekening van die Konvensie, nie die twee “nie-kontrakterende partye” kon verhinder om hulle in die geval van oortredings op die oorlogsterrein op die Konvensie te beroep nie.[4]

Ten spyte van die Haagse Konvensie se bepalings ten opsigte van ‘n besetter se optrede teenoor die nie-vegtende bevolking, het die Britse militêre owerhede tog tot die oprigting van konsentrasiekampe in Suid-Afrika oorgegaan. ‘n Aanleidende oorsaak was brandstigting en die vernieling van Boereplase wat sedert Junie 1900 kenmerkend van die Britse militêre optrede in Suid-Afrika was.

---

[2] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, pp. 13.1-13.5; Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. ix-x.

[3] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”,* p. 14.

[4] *Ibid*., p. 15; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, p. 13:5.

Aanvanklik het lord F.S. Roberts, bevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika, met sy proklamasie van Februarie 1900 hierdie soort van optrede afgekeur en hom dit ten doel gestel om die vegtende burgers eerder deur oorreding tot wapenneerlegging te beweeg. In die tydperk tussen die inname van die Republikeinse hoofstede, Bloemfontein en Pretoria (13 Maart en 5 Junie 1900), het die Britse troepe met die afbranding en plundering van plaasopstalle voortgegaan. Alhoewel Roberts se bevele dit verbied het, wil dit blyk of hy tog hierdie gebeure goedgekeur het.[5]

Roberts het aanvanklik volgens die voorskrifte van die Haagse Konvensie gehandel deur die verwoesting van eiendom te beperk tot wat “spesifiek vereis word deur die noodsake van oorlog.” Toe dit blyk dat Boereskerpskutters hulle aan die vuur op Britse troepe vanuit plaashuise waar ‘n wit vlag gehys was, skuldig gemaak het, het hy die vernietiging van plaasopstalle gelas. Hierna het Roberts eers toestemming tot die afbrand van plaashuise in sulke gevalle verleen. Die offisiere in die veld het op ‘n taamlike onoordeelkundige wyse hieraan uitvoering gegee.[6]

Of die belange van die nie-vegtendes aanvanklik by die militêre owerhede enige gewig gedra het, is uit die volgende gebeure te betwyfel. Die Transvaalse burgers, met inbegrip van die Heidelbergers, het tydens hulle terugkeer deur die Oranje-Vrystaat die spoorverbindings en telegraafdrade sover moontlik verwoes in 'n poging om die noordwaartse vordering van die Britse magte te vertraag. Om hierdie werk van die Boere te beëindig, het lord Roberts op 19 Junie 1900 ‘n proklamasie uitgevaardig insake die vernieling van spoorlyne, spoorwegbrûe, telegraafdrade en openbare geboue in die Oranje-Vrystaat (Roberts het dit na aanleiding van sy anneksasie-proklamasie van 28 Mei 1900 die Orange River

[5] Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, “Die lot van die Boerevroue en –kinders”. pp. 37-38.

[6] *Ibid*., pp. 38-39.

Colony genoem) en die deel van die ZAR wat op dié tydstip voorlopig in die sfeer van die Britse militêre operasies geval het. Hierin was die straf vervat wat op oortreders van hierdie proklamasie betrekking het, naamlik dat "houses and farms in the vicinity of the place where the damage is done will be destroyed, and the residents in the neighbourhood dealt with under Martial Law."[7] Roberts het hierdie straf op 2 September verder in 'n skrywe aan genl. Louis Botha, kommandant-generaal van die Transvaalse magte, omskryf. Voortaan sou Britse troepe die plaas naaste aan 'n verwoeste spoorlyn of trein afbrand en alle plase in 'n omtrek van 16 kilometer sou "[be] completely cleared of all their stock, supplies, et cetera."[8] Dit het in werklikheid daarop neergekom dat 'n gebied van 550,6 vierkante kilometer (342 vierkante myl) na elke aanval op die Britse kommunikasielyne gestroop sou word.[9] Roberts het met genoemde proklamasies veroorsaak dat sowel die vegtende as nie-vegtende burgers se eiendomme die teiken van ongekende Britse verwoesting geword het. Die Britse bevelvoerders was onder die indruk dat Roberts amptelik aan hulle toestemming verleen het om die afbranding en verwoesting van plase voort te sit. Talle plaashuise in gebiede waar daar geen aanvalle op die Britse kommunikasielyne plaasgevind het nie, het spoedig ook in vlamme opgegaan.[10]

Kommandant S.B. Buys van die Heidelbergkommando se plaas Leeuwspruit, in die Heidelbergdistrik, was een van die eerstes wat onder die verwoesting van die Britse troepe deurgeloop het. Uit 'n brief van brig.genl. R.G. Broadwood aan Buys op 28 Junie 1900 spreek dit duidelik dat die verwoesting van sy eiendom te

---

[7] TAB, Leydsargief 1043, Britse Blouboeke, Proklamasie no. 6 van 1900, uitgereik te Pretoria, 19.06.1900.

[8] TAB, Leydsargief 1044, Britse Blouboeke, Cd 582, brief lord Roberts aan kmdt.genl. Louis Botha, 02.09.1900, no. 18, p. 11.

[9] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 114-115.

[10] Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide Aarde*, "Die lot van die Boerevroue en –kinders", p. 39.

wyte sal wees aan sy weiering om die wapen neer te lê. Broadwood het dit soos volg bewoord: "The main body of General Hunter's army will soon be passing your farm. If you are away from home, your farm may be damaged, but if you are present and hand in your arms under Lord Roberts' proclamation your property will be respected. I advise you to take this course instead of continuing a brave but useless resistance."[11]

Buys was nie van plan om aan Broadwood se dreigement gehoor te gee nie. Gevolglik was hy nie met die aankoms van die Britse troepe op sy plaas teenwoordig nie en hulle het slegs die vroue daar aangetref. Mev. Buys het verklaar dat die Britte haar slegs vyf minute toegelaat het om haar klere en beddegoed uit die huis te verwyder. Hieraan het sy gehoor gegee, maar alles wat sy uit die huis gedra het, met inbegrip van haar voedselvoorrade en suiker, het die Britte weggeneem. Dit het tot gevolg gehad dat sy die volgende aand vir haar kinders "geen voedsel of deksel had te dekken of te voeden." Die troepe het alles op die werf en in die veld verwyder. Selfs die gesangeboek en twee kandelare wat sy uit huis geneem het, is van haar weggeneem. Ook haar seun se huis het die optrede van die troepe nie vrygespring nie. Deure en vensters is stukkend geslaan, die boeke in die kantoor en alle papiere is verbrand. Haar smeking om "een kist uit te halen", is met 'n dreigement beantwoord "om het huis op my in brand te steken." Nie tevrede met die skade wat hulle reeds aangerig het nie, het die plunderaars die "brandkluist" se sleutel gevra. Terselfdertyd het hulle die

---

[11] J.C. Otto, *Die Konsentrasiekampe*, p. 17. Otto se datum en dié van die beëdigde verklaring van mev. Buys oor die verwoesting op Buys se plaas verskil. Volgens die verklaring en Botha se skrywe aan lord Roberts op 4 Julie 1900 het die verwoesting op 20 en nie op 30 Junie nie geskied nie. Mev. Buys het haar verklaring oor die gebeure van 20 Junie op 30 Junie voor vk. W. Pretorius afgelê. In die lig hiervan stem die datum van Broadwood se skrywe nie ooreen met die gebeure nie. Buys se eiendomme is reeds op 20 Junie 1900, drie dae voor die besetting van Heidelberg van 23 Junie, verwoes.

oorhandiging van alle geld in die huis geëis deur van ‘n sabel gebruik te maak en mev. Buys met die dood te dreig. Buys eindig haar verklaring oor die Britse optrede soos volg: “De weinig geld heeft hij genomen, papieren en bewyzen zyn stuk gescheurd, rytuigen die zij niet konden weg voeren zijn alle vernield.”[12]

Buys se reaksie op hierdie optrede van die Britse soldate was allesbehalwe vleiend. Onomwonde het hy dit op 15 Augustus 1900 soos volg aan die Kommandant-generaal gestel: “Ik hat altyd gedach dat wij met een zeer beschaafde natie te doen had maar nu heb ik wel gevonden dat het zoo niet is.” Sy verslag oor die gebeure stem grootliks met sy vrou se verklaring ooreen, maar tog is daar ‘n paar punte van verskil. Volgens Buys het sy vrou ‘n brief van die Britte ontvang waarin sy “my moest laat weten dat ik en my zoon van het Commando moest afkomen en my wapens moest afleggen, en als ik en my zoon dat niet deed dan zouden zy my huis verbranden en verder alles vernielen ...” Buys beweer ook dat nie sy vrou nie, maar sy dogter met ‘n sabel gedreig is. Ten spyte van die twee verskille voeg Buys feite by die verklaring wat ‘n beter geheelbeeld van dié gebeure skep. Vir Buys was dit ironies dat die vernietiging van ‘n vergroting van sy portret, wat sy vrou ten alle koste wou red, met ‘n vloekery moes gepaardgaan net omdat die vyand hulle nie op hom kon wreek nie. Dit het hom gegrief dat selfs die Bybel wat sy vrou uit die brandende huis gered het, deur die vyand afgeneem en in die vuur gegooi is. Laastens meld hy die vernieling op sy plaas wat skade van ongeveer £9 000 sterling beloop het. Dit het lewende hawe, rytuie, omheiningsdrade en ander geboue op sy plaas ingesluit.[13]

---

[12] TAB, Leydsargief 728(2), oorlogstelegramme, telegram veggenl. P.R. Viljoen Bethal aan president Kruger waarin verklaring van mev. Buys opgeneem is, 02.07.1900.

[13] TAB, Leydsargief 759, oorlogsargief, genl. Louis Botha ingekome stukke afkomstig van Jonkheer Sandberg Maart-September 1900, brief kmdt. S.B. Buys Heidelbergkommando aan kommandant-generaal Louis Botha, 15.08.1900.

In dieselfde tydperk het die Britse troepe ook op die plaas van volksraadslid H.P.F. Jansen van Rensburg geboue afgebrand. Roberts het aan genl.maj. A.F. Hart opdrag gegee om alle store, voer, ensovoorts, wat hy op dié plaas kon vind, sonder vergoeding vir gebruik deur die Britse troepe in besit te neem.[14] Berigte van die verwoesting wat die Britse troepe op hierdie twee se plase aangerig het, het die burgers in die veld gou bereik. Hiervan het die telegram van veggenl. P.R. Viljoen op 1 Julie 1900 aan die kommandant-generaal getuig.[15]

Drie dae later, op 4 Julie, het kommandant-generaal Botha die optrede van die Britse troepe op Buys se plaas asook die vernietiging van die geboue op sy eie plaas, Varkenspruit, in die Standertonse distrik, onder Roberts se aandag gebring.[16] Sir Redvers Buller, bevelvoerder van die Natalse magte, het op navraag van Roberts oor hierdie aangeleentheid op die 24 Julie ontken dat hy enige kennis van die gebeure op Buys se plaas gedra het.[17]

Uit die skrywe van lt.kol. Arthur Colville op 29 November blyk dit dat die Britte steeds die oorgawe van Buys en sy burgers ten sterkste begeer het. Die Britse troepe het ‘n aantal gesinne uit die Heidelbergdistrik verwyder. Buys se pogings om daardie gesinne te laat terugkeer, is deur Colville in die wiele gery toe hy

[14] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 142.

[15] TAB, Leydsargief 728(1), 01.07.1900, telegram veggenl. P.R. Viljoen aan Regering Machadodorp, 01.07.1900.

[16] TAB, Britse Blouboeke, Cd 582, brief kommandant-generaal Louis Botha aan lord Roberts Pretoria, 04.07.1900, no. 9, p. 6.

[17] *Ibid*., verslag sir R. Buller, bevelvoerder van die Natalse magte, aan lord Roberts, 24.07.1900, no. 14, p. 8.

hom in kennis gestel het dat dit slegs kon geskied as hy en sy volgelinge die wapens sou neerlê.[18]

Hierdie antwoord, tesame met die enorme skade wat hy tot dusver deur Britse toedoen in die oorlog gely het, het Buys in Desember 1900 daartoe beweeg om sy misnoeë oor die onbeskaafde optrede van Haar Majesteit se troepe in Suid-Afrika in ‘n brief aan die bevelvoerende offisier van die Britse troepe te Vlakfontein te kenne te gegee: “It appears to me that the British troops are not carrying on war against commandoes, but against innocent women and children, also against dead portraits and houses. If that is civilization in Europe, I do not know what they call civilization there; with us in Africa civilization is totally otherwise. I have heard from many Europeans of their civilization, and have always believed them and still believe in it, but as is being done by your troops, to carry off innocent women and children, and to destroy houses and other dead goods, the greatest barbarian nation would not do it.”[19]

Uit die briefwisseling tussen Roberts en die kommandant-generaal aan die een kant en Buys se reaksie aan die ander kant, is dit duidelik dat Roberts hom nie aan die bepalings van die Haagse Konvensie gesteur het nie. Hy het sy troepe se optrede regverdig deur onder andere te verklaar dat sodanige optrede die enigste uitweg was wanneer Boeremagte plaashuise as basis vir aanvalle teen die spoorlyn gebruik, of as dekking vanwaar hulle op patrollies of klein groepies

---

[18] TAB, War Office, FK 1788, correspondence with Boer leaders, letter Lt Col Arthur Colville to Commandant S.B. Buys, 29.11.1900. p. 20.

[19] *Ibid*., letter Acting Commandant S.B. Buys, Heidelberg Commando, to Commanding Officer of Her Majesty’s Troops, Vlakfontein, 29.12.1900, p. 21.

kon vuur.[20] Hy het trouens op 27 Julie aan genl. J.P.D. French opdrag gegee om die land te “denude ... of all supplies.”[21]

French het die opdrag uitgevoer. ‘n Brief van ‘n onbekende skrywer uit Heidelberg oor die totale verwoesting van plase en die optrede van die Britse troepe onder French se bevel in die distrik, het op 16 Desember 1900 in die *Nieuwe Rotterdamsche Courant* verskyn. Volgens die skrywer het French vyf kanonne op ‘n plaashuis in die distrik gerig waarin ‘n aantal gesinne geskuil het. Toe ‘n soldaat hom op die aanwesigheid van vroue en kinders in die huis attent gemaak het, sou hy al vloekende geantwoord het: “I don’t care, shoot the beggars. Africanerdom must be swept from the earth.” Daarop het al vyf kanonne die huis stukkend geskiet en die vroue en kinders daaruit verdryf. Sonder om hom enigsins te vergewis van die toestand waarin die slagoffers verkeer het, het French die vroue en kinders aan hulle eie genade oorgelaat en die verwoesting van plase in die distrik voortgesit.[22] Of hierdie beweringe van die briefskrywer enige waarheid bevat, is egter te betwyfel, aangesien geen dokumente ter bevestiging daarvan opgespoor kon word nie.

Alhoewel die gesin van vk. W.F. Pretorius op die plaas Rietfontein eers ‘n jaar later die Britse aanslae ervaar het, is dit tog belangrik om kortliks daarop te let hoe die intensiteit van Britse troepe se aanslag op die Boereplase verskerp het. Volgens Pretorius het ‘n Britse troepemag die plaashuis op 24 Junie 1901 gebombardeer terwyl sy vrou en kinders in die huis geskuil het. Dit is ‘n wonder dat niemand gesneuwel het nie. Slegs ‘n hond wat by die kinders veiligheid

---

[20] TAB, British Bluebooks, Cd 582, letter Lord Roberts to Commandant-general Louis Botha, 05.08.1900, no.13, p. 8.

[21] Aangehaal in S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 142. Outeur verwys na *Telegrams and Letters … Roberts, III*, p. 100, telegram C3029.

[22] TAB, Leydsargief, oorlogsargief, kopieë oorlogsberigte, brief in *Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 16.12.1900.

gesoek het, is doodgeskiet. Twee dae later het die Britte weer hulle verskyning op die plaas gemaak en aan mev. Pretorius opdrag gegee om die huis binne tien minute te ontruim. Nog voordat die tien minute verstryk het, het die Britte die huis aan die brand gesteek. In die huis het 'n swaar gewonde man, ene J. Joubert, gelê. Die Britte wat daar rondgestaan het, het aan haar versoek om hulp geen gehoor gegee nie, aangesien sy aan 'n vegtende burger huisvesting verskaf het. Gevolglik moes sy die gewonde self uit die huis verwyder om hom nie 'n vlammedood te laat sterf nie. Nadat die gesin vir ses dae in ysige winternagte dakloos, sonder enige besittings en met 'n swaar gewonde man moes voortbestaan, het die Britte op 2 Julie met 'n trollie verskyn en hulle na die konsentrasiekamp geneem.[23]

Net soos Buys, was Pretorius hoogs verontwaardig oor wat hy noem die barbaarse behandeling van sy gesin deur die Britte. In sy brief aan die Regering van die ZAR het hy die wens uitgespreek dat die bevelhebber van die Britse magte van sy troepe se onmenslike optrede sou kennis neem. Dit was vir hom onbegryplik dat die Britte, wat hulleself as 'n beskaafde nasie beskou het, hulle aan sulke "gruwel en barbaarsche" optrede kon skuldig maak. Volgens Pretorius sou selfs die heidene (hy verwys na die swartes) nie teenoor weerlose vroue sulke onmenslike dade gepleeg het nie. Hierdie gebeure op sy plaas het hy onder die aandag van die Regering gebring in die hoop "dat wanneer de tijd gekomen is, die Hoog Ede Regeering van deze en dergelijke onbarmhartige gebeurtenissen zal partij trekken."[24]

Dit is ironies dat die Britse militêre owerhede sonder enige ondersoek selfs die burgers wat die Eed van Neutraliteit afgelê het, onder hulle strafmaatreëls laat deurloop het. Hiervan getuig 'n opgeblaasde spoorlyn in die nag van 2 tot 3

---

[23] TAB, dr. G.S. Prellerversameling, 5/1, brief vk. W.F. Pretorius aan Regering van die ZAR, 26.07.1901, pp. 79-81.

[24] *Ibid*.

September 1900 in die omgewing van J.J.J. van Rensburg se plaas, Houtpoort, in die Heidelbergdistrik. Kort na die besetting van Heidelberg op 23 Junie het Van Rensburg die Eed van Neutraliteit afgelê, terwyl die militêre owerhede reeds van sy dienste gebruik gemaak het om ordonnansies aan die kommando's af te lewer. Bevrees vir die lot wat hom en sy gesin kon tref, het hy die oggend van 3 September dorp toe vertrek om die voorval te rapporteer. Met sy aankoms op die dorp is hy gearresteer, maar die volgende dag weer vrygelaat. Tuis het hy bevind dat die Britse troepe in sy afwesigheid sy huis afgebrand, sy vrou en kinders haweloos in die veld agtergelaat en sy voorrade weggevoer het. Hy is meegedeel dat die rede vir hierdie drastiese optrede was dat hy vergeet het om die Britse militêre owerhede van die vyand se teenwoordigheid in te lig.[25]

Die Britte het selfs hulle eie taalgroep sonder aansien des persoons oor dieselfde kam geskeer. In die Heidelbergdistrik het J. Jackson, 'n Engelssprekende burger van die ZAR, woonagtig op die plaas Vlakfontein, hom met die uitbreek van die oorlog van deelname daaraan weerhou. Kort na die besetting van Heidelberg in Junie 1900, het Jackson die Eed van Neutraliteit afgelê en hom sodoende die onmin van talle Heidelbergers op die hals gehaal. Hulle het selfs op 27 Augustus sy huis op soek na gevangenes omsingel wat waarskynlik nie vir militêre diens wou aanmeld nie. Hierdie optrede is herhaal, waarna Jackson genoodsaak was om militêre beskerming aan te vra. Weens 'n gebrek aan voldoende manskappe kon die militêre owerhede nie aan sy versoek voldoen nie en Jackson moes sy eie beskerming behartig. Daarna het die Britse owerhede hom om 'n onbekende rede vir 'n tydperk in die Johannesburgse fort opgesluit, waarna hy op parool vrygelaat is. Nogtans het die Britse troepe sy plaashuis aan die brand gesteek en al sy beeste weggeneem. Later het dit bekend geword dat kol. E.H. Dalgety,

[25] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 114.

bevelvoerder van die Colonial Division, die opdrag daarvoor gegee het, omdat Jackson huisvesting aan burgers sou verskaf het.[26]

Private Tucker, wat 'n geruime tyd tydens die oorlog in die Heidelbergdistrik gestasioneer was, het die wyse waarop die Britse verwoesting plaasgevind het, in sy dagboek opgeteken: "Arriving at the farms, the women and children were ordered out and after every man had taken any article he thought fit, the furniture was broken up and the houses and all the goods were set on fire. Some men were busy killing fowls, ducks, geese and pigs and getting anything that was useful. It was good sport, but hard for the women and children. After all had been destroyed we returned to the remainder of the Battalion and shared all the loot equally among the company." Afgesien van die "good sport", het Tucker en sy maats hulle ook as toeskouers in die afbrand van plase en die opblaas van plaashuise verlustig. Nie net die vegtende burgers se plase nie, maar ook die eiendomme van Engelssprekende burgers wat met die uitbreek van die oorlog oor die grens gesit is, het teikens vir die Britse optrede geword. Dié plaashuise en ander in die omgewing van Blesboklaagte het op 8 Desember 1900 deurgeloop toe die troepe die bevel ontvang het om te verwoes en "a good job of it, too" daarvan te maak.[27]

'n Amptelike Britse verslag oor die verwoesting van plase in die Heidelbergdistrik en Greylingstad tussen Junie 1900 en Januarie 1901 verstrek die volgende inligting:

---

[26] J Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, IV*, pp. 29:6-29:7.

[27] Pamela Todd en David Fordham (samestellers), *Private Tucker's Boer War Diary*, pp. 139, 150-151.

| **Distrik** | **Naam van plaas** | **Eienaar** | **Datum van verwoesting** | **Redes vir verwoesting** |
|---|---|---|---|---|
| Heidelberg | Roodepoort | Greyling | 16.11.1900 | Eienaar het weer die wapen opgeneem en op troepe vanuit sy huis gevuur. |
| Do. | Graskelk | Rietvlei Hotel | 16.11.1900 | Op troepe by verskeie geleenthede gevuur |
| Do. | Herpsfontein | Horn | 24.11.1900 | Huisves Boere. Knip van telegraafdrade. |
| Do | Rietfontein | L. van Eeden | 28.11.1900 | Beset deur Boere. Vuur op troepe. |
| Do. | Wilgefontein | P.J. Booysens | 25.11.1900 | Huisves Boere. |
| Do. | Boschfontein | P. du Toit | 06.12.1900 | Op troepe vanaf plaas gevuur. |
| Do. | Rietvlei | Onbekend | 06.12.1900 | Vernieling van spoorlyn op 09.11.1900 |
| Do. | Tamboekies-fontein | S. Marais | 07 12 1900 | Hou burgers wat oorgegee het in gevangeskap. |
| Do. | Leeuwspruit | C.J. Botha | 18.12.1900 | Vuur op troepe uit plaashuis. |
| Do. | Rietfontein | P. Venter | 13.12.1900 | Op troepe in omgewing gevuur. |
| Do. | Damplaats naby Koppiesfontein | G. Grobler | 13.12.1900 | Do. |
| Do. | Rietfontein | Onbekend | 09.11.1900 | Telegraaflyne geknip. |
| Do. | Naby Zuikerbosch | Marais | 03.12.1900 | Verstrek vals inligting. Beset deur gewapende burgers. |
| Greyling-stad | Drie plase | Onbekend | 14.02.1901 | Geen bewyse wie die plase afgebrand het nie.[28] |

Bogenoemde verslag is nie volledig nie, aangesien slegs die verwoesting van die laaste twee maande van 1900 en die eerste twee maande van 1901 daarin vermeld word. Uit Tucker se dagboek kan die afleiding gemaak word dat die verwoesting meer omvangryk was as wat die verslag wou aandui.

[28] TAB, British Bluebooks, Cd.524, "Return of buildings burnt in each month from June 1900 to January 1901", pp. 18-19.

Die bevelvoerders van die Republikeinse strydmagte het in Mei en weer in Julie 1900 teen hierdie verwoesting beswaar gemaak. Volgens Roberts, in antwoord op Botha se besware, het die oorlog in ‘n guerrillastryd ontaard. Gevolglik was hy genoodsaak om dit te beëindig “by those exceptional methods which civilized nations have at all times found it obligatory to use under like circumstances.”[29]

Die onvolledigheid van bogenoemde verslag oor die verwoesting wat gedurende Desember 1900 in die Heidelbergdistrik plaasgevind het, word deur die verslae van die Britse mobiele kolonne no. 23 onder kapt. S.C. Long aan die lig gebring. In hierdie tyd het ‘n groot aantal plase in die omgewing van Kafferskraal, Schoongezicht, Blesboklaagte, Witkleifontein en Modderfontein, asook die plase Vlakfontein en Rietvlei, die verwoesting nie vrygespring nie. Terselfdertyd is ‘n groot aantal perde, beeste, skape, bokke en sakke mielies buitgemaak. Op die plaas Modderfontein naby Zuikerboschrand het die Britse soldate ongeveer 800 sakke mielies vernietig. Die slagoffers se ellende is verder vererger toe ‘n aantal huisgesinne na die reeds bestaande “refugee camp” op Heidelberg gestuur is.[30]

Die optrede van die Britse troepe in Suid-Afrika is deur J.M. Vallentin, die Britse distrikskommissaris op Heidelberg, heftig gekritiseer.[31] Vallentin het sy

---

[29] Aangehaal in S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 132.

[30] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, IV*, pp. 30.30-30.31. Ploeger verwys na FK 1786, 17er 5363, dagboek, Desember 1900, Vogelstruisfontein, 31.12.1900.

[31] Kaptein John Maximilien Vallentin het sedert die besetting van Heidelberg as distrikskommissaris opgetree. Later is hy tot die rang van majoor bevorder. Vallentin self het sy voorletters as J.M. en sy van met twee l’e geteken. Sien foto van Vallentin se grafsteen in Ian Uys se werk *The Heidelbergers of the Boer War*, p. 250 waarop sy volle name verskyn. Die geskiedskrywer S.B. Spies gee

veroordeling van die algehele verwoesting in die Heidelbergdistrik, wat deur die optrede van 600 man, ‘n afdeling van die Brabant’s Horse onder bevel van kol. J.G. Maxwell aangerig is, soos volg in ‘n skrywe aan die militêre owerhede in Pretoria te kenne gegee: “... and I must say that their path in this district has been marked throughout by pillage and slaughter.” Hierdie groep het ‘n onderafdeling van ‘n groter mag van Johannesburg af onder kol. Bradley uitgemaak wat die Heidelbergdistrik uiters streng wou straf vir twee keer se beskadiging van die spoorlyn.[32]

Soos reeds genoem, het die Britse troepe die vroue en kinders aanvanklik na die vernietiging van Boereplase, nie net in die Heidelbergdistrik nie, maar ook in ander distrikte, aan hulle eie lot oorgelaat en hulle werk voortgesit. Ontneem van alle lewensmiddele en besittings het die vroue en kinders op naburige plase, in swart krale, in die berge en in toenemende getalle by vriende op die dorpe skuiling gesoek. Hulle getalle het teen die helfte van Julie 1900 so toegeneem dat die Britse militêre owerhede spoedig ‘n oplossing vir hierdie probleem moes vind.[33]

Aanvanklik het die Britte die versorging van Boeregesinne wie se hoofde op die slagveld was, voortgesit. In Junie 1900 het toestande as gevolg van die sorgwekkende posisie van die voorrade en die gereelde ontwrigting van spoorverkeer vererger. In die lig daarvan het die Militêre Goewerneur in Johannesburg, kol. C. Mackenzie, wat nie met die versorging van Boeregesinne saamgestem het nie, op 18 Junie voorgestel dat hulle na Lydenburg gestuur word om daar deur hulle eie mense versorg te word. Daarteenoor het Roberts besluit om met die versorging van die Boeregesinne voort te gaan. Intussen het

---

in sy werk *Methods of Barbarism?*, sy voorletters verkeerdelik as J.H. aan. Otto skryf Vallentin se voorletters en van deurgaans korrek behalwe op p. 165.

[32] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 29.

[33] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. 32-33.

Mackenzie se voorstelle tog by Roberts ingang gevind. Op 19 Julie het hy die verantwoordelikheid vir die vroue en kinders se welstand na die kommando's oorgeplaas en Botha is hiervan die volgende dag in kennis gestel. Honderde is van Pretoria af per spoor na die kommando's naby Van der Merwe-stasie langs die Pretoria-Middelburg-spoorlyn gestuur. Alles dui daarop dat hierdie optrede Roberts se besluit was en dat die Britse regering eers na die wegstuur van die vroue en kinders van hierdie maatreël verneem het.[34]

Ten spyte daarvan dat Roberts se besluit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is selfs Heidelberg by die wegstuur van vroue en kinders betrek. Vallentin het op 2 Augustus 1900 die uitdeel van voorrade gestaak en opdrag van Buller ontvang om alle verarmde families van die burgers te velde na die naaste kommando te stuur. Aangesien Vallentin dit 'n politieke kwessie geag het, het hy eers met die Politieke Sekretaris in Pretoria oorleg gepleeg. Die Politieke Sekretaris het Vallentin op 3 Augustus verseker dat dit in ooreenstemming met Roberts se besluit was en dat hy daaraan uitvoering moes gee.[35] Hierdie opdrag was op hierdie tydstip nie prakties uitvoerbaar nie, aangesien daar geen kommando in die omgewing bedrywig was nie. Vallentin het op 7 Augustus instruksies uitgereik dat slegs sekere vroue, kinders ingesluit, op 10 Augustus na die naaste kommando gestuur sou word. Ten spyte van die vroue se "gesanik" op 8 Augustus, het Vallentin voortgegaan met reëlings om 'n groep van sestien vroue en 77 kinders aan die kommandant van 'n kommando naby Nigel te oorhandig. 'n Brief is ook aan die bevelvoerder van dié kommando gerig om die tyd en plek hiervoor sowat nege kilometer vanaf Nigel te reël.[36]

Toe Vallentin op 11 Augustus 1900 nog geen antwoord op sy skrywe ontvang het nie, het hy aan die Politieke Sekretaris voorgestel dat die vroue en kinders per

---

[34] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 136-139.

[35] *Ibid*., p. 140; TAB, PSY 57, dagboek J.M. Vallentin, 02-03.08.1900, p.145.

[36] TAB, PSY 57, dagboek J.M. Vallentin, 07-08.08.1900, p.147.

trein na Delagoabaai vervoer moes word. Vallentin se voorstel is deur die owerhede in Pretoria afgekeur.[37] Sy vrugtelose pogings om aan Roberts se beleid uitvoering te gee, het vir Vallentin in ontnugtering geëindig toe hy op 16 Augustus in sy dagboek aangeteken het dat die "Dutch people are laughing at me for not being able to send the families away."[38]

Roberts se poging om die Boere op daardie manier tot oorgawe te dwing, het spoedig geblyk onuitvoerbaar te wees. Dit het het daartoe gelei dat die Britse soldate sy opdragte ten opsigte van die afbrand van plase en skoonmaak van die land met nog meer toewyding uitgevoer het. Roberts se laaste drie maande as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika sou deur sy hantering van vroue en kinders en die hulpbehoewendes in ander Britsbeheerde gebiede gekenmerk wees. Daarby moes hy beskerming voorsien aan die toenemende getalle burgerlikes, meesal Boere, "who were being rendered destitute by Roberts's draconic scorched-earth tactics."[39]

Talle oorlogsmoeë burgers het in Junie 1900 na die dorpe begin stroom om vrywillig aan die Britse militêre owerhede oor te gee en terselfdertyd die Eed van Neutraliteit af te lê. Te midde van die verwoesting het talle eedafleggers teen Augustus 1900 met hulle gesinne en vee na die Britsbeheerde dorpe gestroom op soek na beskerming en vrystelling van verbanning of krygsgevangenskap. Die owerhede was verplig om vir hierdie mense, voortaan as "refugees" bekend, voorsiening te maak. Op 22 September 1900 het genl.maj. J.G. Maxwell, militêre goewerneur in Pretoria, 'n proklamasie vir die instelling van "refugee camps" uitgevaardig.[40] Amptelik sou hierdie kampe aan die burgers wat vrywillig wapens

---

[37] *Ibid*., 11.08.1901, p. 148; S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 140-141.

[38] TAB, PSY 57, dagboek J.M. Vallentin, 16.08.1900, p. 151.

[39] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 153.

[40] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. 33-34.

neergelê het, en by implikasie ook hulle gesinne, huisvesting bied.[41] Hier sou die Britse militêre owerhede hulle teen moontlike vergelding deur die burgers in die veld beskerm.[42]

Op Heidelberg het Vallentin reeds voor die totstandkoming van die “refugee camps” die inisiatief gehad om ‘n “laager” vir die eedafleggers op te rig. Hierdie gedagte het hy op 30 Julie 1900 met die Political Secretary in Johannesburg bespreek. Op 3 Augustus het Vallentin ‘n bevel uitgevaardig dat die eedafleggers wat tussen die Suikerbosch- en Vaalrivier gewoon het, op 6 Augustus naby die Perseverance-myn te Elandsfontein in die Heidelbergdistrik moes byeenkom. Die eedafleggers het nie aan die bevel gehoor gegee nie en Vallentin moes drie dae later erken dat sy poging om ‘n “laager” vir die eedafleggers daar te stel, misluk het. As rede hiervoor het hy aangevoer: “The Boers would not come to it unless they were actually protected by troops.”[43]

Kort daarna het dit geblyk dat Vallentin se gedagte wel lewensvatbaar was. Eedafleggers het na verskeie dorpe gestroom, waar “refugee camps” ontstaan het om vir hulle as toevlugsoorde te dien. In ‘n brief aan Maxwell in Pretoria het Vallentin gemeld dat mense reeds teen Oktober 1900 vir beskerming op Heidelberg byeengekom het. Dié datum kan dus as die stigtingsdatum vir die “refugee camp” op die dorp aanvaar word. Vallentin het die kamp hier in moeilike omstandighede bestuur, omdat die Voorsieningsdepartement (Supply Department) hom in die uitvoering van sy taak gedwarsboom het. Voorrade is nie betyds afgelewer nie en gevolglik moes hy self voedsel vir die hongerlydendes

---

[41] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 162.

[42] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, V*, p. 41:9.

[43] TAB, PSY 57, diary J.M. Vallentin, 30-31.07, 03.08, 06.08, 09.08.1900, pp. 144-145, 147-148.

insamel. Sy taak is verder bemoeilik deurdat die eedafleggers nie almal in een kamp saamgetrek het nie, maar verspreid gewoon het.[44]

Johanna van Warmelo, dogter van ds. N.J. van Warmelo van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) op Heidelberg, wat haar jeugjare op die dorp deurgebring het, het die vrywilligers wat die wapens neergelê het, in drie groepe verdeel. Eerstens die "goeies", wat onder die indruk verkeer het dat hulle hul plig nagekom het deur oor te gee. Berouvol oor hulle optrede het hulle daarna deurentyd lojaal aan land en volk gebly. Tweedens, die onverskilliges, wat na maande van ontbering en vermoeienis op die gevegsfront as oorlogsmoeë burgers geen belangstelling meer in die oorlogspoging getoon het nie. Al wat hierdie burgers wou hê, was vrede. Gevolglik het hulle nie ‘n snars omgegee wie die oorlog wen nie. Derdens, die avonturiers by wie vaderlandsliefde geen saak gemaak het nie. Hulle was hoofsaaklik op soek na avontuur, al was dit in die vorm van roof en plundering. Wanneer daar nie meer geleentheid daarvoor was nie, het hulle vrywillig die wapens neergelê en die Eed van Neutraliteit onderteken.[45]

Hierdie kampe was in die ware sin van die woord “refugee camps”. As hulle uitsluitlik vir die doel waarvoor hulle opgerig is, gebruik is, “sou hulle klein en weinig in getal gebly het”. Die aanvanklike stand van sake het egter vinnig verander toe vegtende burgers se gesinne gevange geneem en in dieselfde kampe geplaas is. Dit het onmiddellik ‘n kloof tussen die twee groepe, naamlik die “groot massa”, bekend as die patriotte of die “undesirables” (ongewenstes), en die “refugees”, veroorsaak.[46] Vir alle praktiese doeleindes het die “refugee

---

[44] TAB, MGP 207, no. C85/01, letter J.M. Vallentin District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 11.02.1901, pp.120-121.

[45] *Ibid.*, deel 2, p. 15.18. J. Ploeger verwys na Johanna Brandt, *Het konsentratie-kamp te Iréne*, p. 8.

[46] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 34.

camps" met die aankoms van die gesinne opgehou bestaan. Voortaan sou hierdie kampe dien as konsentrasiepunte waarheen Boeregesinne vanaf die verwoeste plase deur die militêre owerhede gebring is. Die woord "konsentrasiekamp", wat voortaan die kampe beskryf het, was in werklikheid volgens S.B. Spies "a more apt appellation."[47] Uiteindelik het slegs die kamp by Meintjeskop, wat in 1902 ontstaan en die "families of those burghers who are serving as scouts" gehuisves het, die eienskappe van 'n "refugee camp" gehad.[48]

Roberts se pogings om die burgers te oorreed om die oorlog te beëindig, het nie geslaag nie. Hy het voortgegaan om sy strategie uit te brei deur beperkings op die vryheid van beweging van verskillende groepe landsburgers te plaas. Verset op plaaslike vlak het hy in die kiem gesmoor deur oortreders na die "Boer refugee camps" of "camps for refugees and undesirables" in Pietermaritzburg, wat in Augustus 1900 ontstaan het, te stuur.[49] Net soos die burgers op die plase, het die dorpenaars, alhoewel in 'n mindere mate, ook nie die vernieling van hulle wonings vrygespring nie.

'n Paar vooraanstaande inwoners van Heidelberg het spoedig die gevolge van hierdie maatreël ervaar toe die Britse militêre owerhede hulle as "ongewenste elemente" uit die dorp na die "camp for refugees and undesirables" in Pietermaritzburg verskuif het. Onder hulle was mev. I. Kriegler, weduwee van kmdt. J.C. Kriegler, mev. Cassie O'Reilly, eggenote van dr. James O'Reilly, en mev. Anna Jooste, moeder van Gertjie, wat hom in gereelde briewe van die oorlogstoestande op Heidelberg op hoogte gehou het. Hierdie vroue en hulle

---

[47] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 163.

[48] TAB, British Bluebooks, Cd 935, minute Military Governor Pretoria to High Commissioner Johannesburg, 02.01.1902, p. 12; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 60.

[49] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, p. 15.1.

gesinne is per trein na Pietermaritzburg gestuur vanweë hul uitgesprokenheid oor die Britse owerhede se optrede op Heidelberg en die vroue se weiering om hulle mans te oorreed om aan die Britse militêre owerhede oor te gee. Uit die memoires van Kriegler, die brief van Cassie O'Reilly en Jooste se briewe sal die redes vir die Britse optrede in die volgende paragrawe ondersoek word.

In haar memoires oor die oorlog vertel Kriegler dat sy saam met ds. en mevrou A.J. Louw en ander Heidelbergers weens die voedseltekort 'n kommissie gevorm het om fondse en goedere vir die lewensonderhoud van hulle dorpsbewoners in te samel. Die militêre owerhede se weiering om gesinne waarvan die mans en seuns geveg het, toe te laat om voedsel by die soldatewinkels of "dry canteens" te koop, het tot die stigting van dié kommissie gelei. Diegene wat nie mans of seuns op die slagveld gehad het nie, is toegelaat om by hierdie winkels te koop. Vleis was egter moeilik verkrygbaar. Tog het die kommissie voldoende voorrade en geld gehad om die verhongerde gesinne op Heidelberg daagliks van voedsel te voorsien. In hierdie stadium het 'n Britse soldaat Kriegler vrywillig met die insameling van voedselvoorrade gehelp. Die enigste voorwaarde was dat sy dit "net moest stil houden." Met distrikskommissaris Vallentin het sy baie goed oor die weg gekom, maar haar verhouding met brig.genl. C.D. Cooper was hoegenaamd nie hartlik nie. Die inligting wat sy oor die Boeremagte se bedrywighede bekom het, het hom glad nie aangestaan nie. Sy noem dat, wanneer hy wou weet waar sy haar inligting bekom het, sy hom "vertelde natuurlik maar net wat ik wou kwijt zijn." Wanneer sy hom besoek het, het hy en 'n paar van sy ondergeskiktes gewoonlik voor 'n oop venster gesit. Sy moes dan buite voor die venster stelling inneem as hy met haar wou praat. Toe hy tydens so 'n besoek daarop gehamer het dat die Boere nie meer kos gehad het nie en die oorlog so spoedig moontlik beëindig moes word, het sy blitsig geantwoord: "Maar wat dan van de trein met provisie, die ze een paar dagen geleden genomen hebben?" Daarop het hy woedend gereageer: "Ik wil weten, waar je aan dat nieuws komt. Voor ik iets hoor, weten jullie het al en daar moet een stop aan komen, strenger maatregelen zullen genomen moeten worden". Hierna het

sy geweet dat die militêre owerhede op Heidelberg planne beraam om haar weg te stuur. Die planne om haar ongewenste teenwoordigheid op Heidelberg te beëindig, is dan ook kort daarna uitgevoer toe al die lede van die Krieglergesin per trein na die kamp in Pietermaritzburg gestuur is.[50]

As Engelssprekende het mev. O'Reilly die Britse teenwoordigheid na die besetting van Heidelberg met ope arms verwelkom. Sy het uit haar pad gegaan om vir die Britse offisiere by hulle aan huis 'n aangename atmosfeer tydens hulle verblyf op die dorp te skep, maar haar uitgesprokenheid oor die Britse optrede het veroorsaak dat haar aandele by die militêre owerhede gedaal het. Sy het die inhegtenisname en verbanning van haar eggenoot na Kaapstad in Oktober 1900 sterk veroordeel. Selfs die verbanning van mev. Susanna Viljoen, eggenote van veggenl. P.R. Viljoen, na Johannesburg het haar gegrief. Mev. Viljoen se dogter was ontsteld toe sy verneem dat haar ma, wat in die hospitaal met die verpleging van pasiënte gehelp het, onder begeleiding na Johannesburg moes vertrek. Toe mev. O'Reilly by genl. Cooper navraag doen oor waarom hy haar verpleegsters wegstuur, het hy soos volg geantwoord: "Well, you see, their mother isn't a lady. She said to Mr. Adam [police]: 'Damn the General, damn the Brigade General and damn you!'" Mev. O'Reilly, wat niks goeds oor Adam kon sê nie, het soos volg gereageer: "Therefore, on the word of Mr. Adam, a home was broken up!" Haar uitgesprokenheid het haar niks in die sak gebring nie. Geskok oor die bevel om op 18 Desember na die kamp in Pietermaritzburg te vertrek, het sy tot op die laaste vergeefse pogings aangewend om dit ter syde te stel. Cooper het botweg geweier deur te verklaar: "Oh! No, she should hold [her] tongue." Op die 18de het sy en haar gesin saam met die Krieglers na Natal vertrek waar hulle die res van die oorlog in die konsentrasiekamp deurgebring het.[51]

---

[50] TAB, W19, mev. P.H.S. van Zyl oorlogsherinneringe, memoires mev. I. Kriegler, pp. 12-13.

[51] TAB, A423, E. Joubert 1899-1901, brief Cassie O'Reilly aan Kate, 03.05.1901, pp. 25-26, 45, 49.

Afgesien van Cassie O'Reilly en Kriegler, wat geweier het om oor die Britse optrede op Heidelberg te swyg, het talle vroue op die dorp die militêre owerhede met hulle uitdagende houding gefrustreer. Volgens Anna Jooste het die militêre owerhede eindelik besef dat as hulle weier om voedselvoorrade uit te reik, sou hulle nie die vroue kon beweeg om hulle eggenote tot oorgawe te oorreed nie. Daarop het hulle die vroue onder druk geplaas om die oorgawe van hulle mans en seuns te bewerkstellig. In haar herinneringe vertel Anna Jooste hoe die Britte te werk gegaan het. Op 'n sekere dag (waarskynlik in Oktober 1900) sou 'n rytuig met die vrouens se briewe aan hulle mans, wat hulle onverseël moes ingee, onder 'n wit vlag na die kommando's vertrek. In die skrywe moes die vroue hulle swaarkry onder hulle mans se aandag bring om hulle sodoende tot oorgawe te beweeg. Die vroue wat wel geskryf het, het hulle briewe egter so bewoord dat nie een man daarop reageer het nie.[52] Soos te wagte, het die vroue hulle met dié reaksie die Britte se ergernis op die hals gehaal. Dit het die Britse militêre owerhede op Heidelberg net meer vasberade gemaak om met nuwe maatreëls die vroue se weerstand te breek.

Volgens Jooste se vertelling is 'n proklamasie uitgevaardig vir die konfiskering van alle burgers se goedere as hulle nie voor 'n sekere datum aan die militêre owerhede op Heidelberg oorgee nie. Geen burgers op die front het daaraan gehoor gegee nie. Die Britse owerhede het gevolglik nie 'n oomblik gehuiwer om hulle dreigement van konfiskering uit te voer nie. Waens met osse, elk vergesel van Britse soldate en 'n offisier, het by die wonings van burgers wat op kommando was, opgedaag. Sonder om te klop, het die soldate die wonings op 'n onbeskofte wyse binnegaan, gordyne afgeruk, tapyte van die vloer af geskeur en alles waarop hulle hul hande kon lê, soos tafels, stoele, beddens, beddegoed, ensovoorts, uit die wonings verwyder en na die stadsaal vervoer, waar dit

[52] P.H.S. van Zyl, "Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag*, 19.07.1946, p. 19.

Saterdae tydens openbare veilings van die hand gesit is. Teen November 1900 het die owerhede besef dat hierdie drastiese optrede geensins geslaag het nie en dat hulle ander metodes moes aanwend.[53]

Op 5 Desember 1900 het die militêre owerheid op Heidelberg met ‘n nuwe aanslag begin deur kennisgewings uit te stuur dat alle gesinne op die dorp wie se mans op die gevegsfront was, om agtuur op Vrydagoggend, 9 Desember 1900, op die Heidelbergse spoorwegstasie moes aanmeld om na Pietermaritzburg weggestuur te word. Anna Jooste beskryf die toneel wat haar en haar gesin dié oggend met hulle aankoms op die stasie begroet het met deernis. “Dit was treurig om so baie moeders met kindertjies saam met ‘n groot aantal jongmeisies en oumense te sien staan, met bondeltjies in die arms, radeloos, neerslagtig.” Dié keer is die mense nie in oop trokke, soos vroeër wel gedoen is, na die konsentrasiekamp in Pietermaritzburg weggevoer nie.[54]

In teenstelling met bogenoemde het Johanna Landsberg van Heidelberg en haar kinders die vernedering deurgemaak om van agtuur die oggend tot eenuur die middag in ‘n leë beestrok te wag voordat hulle per spoor na Pietermaritzburg vertrek het. Volgens Landsberg het haar weiering om haar eggenoot oor te haal om oor te gee dit veroorsaak.[55]

Die oorlogvoering het ‘n maand later met die vertrek van Roberts ‘n nuwe fase ingegaan, wat die lotgevalle van die burgers en hulle families op die plase, met inbegrip van die Heidelbergers, ten nouste sou beïnvloed. Waar Roberts se pogings om ‘n spoedige einde aan die oorlog te bewerkstellig, misluk het, het genl. H. H. Kitchener, wat op 29 November 1900 die leisels as opperbevelhebber

---

[53] *Ibid*., p. 19.

[54] *Ibid*.

[55] TAB, W19, mev. P.H.S. van Zyl oorlogsherinneringe, Johanna Landsberg, Heidelberg, p. 3.

van die Britse troepe in Suid-Afrika oorgeneem het, hom nog minder as sy voorganger aan die bepalings van die Haagse Konvensie gesteur. Om die guerrillastryd so gou moontlik te beëindig, het hy die "verskroeide aarde"-beleid waarmee Roberts begin het, meer intensief voortgesit.[56] Daar was twee redes vir Kitchener se drastiese oorlogsoptrede: eerstens was die veronderstelling die vinnige beëindiging van die guerrillaoorlog deur families na konsentrasiekampe te verskuif en die burgers só te oorreed om oor te gee, en tweedens, as 'n humanitêre maatreël om weerlose families op verlate plase nie aan hulle lot oor te laat nie. Volgens *The Times history* het hierdie oogmerke van Kitchener nie in hul onmiddellike doel geslaag nie. In plaas van 'n beweegrede vir oorgawe, het dit die burgers te velde bevoordeel. Vir die Britte was dit om twee redes rampspoedig: eerstens sou die verskuiwing en onderhouding van gesinne groot uitgawes meebring wat militêre operasies sou strem, en tweedens is die burgers van die verantwoordelikheid vir die versorging van hulle gesinne onthef en kon hulle sonder enige skuldgevoelens aandag aan oorlogvoering skenk.[57] *The Times history* se gevolgtrekking is hoofsaakik uit 'n Britse oogpunt gesien.

Kitchener se verklaring op 2 Augustus 1901 in die Britse Laerhuis dat die konsentrasiekampstelsel die enigste humanitêre alternatief was vir die vroue en kinders wat op die onherbergsame vlaktes rondgeswerf het, verdien volgens S.B. Spies kommentaar. Tydens Roberts se termyn het sy beleid van verwoesting talle gesinne vir maande sonder enige heenkome op die vlaktes gelaat. Daarby is talle gesinne nie vrywillig in die kampe opgeneem nie. In die Kitchenertydperk het die afbrand van plaashuise, die wegvoer van vroue en kinders onder dwang en die aandrang van Kitchener self om die wapenneerlêers (refugees) en die gesinne van die burgers te velde (ongewenstes) nie dieselfde te behandel nie,

---

[56] W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, II*, "Kitchener, Horatio Herbert", p. 375.

[57] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, V*, pp. 87-88.

bewys dat die konsentrasiekampe suiwer om militêre redes ontstaan het. Op dié wyse kon Kitchener die guerrillaoorlog beëindig.[58]

Die beëindiging van vyandelikhede sou voortaan by Kitchener voorkeur geniet en gevolglik het hy van die dienste van burgers wat oorgegee het, gebruik gemaak. In Desember 1900 het hy Milner se voorstel oor die vorming van komitees bestaande uit wapenneerlêers in verskeie distrikte uitgevoer. Dit sou die komitees se taak wees om die burgers van die hopeloosheid van hulle volgehoue weerstand te oortuig.[59] Nog ‘n funksie van die komitees sou die verskaffing van inligting oor wapenneerlegging, meer effektiewe beskerming en beter behandeling deur die militêre owerhede wees. Op 20 Desember 1900 het Kitchener sy beleidsrigting amptelik met ‘n proklamasie uitgestippel. ‘n Mate van skeiding is onder die burgers bewerkstellig deur diegene wat na 20 Desember vrywillig sou oorgee, te bevoorreg. Dié burgers sou hy toelaat “to live with their Families in Government Laagers until such time as the Guerilla Warfare now being carried on will admit of their returning safely to their homes. All stock and property brought in at the time of surrender of such Burghers will be respected, and paid for if requisitioned by Military Authorities.”[60]

Die volgende dag het Kitchener ‘n vergadering van wapenneerlêers in Pretoria toegespreek. Hierna is daar begin om ‘n vredeskomitee saam te stel. ‘n Sentrale vredeskomitee het die lig gesien en invloedryke hensoppers soos H.P.F. Jansen van Rensburg, Volksraadslid vir Heidelberg, het daarop gedien. Van Rensburg het later as voorsitter opgetree. Verskeie plaaslike komitees het tot stand gekom, maar op Heidelberg het daar nie so ‘n komitee nie bestaan nie. [61]

---

[58] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 200, 203.

[59] *Ibid*., p. 194.

[60] Aangehaal deur L.S. Amery, in *The Times history of the war in South Africa, V, 1899-1902*, p. 87; A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 115.

[61] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, pp. 111-112.

Kitchener het op 21 Desember instruksies aan sy offisiere uitgereik in verband met die verwydering van alle mans, vroue, kinders en swartes uit die distrikte wat hardnekkig deur vegtende burgers beset is. Vroue en kinders sou ter wille van die voorsiening van voorrade aan kampe so na as moontlik aan die spoorlyn geplaas word. Met die plasing sou hulle in twee groepe verdeel word, naamlik eerstens "refugees", bestaande uit die gesinne van nie-vegtendes en eedaflêers en, tweedens, die gesinne van vegtende burgers. So 'n indeling het veroorsaak dat eersgenoemdes voorkeur ten opsigte van huisvesting sou verkry. Tente sou aan die inwoners verskaf word, terwyl die Distrikskommissaris "will look after the food on the scale now in use."[62] Die Britse Regering het met Kitchener se voorstelle vir optrede akkoord gegaan.[63]

In teenstelling met die manier van oorlogvoering toe lord Roberts in bevel was en plase verniel en die slagoffers sonder heenkome gelaat is, het die algehele vernieling van plase en die wegvoering van families en hulle vee na die konsentrasiekampe in die Kitchenerperiode meer georganiseerd verloop. Om die "verskroeide aarde"-beleid so effektief moontlik toe te pas, het Kitchener op 17 Mei 1901 instruksies in verband daarmee uitgereik. Kortliks het van die instruksies die volgende behels: Persoonlike eiendom soos klerasie en beddegoed moes vir gebruik na die kampe saamgebring word. Genoeg voedselvoorrade vir tot met die aankoms by die naaste spoorwegstasie moes saamgeneem en die res vernietig word. Daarna volg die vernietiging van alle oeste op die lande deur verbranding of vertrapping en afvreet daarvan deur beeste. Selfs die vernietiging of saamneem van veevoer is hierby ingesluit. Oonde en meulens het ook nie dié Britse optrede vrygespring nie. Ryperde moes

---

[62] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, V*, pp. 86-87.

[63] TAB, FK 292, CO 291/32, Volume 4, 1901, telegram no. 322 War Office to Lord Kitchener, 28.12.1900, p. 373.

van die plase verwyder word. Die ontruiming van alle plase sou onder die toesig van ‘n offisier geskied wat sonder uitsondering ‘n kwitansie moes uitreik vir goedere deur die Regering geneem of vernietig. In gevalle waar ‘n burger nog op kommando was, sou die kwitansie soos volg gemerk wees: “On commando.” Behalwe waar bevele uitgereik is, mag geen skade aan huise of die inhoud daarvan aangerig word nie, ongeag of die eienaars op kommando was of nie. Gesinne moes versoek word om hulle huise te sluit voordat hulle die plase verlaat. Alle lewende hawe moes van die plase verwyder word. Vee wat nie na spoorwegstasies gebring kon word nie, moes doodgemaak word. Die optrede teenoor die eienaars van lewende hawe sou tweërlei van aard wees. Eerstens moes die burgers tuis wat met die aankoms van die Britse kolonnes vrywillig oorgegee het en nie by enige sameswering met die vyand betrokke was nie, se vee gerespekteer en saam met die gesinne na die “refugee camps” gestuur word. Indien dit nodig sou wees om van dié burgers se vee dood te maak, moes ‘n kwitansie daarvoor uitgereik word. Tweedens moes vee wat aan die vegtende burgers behoort het, in beslag geneem word. Die bevelvoerders van die kolonnes sou instruksies uitreik vir die verwydering daarvan vir gebruik deur die kolonnes en die res sou na die naaste punt langs die spoorlyn gestuur word. Laastens sou die bevelvoerders van Britse kolonnes verantwoordelik wees vir die algehele ontruiming van alle vee en voorrade van alle plase in die buurt waar hulle optree.[64]

Die verandering van bestaande “refugee camps” in konsentrasiekampe en die oprigting van nuwes het na Kitchener se proklamasie van 21 Desember 1900 in alle erns begin. Kitchener het hom op dieselfde dag in ‘n toespraak voor die vredeskomitee soos volg hieroor uitgelaat: “I think we must bring in all women

---

[64] TAB, MGP, volume 261, A.G. Circular Memorandum no. 37, General Instructions to Columns, orders for clearing farms, Army Headquarters Pretoria, 17.05.1901, pp. 91-92.

from the farms and allow burghers who voluntarily surrender to live with them."[65] Op Heidelberg het ook die bestaande "refugee camp" wat suidoos en suidwes van die dorp tot stand gekom het, 'n gedaantewisseling ondergaan. Hierdie kamp, wat aanvanklik hoofsaaklik uit hendsoppers en hulle families bestaan het, se inwonertal het tussen Februarie en Augustus 1901 van 1 234 tot 2 222 inwoners gestyg.[66] Hiervan het die aankoms van talle gesinne op waens by die konsentrasiekamp op Heidelberg getuig. Waens met gesinne op pad na die konsentrasiekamp was 'n alledaagse gesig op die dorp. Johanna van Wyk van die plaas Hartebeestfontein, wat hierdie tog meegemaak het, getuig hoe hulle op vernederende wyse na die Heidelbergkamp vervoer is.[67]

Nuwe aankomelinge in die konsentrasiekampe het met hulle aankoms onmiddellik van die onderlinge spanning tussen die hendsoppers ("refugees") en die patriotte ("undesirables") bewus geraak. Onderlinge verdeeldheid tussen die burgers het na die totstandkoming van konsentrasiekampe nie net op Heidelberg nie, maar ook in al die ander kampe tot die ontstaan van "bevoorregte" en "onbevoorregte" groepe gelei. In plaas daarvan om almal oor dieselfde kam te skeer, het die kampowerhede die onenigheid tussen die twee groepe deur bevoorregting verder verhoog. Dit het ingesluit voorregte ten opsigte van voedselvoorrade aan die gesinne van hensoppers, werkies waarvoor betaling ontvang is en die aanstel van hendsoppers in gesagsposisies oor die "undesirables". Volgens Emily Hobhouse was hierdie aanstellings niks anders as spioenering en die aandra van "niksbeduidende woorde en stories" aan die Britse

---

[65] S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, p. 203.

[66] TAB, PMO 76, verslag F. Wepener en S. Groesbeek oor "refugee camp" Heidelberg, 21.01.1901, p. 70; TAB, FK 1798, War Office, verslag kamp op Heidelberg, 13-14.02.1901; TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelbeg by A.A. Allison, August 1901, p. 349.

[67] TAB, W 19, mev. P.H.S. van Zyl, oorlogsherinneringe, brief Johanna C. van Wijk aan *De Transvaler*, 28.03.1904.

militêre owerhede nie. Dit is dus begryplik dat die patriotte hierdie mense met die grootse minagting bejeën en hulle "handsuppers" genoem het.[68] Dit was net 'n voortsetting van die veragting wat die burgers op die gevegsfront vir hierdie mense gekoester het. Die redaksie van *The Heidelberg News* het hierdie gesindheid tydens hulle besoek in November 1901 onder die patriotte aangetref. Terselfdertyd het hulle daarvan kennis geneem dat die hendsoppers die "wilden boeren" en veral hulle leiers as 'n ramp vir die land geag het. Dié koerant met sy Britse inslag het hierdie sienswyse onderskryf deur dit soos volg te stel: "And so they are."[69]

Waar die kampbewoners tussen twee groepe onderskeid getref het, het majoor G.A. Goodwin, algemene superintendent van die konsentrasiekampe, tydens 'n besoek aan ses Transvaalse konsentrasiekampe, waaronder Heidelberg, drie groepe geïdentifiseer. Hy het oor elke kamp afsonderlik gerapporteer en daarna ook 'n algemene verslag oor die ses kampe opgestel wat hy op 22 Maart 1901 aan Maxwell in Pretoria voorgelê het. In die algemene verslag het Goodwin die drie groepe bekendgestel. Eerstens, diegene wat na die kampe gestroom het om hulleself en hul vee te beskerm. Hierdie groep was in alle opsigte selfonderhoudend. Tweedens, diegene wat oorgegee en vir beskerming na die kampe gestroom het, maar hulleself nie kon onderhou nie. Onder hierdie groep het weduwees, weeskinders en naasbestaandes van krygsgevangenes getel. Derdens, die eggenotes van vegtende burgers wat ter wille van hulle eie beskerming teen, onder andere, die swartes, asook om militêre redes, in die konsentrasiekampe geplaas is.[70]

---

[68] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. 34, 37.

[69] *The Heidelberg News*, "Heidelberg Refugee Camp", 15.11.1901.

[70] TAB, Leydsargief 1046, Britse Blouboeke, verslag maj. G.A. Goodwin aan Militêre Goerwerneur Pretoria, 22.03.1901, p. 7.

Uit Goodwin se verslag het dit geblyk dat hy uiters verontrus was oor afbrekende neigings wat daar onder die kampinwoners bestaan het. Alhoewel hy in sy algemene verslag oor dié neigings in die onderskeie instellings geen kamp by name genoem het nie, het veral die minagtende houding van die eggenotes en families van vegtende burgers teenoor die mans wat oorgegee en die Eed van Neutraliteit afgelê het, hom nie aangestaan nie. Dit het Goodwin bekommer dat die Britse kampowerhede se pogings om die goedgesindheid van die verskillende groepe in die konsentrasiekampe te wen, belemmer is deur 'n vyandige meerderheid onder die derde groep "who form a very small but active minority of the whole."[71]

Goodwin het egter ook goeie aspekte van die daaglikse kamplewe uitgelig. So byvoorbeeld het hy sy waardering betuig vir die meerderheid welopgevoede en behulpsame mans in die kamp wat die Eed van Neutraliteit onderteken het.[72] Maxwell het Goodwin se verslag op 21 Maart 1901 aan Kitchener oorhandig en sy tevredenheid oor die werk in die konsentrasiekampe te kenne gegee: "Major Goodwin's report speaks for itself, and I consider that great credit is due to those gentlemen who have undertaken the superintendence of the camps, for the efficient way that they have carried out the organization, often under considerable difficulties."[73] In hierdie stadium is daar van Boerekant geen aanduiding of daar met hierdie lofspraak saamgestem is nie.

Voordat die organisasie van en daaglikse bestaan in die Heidelbergse konsentrasiekamp in al sy fasette in oënskou geneem word, is dit nodig om die oorspronklike selfonderhoudende bewoners, naamlik die "refugees" of

---

[71] *Ibid*., p. 7

[72] *Ibid*.

[73] *Ibid*., letter Military Governor Pretoria to Commander-in-Chief, South Africa, 22.03.1901, p. 6.

hendsoppers, wat ‘n integrale deel van die bevolking in die kamp sou uitmaak, van nader te beskou.

Soos reeds gemeld, het hierdie groep mense hulle uit vrees vir weerwraak deur die burgers op kommando en ter beskerming van hulle gesinne saam met hulle vee aan die Britse militêre owerhede oorgegee. Een van die voorwaardes vir oorgawe was dat, waar moontlik, weiding vir hulle vee voorsien sou word. In omsendskrywe no. 34, gedateer 26 April 1901, het die “Burgher Camps Department” in Pretoria die voorwaardes vir hierdie vergunning uitgestippel. Eerstens moes hulle verantwoordelikheid vir die versorging en bewaring van hulle veestapels aanvaar. Hulle kon na goeddunke met hulle veestapels handel. Tweedens kon vee vrylik in die omgewing van die kampe wei. In die geval van ontoereikende weiding kon toestemming vir weiding in die omgewing van ‘n Britse militêre pos (kamp) deur die uitreiking van verlofbriewe (passe) verleen word. Hiertoe moes die kampkommandant instem. Weiding langs ‘n gepatrolleerde spoorlyn sou ook toelaatbaar wees. Derdens sou daar geen beswaar teen gewapende veewagters, bestaande uit geselekteerde burgers wat die Eed van Neutraliteit afgelê het, wees nie. Vierdens sou dit ‘n wyse besluit wees om vee-eienaars te bewapen deur terselfdertyd die verantwoordelikheid vir die beskerming van hulle veestapels teen Boere wat wou plunder aan hulle op te dra. Die kantoor van die Militêre Goewerneur in Pretoria het op 25 April 1901 toestemming verleen dat Martini Henry-gewere en ‘n beperkte aantal rondtes ammunisie hiervoor aan dié burgers uitgereik word. Vyfdens moes verlofbriewe die korrekte getal vee asook die naam en beskrywing van die persoon in beheer aandui. Daarbenewens moes ook gemeld word of so ‘n persoon gemagtig was om ook ‘n aantal rondtes ammunisie saam te dra. In die sesde plek sou kommandante van Britse militêre kampe op aanbeveling van die superintendente van die onderskeie konsentrasiekampe gemagtig wees om verlofbriewe, wapens en ammunisie aan dié burgers uit te reik. Om die organisasie hiervan te vergemaklik, sou spesiale instruksies uitgereik word aan kommandante in gebiede waar konsentrasiekampe opgerig is. Laastens, indien dié burgers

toestemming sou vra om ter wille van weiding met hulle vee na Natal te vertrek, sou daar geen beswaar wees indien hulle op eie risiko met hulle veestapels langs die spoorlyn daarheen trek of as hulle hul eie gewapende wag voorsien nie.[74]

In die inspeksieverslag van 20 Januarie 1901 oor die "refugee camp" op Heidelberg het gewese landdros, F. Wepener, bygestaan deur P. Groesbeek, reeds op die ontoereikende weiding vir die groot veestapels gewys.[75] Hierdie probleem het met verloop van tyd vererger. Bewus daarvan dat die "refugees" weiding in Natal as 'n oplossing vir hul probleem aanvaar het en graag met hulle vee daarheen wou trek, het distrikskommissaris Vallentin die militêre owerhede in Pretoria op 10 April oor so 'n moontlikheid geraadpleeg. Vir die "refugees" sou dit geen probleem wees om 'n plaas of plase aldaar te huur nie. Aangesien talle leë trokke daagliks na Natal teruggekeer het, was daar volgens Vallentin geen rede waarom so 'n verskuiwing van vee nie maklik gereël kon word nie.[76]

Hierdie aangeleentheid het gesloer totdat die "refugees" in die Heidelbergse konsentrasiekamp in Mei 1901 beplan het om met hulle veestapels na Natal te trek. Die kommandant op die dorp het die militêre owerhede in Pretoria op 22 Mei van die voorgenome trek in kennis gestel. Drie dae later het die owerhede hom op sekere struikelblokke gewys. Die Natalse Regering het 'n waarborg

---

[74] TAB, MGP volume 89, no. 4429/01, telegram Commander-in Chief to Military Governor Pretoria, 25.04.1901, p. 23; (Genoemde dokument se jaartal word verkeerdelik as 27.04.1900 aangedui. Britse teenwoordigheid in Transvaal was eers na Junie 1900 'n voldonge feit.) Circular no. 34, Burgher Camps Department Pretoria, memorandum for Superintendents of Burgher Camps, 27.04.1901, pp. 26-27.

[75] TAB, PMO 76, verslag "Refugee Camp" Heidelberg, 21.01.1901, p. 70.

[76] TAB, MGP, MR165, no. 3672, telegram District Commissioner Heidelberg to MGP, no. S1035, 10.04.1901.

verlang dat die Heidelbergers, in die geval van enige uitbreek van longsiekte of aansteeklike siektes onder die vee terwyl hulle na Natal onderweg is, verantwoordelikheid vir enige siekte wat onder die plaaslike veestapels uitbreek, moes aanvaar. Die militêre owerhede het vir so 'n risiko nie kans gesien nie en gevolglik is "the scheme as a Government's one" laat vaar. Indien die "refugees" steeds begerig was om hulle veestapels in Natal te laat wei en self daarvoor reëlings kon tref, sou daar geen beswaar van owerheidsweë wees as hulle dit op eie risiko aanpak nie. Indien hulle daarmee sou voortgaan, moes hulle in gedagte hou dat hulle in hulle privaat hoedanigheid optree, waarvoor die militêre owerhede in Pretoria geen verantwoordelikheid aanvaar nie.[77]

Ten spyte van die militêre owerhede se pogings om 'n verskuiwing van vee na Natal te verhoed, blyk dit uit die kommandant van die militêre kamp op Heidelberg se telegram aan die owerhede in Pretoria dat van die "refugees" reeds met hulle vee na Natal getrek het. Aangesien hy nie ten gunste daarvan was nie, het hy die owerhede in Pretoria op 22 Mei getelegrafeer en gevra of die "burghers trekking to Natal with cattle can return to Transvaal."[78]

Die wei van veestapels in die omgewing van die spoorlyn het spoedig probleme tussen die South African Constabulary (SAC) en die Heidelbergse "refugees" veroorsaak. Kitchener het Maxwell ingelig dat hy aan die "refugees" toestemming gegee het om hulle vee in die omgewing van die spoorlyn te laat wei op voorwaarde dat dit naby die spoorlyn moes geskied en nie dieper binnelands versprei nie. Versuim om hieraan gehoor te gee, kon tot die konfiskasie van hulle vee en aanjaag daarvan dorp toe lei. Volgens Kitchener sou dit later onmoontlik wees om tussen die "refugees" se vee en dié van die burgers op kommando te

[77] TAB, MGP, volume 245, 2669/01, telegram Military Governor Pretoria to Commandant Heidelberg, 25.05.1901.

[78] TAB, MGP, MR167, volgno. 5679, telegram Commandant Heidelberg aan MGP no. B82, 22.05.1901.

onderskei. Gevolglik het Maxwell aan die Britse bevelvoerder in Heidelberg opdrag gegee om die offisier in beheer van die SAC dienooreenkomstig in te lig.[79]

Die wapenneerlêers van die Heidelbergdistrik het nie almal 'n tuiste in die konsentrasiekamp op Heidelberg gevind nie. Sommige van dié wat oorgegee het, het van die Britse militêre owerhede toestemming verkry om aan te hou boer op hulle plase. Met die aanbreek van oestyd in April 1901 het distrikskommissaris Vallentin drie vrae aan Maxwell in Pretoria oor die inbring van oeste na Heidelberg voorgelê. Eerstens, was 'n wapenneerlêer geregtig op sy oes binne die veiligheidsgebied? Tweedens, moes wapenneerlêers of lojale eienaars vir oeste betaal word indien dit van buite die veiligheidsgebied ingebring word? Derdens, moes alle oeste in die land nie beskou word as die eiendom van die Britse leër sonder dat 'n kwitansie daarvoor uitgereik of betaling daarvoor geskied het?[80]

Op hierdie vrae het Maxwell dieselfde dag kort en bondig geantwoord. Eerstens kon wapenneerlêers hulle oeste in Heidelberg inbring indien die bevelvoerder geen beswaar daarteen het nie. Tweedens, as die Britse leër hierdie oeste oorneem, moes hulle kwitansies daarvoor aan die eienaars uitreik. Derdens, indien die Britse leër oeste buite die veiligheidsgebied oorneem en die eienaar binne die veiligheidsgebied woon, moes daar daarvoor ook kwitansies uitgereik word.[81]

---

[79] TAB, MGP, volume 224, 11826/01, letter Military Governor Pretoria to GOC Heidelberg, 24.09.1901.

[80] TAB, MGP, no. 4426B, telegram Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur Pretoria, no. S1083, 27.04.1901.

[81] *Ibid*., telegram Militêre Goewerneur Pretoria aan Distrikskommissaris Heidelberg, no. MG 2405, 27.04 1901.

Al hierdie toegewings het tot gevolg gehad dat die wapenneerlêers op plase in die onmiddellike omgewing van Heidelberg wat nie onder verwoesting deurgeloop het nie, hulle boerdery-aktiwiteite in die laaste jaar van die oorlog kon voortsit. Hiervan getuig *The Heidelberg News* op 1 November 1901 soos volg: "The farms in sight of the town are all intact and farming operations are proceeding merrily. Mr. Huishamer is producing excellent vegetables on Houtpoort, Mr. S. Hoskin is on Poortje as of old, Mr. C.H. Oliver is working Kleinpoortje ..."[82] Alhoewel Huishamer die oorlogsverwoesting vrygespring het, het 'n haelstorm sy groentetuin op 6 November heeltemal vernietig.[83]

Die oprigting van 'n konsentrasiekamp op Heidelberg is voltooi. Sowel die instandhouding van die kamp as die fisiese en geestelike welsyn van die kampinwoners sou die Britse owerhede se aandag tot aan die einde van November 1902 in beslag neem. In die volgende drie hoofstukke sal hieraan in diepte aandag geskenk word.

[82] *The Heidelberg News*, "Notes and news", 01.11.1901.

[83] *Ibid*., 08.11.1901.

# HOOFSTUK 3

## DIE HEIDELBERGSE KONSENTRASIEKAMP

### 3.1 ORGANISASIE

#### 3.1.1 Personeel

Die beskikbare gegewens dui daarop dat, benewens ‘n lae sterftesyfer in Heidelberg se konsentrasiekamp, dit met die kampinwoners relatief goed gegaan het. Hiervoor is daar verklarings soos die humanitêre optrede van die kamppersoneel, goeie kamporganisasie, sanitêre maatreëls, mediese dienste ensovoorts wat verder duidelik sal word.

Aan goeie leierskap en bekwame personeel het dit die kamp op Heidelberg sedert sy ontstaan nie ontbreek nie. Dit verklaar die geringe wisseling van personeel tydens die kamp se bestaan. Uit die verskillende kampverslae tussen Februarie 1901 en November 1902 blyk dit dat superintendent A.A. Allison die leisels stewig vasgevat het. Hy is bygestaan deur verskeie personeellede wat hom ten volle in die uitvoering van sy taak ondersteun het. As magasynmeester het C. Cressy opgetree, wat tot met die sluiting van die kamp in dié pos gedien het. Klerklike werk is aanvanklik deur P. Herbert en later deur C. Lugg behartig. Aangesien die instandhouding van die kamp van die beskikbare finansies afhanklik was, het H.F. Tanner en H. Farmer die uitgawes in hul hoedanigheid as rekenmeesters baie goed bestuur.

In vergelyking met ander kampe was die sterftesyfer in konsentrasiekamp op Heidelberg relatief laag. Indien die maandelikse gemiddelde sterftesyfer uit die maandelikse gemiddelde inwonertal in elke Transvaalse kamp tot ‘n persentasie herlei word, blyk dit dat die kamp op Nylstroom met 2,9% die hoogste was. Die rede waarom Heidelberg met ‘n lae sterftesyfer van 1,37% die twaalfde posisie beklee het, kon waarskynlik aan goeie leierskap en bekwame personeel

toegeskryf word. Aangesien bronne aan Boerekant ontbreek, beteken dit dat die eensydige kampverslae van Allison wat die relatief lae sterftesyfer ondersteun, ernstig opgeneem moet word.

Mediese dienste, wat ‘n integrale deel van die kamplewe uitgemaak het, is kennelik nie agterweë gelaat nie. Die kamp het oor die dienste van bekwame medici beskik wat na die algemene gesondheid van die kampbewoners omgesien het. Die goeie werk wat hulle verrig het, het veroorsaak dat die mediese personeel min gewissel het. Mediese offisier, dr. R.G. Ralston, bygestaan deur dr. G.S. Gibbons, het die mediese dienste in die kamp stewig gevestig. Met Ralston se vertrek het dr. A. Strange van Maart 1902 af tot met die sluiting van die kamp die mediese dienste behartig. Die nuwe hospitaal wat teen die einde van 1902 in die dorp verrys het, was grootliks aan hom te danke. Die taak om na ‘n besoek aan die dokter medisyne aan siek pasiënte te verskaf, het by die apteker in die kamp berus. Slegs twee aptekers, aanvanklik F.J. Thomas en later C.S. Rau, het die uitreiking van medisyne na die indiening van mediese voorskrifte behartig.

Die versorging en verpleging van pasiënte het in die kamphospitaal geskied waar matrone Bayley aanvanklik en later matrone Gabbitas sedert Mei 1902 aan die hoof gestaan het. As aflosmatrone ("relief matron") het mej. M Carvolt tot aan die einde van Julie 1902 diens verrig. Selfs die verpleegpersoneel het min gewissel. Die volgende verpleegsters het in die kamphospitaal diens gedoen: suster Bennett, mej. E. Kaighin, mev. J. White, en susters French, Fraser, Hobson, Stockdale, McAllister, Merrie en Boulthie. Daarbenewens het ‘n aantal leerlingverpleegsters ook pasiënte in die hospitaal verpleeg. Suster French, wat aanvanklik met die verpleging in die kamphospitaal behulpsaam was, is in Januarie 1902 as kampmatrone aangestel, in welke pos sy volgens die amptelike kampverslag uitstekende werk verrig het. Die mediese personeel het verder uit

twee wasvroue, een waterdraer, 'n swart "sanitary boy" en een ordonnans bestaan.[1]

Om die kamporganisasie meer effektief te maak, het die pos van kampmatrone, benewens dié van matrone van die kamphospitaal, ook in September 1901 in werking getree. Alhoewel haar naam nie in die kampverslae te vinde is nie, het haar funksies aanvanklik die gereelde inspeksie van alle tente en die rapportering van persone wat kleding benodig het, behels.[2] Dié taak het sy en twee assistente uit die kampbewoners se geledere verrig. Waar daar werklik 'n behoefte bestaan het, het sy dit probeer verlig deur om die verlangde benodigdhede aansoek te doen. Haar pligte is verder uitgebrei deur siekes waarvan die mediese offisier nie bewus was nie, aan hom te rapporteer. Volgens die amptelike kampverslag was Allison en die kampbewoners baie ingenome met haar werk.[3]

In die laaste kwart van 1901 het 'n kommissie bestaande uit drie dames onder leiding van mev. Millicent Fawcett die konsentrasiekampe in Suid-Afrika in opdrag van die Britse regering besoek "with the object of rendering the respective commandants any assistance in their power in improving the conditions of life within the camps."[4] In die verslag van die Dameskommissie oor hulle besoek aan die Heidelbergse konsentrasiekamp op 21 en 22 November 1901 is die naam van die kampmatrone, mev. MacBourth, vir die eerste keer

---

[1] TAB, DBC 11-14, reports on Burgher Camp Heidelberg, February 1901 - November 1902.

[2] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, August 1901, p. 3.

[3] TAB, British Blue Books, Cd 853, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, September 1901, p. 61.

[4] TAB, MGP, volume 113, no. 10421B/01, letter War Office London to the General Officer, Commanding-in-Chief, South Africa, 20.07.1901, p. 219.

genoem. Twee kampverpleegsters, naamlik mev. White en mej. Kaighie, het haar bygestaan. Volgens die verslag het daar onreëlmatighede ten opsigte van hulle posisie bestaan, aangesien hulle onder die gesag van ‘n onopgeleide verpleegster gestaan het. Alhoewel geliefd, was sy nie daartoe in staat om die ander twee opgeleide verpleegsters se werk te organiseer nie. Aangesien kamp een ontbind het, sou White en Kaighie volgens die verslag daartoe in staat wees om onder ‘n opgeleide matrone as verpleegsters in kampe twee en drie te werk.[5] Uit verdere kampverslae is dit duidelik dat hierdie aanbeveling van die Dameskommissie uitgevoer is. Vanaf Januarie 1902 het suster French die taak van die kampmatrone oorgeneem en die pos tot met die sluiting van die kamp beklee.[6]

Allison was bewus van sy personeel se lojaliteit teenoor hom. Op 6 April 1902 het hy sy waardering vir hulle dienste soos volg bewoord: “I have now been here as Superintendent from the commencement of Burgher Camps and during this time I have been well served by my Staff who have attended to their duties to my entire satisfaction.”[7]

### 3.1.2 Klimaat

Die maandelikse kampverslae oor die aangename weersomstandighede op die Transvaalse Hoëveld wat die kampinwoners en personeel tydens die verskillende jaargetye op Heidelberg ondervind het, het op ‘n gesonde klimaat gedui wat vir die welstand van die kampinwoners bevorderlik was. Hewige reënbuie tydens die somermaande het geen oorstromings in die tentedorp

---

[5] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission., 21-22 11.1901, pp. 186-187.

[6] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, January 1902, p. 3.

[7] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 3.

veroorsaak nie, aangesien die kamp teen 'n helling geleë was.[8] Alhoewel ysige nagte die tentbewoners in die wintermaande laat bibber het,[9] moes die aangename, sonnige winterdae sekerlik daarvoor vergoed het. Hiervan getuig Allison in sy verslag van Junie 1901 soos volg: "The weather during the past month has been exceptionally mild, and, as a result, the health of the camp has considerably improved, the number of cases of bronchitis and influenza being now very small."[10] In ideale weersomstandighede kon die personeel voortgaan om die alledaagse eentonige en armoedige bestaan in die kamp so aangenaam moontlik vir die inwoners te maak.

**3.1.3 Ligging van die blanke konsentrasiekamp**

Die bestaan van die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg was teen die einde van Oktober 1900 'n voldonge feit. Uit gegewens oor die ligging van die kamp wat J.F.H. Schraader 50 jaar later aan dr A.E.F. Bosman verstrek het, blyk dit dat die staanplek daarvan minstens twee keer gewissel het. Die Britte het die eerste kamp op Boschfontein net buite die grense van die dorp noordwes van die pad na Vereeniging opgerig. Diegene wat hier toevlug gesoek het, het by die dorpenaars as die "handsuppers" bekend gestaan. Hier het die Britte die vroue se bewegings snags met agterdog bejeën wanneer hulle met brandende kerse tussen die tente beweeg het. Schraader het beweer dat die Britte dit as niks anders nie as tekens aan die vegtende Boere gesien het. Gevolglik het die Britte die kamp na 'n plek bo langs die Blesbokspruit halfpad tussen die huidige Retiefstraat en die noordoostelike grense van die dorp verskuif. By hierdie staanplek het die kamp se getalle daagliks vermeerder as gevolg van die

---

[8] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, February 1902, p. 5.

[9] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, May 1902, p. 2.

[10] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 2.

gesinne van die burgers op die oorlogsfront wat deur die Britse troepe hierheen gebring is. Nadat 'n klomp "Wilde Boere" op 'n nag hier by hulle families besoek afgelê het, is die kamp volgens Schraader finaal verskuif na 'n plek onderkant die berg, naby die Normaalkollege, gesluit aan die einde van 1967, en teen die bult oorkant Valsvlei uit.[11]

Beskikbare inligting dui daarop dat die Heidelbergse blanke konsentrasiekamp met die derde verskuiwing finaal sy beslag gekry het. Volgens 'n inligtingstuk van die Gautengse Provinsiale Administrasie was die kamp op die plaas Klippoortje geleë. Die deel waarop die konsentrasiekamp gestaan het, is tans die eiendom van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, maar het voorheen behoort aan die Heidelbergse Normaalkollege, wat as opleidingsentrum vir onderwysers gedien het.[12] Die kamp was teen November 1901 met die besoek van die redaksie van *The Heidelberg News* reeds hier gevestig. Hieroor het die koerant soos volg berig: "As one drives along the Nigel road, a prominent feature on the left hand as one tops the first rise is the canvas village on the opposite slope, beyond what used to be the brickfields." [13] Hierdie beskrywing klop met die geografie van die plek wat die inligtingstuk van die Gautengse Provinsiale Administrasie aandui.

Reeds uit die inspeksieverslag van 21 Januarie 1901 wat deur twee wapenneerlêers, F. Wepener en P. Groesbeek, opgestel is, kon die ligging van die kamp naastenby bepaal word. Uit die verslag blyk dit dat die kamp uit 'n groter en kleiner kamp bestaan het. Die grootste kamp, wat taamlik ver van die

---

[11] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, brief J.F.H Schraader aan dr. A.E.F. Bosman oor die halfeeufeesvierings van die Volksskool Heidelberg, 21.10.1953, pp. 5-6.

[12] Gauteng Provincial Administration, inligtingstuk, "Anglo-Boer/South African War, Heidelberg Black and White Concentration Camp", punt 5.2.

[13] *The Heidelberg News*, "Heidelberg Refugee Camp", 15.11.1901.

dorp af aan die suidoostelike kant daarvan ontstaan het, het uit lang rye sooihutte (sod buildings) met sinkdakke bestaan. Die kleiner kamp suidwes van die dorp is deur die aanwesigheid van waens en tente gekenmerk. Albei kampe was teen hellings geleë en het geen tekort aan baie goeie lopende water en fonteine gehad nie.[14] Vallentin het die bestaan van dié twee kampe beaam deur soos volg aan genl.maj. J.G. Maxwell, die militêre goewerneur in Pretoria, te berig: "... the refugees were not in one camp but scattered about ..."[15]

Die voortdurende toestroming van vroue en kinders vanuit alle rigtings na 'n oorvol kamp op Heidelberg het, volgens die kampverslag van Mei 1901, vir mediese offisier Ralston genoodsaak om die oprigting van nog tente daar te verbied. Dit het gou geblyk dat die huidige terrein nie groot genoeg was om 'n konsentrasiekamp vir Heidelbergdistrik op te rig nie. Met die oog op 'n vergroting van die kampterrein en in afwagting van 'n groot toevloei van vlugtelinge uit verskillende oorde, het waarnemende superintendent F.R. Harvey volgens dieselfde kampverslag van die Britse Kommandant op Heidelberg, naam onbekend, toestemming verkry om op 'n stuk grond ongeveer 500 meter van die bestaande kamp af 'n onbeperkte aantal mense te huisves. 'n Aantal tente sou uit die oorbevolkte laer dele van die ou kamp na die nuwe terrein verskuif word. Intussen het Harvey begin met die oprigting van 'n brug bestaande uit populierhout, sement en stene oor 'n diep sloot om die twee kampe met mekaar te verbind.[16]

Die maandverslag van Junie 1901 dui daarop dat die konsentrasiekamp op Heidelberg nou uit drie afsonderlike kampe bestaan het. In die Julieverslag het

---

[14] TAB, PMO 76, report on Refugee Camp Heidelberg, 21.01.1901, p. 70.

[15] TAB, MGP, volume 207, letter J.M. Vallentin to Military Governor Pretoria, no. C/85/01, 11.02.1901, p. 121.

[16] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by E.R. Harvey, May 1901, p. 2.

superintendent Allison daarop gewys dat die afstand tussen die drie kampe ongeveer 200 en 300 meter was.[17] Eers in September het dr. Kendal Franks, honorêre raadgewende sjirurg van die Britse magte, tydens sy besoek aan Heidelberg ‘n duidelike beskrywing oor die ligging van die drie kampe verstrek: “It is situated about a mile (1,61 km) from the town, on high ground between the hills and the town. The camp is divided into three divisions. The first division occupies the east side of a low hill, the second occupies the west side, and the third is on the side of another gently rising hill, separated from the second division by a shallow valley. There is a long kopje behind the first and second camps, a shorter kopje behind the third. Between the kopjes, about 600 yards from the valley between the camps, is a large dam of good water, which might with ease be uitilised for the camp.” Volgens Franks is die drie kampe onderskeidelik kampe een, twee en drie genoem.[18]

Die drie kampe is aan die begin van November 1901, kort na Franks se besoek, na twee verminder.[19] Mediese offisier Ralston het in die mediese maandverslae van Augustus tot Oktober die onbevredigende watervoorsiening aan die kampe,[20] die willekeurige gebruik van ongesonde water wat diarree veroorsaak het[21] en die vier gevalle van ingewandskoors as redes vir die sluiting van een kamp voorgehou.[22] Die Britse Dameskommissie onder leiding van mev. Millicent

---

[17] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 234.

[18] TAB, British Bluebooks, Cd. 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, pp. 296-297.

[19] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on the Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 184.

[20] TAB, DBC 14, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, August 1901, p. 3.

[21] *Ibid*., September 1901, p. 1.

[22] *Ibid*., Oktober 1901, p. 4.

Fawcett, wat hulle van die toestande in die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe moes vergewis, het met hulle besoek aan die Heidelbergse konsentrasiekamp op 21 en 22 November 1901 Ralston se bedenkinge oor die watervoorsiening aan kamp een en die verspreiding van dié kamp se tente na die ander twee kampe, wat reeds drie weke aan die gang was, ten volle onderskryf. Gevolglik was een van die Dameskommissie se aanbevelings dat hierdie verspreiding onmiddellik afgehandel moes word.[23]

Oor bogenoemde aanbeveling het die inspekteur van burgerkampe, kapt. W. Bentinck, op 23 Desember 1901 gerapporteer dat daar onmiddellik aandag aan gegee sou word.[24] Alhoewel dit gesloer het weens tente wat nog nie die kamp bereik het nie,[25] was die verdeling in twee kampe ongeveer 900 meter vanaf die dorp teen Maart 1902 afgehandel.[26] Tot met die sluiting van die kamp aan die einde van 1902 sou die verdeling dieselfde bly, naamlik "the Marquee Camp and the old camp."[27]

#### 3.1.4 Kampomheining

Uit Franks se verslag, gedateer 7 September 1901, blyk dit dat hy hom nie daarmee kon vereenselwig dat daar nie 'n doringdraadheining rondom die

[23] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, pp. 184, 188.

[24] TAB, DBC 12, report capt. W. Bentick (inspector Burgher Camps), 23.12.1901, p. 1.

[25] TAB, 2030, dr. J. Ploeger, *Lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* Ploeger verwys na kapt. W Bentick se rapport, 18.01.1902, FK 609, CO 11417, volume 4.

[26] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 1.

[27] TAB, DBC 13, report on Burgher Camp Heidelberg by C.E.W. Sands, inspector Burgher Camps, 02.09.1902, p. 1.

konsentrasiekamp op Heidelberg was nie. Volgens Franks het die waaksaamheid van die burgerpolisie, aangestel uit die geledere van die hendsoppers, wel die binnekoms van ongemagtigde persone in die kamp belet en voorkom dat burgers wat reeds oorgegee het, die kamp verlaat om weer by die kommando's aan te sluit. Oor die kampinwoners se bewegings tydens hulle weeklikse twee besoeke aan die dorp het die kampowerhede volgens hom egter geen beheer gehad nie. Tydens hierdie besoeke kon gesprekke met hulle vriende op kommando en die aankoop van waardelose geneesmiddels by kwaksalwers moontlik plaasvind. Laasgenoemde sou teen die mediese offisiere se pogings om die kampbewoners slegs die beste behandeling te gee, indruis. Gevolglik was Franks van mening dat, aangesien genoeg mediese geriewe en die beskikbaarheid van verskillende tipes medisyne by die apteek in die kamp geen probleem sou wees nie, "it would be no hardship to limit the sphere of their perambulations."[28]

Ten spyte van Franks se aanbeveling is die konsentrasiekamp nooit omhein nie. Selfs die aanbeveling van die Dameskommissie in November 1901 om die kamp aan beide kante te omhein en sodoende die vee uit te hou,[29] het as gevolg van die goeie gesindheid van die meeste kampbewoners net 'n aanbeveling gebly wat nooit uitgevoer is nie. Alhoewel superintendent Allison in werklikheid min probleme met weglopers ondervind het, het ses wapenneelêers in die nag van 30 September/1 Oktober 1901 uit die kamp weggeloop om weer by die kommando's aan te sluit. Allison het aan Maxwell getelegrafeer dat hy as 'n strafmaatreël graag die gesinne van hierdie ses persone wou wegstuur "as an object lesson to others." Maxwell het op 4 Oktober geantwoord dat dit so gou

[28] TAB, British Blue Books, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 299.

[29] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 187.

moontlik sou geskied.[30] Of hieraan uitvoering gegee is, kon nie vasgestel word nie.

### 3.1.5 Huisvesting binne die konsentrasiekamp

Vanweë die klein getalle het die verskaffing van huisvesting aan "refugees" op Heidelberg aanvanklik nie probleme opgelewer nie. In die kampverslag van 21 Januarie 1901 het Wepener en Groesbeek van die oprigting van lang rye sooihuise met sinkdakke in die kamp suidoos van die dorp melding gemaak. Daarenteen het die kamp suidwes van die dorp hoofsaaklik uit tente en waens bestaan.[31] Ongeveer drie weke later, op 13 en 14 Februarie, het maj. Goodwin die kamp op Heidelberg besoek. Die sooihuise wat die mans opgerig het, het hom beïndruk en in sy verslag het hy sy tevredenheid daarmee te kenne gegee: "These houses prove a great improvement on tents, and their advantages as dwelling houses will become more evident as the winter approaches." Ten tye van sy besoek het ongeveer 50% van die inwoners wat rantsoene ontvang het, opgekommandeerde huise op die dorp bewoon. Hiermee was hy nie gediend nie en terselfdertyd het hy die verwagting gekoester "to hear daily that all have been concentrated in camp."[32] Dit het nie onmiddellik gerealiseer nie. Die waarnemende algemene superintendent van konsentrasiekampe, W.K. Tucker, het in sy verslag van 20 April oor die kamp op Heidelberg gemeld dat, uit 'n

---

[30] TAB, MGP volume 123, 12698A/01,telegram intelligence Heidelberg to Military Governor Pretoria, 01.10.1901; 12760B/01, 02.10.1901; 03.10.1901; telegram Military Governor Pretoria to Provost Marshall Heidelberg, 04.10.1901.

[31] TAB, PMO 76, verslag oor "refugee camp" Heidelberg opgestel deur F. Wepener en P. Groesbeek, 21 01 1901, p. 70.

[32] TAB, FK 1798, War Office, report on Refugee Camp Heidelberg by maj. G.A. Goodwin, 13-14.02.1901.

kampbevolking van 976, ‘n totaal van 351 siele wat steeds op die dorp woonagtig was, wil sê 36%, rantsoene ontvang het.[33]

Uit die beskikbare statistieke blyk dit dat die inwonertal van die konsentrasiekampe toegeneem het. Die tekort aan huisvesting wat die kampowerhede aanvanklik ondervind het, het met verloop van tyd vererger, veral in die lig van die gereelde aflaai van groot groepe vroue en kinders by die kampe. Onwillekeurig ontstaan die vraag of die Britse militêre owerhede enigsins vir hierdie toeloop na die konsentrasiekampe beplan het.

Huisvesting vir die kampinwoners het sedert die aankoms van die vroue en kinders die aandag van die kampowerhede geniet. ‘n Wit tentedorp, bestaande uit drie verskillende tipes tente uitgereik deur die kampowerheid, het spoedig aan die buitewyke van die dorp verrys en huisvesting aan die kampinwoners gebied. Franks, wat die kamp op Heidelberg op 7 September 1901 besoek het, het in sy verslag van dié drie tipes tente melding gemaak. Eerstens die ronde tente, “bell tents”, waarvan 288 opgerig is. Tweedens, 69 markeetente wat elk meer as een gesin gehuisves het. Derdens, twintig vierkantige Indiese tente wat aan talle gesinne huisvesting gebied het. Franks het ook van ‘n vierde tipe tent melding gemaak, naamlik ‘n klein en vierkantige een, wat nie deur die kampowerhede uitgereik was nie. Die burgers het hierdie tipe met hulle ossewaens na die kamp geneem, waar hulle dit langs die waens opgeslaan en daarna die geheel met ‘n seil bedek het. Gewoonlik, in sulke gevalle, het die kinders op die waens en die ouers in die tente geslaap wanneer hulle in die veld gekampeer het. In teenstelling met die eersgenoemde drie tipes tente, het Franks laasgenoemde as ‘n ontsiering van die kamp bestempel wat op sy beurt weer tot ‘n oorbevolking kon lei. Dit was volgens hom onmoontlik om enige beheer oor sulke verblyfplekke uit te oefen en hulle selfs netjies en skoon te hou. Die waens,

---

[33] TAB, FK 896, CO 291/28, volume 1 1901, report on Burgher Camp Heidelberg by W.K. Tucker, 20.04.1901.

waarop gereeld groot hope klere en beddegoed deurmekaar gelê het, het ‘n indruk van uiterste slordigheid geskep. Ossewaens moes verbied word, aangesien hulle in ‘n dig bewoonde kamp gevaar ingehou het.[34]

Benewens die tente het Franks ook oor die sooihuise in die konsentrasiekamp verslag gelewer. Dit was lang geboue wat uit 82 kamers bestaan het. Elke kamer van 12 vt. x 10 vt. (3,64 meter x 3,03 meter) het huisvesting aan ongeveer vyf persone gebied, gewoonlik ‘n moeder en vier kinders of ‘n ouerpaar en drie kinders. Oor die algemeen het dit vir Franks gelyk asof die inwoners met hierdie tipe woonplekke tevrede was.[35]

Die Dameskommissie wat die konsentrasiekamp op Heidelberg in November 1901, ongeveer twee maande later, besoek het, het Franks se bevindings aangevul en die verspreiding van die verskillende tipes tente en sooihuise in hulle verslag aangeteken. In kamp een was daar hoofsaaklik net ronde tente, terwyl, in kamp twee, die drie rye sooihuise in die middel met dieselfde tipe tente omring was. Volgens die verslag het die meeste van die kamers van 12 vt. x 12 vt. x 7vt. (3,64 meter x 3,64 meter x 2,12 meter), waarvan die dakke te laag was, nie oor goeie ventilasie beskik nie. Van die inwoners het oor die klammigheid binne in die sooihuise gekla. Tog het die meeste inwoners hierdie huisvesting bo die ronde tente verkies. ‘n Groot groep van die inwoners het hulle kamers na die beste van hulle vermoë netjies in stand gehou, terwyl die netheid van die ander groep se kamers veel te wense oorgelaat het. Kamp drie het uit 146 markeetente bestaan. Elkeen het drie gesinne gehuisves. Die kommissie het hierdie kamp beskryf as baie skoon en goed in stand gehou, terwyl hulle beweer het dat “their inhabitants were quite the aristocracy of the camp.” Kamp drie het die kommissie oor die algemeen gunstig beïndruk. Vir die ordelikheid wat daar geheers het, die

---

[34] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, pp. 296-297.

[35] *Ibid*., p. 296.

pragtige voorkoms van die kamp, die groot spasies tussen die markeetente en die mooi oprigting daarvan het die kommissie net lof gehad. Daarby was daar van oorbevolking in dié kamp nie sprake nie. Net soos Franks, het hulle die aanwesigheid van ossewaens binne die kamp en vee in die onmiddellike omgewing daarvan afgekeur. Gevolglik het hulle aanbeveel dat geen veekrale naby die tente opgerig word nie en dat alle waens op een plek getrek moes word.[36]

Vanweë ‘n gebrek aan bronne, kan daar slegs gespekuleer word dat die uiterste koue en warm temperature, onderskeidelik in die winter- en somermaande, vir die tentbewoners ondraaglik moes gewees het. Tydens donderstorms in die somermaande is daar groot skade aan die tente aangerig. Die omstandighede waaronder dié inwoners moes leef, het tot gevolg gehad dat hulle weerloos teen die aanslae van die natuur was. Daarenteen het die sooihuise die inwoners beter teen die elemente van die natuur beskerm. In sy verslag van 23 Desember 1901 het Bentick geskryf dat die sooihuise “although low, are very much cooler than tents and very popular”.[37]

Teen Januarie 1902 het daar stemme opgegaan om die gehawende tente met rye kamers te vervang, gebou van songedroogde bakstene en van sinkdakke voorsien. Die nuwe senior mediese offisier op Heidelberg, dr. H. Crook, wetende dat toekomstige huisvesting in die kampe in oorweging was, het die verweerde toestand van die tente en die bouvalligheid van die sooihuise in sy maandverslag onder die aandag van die militêre owerhede in Pretoria gebring. Alhoewel die sooihuise baie gewild onder die kampinwoners was, en Allison in sy kampverslae van geen tekens van verweer melding gemaak het nie, moet daar aanvaar word

[36] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, pp. 185, 187.

[37] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentick (inspector Burgher Camps), 23.12.1901, p. 2.

dat klimaatstoestande dit wel veroorsaak het. Die mediese offisier, wat bewus daarvan was dat ook die sooihuise afgekeur is en dat superintendent Allison op die aankoms van nuwe tente om die sooihuise en tente te vervang gewag het, het sy standpunt oor die herstel van die sooihuise gestel. Dit kon geskied deur slegs die mure te herstel en die dakke te verhoog. Sodoende sou die sooihuise geriefliker en gesonder as die ronde tente wees. Dit sou ook nie buitensporig duur wees nie.[38] Twee maande later rapporteer Allison in sy verslag oor ‘n besluit om onmiddellik met die vervanging van tente deur hutte van steen met sinkdakke te begin. Hy was daarvan oortuig dat die besluit “will undoubtedly make the refugees perfectly comfortable.”[39] Die werk het dadelik begin en in die volgende maandverslag het ‘n tevrede Allison gerapporteer dat twaalf nuwe hutte en ses herboude hutte “are a great improvement to the old quarters, and are much appreciated.”[40]

Reeds in Mei 1902 het die winter met sy ysige koue op Heidelberg toegeslaan. Verdere bouwerk aan die nuwe hutte het na die vredesluiting op die 31ste tot stilstand gekom, terwyl die tentbewoners aan die genade van die winter uitgelewer was. Om hierdie mense teen die koue te beskerm, het die kampowerhede opdrag gegee om al die tente wat nie in gebruik was nie, bo-oor die bestaande tente op te slaan.[41] In Junie het uiters koue toestande Heidelberg

---

[38] *Ibid*., report on Burgher Camp Heidelberg by senior medical officer, Dr. H Crook, January 1902, p. 2.

[39] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p.4.

[40] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, April 1902, p. 2.

[41] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, May 1902, p. 2.

getref en die ekstra tente wat oor die ronde tente opgeslaan is, het volgens Allison gehelp om hulle effens warmer te hou.[42]

*The Heidelberg News* se redaksie het die omstandighede waaronder die kampinwoners moes lewe, tydens ‘n besoek aan die konsentrasiekamp in November 1901 soos volg saamgevat: “Their household encumbrances are, as a rule, by no means heavy. Vessels of tin and furniture of packingcase are quite the fashion.” Volgens *The Heidelberg* News moes dit vir die tentbewoners moeilik gewees het om daagliks in sulke toestande te leef met baie min om hulle mee besig te hou. Selfs die feit dat die tente baie naby aan mekaar was, het probleme veroorsaak. Om in ‘n tent te woon met die agterdeur ongeveer twee treë van die buurman se voordeur en ‘n gesprek aan te hoor wat in die privaatheid in ‘n geslote tentkamer gevoer word, moes vir die toehoorders ‘n groot ongerief of selfs ‘n verleentheid gewees het. Onder alle omstandighede was genade van Bo ‘n vereiste vir die mense om hulle van “language more forcible than elegant” te weerhou.[43]

Alhoewel *The Heidelberg News* uit ‘n Britse perspektief oor die toestande in die konsentrasiekamp op die dorp geskryf het, wil dit voorkom of die kampinwoners oor die algemeen redelik tevrede was. ‘n Sin in die berig dat “the residents in the canvass town are made as comfortable as circumstances permit”[44], skep die indruk dat die kampowerhede uit hulle pad gegaan het om dit vir die wetgehoorsame en goed gemanierde inwoners van die konsentrasiekamp so gerieflik moontlik te maak.

---

[42] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1902, p. 3.

[43] *The Heidelberg News*, “Heidelberg Refugee Camp”, 15.11.1901.

**[44]** *Ibid*., 15.11.1901.

### 3.1.6 Aankoms in die kamp

Onder die geledere van ongeveer 2 000 inwoners in die konsentrasiekamp op Heidelberg het baie verarmde gesinne, meesal vroue en kinders, sedert hulle aankoms in die kamp die simpatieke aandag van die kampowerhede geniet. Reeds in sy eerste kampverslag, in Junie 1901, het Allison die toestand waarin die vroue en kinders met hulle aankoms in die konsentrasiekamp op Heidelberg verkeer het, as "pitiable in the extreme" beskryf. Hierdie mense, wat met niks by die kamp opgedaag het nie, het die vernietiging van hulle matrasse en komberse gerapporteer. Dit het die kampowerheid genoodsaak om, onder andere, komberse aan hulle uit te reik.[45] In die kampverslag van Julie 1901 het Allison die gehawende toestand van die nuwe aankomelinge soos volg beskryf: "Refugees, principally women and children, arriving from the outlying farms, come in a most pitiful state, some of them in rags, and their feet showing through their boots ..." Hieraan is volgens Allison so gou moontlik aandag gegee deur hierdie mense van die nodige klerasie en skoeisel te voorsien.[46] Volgens sy verslag van Augustus 1901 was die voorkoms van die mense (Allison bedoel seker die weggevoerde gesinne wie se mans en vaders op kommando was) "coming in to surrender ... in a pitiful state as regards clothing and boots, and have all to be supplied with apparel and blankets."[47] Tot in Desember 1901 het talle verflenterde gesinne wat by die kamp op Heidelberg aangekom het, klerasie en skoene benodig. Die kampowerhede het volgens Allison nie gehuiwer om in hierdie behoefte te voorsien nie.[48] Hierdie toestand het met verloop van tyd

---

[45] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 4.

[46] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 234.

[47] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg, August 1901 by A.A. Allison, p. 349.

[48] TAB, DBC 11, 12, monthly reports on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October and December 1901, pp. 3, 2.

klaarblyklik verbeter. Op 2 September 1902 het C.E.W. Sands, inspekteur van konsentrasiekampe, gerapporteer dat ‘n goeie voorraad klere in Augustus aan die kampinwoners oorhandig is, waarna hulle goed gekleed voorgekom het.[49]

Die inwonertal in die kamp is gereeld met die aankoms van wavragte vroue en kinders en soms met ‘n paar oumanne en jong seuns aangevul. Met hulle aankoms in die kamp is boodskappe van naasbestaandes en van die burgers op kommando aan die kampinwoners oorgedra. Sommige van hierdie boodskappe, wat allesbehalwe ‘n liefdevolle toon gehad het, het die bestaande kloof tussen die patriotte en die hendsoppers verder vergroot. Boodskappe in die trant van “vertel aan Piet hy is ‘n lafaard en ‘n valsaard en as ons hom ooit in die hande kry, sal dit sy laaste dag wees”, of “sê vir Niklaas as ons wen, gaan ons hom ‘n kneg van knegte vir die res van sy dae maak as ons hom nie hang nie” is soms aan die inwoners oorgedra.[50] Met hierdie tipe boodskappe wou die nuwe aankomelinge hulle weersin in die optrede van die hendsoppers te kenne gee en terselfdertyd verseker dat hulle in hierdie donker tyd staande sou bly.

**3.1.7 Verskaffing van verbruiksware aan die kampbewoners**

Die kampowerhede was bewus van die haglike toestand waarin talle van die kampinwoners by hulle aankoms op Heidelberg verkeer het en was dus om menslikheidsredes genoodsaak om daadwerklike pogings aan te wend om hierdie verarmde gesinne van die broodnodige lewensmiddele te voorsien. Tot na afloop van die oorlog sou die Britse kampowerhede die fisieke en mediese versorging van die gesinne behartig. Brittanje se rol as versorger van Boeregesinne in die konsentrasiekampe sou die Britse belastingbetaler baie geld uit die sak jaag.

---

[49] TAB, DBC 13, report on Burgher Camp by C.E.W. Sands, 02.09.1902, p. 1.

[50] *The Heidelberg News*, “Heidelberg Refugee Camp”, 15.11.1901.

Deur van die dienste van besighede in die kamp op Heidelberg gebruik te maak, het die kampowerhede die allernoodsaaklikste benodigdhede vir die hulpbehoewende kampinwoners bekom. Poyton Bros. Store het hierdie funksie verrig en tussen Julie 1901 en Februarie 1902 het die Burgher Camps Department ongeveer £777, gemiddeld £111 per maand, se goedere by hierdie onderneming aangekoop om aan die kampinwoners te voorsien. Dit het ingesluit ongeveer 2 668 jaart (2 428 meter) katoenflanel, 666 paar skoene en stewels, 70 kookpotte, 51 ketels en 32 emmers. Terselfdertyd het die militêre kamp op Heidelberg in hierdie tydperk onder andere ook 190 militêre komberse, 38 groot en klein emmers en ses paar stewels aan die kampbewoners uitgereik.[51] In dieselfde tydperk het 'n subkomitee van die Nederlandse Bystandsfonds drie keer voorrade aan die konsentrasiekamp oorhandig. Dit het ongeveer 2 091 jaart (1 903 meter) katoenflanel, 1 560 jaart (1 420 meter) rokmateriaal, 507 jaart (462 meter) linne, 79 pakke klere, 591 komberse en 1 246 paar stewels en skoene ingesluit.[52] Die konsentrasiekamp op die dorp het in Julie 1901 ook 'n skenking van P.C. Schultz van Kaapstad ontvang, wat bestaan het uit voedsel, seep, klerasie, medisyne, kastorolie, en een baal komberse.[53]

Die kwessie van voedselvoorsiening aan inwoners van die konsentrasiekampe was sedert hulle ontstaan die aspek van die daaglikse bestaan waaroor die meeste ontevredenheid geheers het. Met moontlik die uitsondering van die bywoners was die meeste gesinne gewoond daaraan dat daar aan voedsel op plase geen skaarste was nie. Hier moes hulle egter nou by oorlogstoestande met tekorte en beperkte voorrade aanpas. Die kampinwoners op Heidelberg het

---

[51] TAB, DBC 11, 12 14, British Bluebooks, Cd 819 and 893, monthly reports on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901 – February 1901.

[52] TAB, DBC 12, 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, pp. 3-4, August 1901, p. 2; February 1902, p. 2.

[53] TAB, British Bluebooks, Cd 819 monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1902, p. 234.

volgens die maandverslae van superintendent Allison nie tekorte ervaar nie. Hierin is hy ondersteun deur twee vooraanstaande wapenneerlêers, naamlik F. Wepener, oud-landdros, en vk. P. Groesbeek van die Heidelbergkommando, se verslag van 21 Januarie 1901 oor die "two refugee camps near Heidelberg" wat hulle op versoek van distrikskommissaris Vallentin besoek het. Genoegsame voedselvoorsiening aan die inwoners het gunstige kommentaar by Wepener en Groesbeek uitgelok. Albei het aangedui dat die inwoners self kwaadwillige gerugte oor voedselvoorrade die nek ingeslaan het toe nege uit elke tien persone wat ondervra is, hulle tevredenheid hieroor te kenne gegee het. Die voorrade wat hulle ontvang het, het ingesluit mieliemeel en meelblom, suiker en 'n klein hoeveelheid vleis. Alhoewel die mieliemeel soms nie van die beste gehalte was nie, het daar by die inwoners geen rede tot enige klagte bestaan nie. Oor die kwessie van genoegsame voedselvoorsiening het die vlugtelinge Wepener en Groesbeek versoek "to carry their thanks and appreciation to Major Vallentin for the humanity shown on behalf of Her Majesty's Government."[54]

Uit Wepener en Groesbeek se verslag duik 'n aantal vrae op. Eerstens, het hierdie twee persone met so 'n positiewe verslag enige bymotiewe gehad om sodoende op beter behandeling vir die "refugees" aanspraak te maak? Tweedens was beide waarklik eerlik tydens die skryf van genoemde verslag? Derdens kon die Britse owerhede hierdie twee ten volle vertrou? Op die eerste twee vrae kan daar nie definitiewe antwoorde verstrek word nie, maar oor die derde vraag bestaan daar geen twyfel nie. Die "refugees" se Britsgesinde houding sou veral met die troonsbestyging van Eduard VII duidelik word. Selfs die erns waarmee Wepener en Groesbeek na wapenneerlegging die Britse saak verdedig het, laat geen twyfel waar hulle lojaliteit gelê het nie.

---

[54] TAB, PMO 76, verslag oor "refugee camp" Heidelberg opgestel deur F. Wepener en P. Groesbeek, 21.01.1901, p. 70.

In teenstelling met die voorsiening van beskikbare lewensmiddele aan die kampinwoners, was voedselvoorrade nie so maklik verkrygbaar nie. Distrikskommissaris Vallentin moes sedert die ontstaan van die Heidelbergse "refugee camp" in Oktober 1900 totdat Maxwell in Pretoria die beheer van alle bestaande kampe 'n maand later in November oorgeneem het, self die mas opkom. In 'n skrywe aan Maxwell op 11 Februarie 1901 het hy gemeld dat hy gedurende hierdie tydperk sonder enige instruksies en regulasies gereeld op eie verantwoordelikheid moes optree. Gevolglik moet daar nie uit die oog verloor word dat mense op soek na beskerming op die dorp begin aankom het nie. Hierdie toestand het Vallentin aangespoor om sy beste te lewer. Aan Maxwell het Vallentin die versekering gegee dat hy die ekonomie in gedagte gehou het en voortgegaan dat "had the way been made smoother for me by assistance being given me by the Supply Department, instead of every obstacle being thrown in the way, I daresay I could have managed better, as it was I had to collect food for starving people, where I could get it."[55]

Vallentin se "food for starving people" moenie met Wepener en Groesbeek se tevredenheid met die voedselvoorrade verwar word nie. Sy soeke na voedsel vir hierdie mense het in Oktober/November 1900 plaasgevind. Wepener en Groesbeek se verslag het twee maande na die oorname van die kampe deur Maxwell, die militêre goewerneur in Pretoria verskyn, toe daar reeds 'n taamlike verbetering in die lewering van voedselvoorrade ingetree het.

Namate die kampe meer geword het, het die gedagte ontstaan om die hele stelsel aan 'n sentrale beheer te onderwerp. Soos reeds genoem, het Maxwell in Pretoria teen November 1900 die beheer van die Transvaalse kampe oorgeneem en terselfdertyd 'n rantsoenskaal vir die weeklikse verskaffing van voedsel aan die kampbewoners opgestel. Hierdie rantsoenskaal het 'n onderskeid tussen

[55] TAB, MGP, volume 207, no. C/85/01, letter J.M. Vallentin District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 11.02.1901, p. 120.

kampinwoners gemaak deur hulle in twee groepe te klassifiseer, naamlik eerstens die “bona fide refugees, who have come in for protection from Boers” en tweedens “all other classes of refugees.” Ten opsigte van die eerste groep sou alle persone bo twaalf jaar 7 lb. (3,15 kg) meel of meelblom, 4 oz. (113,6 g) sout, 6 oz. (170,4 g) koffie, 12 oz. (340,8 g) suiker en 1 lb. (0,45 kg) vleis weekliks ontvang. Kinders onder twaalf jaar sou 12 oz. (340,8 g) suiker en die helfte van die ander voedselvoorrade kry. Alle persone bo twaalf jaar in groep twee sou weekliks 7 lb. (3,15 kg) meel of meelblom, 4 oz. (113,6 g) sout, 4 oz. (113,6 g) koffie, 8 oz. (227,2 g) suiker maar geen vleis ontvang nie. Kinders onder twaalf jaar sou 8 oz. (227,2 gram) suiker en die helfte van die ander voedselvoorrade ontvang.[56]

Die onderskeid wat daar tussen die twee groepe ten opsigte van rantsoene gemaak is, is in Maart 1901 met die inwerkingstelling van verbeterde skale beëindig. Behalwe dat alle kampinwoners voortaan dieselfde hoeveelheid voedselvoorrade sou ontvang, sou die nuwe skale op volwassenes, kinders tussen vyf en twaalf jaar en kinders onder vyf jaar van toepassing wees.[57]

Bogenoemde rantsoene is by veranderende omstandighede aangepas. Dit het nou saamgehang met die groei van die konsentrasiekampe, wat spoedig ‘n verandering van die rantsoenskale regverdig het. In hoofsaak was dit daarop gemik om die kampbewoners se immuniteit teen siektes deur gesonde en verbeterde voeding te verhoog.

---

[56] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, V*, p. 41:37; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 83. Beide outeurs verwys na Britse Blouboeke, Cd 819, p. 21.

**[57]** A.C. Martin, *The Concentration Camps 1901-1902: Facts, Figures and Fables*, pp. 89, 97.

Volgens die maandelikse kampverslag van Mei 1901 het waarnemende superintendent E.R. Harvey die gehalte van die voedselvoorrade as goed bestempel en bygevoeg dat “the people express themselves as being well satisfied with the quality of the provisions served out to them.” Harvey het selfs die vleis wat twee keer per week deur die Army Service Corps gelewer is, as “excellent quality” beskryf.[58] Daarenteen het Allison in die maandverslag van Junie 1901 ‘n ander mening oor die gehalte van die vleis vanaf die Army Service Corps uitgespreek. Hy het dit as baie swak bestempel en die lang afstande wat die skape moes reis en die karige, beskikbare weiding langs die pad vir die swak gehalte geblameer.[59] Hier is twee teenstellings, aangesien die Junieverslag daarop dui dat Allison nie met Harvey se gevolgtrekkings oor die gehalte van die vleis kon saamstem nie.

Probleme wat daar oor veral vleisvoorsiening bestaan het, is skynbaar opgelos en Allison kon in sy verslag van Julie 1901 verklaar: “The supplies forwarded are of excellent quality in every respect ...” Vervolgens is die rantsoene in dieselfde maand uitgebrei deur die toevoeging van rys,[60] en steenkool en brandhout in Augustus, wat volgens Allison van goeie gehalte was.[61]

In sy verslag oor sy besoek aan die Heidelbergse konsentrasiekamp op 7 September 1901, het dr. Kendal Franks aangedui dat die kampowerhede dieselfde rantsoene as die ander konsentrasiekampe uitgedeel het. Franks het

---

[58] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by E.R. Harvey, May 1901, p. 1.

[59] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 2.

[60] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A.Allison, July 1901, p. 233.

[61] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A.Allison, August 1901, p. 349.

sy bevindinge oor die lewering van voedselvoorrade aan die kampinwoners duidelik in sy verslag uiteengesit. Meelblom en suiker het geen probleme opgelewer nie, maar die hoeveelheid koffie vir 'n klein gesin was volgens kampsuperintendent Allison ontoereikend. Rys, wat sedert 22 Julie deel van die rantsoene uitgemaak het, het in 'n stadium uit voorraad geraak, maar was gou weer ruim beskikbaar. Die lewering van vars melk aan die kamp het nie bestaan nie. In plaas daarvan is geblikte melk onder twee handelsmerke, naamlik "Milkmaid" en "Sledge", aan die kamp voorsien. Volgens Franks was eersgenoemde uitstekend, maar laasgenoemde, wat tekens van verrotting getoon het, is gereeld deur die kampinwoners teruggebring. Franks, wat hiervan getuie was, het aanbeveel dat die gebruik van hierdie handelsmerk beëindig word. Kinders onder twee jaar wat van melkvoeding afhanklik was, het elke tweede dag 'n blik melk ontvang.[62] Uit die maandverslag van Januarie 1902 blyk dit dat Franks se voorstel om slegs die melk met die "Milkmaid" handelsmerk aan die kampinwoners uit te reik, deur die kampowerhede aanvaar is.[63]

Franks het in sy verslag ook oor die uitreiking van rantsoene gerapporteer. Vleisrantsoene, wat uit skaapvleis bestaan het, is weekliks aan die kampinwoners voorsien. Volgens die rantsoenskale sou volwassenes 3 lb. (1,5 kg) en kinders onder twaalf jaar 2 lb. (0,9 kg) vleis weekliks ontvang. Vleis waaroor daar twyfel bestaan het, is voor gebruik eers deur 'n mediese dokter geïnspekteer. Noodsaaklike verbruiksgoedere soos seep en steenkool is op 'n weeklikse grondslag uitgereik. Die rantsoenskaal ten opsigte van steenkool het 14 lb. (6,3 kg) per volwassene en 7 lb. (3,15 kg) vir elke kind onder twaalf jaar beloop. Allison het nie met hierdie rantsoenskaal saamgestem nie en gevolglik met 'n nuwe voorstel ten opsigte van 'n verandering in dié skaal vorendag

---

[62] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 297.

[63] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, January 1902, p. 4.

gekom. Volgens Allison moes brandhout en steenkool per familie en nie per kop uitgedeel word nie, aangesien die voorbereiding van ‘n ete vir vyf persone in werklikheid amper net soveel brandstof as ‘n ete vir tien persone sou vereis. Franks het hierdie voorstel heelhartig ondersteun.[64]

Allison het na Franks se besoek voortgegaan om elke maand oor die beskikbaarheid en gehalte van die gelewerde voorrade te rapporteer, wat volgens hom uitstekend was. ‘n Besending botter bestem vir uitdeling aan die kampinwoners het die kamp in Oktober 1901 bereik.[65] Vir die kampinwoners moes die onverwagse meevaller ‘n luukse gewees het, aangesien botter nie aldag op die tafel verskyn het nie.

Die besoek van die Dameskommissie op 21 en 22 November 1901 aan die konsentrasiekamp op Heidelberg het ‘n paar gebreke ten opsigte van die rantsoene blootgelê wat die aandag van die kampowerhede vereis het. Die kommissie het bevind dat die uitdeel van kruideniersware weekliks op Donderdae en die voorsiening van vleis twee keer per week geskied het. Aangesien daar ‘n tekort aan vleis ontstaan het, het dit superintendent Allison verplig om vars vleis en geblikte beesvleis om die beurt aan die kampbewoners te voorsien. Groente was glad nie by die rantsoene ingesluit nie. Indiërhandelaars het ten duurste met groente in die kamp gesmous. So, byvoorbeeld, het drie klein rape ongeveer drie pennies gekos, terwyl ‘n klein pampoen teen ongeveer ses pennies van die hand gesit is. Verder het die kommissie bevind dat elke lid van ‘n gesin weekliks ‘n ekstra drie onse (85,2 g) seep ontvang het. Die kampbewoners moes hul koffierantsoene, wat uit koffiebone bestaan het, self maal, terwyl ‘n ekstra twee oz. (56,8 g) hierby

---

[64] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, pp. 297-298.

[65] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October 1901, p. 2.

toegelaat was. Aanvanklik het Allison elke tweede dag 'n blik melk aan alle kinders onder twee jaar uitgedeel "in addition to the ration of meat." Ingevolge 'n nuwe bevel wat in Pretoria uitgereik is, het Allison op 18 November, drie dae voor die koms van die Dameskommissie, begin om, in plaas van die vleisrantsoene, daagliks 'n bottel melk aan elke kind onder drie jaar uit te reik. Die uitreiking van 'n bottel melk, bestaande uit 'n mengsel van drie bottels warm water en 'n blik gekondenseerde melk, sou talle families se vleisverbruik raak.[66]

Die Dameskommissie se bevinding oor die nuwe maatreël was dat "the issue of milk for the children is rather reduced, and the family loses the benefit of the children's meat ration. We think this was not what was intended, and that an addition to rations as a whole was contemplated, and not the reverse." Gevolglik was hulle aanbeveling in lyn met hulle bevinding. Die voorsiening van melk aan kinders moes voortgesit word, "but let it be in addition to their former ration and not in lieu of meat."[67]

Ten tye van die besoek van die Dameskommissie het die drie bestaande openbare bakoonde in die kamp nie gefunksioneer nie. Materiaal vir nog vier bakoonde het toe reeds die spoorwegstasie op Heidelberg bereik. Sewe bakoonde kon volgens die kommissie, wanneer dit in werking was, ongeveer 60 brode met een slag bak wat genoegsaam vir die hele kamp sou wees.[68] Die kommissie se bevinding in hierdie opsig is nie logies nie. Sestig brode met een baksel vir 'n kamp van ongeveer 2 000 inwoners is heeltemal ontoereikend. Intussen is 'n groot kombuis vir die kamp in November 1901 voltooi.[69] Volgens

[66] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 185.
[67] *Ibid*., pp. 185, 188.
[68] *Ibid*., p. 185.
[69] TAB, DBC 14, report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1901, p. 5.

kapt. E. Bentinck, inspekteur van "Burgher Camps", se inspeksieverslag van die kamp ongeveer 'n maand na die Dameskommissie se besoek, blyk dit dat al die bakoonde in werkende toestand was. Sy verslag skep die indruk dat daar benewens die openbare bakoonde ook baie private bakoonde in die kamp aanwesig was.[70]

In opvolging van die Dameskommissie se verslag het Bentinck op 23 Desember 1901, na sy inspeksie van die Heidelbergse konsentrasiekamp, sy bevindinge en aanbevelings oor die rantsoene op skrif gestel. Die enigste klagte het oor die voorsiening van vars vleis gehandel, wat slegs eenkeer per week uitgereik is. Hy was hoopvol dat die voorsiening van vleis vanaf die koelkamers (refrigerated meat) hierdie probleem eerlank sou oplos. Om meer vleis aan die kampinwoners te verskaf, het Bentinck die vermindering van oormatige rantsoene ten opsigte van meelblom en die vervanging daarvan deur bykomende vleis of groente voorgestel. Melk aan kinders onder vyf jaar moes volgens die rantsoenskale en in opdrag van die dokter uit twee blikke melk elke drie dae bestaan. In dié stadium het die uitreiking van groente nie plaasgevind nie. Groente was van Natal af en ook van plaaslike groentetuine af verkrygbaar, maar die kampinwoners kon die plaaslike produsente se buitensporige pryse nie bekostig nie. Gelukkig was daar die vooruitsig dat die groentetuine in die kamp, wat deur die inwoners self bewerk is, spoedig sou produseer. Intussen het daar na Bentinck se oordeel ook 'n uitstekende sopkombuis in die kamp tot stand gekom, waar talle hulpbehoewende kampinwoners gereeld voedsame sop en brood ontvang het.[71]

Die Dameskommissie en Bentinck se aanbevelings het klaarblyklik tot 'n verbetering in rantsoene gelei. In sy verslag van Februarie 1902 oor die

---

[70] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, p. 3.

[71] *Ibid*., pp. 2-3.

Heidelbergse konsentrasiekamp het Allison gemeld dat daar ‘n aansienlike verhoging in die rantsoene plaasgevind het. Hierbenewens het Allison ook van ekstra voedselvoorrade melding gemaak. Of dit by die verhoogde rantsoene ingereken was, kon nie uit Allison se verslag vasgestel word nie. ‘n Moontlike rede hiervoor kan wees dat gereelde somerbuie ‘n baie goeie groenteproduksie in Heidelberg tot gevolg gehad het, wat tot voordeel van die kampinwoners aangewend kon word. Die ekstras het uit die volgende bestaan: 1 165 lb.(524,25 kg) ertappels, 9 998 blikke melk, 2 000 lb. (900 kg) groente, 1 264 lb. (568,8 kg) uie en 454 lb (204,3 kg) botter.[72]

Die rantsoene wat in Januarie 1902 in al die Transvaalse en Vrystaatse kampe in werking getree het, het ‘n groter verskeidenheid voedsel vir die kampinwoners in die vooruitsig gestel. By die bestudering van die nuwe rantsoene val dit onmiddellik op dat daar, ooreenkomstig Kitchener se maatreël van Maart 1901 om die verskille op te hef, geen onderskeid tussen die twee groepe kampinwoners, naamlik die bevoorregte families van die hendsoppers en die nie-bevoorregte families van die oorlogvoerende burgers, bestaan het nie. Die nuwe rantsoene het die kampinwoners in vier groepe verdeel, naamlik eerstens, kinders onder twee jaar; tweedens, kinders bo twee jaar en onder vyf jaar; derdens, kinders bo vyf jaar en onder twaalf jaar; en vierdens*,* volwassenes.

Aangesien die nuwe rantsoene ook op die Heidelbergse konsentrasiekamp van toepassing was, is dit belangrik om die weeklikse uitreikings te noem. Eerstens, kinders onder twee jaar sou die volgende ontvang: 13,3 liter melk, 2,5 lb. (1,125 kg) meel, ses onse (170,4 g) suiker, ses oz. (170,4 g) stroop, vier oz. (113,6 g) botter, twee oz. (956,8 g) sout, agt oz. (227,2 g) seep, terwyl sop en vleis deur die kampmatrone voorsien sou word. Tweedens*,* aan kinders bo twee jaar maar onder vyf jaar sou die volgende uitgereik word: 13,3 liter melk, 6 oz. (170,4 g)

[72] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, February 1902, p. 4.

stroop, 3,5 lb. (1,575 kg) meel, 6 oz. (170,4 g) suiker, 4 oz. (113,6 g) botter, 2 oz. (56,8 g) sout, 8 oz. (227,2 gram) seep en laastens 2 lb. (0,902 kilogram) vleis en sop. Derdens*,* kinders bo vyf jaar en onder twaalf jaar sou weer met die volgende uitgereik word: 6,65 liter melk, 5 lb. (2,25 kg) meel, 6 oz. (170,49 g) suiker, 6 oz. (170,49 g) stroop, 8 oz. (227,2 g) rys, boontjies of stampmielies, 4 oz. (113,6 g) sout, 4 oz. (113,6 g) botter, 4 oz. (113,6 g) koffie, 3 lb. (1,35 kg) vleis, 8 oz. (227,2 g) seep en 24 oz. (681,6 g) groente. Vierdens*,* volwassenes sou die volgende voedselvoorrade ontvang: 7 lb. (3,5 kg) meel, 12 oz. (340,8 g) suiker, 7 oz. (198,8 g) koffie, 4 lb. (1,8 kg) vleis, 4 oz. (113,6 g) sout, een blik melk, 1 lb. (0,45 kg) stampmielies, rys of boontjies, 24 oz. (681,6 g) groente en 8 oz. (227,2 g) seep.[73]

Die kommoditeit waaroor die meeste klagtes ontstaan het, is eers in Junie 1902 tot die Heidelbergse kampinwoners se tevredenheid opgelos. In sy maandverslag van Junie 1902 het ‘n tevrede Allison gerapporteer dat “arrangements have been made for the supply of frozen meat twice a week.”[74] In dieselfde trant het Allison tot met die sluiting van die kamp op die dorp aan die einde van 1902 oor die voorrade verslag gelewer wat volgens sy oordeel van goeie gehalte was.[75]

Britse en Afrikaanse historici verskil reeds vir die afgelope vyftig jaar oor die rantsoene en die gehalte van voedsel wat aan die kampinwoners uitgereik is. Dit is veral A.C. Martin, in sy werk *The Concentration Camps 1900-1902: Facts,*

---

[73] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 99-100. Otto verwys na Britse Blouboeke, Cd 934, *Further papers relating to the Working of the Refugee Camps in South Africa,* pp. 96-97.

[74] TAB. DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, May 1902, p. 3.

[75] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1902, p. 1.

*Figures and Fables,* wat nie met Otto saamstem nie en hom heftig oor sy foutiewe vertolking van die amptelike Britse dokumente kritiseer. Die aanvanklike onderskeid tussen kampinwoners ten opsigte van ‘n Klas 1 of Skaal A wat meer rantsoene as die persone in Klas 2 of Skaal B ontvang het, het Otto soos volg geïnterpreteer: Klas 1, wat van toepassing was op die burgers wat vrywillig vir beskerming na die kampe gestroom het, het hy as “hendsoppers of verraaiers” bestempel, terwyl hy die persone in Klas 2 wat deur die Britse soldate vir beskerming ingebring is, beskryf het as “huisgesinne van persone wat aan hul land en volk getrou gebly het.” Ten spyte daarvan dat albei groepe in die konsentrasiekampe sedert Maart 1901 “are rationed on the same basis and no distinction whatever is made”, het Otto steeds die diskriminasie in die rantsoenskale beklemtoon. Selfs wat betref die gehalte van die voedselvoorrade, veral vleis, het Martin nie gehuiwer om Otto se gevolgtrekkings oor die gehalte daarvan te kritiseer nie. Volgens Martin is dit duidelik dat Otto die maer vleis wat aan die kampe gelewer is, as van ‘n minderwaardige gehalte beskou het. Daarmee het Martin saamgestem, maar dit het hom gegrief dat Otto die voortdurende runderpes onder die beeskuddes, wat in ‘n groot mate die voorsiening van vleis beïnvloed het, in sekere dele van die land verswyg het. Die dokumente wat Otto onder oë gehad het, het bewyse bevat dat geen ander vleis vir uitreiking beskikbaar was nie en gevolglik moes alle burgerlikes, die Britse leër en die “refugees” met vleis van dieselfde gehalte tevrede wees. Laastens het Otto ook die beskuldiging van “geen spesiale voedsel vir kinders nie” geopper. Martin bestempel so ‘n aanklag as nie ‘n weerspieëling van die ware toestand nie, omdat die rantsoenskale van Maart 1901 duidelik aangetoon het watter voedselsoorte kinders onder vyf jaar sou ontvang. Maatreëls ten opsigte van onder andere melkvoorsiening aan kinders kom telkens in die verskeie kampverslae na vore. Martin se reaksie is begryplik as hy sê: “How Dr. Otto could fail to notice the innumerable instances of special consideration given to children is altogether incomprehensible.”[76] Martin se kritiek op Otto se werk, is

[76] A.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902*, pp. 88-95, 97.

sonder om enigsins afbrekend te wees, geregverdig, aangesien Otto se benadering in sy weergawe van die konsentrasiekampe meer anti-Brits gerig was.

Fransjohan Pretorius, ‘n Afrikaanse historikus, is van mening dat die Britse historikus, Andrew Roberts, se standpunt oor die redes vir die hoë sterftesyfer onder die kampinwoners waarby die Britse kamppersoneel soos superintendente, medici en verpleegsters ingesluit is, inkorrek is. Volgens Roberts was dit die gevolg van die maselsepidemie en die ernstige implikasies daarvan, soos diarree en longontsteking. Pretorius gee Roberts hierin gelyk, maar kritiseer hom terselfdertyd omdat hy nie die ware rede ingesien het nie. Volgens Pretorius is die skokkende kwaliteit van die voedselvoorrade, as gevolg van growwe nalatigheid en swak administrasie, verantwoordelik vir die aftakeling van die menslike immuniteit en die groot toename in sterftes aan bogenoemde siektes. Daarmee saam het, volgens Pretorius, die “gedwonge saamgroepering” van mense uit die landelike gebiede wat oor geen weerstand teen epidemies beskik het nie, deur die Britse militêre owerhede tot ‘n verhoogde sterftesyfer gelei.[77] Pretorius is korrek in sy sienswyse oor die swak voedselvoorrade en geen immuniteit teen siektes nie. Voedselvoorrade se kwaliteit het egter van kamp tot kamp verskil terwyl regulasies ten opsigte van die immunisering van babas teen kindersiektes nie bestaan het nie.

In teenstelling met die beskikbare, geskrewe wedervarings van Heidelbergers soos Isabel en Janie Kriegler, Anna Jooste en Cassie O’Reilly oor die daaglikse lewe in die konsentrasiekamp te Merebank in Natal, bestaan daar ‘n groot leemte ten opsigte van persoonlike herinneringe oor die daaglikse lewe in die kamp op Heidelberg. Slegs ‘n enkele dokument kon in die Transvaalse Argiefbewaarplek opgespoor word, naamlik ‘n brief waarin Johanna C. van Wyk van die plaas Hartebeestfontein in die Heidelbergdistrik terloops in ‘n halwe sin na die uitdeel

[77] Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, “Besinning”, p. 272.

van voedselvoorrade in die kamp verwys het. Sy vertel: "...en als ik moet gaan kos ont vang, dan moet ik van 9 uur tot 2 (uur) staan om ons te kasty ..."[78] Uit hierdie opmerking kan die afleiding gemaak word dat dié soort behandeling vir die vroue in die kampe 'n traumatiese ondervinding moes gewees het wat hulle nie maklik sou vergeet nie.

**3.1.8 Selfwerksaamheid**

In die konsentrasiekamp op Heidelberg en ander kampe was selfwerksaamheid 'n vereiste. Talle mans wat in die kamp woonagtig was, het oor handvaardighede beskik wat tot voordeel van die kampgemeenskap aangewend kon word. Die vroue wie se mans op die slagveld diens gedoen het en wat met hulle aankoms nie beddens gehad het nie, moes vir hulle gesinne beddens kry. Daarenteen het die "refugees" wat reeds 'n geruime tyd in die kamp woonagtig was, wel oor slaapgeriewe beskik. Skrynwerkers uit die kamp se geledere het in Julie 1901 vir 'n gedeeltelike oplossing gesorg deur ongeveer 53 "double bedsteads" te vervaardig. Om die tekort aan beddens verder te verlig, het die kampowerhede selfs die hout daarvoor aan families uitgereik om beddens te vervaardig.[79] Die Dameskommissie het in hulle verslag oor die Heidelbergkamp gemeld dat skrynwerkers teen November reeds ongeveer 150 beddens ("kartels") vervaardig het, maar dat die aanvraag daarvoor steeds baie hoog was. Volgens Allison was die Departement van Konsentrasiekampe (Burgher Camps) in Pretoria vir die tekort verantwoordelik, wat sy belofte insake die verskaffing van die allernodigste materiaal, onder andere 'n vrag klein paaltjies, toe nog nie uitgevoer het nie.[80] Die vervaardiging van artikels uit hout moes 'n redelike gewilde bedryf in die

---

[78] TAB, W 19, mevrou P.H.S. van Zyl, oorlogsherinneringe, brief Johanna C. van Wyk, Hartebeestfontein aan *De Transvaler*, 28.03.1904, pp. 1-2.

[79] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 233.

[80] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 185.

kamp gewees het. Daarvan getuig die oprigting van ‘n skrynwerkerswinkel in die kamp in November 1901, wat voortaan vinniger in die behoeftes van die kampinwoners sou voorsien.[81]

Die verhoogde sterftesyfer, hoër as die normale, tydens die maselsepidemie in Julie/Augustus 1901 in die kamp op Heidelberg, het ‘n groot aanvraag na doodskiste tot gevolg gehad. Talle arm families het nie geld gehad om doodskiste en begrafnisfooie te betaal nie. Aanvanklik het die kampowerhede die naasbestaandes tegemoet gekom deur doodskiste wat in die kamp vervaardig is, kosteloos te voorsien,[82] maar later het hulle ook grafte verskaf aan “those who cannot pay the fees.”[83]

Die gebruiksartikel wat die kampbewoners die nodigste gehad het, was ongetwyfeld stewels. Met verloop van tyd is die stewels se sole deurgeloop en moes hulle dringend herstel word. Aangesien die kamp oor ‘n aantal skoenmakers beskik het, het die kampowerhede hulle met die herstel daarvan belas. Teen Desember 1901 het twee skoenmakers met twee assistente elk die herstel van skoene behartig. Die herstel van stewels, wat maandeliks ongeveer 200 paar beloop het, het gratis geskied.[84] Herstelwerk aan stewels het in ‘n stadium tot stilstand gekom vanweë die laaste besending leer in Oktober/November wat slegs uit soolleer en nie boleer (“uppers”) nie vir stewels

---

[81] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1901, p. 5.

[82] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, August 1901, p. 3.

[83] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October 1901, p. 3.

[84] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, December 1901, p. 2.

bestaan het.[85] Om te help om in die aanvraag na leer te voorsien en die koste daaraan verbonde te besnoei, het die kampowerhede ‘n leerlooiery, bestaande uit twee tenks, in die kamp op Heidelberg opgerig om groot hoeveelhede beesvel vir gebruik in die konsentrasiekampe te looi.[86]

Die aanlê van tuine was aanvanklik nie ‘n sukses nie. Hieroor het die Dameskommissie in November 1901 verslag gelewer dat, ten spyte daarvan dat ‘n stuk grond geploeg en bemes is en saad gratis daarvoor beskikbaar gestel is, die mans verseg het om in die tuine te werk. Die kampmatrone wou graag ‘n tuin in die kamp tot stand bring, maar die Dameskommissie het Allison aanbeveel om eerder ‘n tuin vir die hospitaal aan te lê. Allison moes dit deur betaalde arbeid in stand hou en die produkte sou eers vir die hospitaal en daarna vir die siekes in die tente (“lines”) bestem wees.[87] Benewens hierdie tuin het daar ander tuine in die kamp bestaan wat wel deur mans bewerk is. Bentinck het na hierdie tuine verwys toe hy die kamp in Desember 1901 geïnspekteer het. Volgens Bentinck sou dié tuine wat deur die burgers bewerk is, spoedig produseer.[88] Of daar volgens Bentinck se verslag genoeg tuine in die kamp bestaan het om in die kampinwoners se behoeftes te voorsien, is egter nie duidelik nie. In Januarie 1902 het Allison van die pragtige voorkoms van hierdie tuine in sy kampverslag

---

[85] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 187.

[86] TAB DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, February 1902, p. 3.

[87] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 187.

[88] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, p. 3.

melding gemaak. Die gronde van die tuine is omgeploeg en kosteloos vir die kampinwoners omhein. Daarby is saad ook gratis aan hulle voorsien.[89]

Selfs messelaars uit die kampinwoners se geledere het hulle met die oprigting van geboue in die kamp besig gehou. Hiervan getuig die oprigting van ‘n kombuis vir die hospitaal, die nuwe store en die nuwe gebou waar rantsoene uitgedeel sou word. In sy verslag het Bentinck met groot lof van hierdie bouwerk getuig dat hy selde “such thoroughly well made buildings of green brick” gesien het.[90]

Die vraag ontstaan of genoemde voorbeelde van selfwerksaamheid as bydraende faktore tot die vorming van ‘n gelukkige kampgemeenskap op Heidelberg geag kan word. Die verwerking van die statistieke vir konsentrasiekamp Heidelberg in die twaalf maande tussen Junie 1901 en Mei 1902 ten opsigte van die inwonertal,[91] bring gegewens aan die lig wat kon meegewerk het tot die daarstelling van ‘n relatief tevrede kampgemeenskap. Die gemiddelde inwonertal vir mans het op 433, vroue 724, kinders 903 vir ‘n totaal van 2 060 te staan gekom. Die aantal mans wat as “refugees” of wapenneerlêers beskou is, het ongeveer 21% van die kampinwoners verteenwoordig. Indien hulle eggenotes bygereken word, is die getal “refugees” ongeveer 866 (42%) van die totale inwoners. Persentasiegewys blyk dit dat die “refugees” ongeveer 74,8% van die aantal volwassenes uit ‘n totaal van 1 157 in die kamp getel het. Die “undesirables”; vroue wie se mans nog op die slagveld geveg het, het uit ongeveer 291 (25,2%) van die getal volwassenes bestaan. Hierdie element het die minderheid gevorm en oor geen werklike invloed beskik nie. Inderdaad het

---

[89] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, January 1902, p. 4.

[90] *Ibid*., report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, p. 4.

[91] TAB, DBC 11-14, monthly reports on Burgher Camp Heidelberg.

hulle ook in die voordele van selfwerksaamheid gedeel en moontlik uit dankbaarheid meegewerk om 'n gelukkige kampgemeenskap te bevorder. Uit die statistieke blyk dit ook dat die volwassenes met 56,2% teenoor die kinders se 43,8% die meerderheid in die kamp gevorm het. Dit was veral die manlike kampinwoners wat deur selfwerksaamheid en diensvaardigheid getrag het om nie alleen die kampowerhede gunstig te stem nie, maar ook om 'n ontspanne, tevrede kampgemeenskap te verseker.

Indien die amptelike statistieke vir die Transvaalse konsentrasiekampe in die tydperk Junie 1901 tot Februarie 1902 in oënskou geneem word,[92] blyk dit dat hierdie syfers van dié van die Heidelbergse konsentrasiekamp verskil. Die gemiddelde Transvaalse inwonergetal vir hierdie tydperk was mans 10 495, vroue 22 704, kinders 26 954, vir 'n totaal van 60 113. Die aantal mans of "refugees" het 17,46% van die kampinwoners verteenwoordig. Indien hulle eggenotes bygereken word, kom dit op 34,9% te staan. Die "refugees" het, uit 'n totaal van 33 199 volwassenes in die kampe, op ongeveer 20 990 (63,22%) te staan gekom. Die persentasie "undesirables" (vroue) het dus ongeveer 36,8% van die volwassenes uitgemaak. Dit is naasteby 11,6% meer as dié in die kamp op Heidelberg. Net soos in die Heidelbergse kamp was die volwassenes in die Transvaalse kampe in die meerderheid, naamlik volwassenes 55,2% en kinders 44,83%. Bogenoemde interpretasie van die amptelike statistieke is 'n aanduiding dat die pro-Britse gesindheid in die Heidelbergse konsentrasiekamp sterker was as in die Transvaalse konsentrasiekampe. Dit was veral die optrede van die 36,8% "undesirables", nasionaal-gesinde vroue in die Transvaalse konsentrasiekampe, wat in teenstelling met die 25,2% in die Heidelbergse kamp, minder bevorderlik vir 'n tevrede kampgemeenskap sou wees.

Uit Allison se verslae blyk dit dat die kampowerhede die kampinwoners se talente op vele terreine benut het. Op hierdie wyse het die burgers deur middel

[92] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 306.

van goeie dienste ‘n waardevolle bydrae gelewer en terselfdertyd die gesindheid van die kampowerhede teenoor die kampinwoners ten goede beïnvloed.

### 3.1.9 Vervoer

Die organisasie en instandhouding van die konsentrasiekampe was van vervoer afhanklik. Op Heidelberg het Allison reeds in Junie 1901 probleme ondervind omdat hy geen vervoer in die dorp kon bekom nie. Hy het gehoop dat die Department of Burgher Camps spoedig trekdiere soos osse of muile aan die kamp sou voorsien, aangesien veral die uitvoering van sanitêre maatreëls nie sonder die hulp van trekdiere kon geskied nie. Sonder trekdiere sou dit ‘n onbegonne taak wees om al die daaglikse afval uit die kamp na die stortterrein te vervoer, aangesien dit taamlik ver van die kamp af was. Allison het die gebruik van muile bo osse verkies, aangesien geen weiding vir osse beskikbaar was nie en muile nie groot hoeveelhede kos nodig gehad het nie.[93]

In sy maandverslae tussen Julie 1901 en Februarie 1902 het Allison egter niks oor vervoer genoem nie. Uit sy verslag van Maart 1902 blyk dit wel dat hy genoeg trekdiere gehad het om die kamporganisasie vlot te laat verloop. In daardie stadium het hy oor 29 muile, 20 osse, 14 donkies en een perd beskik om alle vervoer te behartig. Daarby kon hy van twee waens, twee trollies, een waterkar, een askar en een vulliskar (slop cart) gebruik maak om die vervoer van goedere na en van die spoorwegstasie en ander plekke te vergemaklik.[94] Die trekdiere wat Allison kon inspan, het tien osse en 14 donkies getel wat hy van die kampinwoners gehuur het.[95] Alles in ag genome, blyk dit dat Allison geen rede

[93] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison June 1901, p. 1.

[94] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 2.

[95] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1902, p. 2.

tot klagte oor die beskikbare vervoer gehad het nie. Hy kon vervoerprobleme oplos en as daar 'n tekort aan trekdiere ontstaan het, het hy onmiddellik opgetree en probeer om 'n oplossing vir dié probleem te vind.

Die vraag ontstaan of 'n goeie vervoerstelsel in die konsentrasiekampe, wat moontlik tot die daarstelling van verbeterde sanitasie kon lei, nie dalk 'n laer sterftesyfer tot gevolg sou hê nie. Hierop kan nie bevestigend geantwoord word nie, omdat die kampverslae min inligting oor vervoer bevat. Uit die Dameskommissie se verslag oor hulle besoek aan die konsentrasiekamp op Potchefstroom vanaf 30 September tot 2 Oktober 1901, blyk dit dat die verwydering van rommel uit dié kamp nie so suksesvol was nie. Twee groot plat waens was nie in staat om twaalf hope rommel binne twee dae uit die kamp te verwyder nie. Daarby was die twee waens so ondoeltreffend dat "a great deal of rubbish spills out as they move about."[96] Berekenings van die Transvaalse kampe se sterftesyfers in verhouding met die aantal inwoners,[97] dui daarop dat 'n goeie of geen vervoerstelsel min invloed op 'n laer sterftesyfer sou hê. Die gemiddelde maandelikse Transvaalse sterftesyfer tussen April 1901 en April 1902 het tussen 2,9% en 0,88% gewissel. In vergelyking met die Heidelbergse konsentrasiekamp se maandelikse gemiddelde syfers ten opsigte van die aantal inwoners en sterftes van onderskeidelik 1 977 en 27 (1,37%), het die kamp op Potchefstroom se gemiddelde maandelikse inwonertal op ongeveer 6 557, die meeste van al die Transvaalse kampe, te staan gekom, terwyl die gemiddelde aantal sterftes per maand in dieselfde tydperk 70 (1,06%) getel het. Potchefstroom se konsentrasiekamp se gemiddelde sterftesyfer per maand was laer as dié van die Heidelbergse kamp. 'n Goeie vervoerstelsel sou geen invloed op die sterftesyfer gehad het nie.

---

[96] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on the Burgher Camp Potchefstroom, 30.09.1901-02.10.1901, p. 128.

[97] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. 310-313; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 159.

**3.1.10 Ontspanning**

Alhoewel georganiseerde ontspanning selde plaasgevind het, het die kampowerhede in die kort bestaan van die Heidelbergse konsentrasiekamp twee keer sulke geleenthede gereël. So is daar vir die eerste keer op 27 Desember 1901 'n sportdag vir al die kampinwoners georganiseer. Die kampowerhede het vir die geleentheid £28 aan pryse en £14 aan gemmerbier spandeer om die dag vir die kampinwoners so aangenaam moontlik te maak. Heelparty van hulle het die sportdag bygewoon en dit het volgens Allison gelyk asof almal dit terdeë geniet het.[98]

'n Paar dae later, op Nuwejaarsdag 1902, is 'n groot sportdag op die markplein in die dorp gehou. Die kampowerhede het dit nie georganiseer nie. Of al die kampinwoners daarby betrek was, kon nie uit die beriggewing van *The Heidelberg News* vasgestel word nie. Daar kan aanvaar word dat van die hendsoppers in die kamp wel die geleentheid bygewoon het, omdat daar geen beperking op die vryheid van beweging bestaan het nie. Oor die deelnemers en die toeskouers het die koerant soos volg berig: "Boer boys and British boys ran against each other in the races simply as boys and in no instance was there any quarrel about the results. Boer parents and British parents sat or stood together looking on and all enjoying the sight of the youngsters having a good time."[99]

'n Maand na die vredesluiting, op 26 en 28 Junie 1902, het die kampowerhede 'n tweede georganiseerde byeenkoms aangebied wat nie net die kampinwoners nie, maar ook die personeel betrek het. Op die 26ste het die kampowerhede vir al die kampkinders 'n piekniek in die Kloof gereël. Die kinders is met waens daarheen vervoer, waar almal op koekies, lekkers en koeldrank getrakteer is. Vir

---

98 TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, December 1901, p. 4.

99 *The Heidelberg News*, "New Year in Heidelberg", 02.01.1902.

die kinders moes hierdie lekkernye waarlik manna uit die hemel gewees het. Teen 12:00 is daar ‘n middagete vir die bejaardes en werknemers in die kamp voorgesit wat die aanwesiges hoog waardeer het. Dié aand het ‘n grammofoon groot vermaak aan die kampinwoners verskaf. Hierdie wonderlike uitvindsel waarmee die meeste van hulle toe vir die eerste keer in aanraking gekom het, moes hulle in absolute verwondering gelaat het. ‘n Suksesvolle dag is die aand met drie hoera’s aan die Britse koning afgesluit. Op die 28ste is daar aan die bokant van kamp drie ‘n suksesvolle sportdag aangebied. Die samppersoneel het ‘n aandete in die verversingslokaal op die Heidelbergse spoorwegstasie geniet, terwyl die kampinwoners die dag met ‘n dans afgesluit het. Na afloop van twee genotvolle dae het sewe van die leiersfigure in die kamp ‘n brief van dank aan die kampowerhede gerig.[100]

Die kampowerhede het gesorg vir geriewe vir fisieke en individuele ontspanning, alhoewel dit baie beperk was. Eerstens het hulle twee tennisbane tot die kampersoneel en kampinwoners se beskikking gestel; tweedens ‘n grasbaan vir kroukie (croquet), ‘n spel wat die verpleegpersoneel gespeel het, en derdens twee voetbalvelde. Ten spyte van die beperktheid van die geriewe het die kampinwoners tog volgens Allison groot waardering daarvoor gehad.[101] Allison het nie in sy verslag gespesifiseer of die voetbalvelde vir rugby of sokker bedoel is nie. Volgens Fransjohan Pretorius dui die beskikbare inligting daarop dat rugby nie tydens die kommandolewe gespeel is nie en dat die burgers te velde sokker verkies het.[102] Daar kan egter aanvaar word dat Allison sokker in gedagte gehad het, omdat die navorser daarvan bewus is dat seuns daarvan hou om sokker as

---

[100] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1902, p. 3.

[101] TAB, DBC,11, 12, Monthly reports on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 2, May 1902, p. 2.

[102] Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 124.

'n tydverdryf te speel. Rugby met al sy reëls vereis sowel kundige afrigters as skeidsregters, en dié was in die kamptydperk nie beskikbaar nie. Saam hiermee was daar waarskynlik geen rugbyballe beskikbaar om hierdie sportsoort te bevorder nie.

Vanweë die kampinwoners se swak geldelike posisie is dit te betwyfel of hulle tennisrakette en tennisballe kon aankoop, en dit sou dan veroorsaak dat min van hulle die tennisbane kon benut.

**3.1.11 Polisiëring**

Om goeie onderlinge orde en rustigheid in die kampinwoners se daaglikse bestaan te verseker, het die kampowerhede 'n aantal geselekteerde burgers, waarskynlik uit die geledere van die hendsoppers, in gesagsposisies aangestel. Alhoewel die kampverslag hulle nie as wapenneerlêers geïdentifiseer het nie, kan aanvaar word dat alle manspersone in die kamp tog tot dié groep behoort het. Die aanvanklike funksie van die eerste 12 polisiemanne, wat in Julie 1901 aangestel is, was die aanmelding van siekes van wie die mediese offisier nie bewus was nie. Alhoewel Allison dit nie in sy verslag vermeld het nie, het die Boerevroue hulle kinders uit vrees vir hospitalisasie weggesteek.[103] In Augustus is hierdie funksie uitgebrei deur die behoefte aan kleding daarby in te sluit.[104] Die aanstelling van polisie uit die kampinwoners se geledere het spoedig geblyk 'n groot sukses te wees. Hierop het die kampowerhede voortgebou deur die getal polisie tot veertien uit te brei. Twaalf van die veertien sou in die drie kampe aangestel word. Oor elke kamp is een polisieman as hoof en drie assistente aangestel. Vanaf September 1901 sou die netheid van die kampe en verslaglewering van alle gebeurlikhede aan superintendent Allison hulle

---

[103] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 233.

[104] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, August 1901, p. 2.

verantwoordelikheid wees. Een assistent in elke kamp moes die tente daagliks besoek om die slordige tente en alle gevalle van siekte te rapporteer. ‘n Ander assistent sou weer as voorman vir die werkers in die kamp optree. Alle assistente moes toesien dat die sanitêre maatreëls uitgevoer word en vreemdelinge nie die kamp betree nie.[105]

Volgens Allison het die aantal polisiemanne in September 1901 vermeerder. Behalwe die drie polisiemanne per kamp, wat steeds met hulle take daar voortgegaan het, was daar volgens Allison nog 30 of 40 ekstra polisielede. Dié polisie, wat voortaan dag- en nagdiens sou verrig, se hooftaak was om persone se binnekoms en verlating van die kamp te verhinder indien hulle nie oor geskrewe magtiging van superintendent Allison beskik het nie.[106] In sy kampverslag van Oktober 1901 het Allison gerapporteer dat die getal polisie wat dag- en nagdiens verrig het op 47 te staan gekom het. Van hulle is in diens geneem “with a fatigue party to perform camp work.”[107]

Dié polisiemanne het hulle taak ernstig opgeneem. Dit blyk uit ’n besoek van *The Heidelberg News* se redaksie in April 1902 aan die kampskool op Heidelberg. Met hulle aankoms by die kamp het ‘n wag met ‘n knuppel hulle voorgekeer. Slegs nadat hulle sy vrae oor die doel van hul besoek beantwoord en die nodige magtiging getoon het, het hy hulle tot die tentdorp toegelaat.[108]

Vir hulle dienste is hulle geldelik deur die kampowerhede vergoed. Lone het gewissel tussen 2/- (twee sjielings) en 2/6 (twee sjielings en ses pennies) per

---

[105] TAB, British Blue Books, Cd 819, Report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 297.

[106] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, September 1901, p. 2.

[107] *Ibid*., October 1901, pp. 3-4.

[108] *The Heidelberg News*, “Our Schools”, 11.04.1902.

dag. Hoofde is tussen 3/- (drie sjielings) en 4/6 (vier sjielings en ses pennies) per dag betaal.[109] Na die vredesluiting in Mei 1902 is die getal polisie verminder. Toe die kamp teen November op die punt gestaan het om te sluit, het die getal polisie na een per kamp verminder.[110]

Of die optrede van die polisie uit eie geledere vir die kampinwoners enigsins aanvaarbaar was, kon weens 'n gebrek aan persoonlike herinneringe oor die kamplewe op Heidelberg nie vasgestel word nie. Volgens die amptelike kampverslae blyk dit dat daar van onderlinge spanning oor dié polisie se werk nie sprake was nie. Daar moet egter voortdurend in gedagte gehou word dat die kampverslae uit 'n Britse oogpunt geskryf is.

**3.1.12 Dissipline en moraal**

Volgens Allison was goeie dissipline en 'n hoë moraal deurgaans kenmerkend van die kamplewe op Heidelberg. Hy het egter in November 1901 enkele ongelukkige gevalle onder die Dameskommissie se aandag gebring. Die kommissie het die betrokke gevalle in hulle verslag opgeneem. Die eerste geval het oor die onsedelike gedrag van twee vroue op die dorp gehandel. Sedeloosheid was vir die militêre owerhede op die dorp nie aanvaarbaar nie. Gevolglik het die bevelvoerder opgetree deur die twee vroue uit die gemeenskap te verwyder en hulle na Allison verwys. Allison kon die teenwoordigheid van dié vroue nie in die kamp duld nie en hy het van hulle ontslae geraak deur hulle na Natal te stuur. Tweedens het Allison in 'n stadium met Britse soldate probleme ondervind wat in die omgewing van die kamp rondgehang en vroue se aandag

---

[109] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, February 1902, p. 4.

[110] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1902, p. 2.

probeer trek het. Hierdie optrede het hy onmiddellik stopgesit.[111] Die verbodvervat in die "Circular Memorandum" no. 57 het hy hierna streng toegepas, naamlik dat "all communication between the Military (Officers and soldiers) and Refugees in such camps, except on duty, is strictly forbidden".[112]

### 3.1.13 Gesindheid

'n Aantal Heidelbergers het sedert die Britse besetting van die dorp in Junie 1900 nie langer geweifel om hulle lojaliteit aan die Britse regering te toon nie. Hiervan getuig die wapenneerlêers se simpatisering op 24 Januarie 1901 met die Britse koningshuis oor die dood van koningin Victoria en hul gelukwensinge aan Edward VII met sy troonsbestyging. Die hensoppers se skrywe in dié verband aan Vallentin het soos volg gelui:

> We the undersigned surrendered burghers, and at present refugees at Heidelberg humbly approach you with the request that you will be good enough to transmit through the proper channel to the Royal Family and the English Nation generally our united and heartfelt sorrow and regret at the very sad intelligence of the death of the great and good English Queen to whose dominiums we also now happily belong. And that whilst participating in this national sorrow we would ask to be allowed to join the nation in welcoming the King and to express the sincere desire that this very lamentable war may be at an end, so that the people of South Africa may join hands once more under the glorious standard of English liberty, singing with one voice and heart 'God save **our** King'.[113]

---

[111] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 187.

[112] TAB, MGP, volume 258, A.G./Circular Memorandum/no. 57, Confidential Memorandum, 23.11.1901, p. 32.

[113] TAB, FK 975, CO 291/27, volume no. 3, 1901, letter refugees Heidelberg to District Commissioner J.M. Vallentin, 24.01.1901, p. 526.

Die Suider-Afrikaanse goewerneur en hoë kommissaris, lord Alfred Milner, het genoemde skrywe deur S.J. Leonard de Beer namens die "refugees" en onderteken deur ongeveer 122 hensoppers, op 20 Februarie 1901 aan die sekretaris van kolonies, Joseph Chamberlain, gestuur vir oorhandiging aan die koninklike gesin.[114]

Daar kan met sekerheid aanvaar word dat die Britsgesinde houding van die "refugees" in die konsentrasiekamp op Heidelberg die kampowerhede uit die staanspoor gunstig teenoor die kampinwoners gestem het. In die eerste Britse kampverslag het maj. G.A. Goodwin oor sy besoek op 13 en 14 Februarie 1901 oor die normale voorkoms van die kampinwoners verslag gedoen en terselfdertyd gemeld dat die meerderheid volgens hom tevrede en selfs gelukkig voorgekom het.[115] Die aandeel van distrikskommissaris Vallentin in die opbou van goeie betrekkinge tussen die kampowerhede en die kampinwoners moet nie geringskat word nie. Reeds in hulle kampverslag het Wepener en Groesbeek gemeld dat hulle deur die "refugees" versoek is om hulle dank en waardering aan Vallentin oor te dra "for the humanity shown on behalf of Her Majesty's Government."[116] Kaptein W. Bentinck het in sy verslag van 31 Januarie 1902 oor die goeie verhoudinge en veral die aandeel van Vallentin geskryf: "The good tone in the camp is in my opinion due to his influence with them."[117] Dit is dus begryplik dat Allison, ten spyte van 'n aantal weerbarstige vroue wie se eggenote nog op die slagveld geveg het, in 1902 met lof oor die wetgehoorsame en

---

[114] *Ibid.*, letter Governor and High Commissioner A. Milner to Joseph Chamberlain, Colonial Office, 20.02.1901, pp. 521, 526-528.

[115] TAB, FK 1798, War Office, report on Concentration Camp Heidelberg by major G.A. Goodman, 13-14.02.1901.

[116] TAB, PMO 76, report on Refugee Camp Heidelberg by F. Wepener and P. Groesbeek, 21.01.1901, p. 2.

[117] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 31.12.1902, p. 4.

welopgevoede kampbewoners se goeie gesindheid teenoor die Britse owerhede getuig het.[118]

## **3.2** GESONDHEIDSDIENSTE

Die sosio-ekonomiese omstandighede waaronder die meeste van die kampinwoners voor hulle vertrek na die konsentrasiekampe gelewe het, was betreklik primitief. Die meeste plaashuise voor 1900 het nie badkamers gehad nie en geen lopende water is aangelê nie. ‘n Badkamer is as ‘n seldsaamheid en ‘n luukse beskou. Die lampetkom of waskom saam met die lampetbeker op ‘n wastafel in die slaapkamer het as wasgerief gedien, terwyl die kamerpot en die slopemmer algemeen gebruik is. Puttoilette buite die plaashuise was die algemene norm, terwyl geen sentrale rioolstelsel op die dorpe bestaan het nie. Die was van klere en beddegoed het gewoonlik in ‘n spruit of, indien ‘n dam beskikbaar was, daarin geskied. Andersins is emmers of draagbare badjies gebruik. Voedselvoorbereiding en die berging daarvan was ‘n baie groot probleem weens die afwesigheid van yskaste en vrieskaste en die alomteenwoordige vlieë.[119] Gesien teen hierdie agtergrond is sommige kampinwoners se optrede ten opsigte van ‘n gebrek aan sanitêre voorsorg, wat die kampowerhede soms moedeloos gemaak het, verstaanbaar

Die daarstel van effektiewe gesondheidsdienste binne begrensde ruimtes met groot getalle inwoners, waarvan die meeste kinders was, het die Britse kampowerhede verplig om sanitêre maatreëls in die onderskeie konsentrasiekampe uit die staanspoor op ‘n vaste grondslag te plaas. Gewapen

---

[118] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 2.

[119] Brief dr. Coenie Momberg, medikus op Heidelberg en voorsitter van die Heidelbergse Historiese Vereniging, aan skrywer insake mediese praktyke rondom 1900, 10.02.2007.

met kennis oor agterbuurttoestande uit die tydperk van die Industriële Revolusie wat deur onhigiëniese toestande, epidemies, besoedelde lug en water, swak sanitasie, ensovoorts, gekenmerk is, het die Britse mediese offisiere in die konsentrasiekampe op die beginsel van sindelikheid as die sleutel tot goeie gesondheid gekonsentreer.[120]

Allison het vroeg reeds die higiëniese maatreëls, wat hy as "excellent" in die kamp op Heidelberg beskryf het, onder die aandag van die Britse kampowerhede gebring. Wat hom egter dwars in die krop gesteek het, was die kampinwoners se traak-my-nie-agtige houding oor die nakoming van die mees elementêre sanitêre reëls. Hieroor het hy in Junie 1901 gerapporteer: "There are three different camps, each well supplied with all necessary sanitary facilities. It is, however, very difficult to get these people to observe hygienic rules, and they have to be continually watched in order to prevent them from committing nuisances within the precincts of the camp."[121] 'n Maand later het hy soos volg hierop uitgebrei: "I have much trouble in making the people observe hygienic rules, but under the circumstances, and taking into consideration the kind of people they are, their behaviour is satisfactory, and I have hopes of teaching them to conduct themselves in a more civilised manner than they have been accustomed to."[122] Uit dié aanhalings is dit duidelik dat Allison en sy mediese personeel hulle doelbewus daarvoor beywer het om 'n gesonde gemeenskap in die kamp te vestig, geen verslapping van enige higiëniese reëls te duld nie en deur 'n proses van opvoeding die waarde van goeie sanitêre beginsels by die kampinwoners op Heidelberg in te skerp.

---

[120] Elizabeth van Heyningen: "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 83.

[121] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 2.

[122] TAB, British Blue Books, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 234.

Daar is ‘n gebrek aan inligting oor die gesondheidsdienste in die Heidelbergse konsentrasiekamp. Die amptelike mediese verslae oor die Heidelbergkamp, gesien slegs uit ‘n Britse oogpunt, is beskikbaar, terwyl persoonlike herinneringe oor die mediese behandeling wat die kampinwoners hier ontvang het, nie opgespoor kon word nie. Tereg stel dr. Coenie Momberg, tans medikus op Heidelberg, dat hierdie amptelike mediese verslae “met omsigtigheid vertolk moet word. Dit gee ‘n subjektiewe mening van ‘n dag of tyd waarop die inspeksie plaasgevind het weer. Dit hang af van waarna gekyk moes word en waarna nie, en ook of daar spesiale voorsorg en voorbereiding vir so ‘n inspeksie getref is.”[123]

**3.2.1 Watervoorsiening**

Die voorsiening van voldoende water is een van die eerste vereistes vir die handhawing van gesonde higiëniese toestande. Watervoorsiening was ‘n probleem al het Ralston en Franks nie dieselfde mening as Allison daaroor gehuldig nie. Ralston het sy bedenkinge hieroor uitgespreek en in sy mediese verslag van Augustus 1901 gerapporteer: “I do not consider that the water supply is at all satisfactory ...” en terselfdertyd ‘n voorstel ter verbetering daarvan voorgelê.[124] Franks het tydens sy besoek in September 1901 Ralston se besware gedeel en bevind dat water uit gate in die rivierbedding na die drie kampe gepomp word. In die reënseisoen sou vloede hierdie gate oorstroom en die voorsiening van water aan die kamp erg bemoeilik. Om dié probleem op te los, sou dit voordeliger wees om eerder die goeie water in die dam tussen die drie koppies agter die drie kampe te benut.[125]

---

[123] Brief dr. Coenie Momberg aan skrywer, 10.02.2007.

[124] TAB, DBC 14, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, August 1901, p. 3.

[125] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 297.

In teenstelling met Ralston en Franks se besware het Allison in sy kampverslae goeie kommentaar oor die watervoorsiening gelewer. In sy verslag van Junie 1901 het Allison gemeld dat 'n sterk fontein hoër op agter die kamp volgens hom voldoende water gelewer het om in al die behoeftes van die kamp en sy bewoners te voorsien. Tot Allison se ergernis het Britse soldate in die omgewing hierdie fontein egter gebruik om in te swem. Nadat hy daaroor gekla het, het die bevelvoerder van die Britse troepe op Heidelberg dit summier verbied. Om 'n herhaling in die toekoms te voorkom, het Allison die fontein met doringdraad laat omhein.[126]

Die watervoorsiening aan die Heidelbergse konsentrasiekamp het teen November 1901, ten spyte van Ralston en Franks se aanvanklike sienswyses, sodanig verbeter dat water met behulp van 'n pypleiding volgens Allison van 'n "excellent fountain" af na 'n punt tussen die kampe gepomp is.[127] Hieroor het Ralston sy tevredenheid uitgespreek en bygevoeg: "I cannot but think that the mortality will fall off and the general health improve."[128] Allison en Ralston het hulle Novemberverslae eers na die besoek van die Dameskommissie op 21 en 22 November 1901, wat nog gebreke in die watervoorsiening uitgewys het, geskryf. Die kommissie het dit verseker onder hulle aandag gebring. Dit het hulle verplig om dit onmiddellik reg te stel en vandaar die goeie rapporte aan die einde van November oor hierdie aangeleentheid.

Die Dameskommissie se kritiek oor die watervoorsiening aan die drie kampe was dat kamp een se waterbron, 'n oop fontein, naby 'n oop sloot geleë was. Die

---

[126] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 1.

[127] TAB, DBC 14, report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1901, p. 5.

[128] *Ibid*., monthly medical report by R.G. Ralston, November 1901, p. 2.

gevaar het bestaan dat, tydens swaar reënbuie, die water in die sloot dié fontein kon oorspoel. Ook kon die wind stof, ensovoorts, in die fontein inwaai sodat die water nie geskik vir menslike gebruik sou wees nie. Dié watervoorsiening, saam met die slordige toestand van die tente in kamp een wat so dig teen mekaar opgeslaan is, met klein spasies tussenin, was genoeg rede om ingewandskoors te laat uitbreek. Die watervoorsiening aan kamp twee het deur middel van 'n pypleiding geskied wat 'n dag voor die besoek van die Dameskommissie voltooi is. Die gehalte van hierdie water was baie goed. Om te verseker dat dit so bly, het die Dameskommissie die bedekking en omheining van die fontein met doringdraad aanbeveel. Indien dit nie gedoen sou word nie, sou niks die varke in die omgewing daarvan weerhou "from disporting themselves in and near it when so disposed." Oor kamp drie se watervoorsiening het die Dameskommissie ook bedenkinge gehad. Alhoewel 'n bedekte fontein water aan hierdie kamp gelewer het, was dit "too low down, and its purity is endangered by soakage from the camp."[129]

Die Dameskommissie het besef dat aansteeklike siektes kon uitbreek as die kampbewoners besoedelde water gebruik en het dit deur hulle aanbevelings probeer voorkom. Die fontein waarvandaan die water gepomp is, moes van 'n dak voorsien en die pype met grond bedek word. Lastige varke in die omgewing van die fontein moes van kant gemaak word, terwyl die verskaffing van voldoende warmwatertenks (boilers) vir die kook van alle drinkwater dringend aandag moes geniet.[130]

Die kampowerhede het onmiddellik op die Dameskommissie se aanbevelings gereageer. 'n Maand later het kapt. W. Bentinck gerapporteer dat die fonteine, wat volgens hom eersteklas water gelewer het, van ysterplaatbedekkings

[129] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 184.
[130] *Ibid*., p. 188.

voorsien is en dat die pypleidings na die verskillende kampe ook bedek is. Daarop het nog 'n verbetering, naamlik die oprigting van vier tenks van 100 gallon (455 liter) elk vir die kook van water, gevolg.[131]

Vanaf Januarie 1902 het die kamp volgens die senior mediese offisier, dr. H. Crook, oor genoegsame en suiwer water beskik sonder enige gevare "whereby it can become polluted."[132] In sy verslag vir Maart 1902 het Allison vir die eerste keer oor skoon en suiwer water gerapporteer. Dit het hy toegeskryf aan die fontein, ongeveer 650 meter vanaf die kamp, wat in sy geheel bedek was en vanwaar water met pype na die kamp gelei is.[133] Volgens Allison het die kampinwoners tot met die sluiting van die kamp aan die einde van 1902 geen probleme met goeie en genoegsame watervoorsiening ondervind nie.[134] Daar kan aanvaar word dat die suiwer water, wat aan die Heidelbergse kampinwoners vir daaglikse gebruik voorsien was, tot 'n lae sterftesyfer bygedra het.

**3.2.2 Wassery**

Oor die aangeleentheid van wassery het Allison tot met die koms van die Dameskommissie nie verslag gelewer nie. Daarenteen het die Dameskommissie tydens hulle besoek in November 1901 die probleme daaraan verbonde onmiddellik raakgesien. Volgens die Dameskommissie het die kampowerhede talle wastafels naby lopende water opgerig om te verhoed dat die vroue hulle wasgoed in die riviere was. Dit het geblyk dat die vroue min hiervan gebruik gemaak en poele met staande water, waarvan die sooie verwyder is, verkies het.

---

[131] TAB, DBC 12, report by capt. W. Bentinck on Burgher Camp Heidelberg, 23.12.1901, p. 1.

[132] *Ibid*., report by Senior Medical Officer, January 1902, p. 1.

[133] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 1.

[134] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1902, p. 1.

Die Dameskommissie het bevind dat ‘n dam vir hierdie doel maklik in die kamp gebou kon word. In die lig van die aanwesigheid van ingewandskoors in die kamp het die kommissie egter getwyfel of die oprigting van ‘n dam vir die was van wasgoed raadsaam sou wees. Die bou van ‘n klein dammetjie sou verkieslik wees. Dit sou die vroue se taak om water vir die was van wasgoed daaruit te skep, vergemaklik. Indien dit die geval sou wees, moes die volgende vereistes nagekom word: gereelde dreinering, geen poele staande water nie en die indiensneming van ‘n polisieman om oor die wasserye toesig te hou.[135]

Die Dameskommissie het die bestaande reëlings met betrekking tot die was van wasgoed nie as bevorderlik vir die algemene gesondheid van die kampbewoners geag nie. Gevolglik het hulle aanbeveel dat die wastafels verskuif word na die terrein waar die stroom die kamp verlaat en dat water daarheen deur middel van ‘n pypleiding aangelê sou word. Hiermee saam moes die gate, waaruit die sooie verwyder en ten tye van hulle besoek deur die vroue vir die was van wasgoed gebruik is, met skoon grond of klippe opgevul word.[136]

In opvolging van die Dameskommissie se verslag het Bentinck tydens sy inspeksie van die kamp op Heidelberg in Desember 1901 oor die aanwesigheid van vele wastafels en genoegsame water, wat ook as drinkwater gedien het, verslag gelewer. Ook het hy opgemerk dat die vroue geen wasgoed in poele of staande water gewas het nie.[137]

Die “klein dammetjie” wat die Dameskommissie in hulle verslag aanbeveel het, is beslis gebou. Intussen het ‘n vergroting daarvan plaasgevind, wat W. Anstruther

---

[135] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 184.

[136] *Ibid*., p. 188.

[137] TAB, DBC 12, report by capt. W. Bentinck on Burgher Camp Heidelberg, 23.12.1901, p. 2.

Thomson, inspekteur van konsentrasiekampe, in Maart 1902 as “a great success” bestempel het.[138] Dié vergroting het tot ‘n verandering in die reëlings by die wassery gelei. Thomson dui in sy verslag van 5 April aan dat hy hierdie veranderings met Allison bespreek het, maar wat die nuwe reëlings behels het, het hy egter nie in sy verslag aangedui nie.[139] Die omstandighede waaronder die was van wasgoed voortaan in die Heidelbergse kamp geskied het, het tot aan die sluiting van die kamp teen November 1902 skynbaar sonder haakplekke verloop.

### 3.2.3 Badkamers

Weer eens het die Dameskommissie ‘n leemte raakgesien wat die aandag van die kampowerhede ontglip het. Hulle het bevind dat daar slegs vir mans en seuns badgeriewe was, terwyl die vroue en meisies – die meerderheid van die inwoners – daarsonder moes klaarkom. Sonder om enigsins daaroor uit te brei, het die verslag aanbeveel dat tente as badkamers vir die vroue opgerig moes word.[140] Of dié toedrag van sake vir die Dameskommissie werklik skokkend was, kon nie uit die verslag vasgestel word nie. Hiervoor is daar twee moontlike verklarings. Eerstens, ‘n mate van subjektiwiteit deur nie in hulle verslag oor so ‘n opsigtelike gebrek uit te brei nie. Tweedens het die Dameskommissie die erns van die saak onder die aandag van die kampowerhede gebring deur so min moontlik daaroor verslag te lewer en net in hulle aanbevelings opdrag vir die oprigting van badkamers vir vroue en kinders te gee.

Uit Bentinck se verslag van 23 Desember 1901 blyk dit dat die kampowerhede hierdie behoefte nie kon ignoreer nie en gevolglik met die oprigting van badgeriewe vir vroue en meisies begin het. In sy verslag het hy gemeld dat die

---

[138] TAB, report on Burgher Camp Heidelberg by major W. Anstruther Thomson, 06.03.1902, p. 1.

[139] *Ibid*., 05.04.1902, p. 1.

[140] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, pp. 184,188.

"bathing house" (badkamer) wat van bakstene gebou is, nog nie voltooi was nie. Dit sou uit drie dele, elk met 'n stortbad, bestaan, terwyl die verbindings daarheen ten tye van sy besoek reeds aangelê was.[141] Die bouwerk aan die badkamer is voor die einde van Desember voltooi. Dit het slegs uit twee stortbaddens en kamers bestaan. Hieroor het Allison in Desember 1901/Januarie 1902 gerapporteer: "[They are] keenly appreciated and used from morning to night by young and old."[142]

Dit is opvallend om daarop te let dat die kamp- en mediese verslae tussen Mei en November 1901, asook Franks se verslag in September, geen melding van enige badgeriewe gemaak het nie. Die Dameskommissie het in November hierdie leemte uitgewys wat die kampowerhede moontlik nie as 'n tekortkoming geïdentifiseer het nie. Aanvanklik moes die badkamers volgens Allison se verslag groot byval by die kampinwoners gevind het, maar W. Anstruther Thomson se bevinding in die volgende paragraaf vier maande later het egter die teendeel bewys.

Die badkamer het oor twee stortbaddens uitsluitlik vir gebruik deur volwassenes beskik. Allison spesifiseer nie of dit tot die beskikking van mans of vroue gestel is nie. Daar kan aanvaar word dat mans en vroue voortaan elk oor 'n stortbad beskik het. Die seuns kon die "bathing pond" met lopende water wat deel van die opset uitgemaak het, op sekere tye gebruik. Dit kon slegs geskied onder toesig van 'n polisieman wat ongelukke moes voorkom.[143] Teen Maart 1902 was die "bathing pond", met die uitsondering van die skerm, voltooi. Allison se bewering dat die kampinwoners die badkamer hoog waardeer en gereeld gebruik het, het gou geblyk nie die volle waarheid te wees nie. Tydens inspeksie het Thomson

---

[141] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, p. 2.

[142] *Ibid*., report by A.A. Allison, December 1901, p. 3; January 1902, p. 3.

[143] *Ibid*., report by A.A. Allison, February 1902, p. 4.

bevind dat vroue hulle badkamer baie min gebruik het. Vir Thomson was die optrede van die Heidelbergse kampvroue vreemd as dit met dié van vroue in ander kampe vergelyk word. Vroue op Klerksdorp byvoorbeeld het teen ongeveer ‘n honderd per dag die badkamers besoek, terwyl vroue in die kamp op Heidelberg dit feitlik geboikot het.[144] Thomson, wat hom nie met die vroue se optrede kon vereenselwig het nie, het in sy verslag van April die bou van nog badkamers aanbeveel. Hieroor het hy breedvoerig met Allison gesels.[145] Verdere maandverslae gee geen aanduiding of hierdie aanbeveling uitgevoer is nie.

Indien Allison se verslae van Desember 1901/Januarie 1902 aanvaar word, moes gebeure in die kamp die inwoners beïnvloed het om nie meer dikwels van die badkamers gebruik te maak nie. Nêrens in die kampverslae is daar enige aanduiding van wat hierdie gesindheid veroorsaak het nie. Moontlike verklarings hiervoor was dat die nuutjie vervelig geraak het of dat veral die vroulike inwoners nie graag in die teenwoordigheid van ander vroue van die badgeriewe wou gebruik maak nie. Aangesien reiniging vir hulle 'n private aangeleentheid was, kon dit dalk ‘n rede wees waarom hulle verkies het om eerder op hulle vooroorlogse lewenstyl terug te val.

### 3.2.4 Sanitasie

Sanitêre maatreëls vir die bevordering van ‘n gesonde en tevrede kampgemeenskap het klaarblyklik sedert die ontstaan van die konsentrasiekampe die daadwerklike aandag van die kampowerhede geniet. Uit die amptelike Britse verslae oor die daaglikse lewe in die kamp op Heidelberg blyk dit dat Allison ten spyte van sy aanvanklike klagte dat “I find it somewhat difficult to get the people to observe hygienic rules”, tog met verloop van tyd en

---

[144] TAB, report on Burgher Camp Heidelberg by major W. Anstruther Thomson, 06.03.1902, p. 2.

[145] *Ibid*., 05.04.1902, p. 1.

met behulp van Britse amptenare in sy doel geslaag het.[146] Selfs R.G. Ralston, die mediese offisier, het in sy verslag van September 1901 ook geoordeel dat daar geen fout met die sanitêre toestande in die kamp te vind was nie, "as one can expect with such a totally insanitary race."[147]

Reeds in hul kampverslag van Januarie 1901 het die twee wapenneerlêers, F. Wepener, oud-landdros op Heidelberg, en P. Groesbeek, oud-veldkornet in die Heidelbergkommando, gerapporteer dat hulle met die algemene sanitêre toestand van die twee afdelings van die kamp geen fout gevind het nie en die offisier in beheer van die noordelike kamp hiervoor die krediet moes ontvang.[148] Hierdie standpunt of gevolgtrekking is aanvaarbaar as daar in gedagte gehou word dat die kamp, wat in sy beginstadium was, oor 'n klein getal inwoners beskik het.

Die Britse owerhede het uit die staanspoor klaarblyklik op die nakoming van doeltreffende sanitêre maatreëls gekonsentreer. So het waarnemende superintendent E.R. Harvey in die maandverslag van Mei 1901 sy tevredenheid oor die instandhouding van die latrines en urinale deur persone uit die geledere van die kampinwoners in elk van die drie kampe te kenne gee. Om te voorkom dat die kampbewoners vuil water in die onmiddellike omgewing van die kamp stort, het die kampowerhede op die plasing van houers vir hierdie doel op plekke dwarsdeur die kamp besluit. Hierdie houers sou op gereelde tye leeggemaak word. 'n Kontrak vir die leegmaak van die nagemmers is met 'n sanitêre kontrakteur (naam onbekend) in die dorp gesluit, wat hierdie taak elke nag sou verrig. Aangesien siektes kon ontstaan indien gereelde ontsmetting van die

---

[146] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, September 1901, p. 2.

[147] TAB, DBC 11, monthly medical report by R.G. Ralston, October 1901, p. 1.

[148] TAB, PMO 76, report on Refugee Camp Heidelberg by F. Wepener en P. Groesbeek, 21.01.1901, p. 70.

emmers nie sou plaasvind nie, het die owerhede vir dié doel ‘n groot voorraad chloorkalk aan die personeel in elk van die drie kampe beskikbaar gestel.[149]

Daar was aanvanklik twee latrines per kamp; een elk vir mans en vroue. Snags het die sanitêre kontrakteur die nagvuil verwyder, waarna een persoon in elke kamp in die loop van die volgende oggend die toestand van die latrines moes inspekteer. Indien hy vuil sitplekke bemerk het, moes hy dit onmiddellik skoonmaak en daarna al die latrines met baie ontsmettingsmiddel besprinkel.[150] Teen Augustus 1901 was daar reeds nege afsonderlike latrines met altesaam 74 emmers, ongeveer agt emmers per latrine in gebruik.[151]

Tydens die besoek van die Dameskommissie in November 1901 het die getal emmers na 80 vermeerder. Die kommissie het bevind dat die mans oor voldoende emmers vir gebruik beskik het, maar dat dit nie die geval met die vroue was nie. Selfs die kinders het nie oor geskikte latrines beskik nie.[152] Die rede vir hierdie ontoereikende toestand is moeilik verklaarbaar, aangesien die getal inwoners tussen Augustus en November 1901 redelik konstant gebly het. Moontlik het die kampowerhede tussen Mei en Augustus in dieselfde jaar nie met die groot toestroming na die kamp tred gehou nie en in gebreke gebly om hulle beplanning daarby aan te pas.

[149] TAB, DBC14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by E.R. Harvey, May 1901, p. 3.

[150] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 234.

[151] TAB, DBC 14,monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, August 1901, p. 2.

[152] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 184.

Volgens die Dameskommissie het ‘n betaalde sanitêre beampte in elk van die drie kampe na die skoonmaak en ontsmetting van die latrines met behulp van jong swart seuns omgesien, wat hierdie taak baie goed verrig het. Bewus van die tekorte aan latrines vir kinders, het die Dameskommissie aanbeveel dat die kampowerhede daarvoor voorsiening moes maak.[153] Hierdie aanbeveling het die onmiddellike aandag van die kampowerhede geniet. Volgens Bentinck is akkommodasie vir vroue teen Desember 1901 “largely increased and ample provision made for children.”[154]

Die hout-en-sink-latrines het in Desember 1901 op dertien met 102 emmers te staan gekom en hulle is gereeld met chloorkalk en karbolsuur ontsmet.[155] Sanitêre beamptes in elke kamp was vir die absolute netheid van hierdie latrines verantwoordelik. Hiervoor het hulle ‘n loon van 2/6 (twee sjielings en ses pennies) per dag ontvang.[156] Tydens die besoek van gesondheidsinspekteur W.F. Curry aan die kamp in Februarie 1902 het hy egter bevind dat die aantal latrines heeltemal ontoereikend was. In werklikheid het dit op een sitplek vir elke dertien mense neergekom. Gevolglik het die emmers teen 12:00 smiddae reeds oorgeloop. Die probleem kon reggestel word indien die verhouding na een sitplek vir elke tien persone verminder word. Daarby het Curry leemtes in verband met die plasing van die emmers onder die sitplekke aangestip. Die oplossing hiervoor sou wees om die emmers op ‘n betonblad te plaas. Daarna kon die oppervlak genoeg gelig word om die emmers nader aan die sitplek te bring. Dit was opmerklik dat, as gevolg van die groot afstand tussen die sitplek en die emmer, die grond gereeld met urine besoedel was.[157] Hierdie probleem het die nodige

---

[153] *Ibid*., pp. 184, 188.

[154] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, p. 2.

[155] *Ibid*., report by A.A. Allison, December 1901, p. 3.

[156] *Ibid*., report by A.A. Allison, January 1902, p. 3.

[157] *Ibid*., report by W.F. Curry, assoc. san. inst., 17.02.1902, p. 2.

aandag gekry. In die maandverslag van Mei het Allison bekendgemaak dat, benewens die styging in die aantal latrines tot twintig met 240 emmers, die oppervlak waarop dit gestaan het, van steen of beton was. Die verwydering van die nagvuil het gereeld plaasgevind deur dit ongeveer drie kilometer buite die dorp te stort.[158] Tot met die sluiting van die kamp het die kampowerhede skynbaar geen verdere probleme met die stelsel ondervind nie.

Sanitasie het sowel die netheid van die drie kampe as die verwydering van rommel uit die onderskeie kampe behels. Hierop het van die Britse beamptes wat die kamp op Heidelberg in opdrag van die Britse owerhede besoek het, ernstige kritiek gelewer. Franks het, tydens sy besoek aan die begin van September 1901, die kamp waar ossewaens deel van die opset uitgemaak het, skerp gekritiseer. Volgens hom het die teenwoordigheid van waens die kamp ontsier en ‘n oorbevolking veroorsaak. Om ‘n plek in sulke omstandighede skoon te hou, was gevolglik ‘n bykans onmoontlike taak, aangesien die ossewaens “are heaped up with clothes and bedding indiscriminately, are models of disorder, and are usually extremely dirty.” Tog het hy bevind dat die kampinwoners van kampe een en twee hulle tente en reguit strate netjies en skoon gehou het. Selfs in kamp drie, waar die tente dig teen mekaar gestaan het, was die strate netjies. Die goeie samewerking van die kampinwoners in hierdie opsig het tot gevolg gehad dat die kampowerhede hulle selde tot die toepassing van dwangmaatreëls gewend het. Volgens Franks het Allison dit slegs eenkeer toegepas. Toe Allison tydens sy rondgaan in die kamp tente aangetref het waarvan die netheid nie goed was nie, het hy die skuldiges se rantsoene koffie en suiker verminder. Soos te wagte was, het hulle daaroor gemor, maar ‘n herhaling het nie plaasgevind nie.[159]

---

[158] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, May 1902, p. 2.

[159] TAB, British Blue Books, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, p. 297.

In November 1901 het die Dameskommissie in ‘n groot mate met Franks se bevindinge vir Heidelberg saamgestem. Met ‘n kritiese oog het die kommissie die sanitêre stelsel geïnspekteer en aanbevelings vir verbeterings daarvan aan die hand gedoen. Eerstens het die netheid van die veld rondom die kamp hulle getref, maar die koppies wat op sommige plekke bemors was, het hulle nie aangestaan nie. Oor die slordigheid van kampe een en twee het hulle hulle sonder aarseling sterk uitgespreek. Kamp een was in alle opsigte slordig, terwyl die aanwesigheid van ossewaens in kamp twee die netheid daarvan in die wiele gery het. Daarenteen het hulle oor die ligging en netheid van kamp drie slegs lof gehad. Tweedens het hulle die ondoeltreffende gemorsverwydering uit die kampe onder die kampowerhede se aandag gebring. Vir dié doel het die kampowerheid emmers tussen die tente geplaas. Twintig kruiwaens kon vir die verwydering van die gemors gebruik word. Elke kampinwoner moes sy eie gemors na die stortterrein, ‘n groot sloot aan die voet van kamp een, aanry of dra. Daarby was daar van die toegooi daarvan met genoegsame grond geen sprake nie. Hierdie sloot naby die kamp was net bokant die plek geleë waar die water die kamp bereik het. Dit het die kommissie gegrief dat die inwoners van kamp drie hulle gemors sommer op die grond ‘n kort afstand van die kamp gestort het. Allison se verweer hierteen was dat onvoldoende vervoer hom verhinder het om die gemors verder aan te ry. Derdens het die kommissie talle houers vir die verwydering van vuil water dwarsdeur die kamp opgemerk en van die behoorlike leegmaak daarvan deur die sanitêre beamptes in elk van die drie kampe kennis geneem. Om die sanitasie te verbeter, het die Dameskommissie twee aanbevelings gemaak. Vir die meer effektiewe verwydering van gemors het hulle dringend “a slop tank on wheels and two Scotch carts ... for sanitary purposes” vereis. Om die algemene netheid van die kamp te bevorder, het hulle die omheining van die kamp en die verwydering van vee daaruit voorgestel. Dit

het ‘n verbod op die oprigting van krale naby die tente en die versameling van alle waens op een plek ingesluit.[160]

Bentinck het ‘n maand na die Dameskommissie se besoek bevind dat die sanitasie verbeter het. Nadat hy die konsentrasiekamp in Desember 1901 geïnspekteer het, het hy sy bevindinge oor die netheid van die tente en die verwydering van gemors en vuil water uit die kamp op skrif gestel. Die netheid van die terrein en die tente in die drie kampe het hom getref, terwyl hy geen varke in die omgewing daarvan opgemerk het nie. Dit moes ‘n groot bydrae tot die netheid van die kamp gelewer het. Die verwydering van gemors uit die kamp het egter met ‘n gebrek aan vervoer gepaardgegaan. Om dié probleem op te los, het Allison vyf osse aangekoop. Bentinck was van mening dat die kampinwoners hulle gemors met kruiwaens na die stortterrein moes neem. Die pad daarheen was afdraende en dit sou hulle geen kwaad doen om hierdie taak te verrig nie, aangesien hulle baie dikwels ledig was. Dit sou voortaan ook moontlik wees om die stortterrein verder te verskuif, omdat vervoer vir die verwydering van gemors meer geredelik beskikbaar was. Selfs ten opsigte van die verwydering van vuil water het hy gerapporteer dat dit gereeld op ‘n bevredigende wyse geskied het.[161]

Allison het die aanwesigheid van waens in die kamp, wat vir sowel Franks as die Dameskommissie ‘n steen des aanstoot was, tydens Januarie 1902 beëindig. Voortaan sou geen waens of voertuie van enige aard in die kamp of naby die kamp toegelaat word nie, aangesien dit die gereelde opeenhoping van rommel en gemors tot gevolg gehad het.[162]

---

[160] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, pp. 184, 187-188.

[161] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, 23.12.1901, pp. 1-2.

[162] *Ibid*., monthly report by A.A. Allison, January 1902, p. 3.

Tydens die besoek van gesondheidsinspekteur Curry in Februarie 1902, het verdere fasette ten opsigte van 'n effektiewe sanitêre stelsel aandag geniet. Om die verwydering van gemors en vuil water te vergemaklik, moes die vuilgoedblikke en die houers vir vuil water aan die buitekant van die rye tente geplaas word, sodat dit nie tussen die tente sou geskied nie. Die houers vir vuil water het baie moeilik hanteer en dus moes emmers vir die uittap daarvan gebruik word. Gevolglik het Curry 'n meer praktiese en hanteerbare houer vir gebruik voorgestel wat sonder enige probleme onmiddellik in die rioolwa (slop-cart) leeggemaak kon word.[163]

In Maart het Allison orals in die kamp vuilgoedblikke en houers vir vuil water geplaas. Voortaan sou die houers elke oggend leeggemaak en die gemors verwyder word.[164] Nog 'n verbetering het in Mei 1901 ingetree toe die grond waarop die vuilgoedblikke gestaan het, van 'n steenvloer voorsien is.[165] Volgens Allison het die sanitêre stelsel in die konsentrasiekamp op Heidelberg, wat gereeld aangepas en redelik vaartbelyn gemaak is, tot met die sluiting van die kamp skynbaar sonder enige haakplekke gefunksioneer.[166]

Die kampinwoners moet egter krediet ontvang vir die manier waarop hulle by die sanitêre maatreëls in die konsentrasiekamp op Heidelberg aangepas het. Ten spyte van Ralston se besware oor hierdie "insanitary race", het hy tog gereken dat die opheffingswerk onder die Heidelbergers ten opsigte van die aanleer van

---

[163] *Ibid*., report by sanitary inspector, W.F. Curry, 17.02.1902, p. 1.

[164] *Ibid*.,monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, March 1902, p. 2.

[165] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, May 1902, p. 1.

[166] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1902, p. 1.

sanitêre beginsels met verloop van tyd geslaag het. Hiervan het hy in die mediese verslag van Oktober 1901 soos volg getuig: "The sanitary rules established are rigidly enforced, and although there is the usual difficulty of getting people of careless habits to observe the laws of health, there is now no serious cause of complaint in the score."[167]

## 3.3 MEDIESE DIENSTE

Wanneer die mediese dienste van omstreeks 1900 in oënskou geneem word, moet daar onthou word dat dit nie met die kennis van 'n honderd jaar later beoordeel kan word nie. Medikasie en die behandeling van pasiënte deur geneeshere was 'n eeu gelede primitief en beperk. Die toediening van antibiotika, binneaarse middele en medikasie aan siekes het nie bestaan nie. Inspuitings, wat moontlik asepties, maar nie steriel vervaardig was nie, is hoofsaaklik vir die verligting van pyn toegedien. Laboratoriumdienste is slegs in uitsonderlike gevalle gebruik en X-strale was nie algemeen beskikbaar nie. Tuisverpleging van pasiënte het voorrang geniet. Versorging van siekes was simptomaties en het streng bedrus, beskerming teen lig en lug, verligting van koors, hoes, vomering en diarree of buikloop ingesluit. Hospitale, wat in elk geval baie min goed opgeleide verpleegsters gehad het, is hoofsaaklik vir operasies en die isolasie van pasiënte gebruik.[168]

Mediese dienste in die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe moet teen twee mediese agtergronde beskou word. Die Britse medici wat in die kampe diens verrig het, het hulle opleiding by mediese skole aan Britse universiteite ontvang. Benewens hulle kennis van swak maatskaplike toestande in die agterbuurtes

---

[167] *Ibid*., monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October 1901, p. 2.

[168] Brief dr. Coenie Momberg, medikus op Heidelberg, oor mediese praktyke rondom 1900 aan skrywer, 10.02.2007.

tydens die Industriële Revolusie in Brittanje en die gepaardgaande siektes as gevolg van onder andere lug- en waterbesoedeling, swak sanitasie, ondervoeding en swak geventileerde woonvertrekke, het ook die "kiemteorie van siektes" by hulle ingang gevind. Hieruit het die gedagte van antiseptiese en aseptiese chirurgie, asook die bevordering van goeie gesondheid deur sindelikheid ontwikkel. In plaas daarvan om die klem op die gebruik van voorkomende geneesmiddels te plaas, moes die voorskryf van helende medisyne voorkeur geniet. Gevolglik sou hospitaalbehandeling voortaan 'n belangrike rol in die genesing van siektes speel.[169]

Hierteenoor het die Boere se gesondheidspraktyke lynreg met dié van die Britse medici gebots. Herhaalde aantygings van Britse mediese offisiere oor die slordigheid en onsindelikheid van Boerevroue en hulle gesinne het gereeld opgeklink, terwyl die hardnekkige gebruik van "Hollandse medisyne", Boererate en die dienste van vroedvroue, en die vroue se weiering om in die hospitale opgeneem te word, die Britse medici oneindig gefrustreer het. Boeremedisyne, gegrond op die "vog"-beskouing dat "die liggaam en omgewing een geheel vorm en dat gesondheid of siekte die gevolg van die verhouding tussen die twee is", het baie kritiek van onder andere dr. Kendal Franks uitgelok. 'n Voorbeeld van die "vog"-genesingstelsel was die uitsweet van koors, wat 'n erkende gesondheidspraktyk onder die Boere was.[170]

Voor die Anglo-Boereoorlog het die Boerevroue op verafgeleë plase met groot sukses Boererate vir die behandeling van siektes gebruik. Hierdie vroue moes noodgedwonge hulle toevlug daartoe neem weens hulle afsondering in die binneland en die nie-beskikbaarheid van geneeshere. Baie van hierdie Boererate is deur verskeie volke uit Europa en slawe uit die Ooste na Suid-Afrika gebring,

---

[169] Elizabeth van Heyningen: "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide Aarde*, pp. 183-184.
[170] *Ibid*., pp. 185-189.

waar dit met verloop van tyd deur die geneeskruie van die inheemse rasse beïnvloed is. Boererate kan in drie groepe verdeel word: Eerstens, geneeskruie en Boererate, tweedens, Boererate met geen plantbestanddele nie, en, derdens, gevaarlike en onwenslike Boererate.[171] Veral die gebruik van laasgenoemde deur die inwoners van die konsentrasiekampe sou reaksie by die Britse mediese offisiere uitlok.

In elke Boerehuishouding het die *Huis Apotheek* wat uit "Hollandse medisynes" bestaan het, 'n belangrike plek ingeneem. Die Boere het hierdie middels sedert die 18de eeu gereeld vir die genesing van siektes aangewend. Die mediese inspekteurs sowel as die Dameskommissie het tydens hulle besoeke aan die konsentrasiekamp op Heidelberg die gebruik van die "Hollandse medisynes", soos die omstrede Boererate, heftig gekritiseer.[172] Hierdie "Hollandse medisynes" was in werklikheid middels van Duitse oorsprong. Na die inbesitneming van die Kaap in 1806 het die Britse veroweraars hierdie middels, wat deur die Nederlandse inwoners gebruik is, verkeerdelik "Dutch remedies" genoem.[173]

Geen mediese maandverslae van Februarie tot Julie 1901 deur mediese offisiere oor mediese dienste in die konsentrasiekamp op Heidelberg is beskikbaar nie. Dit is egter bekend dat waarnemende superintendent E.R. Harvey die behoefte aan 'n hospitaal vir die kampinwoners ingesien het en in Mei met die oprigting daarvan begin het deur 'n aantal markeetente op te slaan. Alhoewel primitief, het die kamphospitaal met verloop van tyd sodanig ontwikkel dat pasiënte volgens

---

[171] Douw G. Steyn, prof. dr., "Geneeskruie en boererate", in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (red.), *Die vrou, deel 7*, pp. 59, 39.

[172] Elizabeth van Heyningen, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 189-190.

[173] Douw G. Steyn, prof. dr., "Geneeskruie en boererate", in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (red.), *Die vrou, deel 7*, p. 40.

Harvey goeie behandeling daar geniet het.[174] In Junie het die hospitaal se verpleegpersoneel uit ‘n matrone en vier leerlingverpleegsters bestaan en ‘n bykomende agt leerlingverpleegsters sou, indien nodig, enige tyd beskikbaar wees. Die feit dat daar nie ‘n verpleegorganisasie op Heidelberg was nie, het Allison nie gehinder nie, omdat hy daarvan oortuig was dat die hospitaalpersoneel daartoe in staat was om hulle pligte na te kom.[175]

Volgens die maandverslag van Julie 1901 het die kamphospitaal na ‘n nuwe terrein verskuif waar dit kort voor lank akkommodasie aan 28 pasiënte gebied het. Vooruitsigte het bestaan om die getal spoedig na 56 te verdubbel.[176] Tydens die besoek van dr. Kendal Franks op 7 September 1901 het die hospitaal uit nege markeetente bestaan. Sewe het oor sewe beddens elk beskik, een het as operasiesaal diens gedoen, en die matrone het die laaste tent betrek.[177] Daarby was die kamphospitaal ook met ‘n kombuis, ‘n apteek, en ‘n plek vir was en ontsmetting toegerus.[178] In Desember daardie jaar het Allison gerapporteer dat hulle die mikpunt van 56 ten volle toegeruste beddens vir pasiënte uiteindelik bereik het.[179] Die Dameskommissie wat die kamp in November besoek het, het die vooruitsig van die bou van ‘n kombuis met ‘n stoor vir die kamphospitaal verwelkom. Tydens hulle besoek was die gebou in aanbou. Terselfdertyd het die

---

[174] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by E.R. Harvey, May 1901, p. 1.

[175] *Ibid*., monthly report by A.A. Allison, June 1901, pp. 2-3.

[176] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901, p. 223.

[177] *Ibid*., report on Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.06.1901, p. 297.

[178] TAB, DBC 14, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, August 1901, p. 3.

[179] TAB, DBC 12, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, December 1901, p. 1.

gedagte bestaan om die hospitaalterrein met 'n draadheining te omhein. Die nuwe kombuis sou die een hoek van die omheining uitmaak. Melk en sop sou deur oop vensters aan die kampbewoners verskaf word sonder dat hulle die hospitaalterrein sou betree. Voedsel sou egter deur 'n venster in die stoor uitgereik word.[180]

Mediese offisier H. Crook het op 1 Januarie 1902 by Ralston in die kamphospitaal oorgeneem. In Maart het dr. A. Strange vir Crook vervang en tot met die sluiting van die kamp bydraes tot verdere verbetering van die mediese geriewe gelewer. Daarvan getuig eerstens die oprigting van 'n kraaminrigting in die kamp. Dit het bestaan uit 'n markeetent met twee beddens. Verwagtende vroue kon vir bevallings daarvan gebruik gemaak. Vanaf sy bestaan tot aan die einde van Mei 1902 het daar egter geen bevalling plaasgevind nie.[181] Tweedens het Crook se gedagte oor die bou van 'n permanente hospitaal byval gevind. Die bestaande stelsel van tente het hy as ongerieflik en baie duur bestempel.[182] Met Strange se koms is daar ernstig aandag aan die oprigting van 'n hospitaal gegee. Die terrein vir die nuwe hospitaal is aangewys, planne opgestel, voorgelê, aanvaar en bouwerk het begin. Na voltooiing van die gebou in Augustus 1902, drie maande nadat vrede gesluit is, het Strange en die mediese span dit in gebruik geneem.[183] Die voltooide hospitaal het oor voldoende akkommodasie vir blankes beskik, terwyl swart siektegevalle voortaan in die markeetente gehuisves

[180] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 186.

[181] TAB, DBC 11, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. A. Strange, May 1902, p. 3.

[182] TAB, DBC 12, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. H. Crook, February 1902, p. 2.

[183] TAB, FK 975, CO 291/42, volume 5, 1902, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. A. Strange, 07.09.1902, p. 649.

sou wees.[184] Die inspekteur van konsentrasiekampe, C.E.W. Sands, het Strange groot lof toegeswaai vir sy reuse aandeel in die oprigting van die nuwe hospitaal.[185] Die oprigting van dié hospitaal is 'n aanduiding daarvan dat die mediese offisiere en hulle assistente met hulle werk iets blywends daargestel het, wat tot voordeel van die Heidelbergers sou strek.

Aanvanklik het mediese behandeling in die konsentrasiekampe uit die gebruik van "medical comforts" bestaan. Benewens voedsame produkte soos melk, het siekes ook gebruiksartikels soos seep en kerse ontvang. Om hierin te kon deel, moes die siekes eers as pasiënte in die kamphospitaal opgeneem word.[186]

Allison het besef dat goeie mediese behandeling van toereikende mediese hulpmiddels afhanklik was. Om die pasiënte se genesing te bevorder, het hy die aanvraag daarna nie agterweë gelaat nie en maandeliks daaroor gerapporteer. Die uitreiking van mediese hulpmiddels vanaf Julie 1901 tot Februarie 1902 het aanvanklik slegs die basiese behels. In hierdie tyd is die volgende aan die kamphospitaal uitgereik: 338 bottels brandewyn, 104 bottels portwyn, 525 lb. (238,5 kg) pêrelgort, 174 lb. (79,2 kg) mielieblom, ongeveer 300 pakke hawermout, 33 594 blikke melk, 25 lb. (15,75 kg) hawermeel, 7 664 bottels vars melk, ongeveer 72 blikke vleisekstrak, Bovril, suiker, "Brand's essence" en pylwortelmeel. Na die Dameskommissie se besoek het daar 'n verbetering in die mediese hulpmiddels ingetree, omdat daar voortaan meer op 'n gesonde dieet vir die siekes gekonsentreer is. Ander hulpmiddels is bygevoeg. Dit het tee, beskuitjies, lemmetjiesap, saamgeperste groente, vars groente, kerse, botter,

---

[184] TAB, DBC 13, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. A. Strange, November 1902, p. 1.

[185] TAB, FK 980, CO 291/43, volume 5, 1902, report on Burgher Camp by C.E.W. Sands, inspector of Burgher Camps, 02.09.1902, p. 625.

[186] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 115.

sago, seep, eiers, ertappels, uie, konfyt en vuurhoutjies ingesluit.[187] Alhoewel die kampverslae van Maart tot November 1902 niks oor verdere mediese hulpmiddels vir die kamphospitaal gerapporteer het nie, het die uitreiking daarvan ongetwyfeld soos vroeër voortgegaan.

Een van die grootste struikelblokke waarvoor die Britse medici in die konsentrasiekampe te staan gekom het, was die agterdog van die kampinwoners teenoor hospitalisasie. Soos reeds genoem, het die kampinwoners se hardnekkige verset daarteen en gerugte oor die behandeling wat pasiënte in die kamphospitaal ontvang het, veroorsaak dat moeders hulle siek kinders weggesteek het. Die Britse medici in die konsentrasiekampe moes hulle gevolglik tot die uiterste toe inspan om die kampinwoners se vooroordele teen die moderne geneeswyse af te breek.

Om 'n geheelbeeld van die mediese situasie in die konsentrasiekamp op Heidelberg te verkry, is dit veral nodig om die statistieke ten opsigte van die inwonertal en sterftes in oënskou te neem.

[187] TAB, DBC 11 12 14, monthly reports on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1901 – February 1902.

| **Maandelikse inwonertal** | | | | | **Maandelikse sterftesyfer** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Datum | Mans | Vroue | Kinders | Totaal | Mans | Vroue | Kinders | Totaal | % |
| Jan.1901 | - | - | - | - | 1 | - | 7 | 8 | - |
| Febr. 1901 | 317 | 389 | 528 | 1 234 | 1 | 1 | 4 | 6 | 0,49 |
| Maart 1901 | | 615 | 692 | 1 307 | - | - | 3 | 3 | 0,23 |
| April 1901 | 263 | 269 | 446 | 976 | 1 | - | 1 | 2[188] | 0,2 |
| Mei 1901 | 277 | 327 | 482 | 1 086 | 4 | 4 | 9 | 17 | 1,57 |
| Junie 1901 | 424 | 450 | 781 | 1 655 | 2 | 2 | 7 | 11 | 0,66 |
| Julie 1901 | 441 | 654 | 901 | 1 996 | | 9 | 9 | 18 | 0,9 |
| Aug. 1901 | 467 | 764 | 991 | 2 222 | 2 | 7 | 72 | 81 | 3,65 |
| Sept. 1901 | 485 | 778 | 978 | 2 241 | 6 | 4 | 40 | 50 | 2,23 |
| Okt. 1901 | 495 | 748 | 953 | 2 196 | 4 | 7 | 32 | 43 | 1,96 |
| Nov. 1901 | 497 | 765 | 951 | 2 313 | 6 | 4 | 47 | 57 | 2,46 |
| Des. 1901 | 488 | 776 | 948 | 2 212 | 1 | 3 | 33 | 37 | 1,67 |
| Jan. 1902 | 484 | 800 | 963 | 2 247 | 2 | - | 11 | 13 | 0,58 |
| Febr. 1902 | 477 | 811 | 914 | 2 202 | 2 | 2 | 8 | 12 | 0,54 |
| Maart 1902 | 477 | 790 | 897 | 2 164 | 1 | 1 | 4 | 6 | 0,28 |
| April 1902 | 454 | 676 | 780 | 1 910 | 2 | 1 | - | 3 | 0,16 |
| Mei 1902 | 471 | 675 | 779 | 1 925 | 1 | - | 4 | 5 | 0,26 |
| Junie 1902 | 603 | 675 | 797 | 2 075 | - | 2 | 5 | 7 | 0.34 |
| Julie 1902 | 417 | 421 | 470 | 1 308 | - | - | - | - | - |
| Aug. 1902 | 280 | 305 | 349 | 934 | 1 | - | - | 1 | 0,11 |
| Sept. 1902 | 188 | 228 | 250 | 666 | 1 | - | - | 1 | 0,15 |
| Okt. 1902 | 86 | 120 | 124 | 330 | - | - | - | - | - |
| Nov. 1902. | 70 | 84 | 86 | 240 | - | - | 2 | 2[189] | 0,83 |
| **Totaal** | | | | | 38 | 47 | 298 | **383** | |

[188] TAB, FK 896, CO 291/28, volume 1, 1901, p. 127.

[189] TAB, DBC 11 12 13 14, monthly reports, May 1901 – November 1902.

In die eerste helfte van 1901 was daar min siektes in die kamp in omloop. Ingewandskoors was nie meer so algemeen nie. Daarenteen het brongitis en aanverwante siektes soos gewoonlik in die wintermaande toegeneem. In Junie 1901 het die dokter soggens en soms twee keer per dag, in noodgevalle, hospitaalbesoek gedoen. Daarna het hy vir ‘n uur in ‘n tent wat as apteek en operasiekamer gedien het, voorskrifte vir medisyne aan ongestelde kampinwoners oorhandig. Vir die res van die dag het hy siekes in die tente besoek wie se toestand nie ernstig genoeg was om hospitaalbehandeling te noodsaak nie.[190]

Weens onverklaarbare redes het die agterdogtige gesindheid van die Heidelbergse kampinwoners tot gevolg gehad dat ernstige siektegevalle na Junie 1901 nie onder die aandag van die mediese offisiere gekom het nie. In hierdie konsentrasiekamp was daar slegs een verpleegorganisasie, naamlik die hospitaal. Die moeders het verkies om hulle eie kinders te verpleeg totdat hulle toestand hospitalisering vereis het. Indien die kampowerhede die kampinwoners in dié opsig ‘n tree vooruit wou wees deur terselfdertyd ‘n effektiewe gesondheidswese daar te stel, moes ‘n beleid van deeglike kontrole ten opsigte van alle aspekte van gesondheid ingevoer word. Om te verseker dat alle ernstige siektegevalle gehospitaliseer word, het die kampowerhede reeds in Julie 1901 die polisie in die kamp, twaalf lede wat uit die manlike kampinwoners gekies is, met die taak belas om gevalle waarvan die mediese offisier nie bewus was nie, onmiddellik te rapporteer.[191] Om die aanmelding van siektegevalle te vergemaklik, het die kampowerhede in elk van die drie kampe ‘n tent opgerig waar ondersoeke en die behandeling van buitepasiënte daagliks tussen 09:00 en 11:00 geskied het. Na 11:00 het die mediese offisiere die siekes in die tente

[190] TAB, DBC 14, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June 1901, p. 3.

[191] TAB, British Bluebooks, Cd 819, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A.Allison, July 1901, p. 233.

besoek en terselfdertyd ernstige en verwaarloosde gevalle sonder verwyl in die kamphospitaal laat opneem.[192] Om meer effektiewe beheer oor siektegevalle in die tente uit te oefen, het die kampmatrone, mev. MacBourth, vergesel van haar twee assistente, vanaf Oktober 1901, by die tente besoek afgelê. MacBourth kon voortaan ernstige siektegevalle, wat die kampinwoners doelbewus versuim het om tydens die mediese offisier se besoek aan hom te rapporteer, onmiddellik na hom verwys.[193] Uit die Dameskommissie se verslag het dit geblyk dat MacBourth en haar twee assistente se taak nie by Ralston baie gewig gedra het nie. "Ralston ... has opposed their work and thrown difficulties in their way."[194]

Die Dameskommissie het met hulle kritiese benadering nie met die metode vir die aanmelding van siektegevalle saamgestem nie. Die daaglikse rapportering van siektegevalle in die tente het hoofsaaklik by twee korporaals (polisie) berus. Ralston het hierdie kontrole bo dié van die kampmatrone MacBouth en haar twee assistente verkies, omdat hy geglo het dat alle ernstige siektegevalle so onder sy aandag gebring word. Ofskoon hy daarvan bewus was dat die kampinwoners teen lykskouings gekant was, het hy met elke sterfgeval wat sonder die medewete van 'n dokter geskied het, 'n lykskouing uitgevoer. Die kommissie was daarvan oortuig dat Ralston hom in hierdie opsig vergis het, aangesien die inligting wat Allison aan hulle verskaf het, daarop gedui het dat meer mense in die tente as in die kamphospitaal gesterf het. Die kommissie het selfs die werkwyse van die twee geneeshere, Ralston en Gibbons, gekritiseer en 'n ander werkwyse voorgestel. Ralston het die behandeling van buitepasiënte en siekes in die hospitaal behartig, terwyl Gibbons "all the visiting in the lines" gedoen het.

[192] TAB, DBC 14, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, August 1901, p. 3.

[193] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October 1901, p. 3.

[194] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 186.

Volgens die kommissie moes elke dokter liewers ‘n deel van die kamp besoek. So kon die medici beter beheer uitoefen oor siektegevalle wat hulle vir behandeling na die hospitaal kon verwys.[195]

Volgens die Dameskommissie het die hospitaalbehandeling geen werklike rede tot ontevredenheid gebied nie. Ten spyte van leemtes, het die kommissie bevind dat die verpleegsters hulle pasiënte te alle tye eerste gestel het. Een van die groot leemtes was die gebrek aan ‘n opgeleide verpleegster vir nagdiens. Om hierdie probleem te bowe te kom, het matrone Bailey haar beste assistente snags in beheer van die kamphospitaal gelaat en haarself in noodgevalle beskikbaar gestel. Die verpleegsters het tydens ‘n storm aan die begin van November 1901 getoon hoe belangrik hulle hul pasiënte geag het. Drie van die markeetente het omgewaai. Sonder enige aarseling het die verpleegsters hulle tot die uiterste ingespan om te verhoed dat hulle pasiënte enige beserings opdoen.[196]

Bentinck se bevindings in opvolging van die Dameskommissie se verslag het nie daarvan verskil nie. Nadat hy die sterfregister onder oë gehad het, het hy bevind dat daar inderdaad meer kampinwoners in die tente as in die kamphospitaal gesterf het. Hy was oortuig dat die behandeling wat die pasiënte van matrone Bailey en haar verpleegpersoneel gekry het, van hoogstaande gehalte was. Gevolglik het hy die twee polisiemanne (korporaals) wie se taak dit was om siektegevalle op te spoor, as onbevoeg of laks bestempel. Die twee het talle siektegevalle verswyg in plaas daarvan om hulle vir behandeling na die hospitaal te verwys.[197]

---

[195] *Ibid*., p. 186.

[196] *Ibid*.

[197] TAB, DBC 12, report on Burgher Camp Heidelberg by capt. W. Bentinck, inspector of Burgher Camps, 23.12.1901, pp. 4-5.

Sedert Januarie 1902 was die rapportering van siektegevalle meer bevredigend. Uit die kampverslae blyk dit dat die twee polisiemanne nie meer die aanmelding van siektegevalle behartig het nie. Met die aanstelling van suster French as kampmatrone op 1 Januarie het Allison die aanmelding van en beheer oor siektegevalle op ‘n vaster grondslag geplaas. French, bygestaan deur vier leerlingverpleegsters uit die kampinwoners se geledere, het gereelde tent-tot-tent-besoeke uitgevoer. Tydens dié besoeke het French die kampinwoners se algemene gesondheid in oënskou geneem en teen 09:00 die temperature van siekes vir aanmelding by die mediese offisier gemeet. Van 09:00 af het French die mediese offisier op sy rondtes vergesel en gevalle vir behandeling onder sy aandag gebring.[198]

Dr. Crook, wat op 1 Januarie 1902 by Ralston oorgeneem het, het vir die volgende twee maande aan die hoof van die mediese dienste in die kamphospitaal gestaan. Tydens sy dienstydperk in die Johannesburgse konsentrasiekamp, die sogenaamde “resiesbaankamp”, het sy onsimpatieke houding die kampinwoners gegrief.[199] Ten spyte daarvan het hy en suster French skynbaar sonder enige probleme in die kamp op Heidelberg saamgewerk. Tentbesoeke is streng uitgevoer en hy het nie toegelaat dat enige siektegevalle wat behoorlike verpleging vereis het, of gevalle van ingewandskoors, in die tente versorg word nie. Sy onverbiddelikheid daaroor word bewys deur die 57 pasiënte wat hy sedert sy aankoms op Heidelberg in die kamphospitaal laat opneem het. Oor hierdie aangeleentheid eindig hy tevrede: “There is no trouble in this direction, either with the patients or their relatives.”[200] Alhoewel verdere kampverslae geen melding van die kampinwoners se weiering

---

[198] *Ibid.*, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, January 1902, p. 3.

[199] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe,* p. 116.

[200] TAB, DBC 12, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. H. Crook, January 1902, p. 3.

tot hospitalisasie maak nie, kan daar aanvaar word dat die kampowerhede deur middel van streng kontrole en goeie verpleging daarin geslaag het om die agterdog teenoor hospitaalbehandeling grootliks te verminder.

Crook was vasbeslote om siektes te voorkom en het nie gehuiwer om alle tente en hulle inhoud deeglik te ontsmet nie. Op ‘n dag in Februarie 1902 het hy al die tente laat leegmaak, die inhoud laat uitdra en ‘n deeglike ontsmetting laat uitvoer. Eers nadat alle meubelment sondroog was, het hy toestemming gegee dat dit teruggedra word.[201] Selfs inenting teen siektes was vir Crook baie belangrik. Gevolglik het hy voorgestel dat ernstige aandag daaraan verleen word. Dit is egter eers na die vredesluiting gedoen.[202]

Vervolgens het die kampinwoners se gebruik van tradisionele Boererate en medisyne uit die huisapteek die mediese offisiere, inspekteurs van konsentrasiekampe en die Dameskommissie hewig ontstel. Die kampinwoners se absolute geloof in die genesende waarde van Boererate het die Britse medici se daadwerklike pogings om die agterdog teenoor moderne geneesmiddels die nek in te slaan en so ‘n gesonde en gelukkige kampgemeenskap daar te stel, erg ontwrig. Die vasberade mediese offisiere het hulle egter nie hierdeur van stryk laat bring nie.

Die gebruik van Boererate in die konsentrasiekamp op Heidelberg het die eerste keer in Kendal Franks se verslag van 7 September 1901 ter sprake gekom. Franks het ernstige bedenkinge oor die weeklikse besoeke van die kampinwoners aan die dorp gehad, omdat hulle die geleentheid benut het om “quack remedies” aan te koop, “which interfere very much with the efforts of the medical officers on their behalf.” Hierdie aankope het Franks nie aangestaan

[201] *Ibid*., monthly medical report by Dr. H. Crook, February 1902, p. 1.

[202] *Ibid*., monthly medical report by Dr. H. Crook, March 1902, p. 1.

nie,[203] ook omdat daar ‘n apteek met genoeg geneesmiddels in die kamp was. Dit moes vir Franks onverstaanbaar gewees het dat die kampinwoners, ten spyte van die vooruitgang op mediese gebied, steeds groter waarde aan genesing deur Boererate as deur moderne geneesmiddels geheg het.

Die Dameskommissie het in November 1901 geen vleiende opmerkings oor die gebruik van “extraordinary ‘remedies’ adopted by Boer women for their children” in die kamp op Heidelberg gemaak nie. Eienaardige mengsels is vir die bestryding van siektes aangewend. Vir diarree is ‘n brousel van beesmis gemeng met swael toegedien. So ‘n ongehoorde dosering het verswakking tot gevolg gehad, wat terselfdertyd die natuurlike weerstand teen siektes verminder het. Kinders, veral, het hieronder gely. Masels, wat in Julie en Augustus 1901 epidemiese afmetings aangeneem het, het onder die kampkinders gemaai en die sterftesyfer baie opgestoot. Die kommissie het ook ander rate wat die kampinwoners vir siektes gebruik het, kopskuddend betrag. So het hulle onder andere koolteer vir oorpyn gebruik. Hiervan was die kommissie ooggetuies toe ‘n moeder haar baba hiermee gedokter het. Nog ‘n eienaardige behandeling vir die voorkoming van stuipe het die draai van watte om babas se polse behels. Na aanleiding van laasgenoemde Boereraat het die kommissie in sy verslag droogweg opgemerk, ”would that all Boer ‘remedies’ were equally harmless.”[204]

Hand aan hand met die Boererate het die versorging van die kampkinders, wat gedurende die oorlog die moeders se taak was, veel te wense oorgelaat. Talle sterftes aan diarree en longontsteking was te wyte aan die moeders se onkunde en onoplettendheid. ‘n Groot aantal kinders onder drie jaar wat aan masels gesterf het, het vroeg reeds aan diarree gely. Dit was die gevolg van ouers se

---

[203] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 299.

[204] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 186.

voorkomende maatreëls teen siektes alvorens hulle hul kinders se siektetoestand onder die aandag van ‘n mediese offisier gebring het. Ten spyte van die hoë sterftesyfer is dit tog verbasend dat talle kinders op wie Boererate gebruik is, masels oorleef het.[205] Verdere oorsake vir diarree was die verontagsaming van ’n kennisgewing (skriftelik sowel as mondeling) dat alle drinkwater gekook moes word en die swak voeding van kinders onder drie jaar. Die moeders was in hierdie opsig die groot sondaars. Op hulleself aangewese, het hulle koffie en beesvleis in die diëte van babas van vyf maande en ouer ingesluit. Ralston het ook longontsteking aan skielike weersveranderinge en deels aan die moeders se onverskilligheid toegeskryf. Dit het Ralston gegrief dat die moeders nie vir hulle kinders droë klere aangetrek het nadat hulle in die reën gespeel het nie.[206]

Ralston, wat die gevolge van swak behandeling van kinders deur die moeders aanskou het, het hom voorgeneem om hierdie euwels te bestry en die moeders die korrekte wyse van voeding aan te leer. Gevolglik het hy die kampmatrone en haar assistente instruksies oor die voeding van die Heidelbergse kampkinders gegee. Tydens die daaglikse besoeke aan die tente moes hulle alle moeders hieroor inlig. Hy het die moeders verplig om hieraan gehoor te gee. Alle kinders onder twee jaar moes vir ‘n ondersoek na die hospitaal gebring word om die nodige voorgeskrewe voeding of behandeling te ontvang. Ter ondersteuning van Ralston se pogings om behoorlike voeding aan verswakte kinders te voorsien, het ‘n sopkombuis in Oktober 1901 in die kamp tot stand gekom. Vasbeslote om sy voornemens uit te voer, het hy daarop aangedring dat die moeders hulle kinders een keer per maand vir ‘n ondersoek na die kamphospitaal moes bring.

[205] TAB, DBC 14, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, August 1901, p. 2.

[206] TAB, DBC 11, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by R.G. Ralston, October 1901, p. 3.

Sodoende kon hy hopelik in die toekoms vasstel “what has been, I fear, a very important cause of swelling mortality totals amongst the refugees generally.”[207]

‘n Ontleding van die tabel op p. 160 is insiggewend. Eerstens het die Heidelbergse kamp se inwonertal van maand tot maand gewissel. Veral twee faktore was hiervoor verantwoordelik, naamlik ‘n voortdurende verwisseling van kamp en ‘n ongewone hoë sterftesyfer. In Augustus 1901 het die Heidelbergkamp se inwonertal op 2 222 te staan gekom. Ten spyte van die sterftesyfer in Augustus en September het die inwonertal in September tot 2 241 toegeneem. Daarna het die inwonertal gewissel totdat dit met die vredesluiting in Mei 1902 op 1 925 te staan gekom het. Tweedens toon die sterftesyfer ook ‘n wisseling. ‘n Skielike styging in Julie 1901, van agtien tot 81 in Augustus 1901, is die volgende twee maande deur ‘n daling en skielik deur ‘n styging in November en daarna weer ‘n aansienlike daling gevolg. In die tydperk Augustus tot Desember 1901 was die gemiddelde maandelikse sterftesyfer 54 siele (2,41%) uit ‘n gemiddelde inwonertal van 2 237. Daarteenoor het die gemiddelde maandelikse sterftesyfer vir die tydperk Januarie 1901 tot Mei 1902 op 22 (1,2%) te staan gekom uit ‘n gemiddelde maandelikse inwonertal van 1 868. In vergelyking met die meerderheid Transvaalse kampe was die gemiddelde sterftesyfer laer. Hierdie syfer dui daarop dat dit oor die algemeen relatief goed met die Heidelbergse kampinwoners gegaan het.

Volgens die amptelike Britse maandelikse statistieke van Januarie 1901 tot Mei 1902 het die totale sterftesyfer in die Heidelbergse konsentrasiekamp op 372 te staan gekom, naamlik 36 mans, 45 vroue en 291 kinders. Die vernaamste oorsake van die sterftes en getalle was soos volg:

[207] *Ibid*., monthly medical report, October 1901, p. 3.

| | |
|---|---|
| Harsingvliesontsteking (meningitis) | 6 |
| Maagdermontsteking | 7 |
| Stuiptrekkings | 18 |
| Watersug (dropsy) | 2 |
| Diarree | 43 |
| Ingewandskoors | 19 |
| Marasmus (uittering) | 17 |
| Disenterie (bloedpersie) | 8 |
| Nefritis | 1 |
| Longontsteking en brongitis | 64 |
| Witseerkeel (diptheria) | 7 |
| Masels | 85 |
| Kinkhoes | 3 |
| Influensa | 4 |
| Sinkopee | 12 |
| Maagvliesontsteking (gastritis) | 1 |
| Ander (ouderdom, kanker, kroep ensovoorts.) | 75[208] |

'n Ontleding van bogenoemde siektes wat tot 'n buitengewone sterftesyfer van 372 in die konsentrasiekamp op Heidelberg tussen Januarie 1901 en Mei 1902 gelei het, toon dat masels, longontsteking, brongitis en diarree die grootste verwoesting gesaai het. Masels het die meeste sterfgevalle veroorsaak, naamlik 85 (22,84%), gevolg deur longontsteking en brongitis met 64 (17,2%), en diarree met 43 (11,56%). Siektes soos ingewandskoors met 19 (5,1%), stuipe met 18 (4,83%) en uittering (marasmus) met 17 (4,56%) het die sterftesyfer verder laat styg.

[208] TAB, FK 896, CO 291/28, volume 1, 190, p. 127; TAB, DBC 11 12 13 14, monthly reports, January 1901 – May 1902.

Kendal Franks het in sy verslag op 7 September 1901, na sy besoek aan die kamp op Heidelberg, 'n uiteensetting van die toename en afname van masels aldaar gegee. Met die aanvang van die epidemie in die derde week van Julie 1901 het die aantal siektegevalle tot 92 gestyg. Hieronder het baie gevalle van masels getel wat nie aangemeld is nie. In die vierde week het die siektegevalle tot 58 gestyg, waarvan 38 masels onder lede gehad het. Aan die begin van Augustus het die epidemie met mening toegeslaan. In die eerste week het 212 kinders uit 239 siektegevalle masels gehad. In die tweede week het dit na 255 uit 277 siektegevalle gestyg. 'n Groot afname het in die derde week gevolg, naamlik 115 uit 141 siektegevalle. Die vierde week het dieselfde tendens getoon, naamlik 116 uit 137 siektegevalle. Uit die syfers van die laaste week, toe dit tot 39 gedaal het, is dit duidelik dat die epidemie hom feitlik uitgewoed het. Die aantal sterftes aan masels was heelwat kleiner in Julie en het op nege te staan gekom, terwyl dit in Augustus met 57 toegeneem het.[209] In November is die laaste twee sterfgevalle aan masels in die kampkerkhof begrawe.[210]

---

[209] TAB, British Blue Books, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 298.

[210] TAB, DBC 14, report on Burgher Camp Heidelberg, statistics, November 1901. Gestorwenes in die konsentrasiekamp is nie in die ou begraafplaas op pad na die Kloof begrawe nie, maar aan die oostekant van die dorp in die oop veld feitlik teenaan die pad na Nigel. Na die oorlog is die kampkerkhof verwaarloos. 'n Komitee bestaande uit onder andere ds. A.J. Louw (voorsitter) en dr. A.G. Visser het met die herstel van die kampkerkhof begin. Teen Oktober 1927 was al die grafte herstel, die kampkerkhof omhein en 'n keëlvormige klipstapel opgerig. Op 'n ingemesselde steenblad is die volgende woorde aangebring: "Ter gedagtenis aan die Moeders en Kinders gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Vrouekamp van Heidelberg omgekom (1899-1902)." Charlotte Louw, "By die Monument", in K. Malherbe (red.), *Die Boerevrou-boek*, p. 41.

In sy verslag oor die oorsake van hierdie epidemie het Franks Ralston se bevindings grootliks onderskryf. Franks meld in sy verslag dat die sterftesyfer ten opsigte van masels in die kamp op Heidelberg in vergelyking met ander kampe nie so hoog was nie. Vir hom was dit duidelik dat die vernaamste oorsaak vir hierdie geweldige sterftesyfer in al die konsentrasiekampe tot die "indiscriminate and reckless dosing of the children by their parents at the beginning of the illness, or even before it, than to any other cause" herlei kon word. Selfs die verkeerde behandeling en verwaarlosing van die kinders in die tente het tot die verskriklike verwoesting van menselewens bygedra.[211]

Die moeders se verwaarlosing van hulle kinders waarna Franks in sy verslag verwys het, was na sy mening die gevolg van "a certain fatalism which is common among them, only I suppose they call it by a different name". Moeders het by hulle siek kinders gewaak sonder om enigsins 'n poging aan te wend om die siekes te versorg deur aan hulle die nodige voedsel of voorgeskrewe medisyne te gee. Hulle verskoning hiervoor was: "Dit is Gods wil."[212] As 'n opgeleide medikus kon Franks hom waarskynlik nie met hierdie lewensbeskouing vereenselwig nie.

Oor Franks se aanklag van verwaarlosing bestaan daar groot ongelukkigheid. Otto laat hom baie skerp hieroor uit deur dit as "louter onsin" te bestempel. Tereg vra hy waarom die geweldige sterftes slegs in die kampe voorgekom het en nie op ander plekke ook nie.[213]

Die sterftesyfer het in November 1901, in dieselfde maand as die besoek van die Dameskommissie aan Heidelberg, sy tweede hoogste vlak bereik, naamlik 57

---

[211] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 298.

[212] *Ibid*., p. 299.

[213] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 127.

sterftes.[214] In hierdie stadium het elf gevalle van ingewandskoors in die kamphospitaal behandeling ontvang. Longontsteking en kinkhoes het nog oorheers, terwyl die maselsepidemie byna uitgewoed was. Volgens die kommissie was die kamp tydens hulle besoek "in a fairly healthy condition." Voorts het die kommissie ook gerapporteer oor maatreëls om die stoelgang van ingewandskoors in 'n verbrandingsoond te vernietig en die aankoms van 'n nuwe stoomketel vir die kook van linne, wat na installering in gebruik geneem sou word. Totdat dit gebeur het, is daar van 'n groot driepootpot om die linne te kook, gebruik gemaak. Linne is met karbolsuur in 'n verhouding een tot veertig ontsmet voordat dit gekook is. 'n Wasmasjien, hoofsaaklik vir gebruik deur die hospitaal, is vir die was van die hospitaal se wasgoed ingespan.[215]

Wanneer die statistieke in verband met die sterftesyfer in Hobhouse se *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het,* geïnterpreteer word,[216] bring dit belangrike gegewens aan die lig. In die Transvaalse konsentrasiekampe het die sterftesyfer tussen April 1901 en Maart 1902 op 10 518 te staan gekom. Die dood het die hoogste tol geëis in die Middelburgse kamp, naamlik 1 367 sterfgevalle (12,996%). Hierna het Klerksdorp met 1 096 sterfgevalle (10,42%) en Mafeking met 1002 sterfgevalle (9,53%) gevolg. Heidelberg met 347 sterfgevalle (3,3%) verskyn in die dertiende posisie. Verdere ontleding bring aan die lig dat die verskillende konsentrasiekampe nie almal hulle hoogste sterftesyfer in dieselfde maand beleef het nie. Dit het gewissel tussen Junie en November 1901. In Augustus het Heidelberg saam met die konsentrasiekampe op Volksrust, Nylstroom, Johannesburg, Vereeniging en Barberton hulle hoogste sterftesyfer beleef. Die sterftesyfer in die Transvaalse konsentrasiekampe het in

---

[214] TAB, DBC 14 statisitcs Burgher Camp Heidelberg, November 1901.

[215] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 186.

[216] Berekeninge ooreenkomstig statistieke in Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, pp. 310-313.

hierdie maand op 1 477 te staan gekom. Hiervan was Volksrust se sterftesyfer die hoogste, naamlik 248 (16,79%), gevolg deur Nylstroom met 111 (7,52%), Johannesburg met 82 (5,55%), Heidelberg met 81 (5,48%), Barberton met 75 (5,07%) en Vereeniging met 50 (3,39%). Hierdie ontleding gee weer eens ‘n aanduiding dat die kampinwoners op Heidelberg ten opsigte van gesondheidsdienste in ‘n beter posisie as die meeste ander konsentrasiekampe moes verkeer het.

Die vasberadenheid van die Britse militêre owerhede om goeie mediese dienste in die konsentrasiekampe te vestig en sodoende menselewens te red, word deur die volgende gebeurtenis bevestig: Die Militêre Goewerneur in Pretoria het in November 1901 van ‘n verwaarloosde siektegeval in die Heidelbergse kamp te hore gekom. ‘n Ouerpaar van wie die name nie bekend is nie, wou hulle siek kind met alle geweld uit die hospitaal verwyder. Dit het die owerhede in Pretoria verplig om in te gryp en die ouers te dreig dat, indien die kind enigiets oorkom, ‘n klagte van moord teen hulle aanhangig gemaak sou word. Die kampowerhede het opdrag ontvang om, indien nodig, dwang te gebruik en daarop aan te dring dat die siek kind in die hospitaal moet bly. Ook moes hulle hierdie geval aan die magistraat rapporteer.[217] Uit verdere verslae kon daar nie vasgestel word of die ouers hieraan gehoor gegee het nie. Met redelike sekerheid kan aanvaar word dat die ouers, uit vrees vir ‘n aanklag van moord, nie verder op die ontslag van hulle kind uit die hospitaal aangedring het nie.

Uit verskeie mediese maandverslae oor die Heidelbergse konsentrasiekamp is dit duidelik dat twee besliste gedagterigtings ten opsigte van die geneeswyse van siektes bestaan het. Eerstens, die Britse benadering, geskoei op die vooruitgang van die mediese wetenskap in die Weste en, tweedens, die Britse afkeer van die

[217] TAB, MGP, volume 251, 06.11.1901-05.12.1901, MG 4466 in antwoord op no. 442, telegram MGP aan superintendent konsentrasiekamp Heidelberg, 28.11.1901.

gebruik van tradisionele Boererate deur die Boerevroue vir die genesing van siektes. In enige gemeenskap is die bevordering van algemene gesondheid van die allergrootste belang om die voortbestaan van 'n volk te verseker. Alhoewel daar teen 1900 groot vordering op die gebied van die Westerse mediese wetenskap gemaak is, het daar in werklikheid min terapieë bestaan om siektes die hoof te bied. Hiervan getuig die maselsepidemie in die wintermaande van 1901, wat geeneen van die bestaande middels onder beheer kon bring nie. Die medici in die kampe was verplig om op die tradisionele geneeswyse soos afsondering en verbeterde sanitasie terug te val. Aangesien algehele afsondering in die konsentrasiekampe 'n onpraktiese reëling was, is dit hoegenaamd geen verrassing dat die Britse medici die handhawing van sindelikheid voorop gestel het nie.[218]

Die Britse medici, as getroue deelnemers aan 'n imperiale oorlog, het 'n stryd teen 'n vyand gevoer wat deur die Britse pers aan die wêreld as ondemokraties en agterlik voorgehou is. Uit vrye keuse het die Britte so 'n manier van oorlogvoering teen die burgery, wat sovele sterfgevalle in die konsentrasiekampe tot gevolg gehad het, verkies en dit aan die Britse medici oorgelaat om die ellendige gevolge van hierdie beleid te hanteer.[219]

Die owerhede het van tyd tot tyd voor netelige situasies te staan gekom waarvoor hulle nie maklik oplossings kon vind nie. Dit het onder andere ongeneeslike siektes, 'n oorlog teen onskuldige slagoffers en 'n "geslagsgebonde Victoriaanse samelewing" ingesluit. Dit is dus glad nie verbasend nie dat die Britse medici doelbewus die Boerevroue vir hulle mislukkings die skuld gegee het. Hulle het die Boerevroue as die "huishoudelike gedaante van die vyand" geag en terselfdertyd ook as slordig, onkundig en onmoederlik getipeer. Dit

[218] Elizabeth van Heyningen, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 193-194.
[219] *Ibid*., p. 194.

verklaar die Britse medici se aanhoudende gepraat oor die Boerevroue se "vreemdste praktyke en mislukking as moeders."[220]

In weerwil van laasgenoemde het inspekteurs, medici en kommissies wat die kamp op Heidelberg besoek het, talle goeie aspekte van die kamporganisasie in hulle verslae aangestip.

Franks, bekend vir sy uitgesprokenheid, het hom tydens sy besoek in September 1901 soos volg oor die gebrek aan netheid van die Boerevroue in die kamp op Heidelberg uitgelaat: "...it is to be regretted that the cleanliness is very far removed from the godliness of the Boer." Aan die anderkant was Franks nie so afbrekend in sy kritiek oor toestande in die Heidelbergse konsentrasiekamp nie. Wanneer hy slordigheid opgemerk het, het hy hom krities daaroor in sy verslag uitgelaat. Terselfdertyd het hy ook nie gehuiwer om goeie aspekte van die kamplewe, soos onder andere goeie sanitêre maatreëls, die uitleg van die kamp, die netheid binne die sooihuise en tente en dié van die strate, in sy verslag te meld nie.[221] Selfs Ralston, wat aanvanklik oor die slordigheid van die Boerevroue gekla het, het aan die einde van sy dienstyd op Heidelberg erken dat die "cleanliness of the inhabitants is much better."[222] Die Dameskommissie se verslag oor die kamp het goeie kritiek en aanbevelings bevat wat met verloop van tyd die aandag van die kampowerhede geniet het. Uit hulle verslag wil dit voorkom of hulle die kampinwoners tog in 'n mate simpatiekgesind was. Daarvan het die kwessie oor die oprol van die tentflappe soggens ter wille van ventilasie

---

[220] Aangehaal deur E. van Heyningen, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 194-195.

[221] TAB, British Bluebooks, Cd 819, report on the Refugee Camp at Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, pp. 296-299.

[222] TAB, DBC 12, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. R.G. Ralston, December 1901, p. 2.

getuig. Franks het tydens sy besoek ook hieroor verslag gelewer. Volgens hom is die oprol van die tentflappe elke oggend streng uitgevoer, maar die maselsepidemie het 'n verslapping van hierdie maatreël tot gevolg gehad. Volgens die Dameskommissie het Allison hulle die eerste oggend van hulle besoek oor dié probleem ingelig. Alhoewel Allison nie hierop uitgebrei het nie, skep die kommissie se reaksie "that this may be due to the climate. The morning of our arrival was as cold as an English March"[223], die indruk dat hulle die kampinwoners se situasie begryp het.

In teenstelling met die Britse medici wat die Westerse geneeswyse op die kampinwoners probeer afdwing het, het vasberade Boerevroue hulle daarvoor beywer om nie die beheer oor die belangrikste elemente in hulle daaglikse bestaan prys te gee nie. Die skynbare onvermoë van die Britse medici om hulle kinders gesond te maak, het hulle agterdogtig teenoor die Britse geneeswyse en geneesmiddels gemaak. Dit was asof die sterftesyfer in die konsentrasiekampe dit wou beklemtoon dat die Britse geneeswyse selfs minder effektief as hulle eie was. Die Boerevroue se mening dat die Britse geneeswyse onmenslik was, deur hulle kinders in die hospitaal te laat opneem en later in so 'n ongevoelige atmosfeer te laat sterf, het die agterdog van die Boerevroue teenoor die Britse medici nog verder verhoog. Vir die Boerevrou was dit van kardinale belang om haar siek kinders tuis met bekende en meer betroubare geneesmiddels te behandel en sodoende haar posisie as moeder van die gesin en die nasie te handhaaf.[224] Die Dameskommissie, bewus van die Boerevroue se agterdog teenoor die Britse geneeswyse, het hulle kommer oor die hoë sterftesyfer onder die kinders in die kampe uitgespreek. Ten spyte daarvan dat hierdie onderwerp

---

[223] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 185; *ibid*., Cd 819, report on the Refugee Camp Heidelberg by Dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p. 297.

[224] Elizabeth van Heyningen, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 195.

die gedagtes van die bevolking in Engeland geprikkel het, het daar geen uitvoerbare plan na vore getree om dié ernstige en moeilike kwessie aan te spreek nie.[225]

Nieteenstaande al die probleme wat die Boerevroue in die kamp met die Britse geneeswyse ondervind het, het dit met verloop van tyd tog hulle gedagtegang onwillekeurig ten opsigte van die moderne geneeskunde beïnvloed. Dit is verder versterk deur 'n meer sindelike leefwyse in die kamp en sommiges se dogters wat as leerlingverpleegsters in die kamphospitale werksaam was.[226] In sy mediese verslag van Mei 1902 het dr. Strange bekend gemaak dat hy begin het om weekliks lesings oor verpleging en noodhulp vir sowat twintig Boere-leerlingverpleegsters aan te bied. Hy kon dankbaar in sy verslag meld dat sowel die matrone van die kamphospitaal as die kampmatrone bereid was om met die onderrig van die leerlingverpleegsters en ander belangstellendes te help. Hierdie onderrig het volgens hom groot byval gevind, aangesien dit in Hollands getolk is.[227] Ten spyte daarvan dat die kamp begin leegloop het, het Strange vir 'n kort tydjie met die aanbieding daarvan volgehou. Die leerlingverpleegsters is na drie maande oor die behandelde leerstof geëksamineer. Strange het in sy verslag van September 1902 die uitslae as bevredigend bestempel.[228] Gewapen met hierdie kennis, kon die leerlingverpleegsters die beginsels van die moderne geneeswyse met goeie gevolge in die praktyk toepas.

---

[225] *The Heidelberg News*, 06.12.1901.

[226] Elizabeth van Heyningen, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 195.

[227] TAB, DBC 11, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. A. Strange, May 1902, p. 3.

[228] TAB, FK 980, CO 291/43, volume 4, 1902, monthly medical report on Burgher Camp Heidelberg by Dr. A. Strange, September 1902, p. 662.

Uit die nood en ellende van die oorlog het die eerste twee van vier vroueverenigings in 1904 hulle verskyning gemaak, naamlik die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging en die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF). In 1911 het die Oranje Vrouevereniging en in 1915 die Natalse Christelike Vrouevereniging gevolg.[229] Uit die kampdagboek van Henrietta Armstrong blyk dit dat die Afrikanervrou met haar moed en onvernietigbare gees die oorlewing van die Afrikanervolk na die oorlog wou verseker. Die SAVF wat aanvanklik op verligting van nood gekonsentreer het, het later by die opvoeding en die bewaring van die Afrikaanse taal en kultuur betrokke geraak. Heidelberg het hierby gebaat, deurdat ‘n nywerheidskool, naamlik Emmasdal Skool, vir verwaarloosde seuns op 31 Januarie 1912 op die dorp geopen het.[230] Na amper ‘n honderd jaar word daar steeds onderrig in hierdie skool aangebied.

[229] Owen le Roux, “Die vroue-organisasies en die kerk”, in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (red), *Die vrou, IV*, p. 377.

[230] T. van Rensburg (red.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong*, pp. 17-18, 24.

# HOOFSTUK 4

## ONDERWYS OP HEIDELBERG

Die onderwysstelsel in sowel die ZAR as die Republiek van die Oranje-Vrystaat het op Christelik nasionale beginsels berus. Ten spyte van innerlike woelinge en verskille op onderwysgebied in die ZAR, en veral op Heidelberg, het die onderwys, gesteun deur die drie Nederlandse susterkerke, betekenisvol tot die vorming en skoling van die jeug bygedra. Hiervan getuig T.A. Dönges en K. Bonsma van Heidelberg in April 1918 by die viering van die vyf-en-twintigjarige bestaan van die “Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika” soos volg: “Hoofdzaak was de zonen en dochters van‘t land zo spoedig mogelik toe te rusten met die meest noodzakelike kennis, om op waardige wijze hun plaats te kunnen nemen in Huis, Staat en Kerk. Ook in de Kerk! ‘t Leren zingen van Psalmen en Gezangen vormde dus ook ‘n deel van ‘t onderwijs, evengoed als ‘t zingen van nationale liederen.”[1] Die Britse militêre sukses in Suid-Afrika in 1900 het egter tot die beëindiging van beide Republieke se onderwysstelsels en die instelling van ‘n nuwe onderwysstelsel, geskoei op die Britse model, gelei.

Alhoewel daar geen skooljaarboeke oor skoolaktiwiteite in die vooroorlogse tydperk beskikbaar is nie, bevat die notules van die plaaslike skoolkommissievergaderings heelwat inligting oor die ontwikkeling en standaard van onderwys in die ZAR.[2]

---

[1] T.A. Dönges en K. Bonsma, “Het lager onderwijs onder de ZAR”, *Gedenkboek*, April 1918, p. 71.

[2] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 28. Die notules van die Plaatselijke Schoolcommissie op Heidelberg tot en met 30 September 1895 is volledig. Toe dié notuleboek vol geword het, het dit oorgeloop in ‘n nuwe boek wat ongelukkig

Die ZAR het sedert sy ontstaan gesukkel om onderwys op 'n vaste grondslag te plaas. President T.F. Burgers, wat in 1872 die leisels in Transvaal oorgeneem het, het met sy Onderwyswet in 1874 wat vir "een Superintendent Generaal van Opvoeding" voorsiening gemaak het, gepoog om die onderwys op 'n vaster grondslag te organiseer.[3] In 1876, toe W.J. van Gorkum as die eerste onderwyshoof aangestel is, het daar reeds agt staatsgesubsidieerde skole bestaan. Hiervan het vier skole met 'n leerlingtal van 71, waaronder Heidelberg, vakonderrig slegs in Engels aangebied. Drie skole het leerlinge in Nederlands onderrig terwyl die agtste as 'n dubbelmediumskool onderrig in Engels en Nederlands aangebied het.

Alhoewel hierdie agt skole saam oor 151 leerlinge beskik het, ontstaan die vraag waarom meer as vyftig persent van dié skole onderrig in Engels aangebied het. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die Onderwyswet van 1874, wat die keuse van die onderrigmedium aan die ouers oorgelaat het.[4] Waarom Heidelberg se ouers in daardie stadium Engels verkies het, kon A.E.F. Bosman nie werklik uit die notules van die skoolkommissie op Heidelberg vasstel nie. Uit die notules blyk dit tog dat 'n afname van leerlinggetalle in die dorpskool aan daardie keuse toegeskryf kon word.[5] Alhoewel die dorpskool se leerlingtal teen Oktober 1874 op 54 te staan gekom het, het hierdie skool in 'n suiwer Engelsmediumskool ontwikkel. Die Engelse invloed is nog verder deur Engelssprekende lede soos John Pagan en Carl Ueckermann, wat op die skoolkommissie gedien het, versterk.[6]

---

verlore geraak het. Dit het veroorsaak dat die gegewens vanaf 1895 tot 1903 ontbreek.

[3] A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, p. 12.

[4] *Ibid*., p. 16; E.G. Malherbe, *Education in South Africa*, *1652-1922*, p. 255.

[5] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 4.

[6] *Ibid*., p. 7.

Die stand van onderwys op Heidelberg was tydens die Britse anneksasietydperk van Transvaal (1877-1881), wat in 1880 tot 1881 met die Eerste Vryheidsoorlog beëindig is, nie goed nie. Hierdie tydperk is gekenmerk deur die ontslag van onderwysers, die onbevredigende hantering van die toepassing van tug op leerlinge wat hulle aan ontoelaatbare gedrag skuldig gemaak het, die voortdurende sluiting van die skool as gevolg van die ontslag van onderwysers, dalende getalle en die Engelse notules van skoolkommissievergaderings. Ter wille van een Engelssprekende, ene Goodliffe, wat in die skoolkommissie van sewe lede gedien het, het die notules tot aan die einde van die Eerste Vryheidsoorlog in Engels verskyn. Die skoolkommissie, wat sy laaste vergadering voor die uitbreek van die oorlog op 12 Maart 1880 gehou het, is kort daarna ontbind en die laaste notule is nooit goedgekeur en onderteken nie. Die staatsondersteunde skool op Heidelberg het vir twee jaar, van 1880 tot 1882, ophou bestaan. Die enigste onderwys wat in hierdie tydperk aan die leerlinge op Heidelberg gebied is, was by ‘n Engelse privaatskool met 22 leerlinge wat onder ene Dawson se beheer gestaan het.[7]

Na 1881 het die ZAR daadwerklik pogings aangewend om die onderwys meer georganiseerd te laat plaasvind en meer toeganklik vir die jeug te maak. Die aanstelling in 1882 van ds. S.J. du Toit as Superintendent van Onderwys het ‘n nuwe tydvak in die onderwys ingelei. Du Toit se uitgangspunt was dat die ouers, en nie die staat nie, vir die onderrig van hulle kinders verantwoordelik was. Daarbenewens moes die onderwys op ‘n Christelike grondslag geskied en Nederlands sou die enigste onderrigmedium wees. Du Toit se onderwysbeleid het gou ‘n toename in die aantal skole en leerlinge tot gevolg gehad.[8]

---

[7] *Ibid*., pp. 9-16.

[8] W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I*, “Du Toit, Stephanus Jacobus”, p. 280.

Op Heidelberg het die leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk, ds. N.J. van Warmelo, die noodsaaklikheid vir onderwys aan die ongeletterde massa besef en hom vir die oprigting van skole beywer.[9] Met die aanbreek van die Du Toit-era in 1882 het ‘n nuut verkose skoolkommissie onder die voorsitterskap van Van Warmelo die leisels op Heidelberg oorgeneem. Notules is weer in Nederlands geskryf en die gesubsidieerde skool het sy deure heropen. Die gemeenskap het hulle egter weer, soos in die verlede, ten opsigte van onderwysaangeleenthede aan dislojaliteit en halfhartige steun skuldig gemaak. Ten spyte daarvan dat Nederlands voortaan die amptelike taalmedium in die skole was, het Van Warmelo reeds met die ontvangs van ‘n nuwe onderwyser in 1886 gesê dat die “dorpsbewoners hunne kinderen meerendeels Engelsch wil laten onderwyzen.” Onderwys op Heidelberg het voor ‘n kruispad te staan gekom. Eerstens het die gedagte aan ‘n Engelse skool ‘n groot groep Heidelbergers nie aangestaan nie. Tweedens het die bestaande Nederlandse staatsondersteunde skool nie groot byval gevind nie. Derdens het die gebrek aan fondse die totstandkoming van ‘n dubbelmediumskool verhinder. Die skaarste aan ten volle gekwalifiseerde onderwysers het sake verder bemoeilik. As gevolg van al hierdie woelinge het die skool in 1887 sy deure weer eens gesluit.[10]

Om onderwys meer doeltreffend te organiseer, is Transvaal vervolgens in vyftien onderwysdistrikte (nie die amptelike staatsdistrikte van die ZAR nie) verdeel, waarvan Heidelberg een was,[11] en teen 1896 was daar al twintig van dié distrikte. Die Heidelbergse onderwysdistrik het van Krugersdorp aan die Wes-Rand tot by Springs aan die Oos-Rand en Heidelberg in die suide gestrek. In dié

---

[9] Bep du toit, *Die verhaal van Johanna Brandt*, p. 15.

[10] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 15-18.

[11] A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, p. 20.

groot gebied het ongeveer 35 skole, wat gereeld deur skoolinspekteurs besoek is, onderrig verskaf.[12]

Die ontdekking van goud op die Transvaalse Hoëveld in 1886 het nie net die verskuiwing van die goudmynbedryf vanaf Barberton na die Witwatersrand tot gevolg gehad nie, maar ook ‘n toestroming van duisende delwers. Laasgenoemde het tussen 1883 en 1888 gelei tot ‘n toename van skole in die Heidelbergse onderwysdistrik: van vier wykskole met ‘n totaal van 73 leerlinge tot 21 skole en 675 leerlinge in 1888. In hierdie tyd het daar geen dorpskole in dié distrik tot stand gekom nie. Dieselfde jaar se syfers toon ook ‘n toename in die getal leerlinge wat in die wykskole vir laer en middelbare onderwys ingeskryf was. Vir laer onderwys was daar 446 leerlinge en vir middelbare onderwys 61. In daardie jaar het die onderwysdistrik van Heidelberg met die meeste leerlinge in die ZAR gespog. Daar was ‘n merkwaardige toename in die leerlingtal in die ZAR: van 872 in Desember 1882 tot 4 375 in 1888.[13]

Die goudkoors het ‘n onophoudelike toestroming van mense van verskeie nasionaliteite na die Witwatersrand tot gevolg gehad, wat weer tot ingrypende veranderings in die ZAR se onderwysbeleid gelei het. Dit was veral die Engelssprekendes wat met hulle optrede die onderwysowerhede voor onvermydelike realiteite te staan gebring het, soos toegewings aan Britse kinders ten opsigte van die taalmedium. Hieraan het die Transvaalse Regering in 1892 voldoen deur goedkeuring aan Engels as onderrigtaal te verleen, op voorwaarde dat die aanleer van Nederlands en die bestudering van die Suid-Afrikaanse

---

[12] TAB, ZAR 120, Suid-Afrikaanse Republiek onderwys jaarverslag van Superintendent, 1883-1898, verslag 1894, pp. 25-27.

[13] A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, pp. 20, 22.

geskiedenis besondere aandag moes geniet. ‘n Hoër subsidie is aan die betrokke skole toegestaan.[14]

Na die beëindiging van die Du Toit-era in 1888 het twee belangrike mylpale aan die begin van die 1890’s op Heidelberg gevolg. Eerstens, die voltooiing van die Heidelberg Gouvernement School op erf no. 61 en, tweedens, die instelling van die eerste gradeklas of “een afzonderlijk Infant School” in Julie 1891. Die voorwaarde by die skenking van genoemde erf het uitdruklik bepaal dat Nederlands die medium vir onderrig moes wees. Die skoolgebou het gou te klein geword en die plaaslike skoolkommissie het in Julie 1892 besluit om die bestaande gebou te vergroot.[15] Op 30 Junie 1899 het die plaaslike koerant, *The Heidelberg News,* berig dat die Gouvernement School, of Public School, soos dit in die algemeen bekend gestaan het, nog nie voltooi is nie. Die koerant het voorgestel dat die skool se nuutgestigte orkes met die ingebruikneming van die voltooide gebou luister aan die verrigtinge verleen.[16] Die leerlinge en die skoolkommissie het egter nie die voorreg gehad om die betrekking van die nuwe skoolgebou te beleef nie, aangesien die oorlog voor die voltooiing daarvan uitgebreek het.[17]

Na Du Toit se vertrek is dr. N. Mansvelt in 1892 as Superintendent van Onderwys aangestel. Onder sy bekwame leiding is die onderwysstelsel meer doeltreffend georganiseer om aan die eise van die tyd te voldoen. In die Onderwyswet van 1892 het Mansvelt erkenning aan die Christelik nasionale beginsels en die aanbied van godsdiensonderrig deur die kerk gegee. Daarna

[14] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 49.

[15] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, pp. 21,23.

[16] *The Heidelberg News*, “Notes and News, 30.06.1899.

[17] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, gegewens oor die onderwys soos verstrek deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof van die Volkskool op Heidelberg, 20.03.1934, p. 3.

het die wet strenger beheer oor onderwys uitgeoefen en strenger eise ten opsigte van leerplanne en die bekwaamheid van leerkragte gestel. Dié wet het ook 'n duidelike indeling ten opsigte van laer en middelbare onderwys voorgehou. Laer onderwys het op leerlinge in standerds I, II en III betrekking gehad terwyl dié in standerds IV, V en VI middelbare onderwys ontvang het.[18] Om die onderwysorganisasie meer vaartbelyn te maak, het Mansvelt 'n skoolgids vir "Schoolbesturen en Onderwijzers" die lig laat sien. Hierin is onder andere die kwessie van laer en middelbare onderwys, eksamens, roosters, tydsindeling vir die onderrig van vakke, die aanbied van "de geschiedenis des vaderlands" en aardrykskunde aangespreek.[19]

Mansvelt het die rol van geskiedenis in die daarstel van 'n nasionaliteitsgevoel so hoog geag dat hy hom daarvoor beywer het om dit deur "grondige en besielende onderwys ... te wek en te versterk." As 'n verpligte vak op skool het die onderrig van geskiedenis volgens hom die nasionaliteitsgevoel verstewig en die jong geslag geleer om "vas te staan in die uur van gevaar."[20] Wilhelm Mangold meld in sy oorlogsherinneringe van opwinding onder die jongmense van Heidelberg oor die naderende oorlog, die gebulder van die kanonne en die heldedade wat hulle sou verrig.[21] Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die aanbied van geskiedenis tot die versterking van die nasionale bewussyn bygedra het.

---

[18] A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, pp. 26, 30; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I*, "Mansveldt, Nicolaas", p. 524.

[19] A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, pp. 36-37.

[20] F.A. van Jaarsveld, "Die Afrikaner en geskiedenis op skool", in *Historia* 12(3), September 1967, p. 155; F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 154.

[21] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 18.

Verdere toegewings aan Engelssprekendes het in 1896 met die totstandkoming van staatskole op die geproklameerde goudvelde gevolg. Indien leerlinge slegs Engels magtig was, sou Engels die medium van onderrig wees, op voorwaarde dat Nederlands as vak aangebied word. Indien leerlinge van beide taalgroepe ‘n skool bywoon, sou dit as parallelmedium gereken word. Albei taalgroepe sou afsonderlik Nederlands en Engels leer sodat gelykheid vir die twee tale teen standerd vyf bereik is.[22] In 1898 het die getal staatskole tot dertien gestyg, met ‘n totaal van1 499 leerlinge en 49 onderwysers. Van die dertien skole het vier slegs in Engels onderrig gegee terwyl onderrig in die oorblywende nege skole in Engels sowel as Nederlands geskied het. Op Nigel, wat in die Heidelbergse onderwysdistrik geval het, het so ‘n staatskool met sestig leerlinge en twee onderwysers tot stand gekom.[23] Oor hierdie hele aangeleentheid is ‘n volledige verslag in Engels en Frans opgestel en in 1900 na die Paryse Wêreldtentoonstelling gestuur. Die bekende opvoedkundige, E.G. Malherbe, het hierdie verslag in 1925 bestempel as een van die beste opvoedkundige publikasies wat nog in Suid-Afrika die lig gesien het. Vir hierdie voortreflike werk het die ZAR die Grand Prix-toekenning vir beide laer en middelbare onderwys by die Wêreldtentoonstelling ontvang.[24] Dönges en Bonsma beskryf hierdie prestasie as “...één van de fraaiste monumenten van de groei van ‘t Lager Onderwijs onder de ZAR”.[25]

Danksy die meer gestruktureerde onderwysbeleid het die aantal skole en leerlinge aansienlik toegeneem. Onderstaande tabel dui op die groei van laer en middelbare onderwys tussen 1892 en 1895 in die Heidelbergse onderwysdistrik.

---

[22] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 49.

[23] E.G. Malherbe, *Education in South Africa, 1652-1922*, pp. 279-280.

[24] *Ibid*., p. 279, sien voetnoot no. 35; A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 54.

[25] T.A. Dönges en K. Bonsma, “Het lager onderwijs onder de ZAR”, *Gedenkboek*, April 1918, p. 73.

| Jaar | Leerlinge: Heidelberg - distrik | Leerl: ZAR | % | LO: Heidel-bergdist | LO: ZAR | % | MO: Heidel-bergdist | MO: ZAR | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1892 | 2 232 | 7 932 | 28,1 | 2 084 | 7 319 | 28,5 | 148 | 613 | 23,2 |
| 1895 | 1 235 | 7 303 | 16,9 | | | | | | |
| 1896 | 1 842 | 7 654 | 24,1 | 1 681 | 7 111 | 23,6 | 161 | 543 | 29,7 |

Die agtien dorpskole in 1892 het tot twee in 1896 afgeneem weens die totstandkoming van 22 skole op die delwerye. Om dieselfde rede het die wykskole tussen 1892 en 1896 ‘n daling van 35 tot veertien getoon. Die daling wat die Heidelbergse onderwysdistrik vanaf 1892 tot 1895 ervaar het, asook die styging van 1896, is ook in die syfers van die ZAR vir die ooreenstemmende tydperk merkbaar. Nog ‘n tendens wat in die statistieke uitstaan, is dat die meeste leerlinge in die ZAR in die Heidelbergse onderwysdistrik onderrig ontvang het. Ten opsigte van laer onderwys het die Heidelbergdistrik met ‘n hoë bywoningsyfer gespog. Alhoewel die persentasie in 1896 ‘n daling getoon het, het dit geensins afbreuk aan dié prestasie gedoen nie. Ook ten opsigte van die middelbare onderwys was hierdie distrik toonaangewend. Die ZAR se leerlingtal vir dié onderwys het tussen 1892 en 1896 gedaal, maar daarteenoor het die Heidelbergse onderwysdistrik se getalle vir middelbare onderwys ‘n verrassende styging getoon waarvoor geen verklaarbare redes te vinde is nie.[26]

Hierdie prestasies op onderwysgebied het daartoe bygedra dat Heidelberg in die twintigste eeu tot ‘n belangrike onderwyssentrum ontwikkel het. Intussen het onderrig op Heidelberg na 1892 sy gang gegaan. Om die daaglikse onderrig vir die leerlinge te veraangenaam, het aspekte soos die verskaffing van drinkwater

---

[26] TAB, Staatsekretaris, 8482, Verslagen van den staat van het onderwys, 1896, III, Oversicht van het aantal dorps- en wijksscholen en van de scholen op de delverijen; A.A. van der Merwe (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, p. 31.

en afsonderlike privaatgeriewe vir seuns en dogters aandag geniet. Ook het die skenking van 'n aardbol vir die aanbied van aardrykskunde en die aankoop van 'n klok van ongeveer 35 cm wat op 'n stellasie aangebring is, gehalte onderwys bevorder.[27]

Terwyl die bouwerk aan die vergroting van die Gouvernement School stadig gevorder het, het die leerlinggtal tussen 1892 en 1894 geen styging getoon nie. 'n Ondersoek het gevolg en 'n verslag is uitgereik waarin verskeie redes vir hierdie tendens aangetoon is. Onder andere is daar bevind dat 35 uit die 85 ouers wat ondervra is, die kwessie van te min Engels op skool as rede voorgehou het. Die skoolkommissie, gebind aan die voorwaarde ten opsigte van die skenking van erf no. 61, kon nie 'n besluit in hierdie verband neem nie. 'n Lid van die skoolkommissie, P.R. Viljoen, wat tydens die Anglo-Boereoorlog as veggeneraal vir Heidelberg sou diens doen, het vir die tweede keer in 'n kort tydjie gedreig om sy kinders aan die einde van die kwartaal uit te skool te haal indien hulle nie meer Engels geleer word nie.[28] Viljoen het sy dreigement waarskynlik nie uitgevoer nie.

In 1894 het onderwys op Heidelberg volgens Bosman by 'n waterskeiding gekom wat in 1903 op die stigting van die Volkskool met Nederlands as taalmedium uitgeloop het. Op 'n vergadering van die skoolkommissie op 1 November 1894 het J.C. Kriegler hom sterk uitgespreek vir 'n "deegelijke onderwijzer als Hoofd van deeze school, die respect inboezemen zal, niet alleen bij het Hollandsch sprekende maar ook by het Engelsch sprekende bevolking, en dat er dan geen gevaar is waarom deeze school niet vooruit zal gaan". Duidelike riglyne is neergelê vir die kwalifikasies en persoonlikhede van onderwysers en die gehalte van werk wat van hulle verwag is. Dönges is vervolgens as hoof van die

[27] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 23.

[28] *Ibid*., pp. 23-25.

gesubsidieerde skool aangestel en het sy dienstermyn op 21 Januarie 1895 begin.[29]

Dönges het die tweetaligheidskwessie waarmee Heidelberg soveel probleme ondervind het, onmiddellik aangepak deur eerstens die skoolure met 'n halfuur te verleng vir die onderrig van Engels. Dit het tot algemene tevredenheid gelei, en eerlank het die skool se leerlingtal van sestig tot sewentig vermeerder.[30] In Mei 1895 het die Departement van Onderwys toestemming gegee vir die instelling van 'n spesiale klas vir Engelssprekendes by die skool. Hierdie gedagte het nie groot byval by die Engelssprekendes gevind nie. Aangesien slegs ses kinders belanggestel het, is dit laat vaar. Alhoewel die poging nie suksesvol was nie, het die skoolkommissie tog daardeur geslaag om moontlike beswaardes voor te spring.[31]

In Desember 1897 het die dorpskool op Heidelberg 119 geregistreerde leerlinge gehad, terwyl 106 kinders werklik skool bygewoon het. Laer onderwys is vir 83 leerlinge en middelbare onderwys vir 23 leerlinge aangebied. Vir die eerste keer het die dorpskool standerdsesleerlinge gehad. Die skoolinspekteur het die skool in Desember 1897 besoek. In sy verslag het hy probleemareas ten opsigte van die onderrig in taal, geskiedenis en skrif geïdentifiseer en voorgestel dat die leerlinge in die laer standerds minder huiswerk kry.[32] In die Engelse afdeling van die dorpskool het veertien leerlinge laer onderwys ontvang.[33] Uit die inspeksieverslae blyk dit ook dat ongeveer twintig eenmanskole in die wyke

---

[29] *Ibid*., pp. 28-30.

[30] *Ibid.*, p. 30. Bosman verwys na die notule van die plaaslike skoolkommissies, p. 239.

[31] *Ibid*., p. 30.

[32] TAB, ZAR 126, Suid-Afrikaanse Republiek onderwys skoolinspeksieverslae, 1897, inspeksieverslag Desember 1897, pp. 39-42.

[33] *Ibid.*, inspeksieverslag 11 06 1897, p. 30.

Kliprivier, Zuikerboschrand, Hooggeveldt en Roodekoppen tot stand gekom het.[34]

Teen 1898 het die meeste van die Transvaalse burgers negatief tenoor die Nederlandse invloed in die onderwys begin voel. Gevolglik is daar voorkeur gegee aan onderwysers uit die Kaapkolonie, met wie die Transvalers hulle meer as met die Nederlandse leerkragte vereenselwig het. Onderwysers uit die Kaapkolonie het hulle skoolonderrig oorwegend in Engels ontvang. Hulle het Nederlands op skool aangeleer terwyl Afrikaans hulle spreektaal was. Vakonderrig in Nederlands het hulle baie hoofbrekens besorg. Baie Transvalers was ten gunste van meer onderrig van Engels op skool. Dit is dus begryplik dat ‘n gedeelte van die Transvaalse bevolking, wat anti-Nederlander, pro-Kapenaar en ook pro-Engels was, eerder aanklank by die Kaapse as die Nederlandse onderwysers gevind het.[35] Op Heidelberg was Dönges so ‘n Kaapse aanstelling as hoof van die staatsondersteunde skool. Talle mense het hom spoedig as ‘n toegewyde leerkrag gerespekteer.[36]

Die politieke onrus in die ZAR het na die mislukte Jamesoninval in Januarie 1896 groter geword. Spanning is op alle vlakke van die samelewing beleef. Selfs die leerlinge op skoolvlak het dit nie vrygespring nie. ‘n Inwoner van Heidelberg, J.H.F. Schraader, wat in hierdie tyd ‘n leerling aan die skool was, skryf jare later dat daar reeds met die presidentsverkiesing in 1898 spanning onder die leerlinge geheers het oor wie Kruger en wie Joubert ondersteun het. Toe gerugte van

---

[34] TAB, ZAR 125, Suid-Afrikaanse Republiek onderwys skoolinspeksieverslae, 1896, inspeksieverslag Desember 1896, pp. 299-300; ZAR 126, Suid-Afrikaanse Republiek onderwys skoolinspeksieverslae, 1897, inspeksieverslae Junie 1897, pp. 4-5 en Desember 1897, pp. 4-5.

[35] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, pp. 51-52.

[36] C.J. Beyers (red.),*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV*, “Dönges, Theodor Amadeus Heinrich”, p. 141.

oorlog al hoe meer die rondte begin doen het, het Miss Stuart, een van hulle onderwyseresse, die leerlinge op ‘n dag gevra om te bid dat oorlog nie sou uitbreek nie. Sy het hulle daarop gewys dat so ‘n oorlog net “vreeslike ellende” tot gevolg sou hê. Die leerlinge wat, soos gewoonlik, anders oor sake gedink het, het nie verstaan wat sy bedoel nie. Hulle het haar as ‘n Britsgesinde beskou, aangesien die Boere Engelssprekendes met dié benaming getipeer het.[37]

Op 27 September 1899 het die Kommandant-generaal van die ZAR bevele vir die oproep en vertrek van burgers na die verskillende fronte uitgereik. Die mobilisasie van 60% van die Republieke se dienspligtige burgers het op 28 September 1899 begin.[38] Die Uitvoerende Raad – waarby Mansvelt teenwoordig was – het op 3 Oktober reëlings ten opsigte van die onderwys getref. In die lig van die krisis waarin die land verkeer het, het die vergadering besluit om “alle beschikbare krachten voor den krijgsdienst, den wachtdienst of de verpleging van zieken en gewonden beschikbaar te houden”. Die Uitvoerende Raad het verder geoordeel “dat de meeste leerlingen op de eene of ander wijze tot ‘s lands of huiselijke diensten gebruikt zullen kunnen worden en bovendien weinig tot het ontvangen van geregeld onderwijs gestemd zullen zijn of in de tegenwoordige tijdsomstandigheden ter school zullen komen”. Hieruit het die onvermydelike besluit gevloei om eerstens alle staatskole en tweedens alle gesubsidieerde skole te sluit, “tenzij het personeel van zulke scholen op generlei wijze tot ‘s lands diensten benodigd mochten zijn en de ouders der leerlingen mochten wenschen de school te zien voortzette,” en, derdens, van 1 Oktober 1899 af geen subsidie meer aan onderwys te betaal nie. Ten opsigte van die betaling van salarisse aan onderwysers het die vergadering besluit om eerstens met die

---

[37] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, brief J.H.F. Schraader aan dr. A.E.F. Bosman oor die halfeeufeesvierings van die Volkskool Heidelberg, 12.10 1953, pp. 2-3.

[38] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, I*, p. 132.

besoldiging van alle leerkragte, net soos staatsamptenare wat deur die staat aangestel en betaal is, voort te gaan. Tweedens sou daar aan diegene wat aan gesubsidieerde skole verbonde was, in dieselfde tydperk vasgestelde maandelikse toelaes betaal word.[39]

Op Heidelberg het Dönges, hoof van die dorpskool, aan dié besluit gehoor gegee deur die skool te sluit en as gewone burger saam met die Heidelbergkommando na die front te vertrek. Op die slagveld, waar hy spoedig tot veldkornet bevorder sou word, sou hy hom onderskei.[40] Baie van die Nederlandse onderwysers het die wapen teen Brittanje opgeneem om die ZAR teen wat hulle as Britse aggressie gesien het, te verdedig. Sommiges het tydens die oorlog die hoogste prys vir hulle nuwe vaderland betaal terwyl ander as krygsgevangenes in die kampe die jongeres onderrig het.[41]

Onderwys aan leerlinge in Heidelberg het nie onmiddellik tot stilstand gekom toe die oorlog in Oktober 1899 uitgebreek het nie. Volgens ds. A.J. Louw het sommige van die onderwyseresse wat op Heidelberg agtergebly het, tog ‘n tyd lank probeer om die leerlinge te onderrig.[42] Die skoolkommissie van die skool by Vlakfontein, wyk Roodekoppen, wat almal militêre diens op die Natalse front verrig het, het op 28 Desember 1899 vanaf Colenso ‘n skrywe in verband met hulle kinders se onderrig aan assistent-generaal Louis Botha en die offisiere van die kommando’s daar gerig. “Aangesien alle scholen in de ZAR toegelaten zijn in

---

[39] TAB, Staatsekretaris, 8074, Uitvoerende Raadsbesluit art. 908, 03.10.1899, pp. 15-16.

[40] C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV*, “Dönges, Theodor Amadeus Heidrich”, p. 141.

[41] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 54.

[42] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, gegewens oor onderwys soos deur ds. A.J. Louw verstrek aan P. Joubert, hoof van Volkskool Heidelberg, 20.03.1934, p. 2.

dezen tijd aan te gaan en er velen onderwijzers zijn", versoek hulle dat die nodige verlof aan die hoof van die skool, D.C. Cronjé, toegestaan word om die skool op Vlakfontein te heropen, aangesien "de kinderen verwaarlozen, vooral de Kleinere. De ouders verlangen dit zeer".[43]

Veldkornet Willem Pretorius het in die afwesigheid van kmdt. S.B. Buys hierdie aangeleentheid as waarnemende kommandant met Botha bespreek. Botha het die skoolkommissie se versoek dat Cronjé moes terugkeer huis toe om die skool te heropen, toegestaan. Verlof daarvoor kon verkry word mits die veldkornet wat die verlof moes toestaan, geen beswaar daarteen gehad het nie. Pretorius het aan veldkornet P. van der Westhuizen van wyk Roodekoppen aanbeveel dat die nodige verlof aan Cronjé toegestaan word.[44] Op 3 Januarie 1900 is Cronjé se aansoek om verlof goedgekeur en hy kon terugkeer om die skool te heropen.[45] Twintig dae later het hy 'n verklaring onderteken waarin hy die Departement van Onderwys onder meer van die heropening van die skool by Vlakfontein met 22 leerlinge in kennis stel.[46]

Die verlof wat aan Cronjé toegestaan is, het spoedig verstryk. Ingevolge die Krygswet van 1898 het die veldkornet van wyk Roodekoppen Cronjé weer vir krygsdiens opgeroep. Aangesien hy nie daaraan gehoor gegee het nie, het die Veldkornet hom met £3 en drie dae gevangenisstraf beboet. Op 16 Maart het hy opdrag ontvang om voor landdros F.D.J. Wepener in Heidelberg te verskyn. Hieraan het hy ook nie gehoor gegee nie. As rede het hy die volgende stukke

---

[43] TAB, Staatsekretaris, 8408, 1900, korrespondensie aan die kantoor van die Kommandant-generaal, C.R. 3453/100, brief skoolkommissie Vlakfontein Colenso aan Kommandant-generaal Colenso, 28.12.1899, p. 56.

[44] *Ibid*., brief W. Pretorius aan veldkornet Roodekoppen, 03.01.1900, p. 57.

[45] *Ibid*., brief vk. P. van der Westhuizen, Colenso aan W. Pretorius, 03.01.1900, p. 57.

[46] *Ibid*., verklaring D.C. Cronjé hoof van skool te Vlakfontein, 23.01.1900, p. 59.

voorgelê: ‘n brief van die skoolkommissie; ‘n brief van die waarnemende kommandant in Heidelberg; ‘n verlofbrief van die veldkornet van wyk Roodekoppen (dit moet die verlofbrief wees wat Van der Westhuizen op 3 Januarie onderteken het) en ‘n eie verklaring. In die lig van van die Krygswet het Wepener die saak op 20 Maart na kommandant-generaal P.J. Joubert verwys.[47] Aangesien die hele aangeleentheid volgens die Krygswet buite orde was, het die landdroskantoor dit op 23 Maart aan die Kommandant-generaal vir beslissing voorgelê.[48] Laasgenoemde is egter op 27 Maart oorlede en die departement van die Kommandant-generaal het bekend gemaak dat geen burger as gevolg van die omstandighede waaronder die land verkeer, van krygsdiens vrygestel sou word nie.[49] Alhoewel landsomstandighede hierdie besluit genoodsaak het, was daar darem effense kontinuïteit in een skool vir ‘n paar maande.

Die onderwysadministrasie van die ZAR het in werklikheid met die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 tot stilstand gekom. Die goeie werk wat in ‘n betreklike kort tydperk gedoen is, kon nie voortgaan nie omdat die meeste onderwysers op die slagveld was. Wat die Britse militêre owerhede en ander instansies ook al van die ZAR se onderwysbeleid gedink het, kon niemand die Onderwysdepartement se pogings om onderwys van hoë gehalte aan die jeug te verskaf, misken nie. In die skole wat hierna in die konsentrasiekampe tot stand gekom het, het die Britse onderwyshoofde dit beoog om die leerlinge se ervaringsveld met die aanleer van nuwe vaardighede te verbreed.

---

[47] *Ibid*., notule en uitspraak van Landdroshof te Heidelberg i.s. Cronjé se verlof, 20.03.1900, p. 55.

[48] *Ibid*., brief Landdroskantoor Heidelberg aan Kommandant-generaal Glencoe, 23.03.1900, p. 54.

[49] *Ibid*., brief dr. N. Mansvelt, Superintendent van Onderwys aan Staatsekretaris B, 11.04.1900, p. 51.

Die val van die Republikeinse hoofstede voor die middel van 1900 het die Britse militêre owerhede met 'n magdom probleme wat onmiddellike optrede vereis het, gelaat. Aanvanklik het dié owerhede nie die nodige aandag aan onderwys geskenk nie, aangesien militêre optrede voorrang sou geniet.[50] Om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van onderwys na te kom, moes die Britse Distrikskommissarisse tot Oktober 1900 onderwysaangeleenthede in die verowerde gebiede behartig.[51] Hulle het egter min aandag daaraan gegee.

Die Britse militêre owerhede het besef dat onderwys daadwerklike aandag moes geniet. Eerstens moes hulle 'n geskikte persoon met 'n deeglike kennis van onderwysaangeleenthede vind. Die Engelse Administrasie kon nie 'n beter pedagoog as E.B. Sargant vind nie. Sargant, 'n toegewyde opvoedkundige, was besonder kundig oor die onderwysstelsels in die Britse kolonies. Gewapen met hierdie kennis, kon hy sy stempel op die onderwys in die sogenaamde "new Colonies", Transvaal en die Oranjerivierkolonie (Vrystaat), afdruk. Na sy aankoms op 6 November 1900 in Kaapstad het hy hom onmiddellik noordwaarts begeef om hom te vergewis van die toestand waarin die onderwys verkeer. Tydens sy besoek aan Transvaal het hy bevind dat die Britse militêre owerhede weinig aandag aan die haglike toestand van die onderwys geskenk het.[52] Hy het ook bevind dat sake verder bemoeilik is daardeur dat klein privaatskole reeds in sommige konsentrasiekampe onderrig verskaf het. Hierdie skole is danksy lae skoolgeld en steun uit Holland aan die gang gehou, terwyl die onderrig op die ou Republikeinse onderwysbeleid gegrond was.[53] Geen inligting is beskikbaar om te

---

[50] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 55.

[51] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 7.

[52] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937,* p. 72; A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 55.

[53] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, p. 72.

bevestig of ‘n soortgelyke privaatskool ook in die Heidelbergse kamp tot stand gekom het nie.

Sargant het by die Groenpuntkampskool tydens sy tweede besoek aan Kaapstad aangedoen Die sukses wat hier met tweetalige onderrig behaal is, het hom oortuig om ook in die “new Colonies” kampskole tot stand te bring.[54] Hy het sy gedagtes oor die kampskole treffend in sy verslag aan genl.maj. J.G. Maxwell, militêre goewerneur in Pretoria, beskryf: “The institution of burgher camps, into which were collected almost the entire rural population of the Transvaal, offered a chance for education which could only have presented itself in connection with the singular developments of the present war”.[55] Nadat hy ’n kampskool by Norvalspont suksesvol opgerig het, het hy met die vestiging van hierdie skole in die Oranjerivierkolonie (Vrystaat) voortgegaan.[56] Eers in Julie 1901 kon hy, as die Direkteur van Onderwys vir beide gebiede, sy volle aandag aan die onderwys in Transvaal skenk.[57]

Kampskole het reeds voor Julie 1901 in Transvaal bestaan. Die redes vir hul ontstaan kan kortliks soos volg saamgevat word: Eerstens, uit ‘n humanitêre oogpunt het die Britte die belangrikheid van skoolonderrig aan die Boerekinders nie uit die oog verloor nie. Deur onderrig aan leerlinge te verskaf wat reeds byna agtien maande die gemis daarvan ervaar het, kon hulle baie mense ten gunste van die Britse saak en standpunt beïnvloed.[58] Tweedens het Sargant dit aan Maxwell in Pretoria gestel dat leerlinge op plase ver van die spoorlyn nog nooit

[54] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, pp. 56-57.

[55] TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Reports on schools in Burgher Camps from Director of Education, 27.04.1901, p. 170.

[56] A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p. 57.

[57] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, p. 73.

[58] F.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat”, in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 12.

volgehoue of deurlopende onderwys ontvang het nie. Dieselfde het vir leerlinge in die distrikte aangrensend aan die groot sentra tydens ploeg-, plant- en oestyd gegeld, wanneer skoolbywoning met ongeveer 18% gedaal het.[59] Dié tendens is ook tydens inspeksies in die tydperk van die ZAR in die dorpskool op Heidelberg deur die skoolinspekteurs in hulle verslae vermeld. Tydens inspeksie op 24 Junie 1896 het vier leerlinge uit ‘n totaal van 121 nie skool bygewoon nie omdat hulle arbeid op die plase moes verrig.[60] Derdens is die instelling van kampskole verhaas deur versoeke van die militêre owerhede, distrikskommissarisse en kampsuperintendente, asook die uitdruklike begeerte van baie ouers wat die nodige onderrig vir hulle kinders verlang het.[61] Vierdens, volgens die polities-ideologiese standpunte van die Britse imperialiste moes daar deur die onderrig van die kampkinders ‘n poging aangewend word om die Britse taal en kultuur in die “new Colonies” te red en uit te bou. Engels as die oorheersende taal in die daaglikse onderrig in die kampskole sou die anglisasie van die Afrikaners en hul assimilasie in die Britse kultuur bewerkstellig, wat uiteindelik vrede tussen die twee blanke rasse teweeg sou bring.[62] Deur slegs in Engels onderrig te verskaf, wou die owerhede verseker dat hulle hierdie doelwit in die kortste moontlike tyd bereik. Talle ouers in Heidelberg wat onderrig deur medium van Engels sterk voorgestaan het, sou laasgenoemde heelhartig ondersteun.

Om kamponderwys in Transvaal so gou moontlik te laat begin, het die Direkteur van Onderwys op 13 Maart 1901 by wyse van ‘n telegram, gerig aan alle

---

[59] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report on schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 170.

[60] TAB, ZAR 125, Suid-Afrikaanse Republiek skoolinspeksieverslae 1896, inspeksieverslag 24.06.1896, p. 94.

[61] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report on schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 170.

[62] Paul Zietsman, “Die konsentrasiekampskole - ligbakens in die duisternis”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 90-93.

kampsuperintendente, inligting oor alle beskikbare akkommodasie versoek. Die datum waarop die kampsuperintendent op Heidelberg reageer het, is nie bekend nie, maar hy het soos volg aan die Direkteur gerapporteer: "Schoolroom being erected; stone walls 6 feet; iron room, 30 feet by 18 feet inside measurement; forms, tables, and two windows not obtained yet."[63] Dié antwoord was egter 'n halwe waarheid. Dit skep die indruk dat die oprigting van so 'n gebou reeds begin het. Uit die maandelikse verslae oor die konsentrasiekamp op Heidelberg is dit egter duidelik dat hierdie gebou nie opgerig is nie.

Die Direkteur het drie organiserende inspekteurs aangestel om die stigting van skole in die onderskeie kampe te bespoedig. Om hulle taak te vergemaklik, is aan elkeen 'n deel van die spoorwegstelsel toegewys. Aan J.H. Corbett is die verantwoordelikheid vir die organisasie van die kampskole op Heidelberg, Standerton en Volksrust langs die Natalspoorlyn opgedra.[64] Toe hy as inspekteur aangestel is, was Corbett reeds ongeveer vyf jaar in Suid-Afrika woonagtig. In dié tyd het hy Nederlands aangeleer en 'n "fairly good knowledge of Dutch character and customs" opgedoen wat hom volgens sy hoofde uiters geskik vir sy taak gemaak het.[65]

Corbett, wat op 7 April 1901 met sy werk te Heidelberg begin het, het tydens sy besoek aan die onderskeie kampskole in sy gebied tot by Standerton talle waarnemings oor onderwysaangeleenthede gemaak waaroor hy 'n algemene

---

[63] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Copy of circular telegram sent to all superintendents, no. 264, 13.03.1901. Antwoord op telegram deur superintendent op Heidelberg, datum onbekend, p. 33.

[64] *Ibid*., Report on schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 170.

[65] TAB, Britse Blouboeke, Cd 934, verklaring van Corbett, 23.12.1901, p. 68.

verslag aan die Direkteur opgestel het.[66] Hierdie dokument het waardevolle inligting bevat. In die loop van die hoofstuk sal dit duidelik word dat sommige van sy waarnemings sinvol opgevolg is. Nie net die kamponderwys nie, maar ook die onderwys na die oorlog het hierby gebaat.

Volgens die beskikbare dokumente het die Heidelbergse kampskool in April 1901 met onderrig aan die kampkinders begin. Corbett se eerste probleem was om 'n geskikte lokaal vir die skool te vind.[67] Die distrikskommissaris, maj. J.M. Vallentin, het die Nederduitsch Hervormde gemeente op die dorp reeds in Maart genader vir die gebruik van hulle kerkgebou as skoollokaal. Op 19 Maart het 'n komitee van drie gemeentelede (broeders) onder leiding van J.H. Jacobs 'n antwoord aan Vallentin verstrek. In die lig van die afwesigheid van soveel burgers op die slagveld en omdat so 'n besluit aan die goedkeuring van al die broeders in die gemeente onderworpe was, kon hulle nie aan sy versoek voldoen nie.[68] Corbett het Vallentin se gedagte verder opgevolg en bevind dat die kerkgebou van die Gereformeerde gemeente (Dopperkerk), geleë aan die kant van die kamp, geskik sou wees as skoollokaal. Na verskeie oorredingspogings het ds. M. Postma, wat gedurende die oorlog in die plek van wyle ds. Ph.S. Snyman as konsulent opgetree het, uiteindelik ingestem. Postma het volle verantwoordelikheid vir hierdie besluit aanvaar. Vallentin het die ooreenkoms

[66] TAB, Leydsargief 934, Britse Blouboeke, Cd 819, report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and at the Nigel, 04.08 1901.

[67] *Ibid*., 04.08 1901, p. 275.

[68] N.H. Kerkargief Pretoria, brief H.J. Jacobs en andere aan majoor J.M Vallentin, distrikskommissaris Heidelberg, 19.03.1901.

geëndosseer en aan Corbett toestemming verleen om ou sinkplate te kommandeer vir onder andere die oprigting van sanitêre geriewe.[69]

Om die opening van die skool te bespoedig, het die verkryging van meubelment dringend aandag geniet. Heelwat van die skoolmeubels het tydens die oorlog onverklaarbaar weggeraak. Heidelberg se polisiekommissaris het nie gehuiwer om 'n onmiddellike deursoeking van alle huise in die dorp na dié meubels te gelas nie. Met onvermoeide ywer is daar gewerk om alles gereed te kry. Die tekort aan meubels het die onderwysowerhede verplig om die kerkbanke in lessenaars en banke te omskep. So het hulle daarin geslaag om die regte atmosfeer vir onderrig te skep. Binne 'n paar dae het die skool geopen. Sedert die opening in April 1901 is die kampskool deur 'n goeie bywoningsyfer gekenmerk. Die skoolgangers het seuns en dogters van alle ouderdomme en selfs jong mans en vroue ingesluit. Aan die einde van die eerste week was daar reeds 250 leerlinge.[70]

Die aanvanklike tekort aan boeke en leie wat in die kampskool ondervind is, het veroorsaak dat die leerproses hoofsaaklik deur die mondelinge oordra van kennis geskied het. Alhoewel die leerlinge hierby gebaat het, het dit groot inspanning van die leerkragte geverg.

Tydens Corbett se verblyf op Heidelberg het hy ook die volgende waargeneem: die gretigheid van veral die ouer leerlinge om Engels te leer, die leerlinge se netheid, veral as die ongerieflike lewe in die tente in aanmerking geneem word, en hulle gehoorsaamheid, wat die onderwysers se taak aansienlik vergemaklik het. Die suksesvolle onderrig het kort voor lank tot die opening van 'n aandskool

---

[69] TAB, Leydsargief 934, Britse Blouboeke, Cd.819, report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08.1901, p. 275.
[70] *Ibid*.

vir mans gelei. Die mans het die klasse goed bygewoon totdat werk beskikbaar geword het "and... many of the most promising pupils" weggerokkel het.[71]

Nog 'n aspek wat Corbett onder die direkteur se aandag gebring het, was die beskikbaarheid van akkommodasie in die kampskole. Sedert sy vertrek van Heidelberg af het die getal leerlinge op register aanhoudend gestyg. Dit het hom verplig om vir meer ruimte voorsiening te maak. Benewens die Gereformeerde Kerk se gebou en twee groot markeetente, kon hy teen Augustus 1901 akkommodasie aan 340 leerlinge en agt onderwysers verskaf.[72]

Nadat Corbett die kampskole op Standerton en Volksrust geopen het, het hy sy organisasie afgerond deur Nigel, ongeveer dertien kilometer van Heidelberg af, te besoek. Die distrikskommissaris, majoor Hill, het hier 'n skool van sestien leerlinge geopen wat die betaling van skoolgeld vereis het. Die Transvaalse Onderwysdepartement het hierdie skool oorgeneem en sou voortaan gratis onderwys verskaf. Tydens sy besoek het die aantal leerlinge reeds tot 36 toegeneem. Corbett het aangeneem dat hierdie getal elke skoolgaande kind in Nigel insluit. Hierdie leerlinge het in 'n sinkgebou, bestaande uit twee vertrekke wat tot 'n honderd leerlinge kon akkommodeer, onderrig ontvang. Die gemiddelde skoolbesoek van die leerlinge het op 34 uit 36, gelykstaande aan 94,4%, te staan gekom.

Nog 'n aspek wat Corbett opgeval het, is dat lyfstraf nie toegepas is nie.[73] Indien sy waarneming korrek was, was dit 'n pluimpie vir 'n klompie Afrikaanse kinders wie se onnutsigheid deur hulle leergierigheid oortref is.

---

[71] *Ibid*., p. 275.

[72] *Ibid*., pp. 275, 277.

[73] *Ibid*., pp. 276, 278.

Swak skoolbesoek is een van die eerste probleme waarmee die onderwysowerhede te kampe gehad het. Corbett het in sy verslag nie geskroom om sy teleurstelling oor die skoolbywoning, wat swak vergelyk het met die aantal kinders van skoolgaande ouderdom in die kampe, te kenne te gee nie. Die beleid van geen verpligte skoolbesoek was grootliks hiervoor verantwoordelik, en Corbett het dit self voorgestaan. Volgens hom kon die toekenning van pryse vir goeie bywoning hierdie probleem elke kwartaal die hoof bied. Of dit wel so gebeur het, kon nie vasgestel word nie. Wat volgens Corbett wel merkwaardig was, was dat ‘n groot hoeveelheid van die leerlinge nooit in die verlede aan skooldissipline onderwerp is nie, maar nogtans het baie van hulle gereeld skool toe gekom. In die lig van die heersende toestande kon die instelling van verpligte skoolbesoek tot ‘n verdere grief teen die Regering aanleiding gee. Dit kon ook daartoe lei dat politiek ‘n vastrapplek in onderwysaangeleenthede verkry. Om dit te vermy, het Corbett hom vir ‘n beleid van geen politieke houvas op onderwysaangeleenthede beywer.[74]

Met die stigting van die kampskole in April 1901 het feitlik al die skole, met inbegrip van Heidelberg, se getal inskrywings ooreengestem met die getal waarvoor daar voorsiening gemaak is. In Heidelberg het 250 leerlinge uit ‘n totaal van 446 kampkinders ingeskryf. Die getal kinders in die kamp het in Augustus tot 991 vermeerder, waarna dit geleidelik tot 897 aan die einde van Maart 1902 gedaal het. Tog het die gemiddelde skoolbesoek gereeld minder as 50% van die aantal kinders in die kamp verteenwoordig. Alhoewel die gemiddelde skoolbesoek per maand gereeld ongeveer 300 leerlinge beloop het, het dit met verloop van tyd saam met die inskrywings ‘n geleidelike toename getoon. In Februarie 1902 het die syfers in Heidelberg ‘n hoogtepunt bereik met ‘n gemiddelde skoolbesoek van 465 en ‘n totale inskrywing van 671 leerlinge. In

[74] *Ibid*., pp. 276-277.

dieselfde maandverslag is ook ‘n getal van 105 dorpskinders genoem wat skool bygewoon het.[75]

Corbett se twee kollegas het ook verslae oor hulle streke opgestel en Sargant het, nadat hy al drie die verslae ontvang het, hulle op 24 Julie 1901 in een verslag saamgevat.[76] Heelparty van die punte in die verslae is tussen Augustus en Oktober in dieselfde jaar op inspekteursvergaderings bespreek.[77] Om die vordering van die onderwys in die kampskole te verstaan, moet die verslae en die notules van daardie vergaderings saam bestudeer word. Corbett en Sargant se verslae het vir die volgende twaalf maande die grondslag van die algemene onderwysbeleid in die kampskole uitgemaak.

Eerstens die kwessie van skoolbesoek. Corbett het eintlik met sy standpunt van geen verpligte onderwys die keuse vir vrywillige skoolbesoek aan die kampkinders van skoolgaande ouderdom oorgelaat. Die skoolbesoek het feitelik met die akkommodasie waarvoor voorsiening gemaak is, ooreengestem. Vir Corbett was dit ‘n teleurstelling toe die getalle vir daaglikse skoolbywoning met dié van kampkinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bygewoon het nie, vergelyk is. Talle van hierdie skoolgaande kinders kon moontlik gevoel het dat hulle skoolloopbaan feitlik iets van die verlede was en dus besluit het om nie meer skool by te woon nie. Ook was die kampbewoners agterdogtig teenoor die Britte, wat tot baie ongegronde gerugte aanleiding gegee het. Een daarvan was dat die Regering dit glo beoog het om die kinders slegs in Engels te onderrig, dan in Pretoria byeen te bring en daarna na Engeland te verskeep. Baie van die

[75] TAB, DBC 14, maandrapporte Heidelbergkamp, Junie 1901 p. 4; DBC 12, Februarie 1902, pp. 2-3.

[76] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, report on schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.7.1901, pp. 170-174.

[77] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01 en 5923/01, notules skoolinspekteursvergaderings, Augustus-Oktober 1901.

kampinwoners het gratis onderwys as niks anders as ‘n slenter beskou nie, aangesien daar glo van die ouers verwag sou word om na die oorlog die agterstallige skoolgeld teen £5 per maand terug te betaal.[78] In hierdie verband kon Sargant aan Maxwell in Pretoria rapporteer dat hulle hulle deurlopend daarvoor beywer het om ‘n gevoel van wedersydse vertroue tussen die kampbewoners en die dorpsbewoners, onder wie daar ‘n hele aantal lojale Britse onderdane was, te bewerkstellig. Namate die twee groepe mekaar meer begin vertrou het, het die daaglikse skoolbesoek ook verbeter.[79]

Corbett, wat die Boere tydens sy verblyf in Suid-Afrika redelik goed leer ken het, het die redes vir die swak skoolbywoning treffend soos volg saamgevat: “...the indifference of the back-country Boer to anything which is not grossly material; the wandering, listless habits in which the children are bred on the veldt; dislike of the restraint which regular occupation imposes.” Nog ‘n rede vir die swak skoolbesoek was die tekort aan klere en veral boeke. Die skaarste aan klere het veroorsaak dat van die pligsgetroue leerlinge, veral dogters, geweier het om verder skool te gaan. Hieraan het die liefdadigheidsorganisasies spoedig aandag geskenk. Seker die vernaamste rede vir die lae persentasie skoolbywoning was ongetwyfeld siektes en dood in die konsentrasiekampe tydens die ysige winter van 1901. ‘n Ernstige maselepidemie in Heidelberg het in dié tyd talle mense platgetrek en baie sterftes veroorsaak. Die situasie het teen Julie sulke kritieke afmetinge aangeneem dat die kampsuperintendent, A.A. Allison, nie anders kon as om die skool op 15 Julie tydelik te sluit nie.[80]

---

[78] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08 1901, p. 276.

[79] *Ibid*., Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1900, p. 171.

[80] *Ibid*., report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the

‘n Tweede problematiese aspek van Sargant se onderwysbeleid vir kampskole was die behoefte aan goed opgeleide en ervare onderwysers. Sargant het besef dat geslaagde onderrig in die kampskole toegewyde leerkragte vereis het.[81] Die oorgrote meerderheid onderwysers in die kampskole het oor geen professionele kwalifikasies beskik nie en het merendeels uit die geledere van die kampinwoners gekom. ‘n Groot persentasie van dié onderwysers het nie voldoende kennis van ‘n tweede taal, in dié geval Engels, gehad nie. Tog het Corbett daarin geslaag om die dienste van agt professioneel gekwalifiseerde onderwysers in die Heidelbergstreek te verseker. Dit was vir hom belangrik dat onderwysers tweetalig moes wees en die Boere se geaardheid goed moes ken. Sonder laasgenoemde kennis sou hulle onderrig van nul en gener waarde wees, al was hulle deeglik opgelei. Ten spyte hiervan het die onderwysowerhede daarin geslaag om die onderwyspersoneel in die kampskole te versterk en sodoende sukses te verseker.[82] Sargant het die waarde van die onopgeleide onderwyser nie onderskat nie. Aangesien die meeste van die leerlinge in die kampskole se standaard egter laer as die aanvaarde norm was, het hierdie onopgeleide personeel oor voldoende kennis beskik om daardie leerlinge te onderrig. Nogtans kon hulle nie dissipline uitoefen nie en hulle het tekortgeskiet in gevalle waar leerlinge se belangstelling in ‘n sekere rigting begin ontwaak het. Hierdie onopgeleide personeel het bewys dat goeie resultate wel onder die regte leiding

---

Nigel, 04.08,1901, p. 276; konsentrasiekamp Heidelberg, verslag, Julie 1901, p. 234.

[81] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 171.

[82] *Ibid*., report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08.1901, p. 276.

van ervare hoofde moontlik was.[83] Corbett het ook besef dat die dienste van opgeleide manlike onderwysers onontbeerlik was. 'n Aansienlike salarisverhoging kon as lokaas dien om hulle dienste te verseker. Hierdie probleem het hy reeds in sy streek ondervind toe twee manlike leerkragte uit die onderwys bedank het omdat hulle elders beter besoldiging kon kry.[84]

Die kampskool op Heidelberg is in April 1901 geopen met 'n personeel van agt leerkragte wat 'n hoof (manlik) en sewe vroulike assistente behels het.[85] Twee maande later het die skool die volgende personeellede gehad: J.T. Naylor en mejj. M. de Beer, R. de Beer, Marais, Ueckermann, Snyman, Groesbeek en Bantjes.[86] Hierdie getal het met verloop van tyd tot elf vermeerder. In Februarie 1902 het die personeel bestaan uit 'n hoof (manlik), twee vroulike assistente uit Engeland en agt plaaslike vroulike assistente.[87] Die aanstelling van C.F. Laugier, 'n "Colonial Dutchman", as hoof van die kampskool op Heidelberg het, onder andere, dr. Kendal Franks nie welgeval nie. Franks, honorêre konsulterende

---

[83] *Ibid*., report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 171.

[84] *Ibid*., report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08.1901, p. 276.

[85] *Ibid*., p. 277; TAB, DBC 14, kampverslag vir Junie 1901 opgestel deur A.A. Allison 06.07.1901, p. 4. In die verslag meld hy 'n skoolpersoneel van een hoof en vyf assistente. Dit is beslis nie korrek nie; DBC 14, verslag oor konsentrasiekamp op Heidelberg opgestel deur dr. Kendal Franks, 07.09.1901, p.5. Franks meld 'n personeel van agt onderwysers waarvan sewe dames was.

[86] F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 69. Symington verwys na dokumente in die argief van die Colonial Secretary 12970/02.

[87] TAB, DBC 12, maandelikse konsentrasiekampverslag vir Februarie 1902 opgestel deur A.A. Allison, p. 2.

chirurg vir die Britse magte in Suid-Afrika, het die konsentrasiekampe in opdrag van lord Kitchener besoek en op 7 September 1901 die kamp op Heidelberg bereik. As ‘n lojale Brit het hy sy gedagtes oor die onderwys sowel as die aanstelling van skoolhoofde soos volg bewoord: “Considering the enormous influence upon the future of South Africa which the education of the rising generation will exercise, politically as well as intellectually, I think that it would be advisable that the headmaster in all the schools in the burgher camps should be a loyal Britisher, and, if possible, at least half of his assistants should be the same.”[88]

Die geval van Laugier is op die inspekteursvergadering van 17 September 1901 verder gevoer. In geen onseker taal nie het Corbett sy ontevredenheid met Laugier as skoolhoof op die vergadering te kenne gegee.[89] Hierdie reaksie van Corbett strook nie met sy optrede tydens die vorige inspekteursvergadering op 16 Augustus nie. Daar het hy gesê dat hy eers ‘n onderhoud met Laugier wou voer. Die gedagte van skoolgeldheffende skole (fee-paying schools) het op hierdie vergadering ter sprake gekom. Dit was die rede vir onderhoudvoering alvorens hy ander name vir die hoofskap van so ‘n skool op Heidelberg sou voorstel.[90] Dit blyk dat Corbett met Franks se mening oor Laugier saamgestem

---

[88] TAB, DBC 14, verslag oor konsentrasiekamp op Heidelberg opgestel deur dr. Kendal Franks, 07.09.1901, pp. 4-5. Sover vasgestel kon word, is Franks die enigste persoon wat van Lingher praat. Volgens informasie wat hy ontvang het, was Laugier ‘n “Colonial Dutchman”. Laugier was beslis nie ‘n “Colonial Dutchman” nie. *The Heidelberg News* van 15 11 1901 stel die feite reg. Laugier het sy onderwysopleiding in Victoria, Australië, ontvang, bekend vir sy stelsel van vry en verpligte onderwys.

[89] TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, notule tweede inspekteurskonferensie eerste sessie, 17.9.1901, p. 1

[90] *Ibid*., 4100/01, notule eerste inspekteurskonferensie vierde sessie, 16.08.1901, punt no. 1.

het en hom nie as ‘n geskikte hoof beskou het nie. Vervolgens het Sargant aan die vergadering bekend gemaak dat die Onderwysdepartement in daardie stadium reeds met ene Durie aangaande die hoofskap op Heidelberg in gesprek getree het.[91] Die onderhandelings met Durie het egter op niks uitgeloop nie.

Laugier was tot aan die einde van 1901 die hoof van die kampskool. Uit die verslag van die Dameskommissie wat die konsentrasiekampe in dieselfde jaar in opdrag van die Britse Regering besoek en ook ‘n verslag oor die kamp op Heidelberg geskryf het, blyk dit dat Laugier ten tye van hulle besoek die kampskool op die dorp steeds as hoof saam met agt vroulike assistente bestuur het.[92] Dié saak is in Desember tot ‘n punt gedryf. In die plaaslike koerant van 6 Desember het ‘n berig verskyn dat Laugier “marching orders” ontvang het.[93] Die koerant van die 20ste het berig dat ene Berkshire van die Nigel Government School as hoof van die kampskool op Heidelberg aangestel is. In dieselfde uitgawe het ‘n brief van Laugier verskyn waarin hy teen die berig van 6 Desember beswaar maak. Hy het die koerant versoek om hulle verklaring terug te trek, aangesien dit ‘n verkeerde indruk by die lesers sou skep.[94] Dit is onseker hoe en wanneer hierdie saak opgelos is, maar uit beriggewing op 11 April 1902 blyk dit dat Berkshire toe reeds as hoof van die kampskool werksaam was.[95]

Sargant het besef dat die onderwyspeil slegs deur die aanwesigheid van goed gekwalifiseerde onderwysers verhoog sou kon word. Gevolglik het hy hom daarvoor beywer om goed opgeleide onderwysers in Brittanje en dele van die

---

[91] *Ibid*., 5923/01, notule tweede inspekteurskonferensie eerste sessie, 17.09.1901, p. 1.

[92] TAB, Britse Blouboeke, Cd 893, report on Concentration Camp, Heidelberg by Ladies Commission, 21-22.11.1901, p. 187.

[93] *The Heidelberg News*, “Notes and news”, 06.12.1901.

[94] *Ibid*., “Local and general”, “correspondence”, 20.06.1901.

[95] *Ibid*., “Our schools – after the Easter Holidays”, 11.4.1902.

Britse Ryk te werf. Op dié manier kon hy ook die tekort aan onderwysers verminder. Tydens die tweede inspekteurskonferensie op 17 September 1901 het hy die vergadering meegedeel dat die Hoëkommissaris, lord Alfred Milner, 'n telegram in dié verband na Engeland gestuur het waarin 25 onderwysers per maand aangevra word om hulle dienste vir vier maande vrywillig aan die kampskole beskikbaar te stel.[96] Meer as 200 onderwysers, van wie die meeste dames was, het dan ook in die eerste maande van 1902 hier aangekom.[97] Soos reeds genoem, het die personeel van die kampskool op Heidelberg onder andere uit twee vroulike assistente uit Engeland bestaan. Teen April 1902 het vyf onderwyseresse uit Engeland, naamlik mejj. Lawson, Starbuck, Pamphlet, Robertson en Willet, reeds in die kampskool op die dorp onderrig gegee.[98]

Sargant het in Oktober 1901 'n lys uit Engeland aangevra met die name van sestien persone wat in Suid-Afrika as onderwysers en inspekteurs wou diens doen. Een van hulle was 'n Miss Bone vir wie hy op Heidelberg as hoof "Mistress of method" wou aanstel.[99] Bone het die owerhede in kennis gestel dat sy eers in Julie 1902 beskikbaar sou wees. Dit was nie vir hulle aanvaarbaar nie en die pos is aan Mary Livingstone aangebied.[100] Of Livingstone wel in Suid-Afrika

---

[96] TAB, Colonial Secretary, CS 5923/01, notule tweede inspekteurskonferensie eerste sessie, 17.09.1901, p. 2.

[97] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, p. 73.

[98] *The Heidelberg News*, Our schools – after the Easter Holidays", 11.04.1902.

[99] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 69. Symington verwys na die dokumente in die argief van die Colonial Secretary, no. 5788 van 23 Oktober 1901.

[100] TAB, FK 951, CO 291/38, volume 3, 1902, telegram High Commissioner, Lord Milner to Mr. Chamberlain, 01.04.1902, p. 418; letter to Miss Bone, 03.04.1902, p. 419.

gearriveer het, kon nie vasgestel word nie. Die meeste van persone op die lys het egter wel in Suid-Afrika opgedaag.

Op die inspekteursvergadering van 14 Augustus 1901 het die gedagte ontstaan dat elke inspekteur in die streek waar hy die leiding neem, die hoofde van die verskillende skole moes byeenroep. So 'n byeenkoms sou aan die hoofde die geleentheid bied om sake van algemene belang, soos skoolbesoek, leerplanne, die aanbieding van klasse en dissipline, te bespreek. In die verskillende streke het daar egter soveel praktiese probleme bestaan dat sulke byeenkomste bykans onmoontlik was. Corbett het die vergadering daarop gewys dat die reis om die verskillende hoofde uit Volksrust, Standerton en Heidelberg bymekaar te bring, ongeveer ses uur sou duur. Gevolglik het hulle ooreengekom om, indien dit wel prakties moontlik sou wees, sulke byeenkomste tog te oorweeg.[101]

'n Derde aspek van Sargant se onderwysbeleid vir die kampskole was die belangrikheid van die leerplan. Die onderwysowerhede het dringende aandag aan dié aspek met sy verskillende fasette gegee. Alhoewel daar nie so gereeld na die kampskool op Heidelberg verwys is nie, het dié dorp in die kampskooltyd 'n groot bydrae tot die bevordering van onderwys gelewer

Toe die kampskole ontstaan het, was daar nie 'n vasgestelde leerplan nie. Om hiervoor 'n oplossing te vind, het die inspekteurs hulle op 'n vergadering op 14 Oktober 1901 ten gunste van die Kaapse kode uitgespreek. Die redes hiervoor was eerstens die bekendheid daarvan, en tweedens die Onderwysdepartement se vol program om die oprigting en ontwikkeling van die kampskole te bespoedig.[102]

---

[101] TAB Colonial Secretary, CS 4100/01, notule eerste inspekteurskonferensie derde sessie, 14.08.1901, punt no. 6.

[102] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule derde inspekteurskonferensie oggendsessie, 14 10 1901, punt no. 2.

Aanvanklik het feitlik al die kampskole die mees elementêre vakke, “the three R’s”, naamlik “reading, writing and arithmetic”, asook sang en “musical drill” aangebied. Onderrig het hoofsaaklik in Engels geskied. Sargant het in sy verslag van 24 Julie ‘n goeie kennis van Engels as ‘n vereiste gestel indien die onderwysers in beheer van klasse geplaas wou wees.[103] Dit is dus duidelik dat die onderrig van Engels as die belangrikste vak die meeste aandag sou geniet. Die inspekteurs het ook die wenslikheid van die aanbieding van vakke in Engels bevestig. Indien kandidate hulle voorberei het om die eksamen van die Kaapse Universiteit in Nederlands of enige ander “moderne” taal af te lê, het die onderwysowerhede dit goedgekeur.[104]

Alhoewel die aanbieding van Engels verreweg die meeste tyd in beslag geneem het, het die inspekteurs die onderrig van English Grammar op hulle vergadering van 14 Oktober nie as so belangrik geag nie. Daar moes ‘n klemverskuiwing plaasvind sodat die leerkragte die aanleer van Engels kon bevorder. Dit kon geskied deur mondelinge of geskrewe opstelle oor prente wat die leerkrag aan die leerlinge toon of oor alledaagse onderwerpe wat binne hulle ervaringsveld val.[105] Die skoolinspekteurs het, om die aanleer van Engels te bevorder, die leerlinge se kennis van Engels as norm vir die indeling in klasse gebruik. Sargant het hierdie reëling goedgekeur. Om te voorkom dat van die ouer leerlinge wat oor ‘n gebrekkige kennis van die Engelse taal beskik het, saam met die “infants” geklassifiseer word, het hy aanbeveel dat die ouer leerlinge saam in klasse

[103] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, p. 172.

[104] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule derde inspekteurskonferensie oggendsessie, 14.10.1901, punt no. 2.

[105] *Ibid*., punt no. 2.

geplaas word om hulle so vinnig moontlik te laat vorder.[106]'n Uitsondering is in die geval van godsdiensonderrig gemaak deur die aanbieding daarvan in Nederlands te laat geskied.[107] Volgens die voorskrifte wat aan skoolhoofde uitgereik is, moes hulle die ouers en die Bedienaars van die Woord behulpsaam wees "to prepare the children to become full members of the church to which their parents belong".[108] Hieroor kon die inspekteurs rapporteer dat die onderrig van godsdiens in Nederlands geen probleme opgelewer het nie, maar dat van die ouers die aanbieding daarvan ook in Engels sou verwelkom.[109]

Die kwessie van die onderrig van geskiedenis as vak wat in die ZAR-tydperk opslae gemaak het, het weer opgeduik. Die inspekteurs se mening hieroor "was unanimous as to the undesirability at present of dealing with this subject."[110] Geskiedenis as vak is nie in die kampskole toegelaat nie. Dit blyk uit die voorskrifte aan skoolhoofde dat "the history of South Africa is best left untaught at present ... to avoid political questions".[111] Die inspekteurs van die kampskole het daarop gewys dat daar so min leerlinge in die hoër standerds was dat geskiedenis as vak hoegenaamd nie 'n uitwerking op hulle skole sou hê nie. Tog

---

[106] TAB, Colonial Secretary, CS 2834/02, notule skoolinspekteursvergadering, 18.03.1902, punt 8, p. 4.

[107] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, p. 172.

[108] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 18. Symington verwys na Cd 549, p. 71.

[109] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule derde inspekteurskonferensie oggendsessie, 14.10.1901, punt no. 2.

[110] *Ibid*., punt no. 2.

[111] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, (5)1, Maart 1944, p. 18. Symington verwys na Cd 549, p. 71.

het hulle saamgestem dat wêreldgeskiedenis 'n baie goeie vak sou wees om te bestudeer, in die lig van navorsing, handel en kolonisasie.[112]

Selfs die aanbieding van aardrykskunde as vak het onder die soeklig gekom. Die gedagte dat die leerlinge aanvaar dat die twee Republieke prakties die hele wêreld omvat het, is deur die inspekteurs veroordeel. Die leerlinge moes eerder by skoolverlating besef dat die twee voormalige Republieke nie alleen 'n baie klein deel van die heelal uitmaak nie, maar dat hulle handels- en ander belange in vergelyking met die res van die wêreld uiters gering was.[113]

In die kampskole het sang baie aandag geniet. Dit het veral na die aankoms van die Engelse onderwysers in die kampskole met die aanleer van meesal Engelse liedere 'n gewilde aktiwiteit geword. Later is selfs die volwassenes hierby betrek. Kore het in verskeie kampe tot stand gekom.[114]

'n Geslaagde leerplan is van 'n doeltreffende rooster afhanklik. Die roosters kon egter nie te rigied wees nie omdat hulle by omstandighede moes aanpas. Die hoofde van kampskole moes elk hul eie reëlings tref, onderworpe aan die inspekteur se goedkeuring. Hierdie reëlings het dus deeglike beplanning vereis, met inagneming van faktore soos die aantal leerlinge en personeel, asook die beskikbare akkommodasie. Die meeste kampskole in Transvaal het net een sessie per skooldag ingevoer.[115] Godsdiensonderrig is gewoonlik vir die eerste

---

[112] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 14.10.1901, punt no. 2.

[113] *Ibid*., punt no. 2,

[114] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 22.

[115] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report on Schools in Burgher Camps, from the Director of Education, 24.07.1901, p. 172.

halfuur van die dag geskeduleer.[116] In die geval van die kampskool op Heidelberg het die skooldag van 08:30 tot 13:00 gestrek.[117]

Nie slegs ‘n doeltreffende rooster nie, maar ook toegewyde leerkragte wat hulle dagtaak met deeglike voorbereiding aanpak, dra by tot die geslaagdheid van ‘n leerplan. Swak voorbereiding en onkunde het veroorsaak dat onderwysers hulleself in die verleentheid gestel het. Tydens die besoek van die Dameskommissie op 21 en 22 November 1901 aan die kamp op Heidelberg het Laugier, hoof van die kampskool, sy personeel se onkunde onder die kommissie se aandag gebring. Een van die onderwysers wat ‘n les in aardrykskunde aangebied het, het nie eers geweet waar Australië op ‘n kaart is nie. Dieselfde persoon het in die beantwoording van die vraag oor die hoofstad van Ysland, die antwoord “Danish” verstrek en dié woord dwars oor Ysland op die kaart geskryf.[118] In sy verslag oor die gehalte van onderwys in die kamp op Heidelberg, het kapt. N. Bentick, inspekteur van kampe, op 23 Desember geskryf dat die aankoms van onderwysers uit Engeland as stimulasie sou dien, aangesien “at the present there seemed to be a lack of life in the instruction and several unchecked cases of indiscipline and untidiness and uncleanliness”.[119]

Uit bogenoemde vloei die kwessie van gehalte-onderwys. Dit kon slegs slaag as die leerkragte bewus was van die komponente van metodiek, soos beplanning,

---

[116] F.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat”, in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 23.

[117] TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08.1901, p. 277.

[118] TAB, Britse Blouboeke, Cd 893, Report by Ladies Commission on Concentration Camp Heidelberg, 21-22.11 1901, p. 187

[119] TAB, DBC 11, report by capt. W. Bentinck on Burgher Camp Heidelberg, 23.12.1901, p. 4.

aanbieding en hulpmiddels. Aanvanklik het die metodiek in die kampskole aan die kortste end getrek as gevolg van onopgeleide en onervare onderwysers, ‘n gebrek aan hulpmiddels en ‘n tekort aan verbruikbare materiaal soos skrifte, ensovoorts. Hierdie chroniese tekorte het veroorsaak dat onderwysers in hulle metodiek meer op mondelinge aanbieding konsentreer het, wat passiwiteit onder die leerlinge in die hand gewerk het. Die aanstelling van meer gekwalifiseerde en ervare onderwysers uit Engeland het tot ‘n groot verbetering in gehalte-onderwys gelei. Hiermee saam het die aanwending van ‘n meer doeltreffende metodiek en die meer geredelike beskikbaarheid van skrifte en boeke ‘n heilsame uitwerking op die verloop van die onderwys in die kampskole gehad.[120]

Voldoende huisvesting is net so belangrik vir ‘n geslaagde leerplan. Toe die skool op Heidelberg in April 1901 geopen is, was die Gereformeerde Kerk se gebou en twee groot markeetente groot genoeg vir 340 leerlinge en agt onderwysers.[121] Met verloop van tyd het die getalle vermeerder en die lokale het te klein geword. Om die probleem op te los, is ‘n groot afdak wat ten minste 500 leerlinge kon huisves, teen Oktober in die kamp opgerig.[122] Die toestand van die markeetente het ook intussen so verswak dat dit nie meer behoorlike ruimte aan al die leerlinge kon bied nie. Bentick het in Desember tydens sy inspeksie bevind dat meer banke nodig is.[123] Met die groot toename in getalle aan die begin van 1902 het die gesondheidsinspekteur, W.F. Curry, bevind dat die oopheid van die

---

[120] F.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat”, in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 21.

[121] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel, 04.08.1901, p. 277.

[122] TAB, DBC 11, maandelikse kampverslag vir Oktober 1901 opgestel deur A.A. Allison, pp. 3-4.

[123] TAB, DBC 12, report by capt. W. Bentinck on Burgher Camp Heidelberg, 23.12.1901, p. 4.

"Grand Stand" (waarskynlik die groot afdak in die kamp) uit 'n gesondheidsoogpunt voldoende vars lug of ventilasie verskaf. Of so 'n "Grand Stand" tydens die strawwe wintermaande geskik sou wees, was onseker.[124] Tydens die inspeksie in Maart het majoor W. Anstruther Thomson oor die algemeen 'n goeie verslag oor die kampskool gelewer. In sy aanbevelings het hy die vervanging van die afdak en die tente met sinkgeboue of nuwe tente versoek. Veral die afdak het hom bekommer aangesien Maart nog in die reënseisoen val. Tydens reënbuie kon dié afdak nie aan 'n groot getal leerlinge skuiling bied nie.[125] Aan sy versoek om die oprigting van nuwe markeetente is spoedig voldoen. Hieroor het hy sy tevredenheid in 'n verslag te kenne gegee.[126]

Vakansies is in sommige gevalle in Junie en Julie aan leerlinge toegestaan. 'n Ernstige maselepidemie op Heidelberg, wat 'n hoë sterftesyfer onder die kampkinders tot gevolg gehad het, het die sluiting van die kampskool genoodsaak. In baie ander gevalle is vakansies tot 'n later datum uitgestel sodat die skool vir 'n langer tydperk aan die leerlinge onderrig kon verskaf. Oor die algemeen is daar nie na vakansies uitgesien nie. Sargant het die rede hiervoor soos volg bewoord: "... since the occupation the children found in school was acceptable to their parents, and to the camp authorities."[127]

'n Belangrike bron van inligting oor die kampskool is *The Heidelberg News* wat na twee jaar se stilswye weer op 1 November 1901 op straat verskyn het. Die berigte in hierdie koerant is uit 'n Britse oogpunt geskryf. Dit het duidelik in die

---

124 *Ibid*., report by sanitary inspector – W.F. Curry, 17.02.1902, p. 2.

125 *Ibid*., report by major Anstruther Thomson, inspector Burgher Camps, 06.03.1902, p. 2.

126 TAB, DBC 11, report by major Anstruther Thomson, inspector Burgher Camps, 01.05.1902, p. 1.

127 TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 24.07.1901, p. 172.

aanhef in die hoofberig van die eerste uitgawe geblyk: "GOD SAVE THE KING! Long may he reign over a united South Africa."[128] Tog het die koerant selfs in daardie moeilike tye die belange van die Heidelbergers, Afrikaans- en Engelssprekendes, op die hart gedra. Die hoë sterftesyfer van ongeveer 2 000 per maand in veral die konsentrasiekampe het die redaksie verontrus en hulle het nie geskroom om daaroor kommentaar te lewer nie. Terselfdertyd het die koerant ook met die vooruitsigte vir die toekoms rekening gehou deur dit soos volg te stel: "... the future prospect becomes more and more dependent upon the generosity of the conquerors – that or famine – for there is nothing on the farms to return to. When the war is quite over, the Boers will find the British most generous conquerors ..."[129] Die vredesvoorwaardes sewe maande later het getoon dat dié koerant met sy voorspellings die spyker op die kop geslaan het.

Op 15 November 1901 het die eerste berig oor die lewe in die kamp en kampskool verskyn. Verdere berigte wat nuwe inligting veral oor die skole op die dorp bekendgemaak het, het in 1902 gevolg.

*The Heidelberg News* het in die uitgawe van 15 November 1901 'n berig oor sy besoek aan die kampskool soos volg ingelei: "One of the pleasantest features of life in the burgher camp is the schooling of the children." Geoordeel hieraan blyk dit dat die jong, toegewyde onderwyseresse wat in die kampskool en gebou van die Gereformeerde Kerk skoolgehou het, die oordra van kennis en die handhawing van dissipline voorop gestel het. Die skooldag het daagliks met godsdiensoefening begin, gevolg deur Bybelonderrig in Nederlands. Terselfdertyd het gewyde sang in Engels ook plaasgevind. Die verslaggewer was so beïndruk met die pragtige sang van die kinders van die Transvaal Boere dat hy dit in sy berig genoem het. Hierna het die res van die skooldag se onderrig in Engels gevolg. In die kampskool, wat op hierdie tydstip reeds vir meer as ses

[128] *The Heidelberg News*, hoofberig, 01.11.1901.
[129] *Ibid*., hoofberig, 15.11.1901.

maande bestaan het, het die leerlinge merkwaardige vordering ten opsigte van die Engelse taal, rekenkunde en skryfkuns getoon. Alhoewel daar 450 leerlinge op register was, was dit ses leerkragte se taak om sover moontlik behoorlike aandag aan 300 leerlinge te gee. Van die onderwysers het sestig tot sewentig leerlinge in ‘n groep onderrig en dit het soms gebeur dat kinders nie die nodige aandag gekry het nie. Onderwys op sy beste is harde werk, maar as daar in een lokaal drie tot vier onderwysers saam met ‘n paar honderd leerlinge saamgetrek is, waarvan ‘n groot groep rou en moeilik is om te klassifiseer, het dit die taak van hierdie jong onderwyseresse sekerlik bemoeilik. Tog het die hoof, Laugier, wie se tyd hoofsaaklik deur organisasie in beslag geneem is, by geleentheid tyd ingeruim om die onderwyseresse by te staan. Die koerant het ook die geleentheid gebruik om die waarde van die kampskool uit te lig, naamlik dat menige toekomstige jong Transvaalse Brit die kampskool waar die grondslae van kennis gelê en hy vir die lewenstryd voorberei is, dankbaar in herinnering sou roep. Hierop het die koerant voortborduur deur te verklaar dat: “... many a young Boer (that is Boer Britisher) of the future will, we feel sure, make exceedingly good use of the scant training received in his canvass Alma Mater on the outskirts of Heidelberg”.[130]

Genoemde koerant het ook die lief en leed van die kampskool meegemaak toe hy oor die begrafnis van die leerling Benjamin J.J. van Rensburg berig het. Benjamin, geliefd by die onderwysers, het benewens ‘n intelligente belangstelling in die skoolaktiwiteite, goed met tekenkuns gevorder. Hy het siek geword en is in die kamphospitaal opgeneem, waar hy op 11 November aan koors oorlede is. Net voordat hy oorlede is, het hy aan sy vader, J.F.J. van Rensburg van Palmietkuil in die distrik, vertel dat hy die leerlinge en sy onderwysers liefhet. Hy het ook die wens uitgespreek dat die skoliere sy begrafnis bywoon en dié liedere sing wat hulle die laaste keer saamgesing het. Sy wens is eerbiedig deurdat die hele skool sy begrafnis bygewoon het. Terwyl die skoolkinders agter die kis,

[130] *Ibid*., “Heidelberg Refugee Camp”, 15.11.1901.

waarop ‘n aantal pragtige kranse geplaas is, in ‘n optog na die begraafplaas beweeg het, is die liedere wat die oorledene versoek het, naamlik “Safe in the arms of Jesus”, “There’s a beautiful land high” en “Come to the Saviour”, gesing.[131]

Alhoewel Engelse geestelike liedere op Benjamin se begrafnis met die toestemming van die oorledene se ouers gesing is, het talle ouers die sing van vreemde godsdiensliedere afgekeur. Sargant, bewus van die ouers in die konsentrasiekamp se nougesette sienswyse ten opsigte van godsdiens en kerk, het in sy brief van verwelkoming aan die Britse onderwysers op die gevolge gewys indien die Engelse Bybel sonder die ouers se medewete tydens godsdiensonderrig gebruik sou word. Sulke optrede so sou niks anders wees nie as “to divide a house against itself”.[132]

*The Heidelberg News* het die kampskool weer in April 1902 besoek en sy bevindings in die uitgawe van 11 April gepubliseer. Die koerant het eerstens die Gereformeerde Kerk-gebou besoek en bevind dat dit met meer as 250 leerlinge volgeprop is. Hier het die hoof, Berkshire, en ses onderwyseresse onderrig aan die leerlinge verskaf, naamlik mejj. De Beer, Arthur, Bantjes, Groesbeek, Lawson en Starbuck. Laasgenoemde twee was uit Engeland afkomstig. Daarna het die verslaggewers na die res van die kampskool beweeg wat in tente oorkant die Brickfieldspruit gehuisves was. Op pad daarheen het ‘n Boerewag, gewapen met ‘n knuppel, hulle voorgekeer en na hulle bestemming en die doel van hulle besoek verneem. Tevrede dat alles in orde was, het hy hulle toegelaat om die tentedorp binne te gaan. Hier het hulle bevind dat meer as 500 leerlinge in vier groot tente saamgetrek het. Vir die naderende verslaggewers het die leerlinge se bene wat aan die onderkant van die tente uitgesteek het omdat die seile rondom ter wille van ventilasie opgerol was, baie komies gelyk. Dit het hulle laat dink aan

---

[131] *Ibid*., 15.11.1901.

[132] TAB, FK 602, CO 3462, brief Sargant aan Britse onderwysers, 31.12.1901.

'n groot hen wat aan al haar kuikens onder haar vlerke skuiling bied terwyl die bene onder uitsteek. In die tente het mejj. Davies, Kath, Pamphlet, Robertson, Willet en Pickard onderrig gegee. Laasgenoemde vier, wat ook uit Engeland afkomstig was, het die getal Engelse onderwyseresse in die kampskool op ses te staan gebring.[133]

Die verslaggewers het opgemerk dat die skool in dié stadium beter van voorrade voorsien was as tydens hulle besoek van 'n paar maande tevore. Alle voorrade het net van die beste kwaliteit getuig. Selfs die hoeke van die leie se rame is met materiaal omsoom om lawaai te voorkom as die leerlinge hulle per ongeluk laat val.[134]

Ten opsigte van die leerplan het hulle verskeie aspekte waargeneem. Volgens inligting wat aan hulle verstrek is, het naaldwerk 'n deel van die leerplan uitgemaak. Die dogters het tydens skoolure hierin onderrig ontvang. Daarby het die dames ook spesiale naaldwerkklasse aan die ouer dogters wat nie die skool bygewoon het nie, gegee. Dit het die verslaggewers beïndruk, maar dit was veral die leerlinge se pragtige vordering in die Engelse taal wat die kroon gespan het.[135]

Tydens die besoek het die toestande binne die tente die verslaggewers nie beïndruk nie. Veral die hitte, wat hulle as "broeiend" beskryf het, was kommerwekkend. As dit die geval was tydens 'n herfsdag in April, het hulle hul afgevra, wat moes die temperatuur in die middel van die somer nie gewees het nie? Hulle is egter verseker daar binne 'n paar dae beter tente beskikbaar sou

[133] *The Heidelberg News*, "Our schools – after the Easter holidays", 11.04.1902.
[134] *Ibid*., 11.04.1902.
[135] *Ibid*., 11.04.1902.

wees, terwyl die moontlikheid bestaan het dat die tente spoedig vir geboue sou plek maak.[136]

Die oprigting van geboue het egter geblyk wensdenkery te wees. Hieroor het *The Heidelberg News* op 7 Maart 1902, nog voor die besoek 'n maand later aan die konsentrasiekamp, tong-in-die-kies gerapporteer dat die nuwe geboue vir die kampskool op pad is en dan tussen hakies bygevoeg: "So is Christmas."[137]

Uit die notule van die skoolinspekteursvergadering gehou op 18 Maart 1902 blyk dit dat die vervaardiging van "new school shelters for the winter" uit hout en staal onder bespreking was. Die planne hiervoor is deur Corbett se plaasvervanger in die Heidelbergstreek, J.F. Acheson, opgetrek. Nadat die Public Works Department spesifikasies hiervoor uitgewerk het, is dit op die vergadering vir oorweging aan die skoolinspekteurs voorgelê. Na die bespreking het Acheson tien van hierdie "shelters" vir Heidelberg aangevra.[138] Hierdie tien "shelters" het die kampskool op Heidelberg nooit bereik nie.

Huisvesting is ook aan die personeel verskaf. Agt onderwyseresse en die hoof is in 'n tentnedersetting, naby die pad na Johannesburg, gevestig. In werklikheid was dié opset net 'n verlenging van die kamp. In die middel was 'n markeetent as eetkamer opgerig, omring deur tente wat as slaapkamers gedien het. Om dit vir hulle meer gerieflik te maak, is 'n klein kombuis opgerig met 'n uitstekende stoof waarop hulle etes kon voorberei.[139]

---

[136] *Ibid*., 11.04.1902.

[137] *Ibid*., "It is said.......", 07.03.1902.

[138] TAB, CS 2834/02, notule skoolinspekteursvergadering 18.03.1902, punt no.5, p. 2.

[139] *The Heidelberg News*, "Our schools – after the Easter holidays", 11.04.1902.

Die omstandighede waaronder die personeel in die kampskool onderrig gegee het, kan nie as ideaal beskryf word nie. In werklikheid moes die oorvol lokale en alles wat daarmee gepaard gegaan het, die inisiatief van die leerkragte tog in 'n mate gedemp het. Wanneer vier leerkragte vier groepe gelyktydig in een tent moes onderrig, moes dit tog 'n uitwerking op elke leerkrag se aanbieding gehad het. Voeg hierby die leerlinge se ewige geselsery en rustelose geskuifel, die ondraaglike hitte in die somer en moedswillige leerlinge wat weier om hulle aan gesag te onderwerp. Om in sulke omstandighede suksesvolle onderrig te gee, is die leerkragte verplig om die uitdagings ten volle gemotiveerd en voorbereid die hoof te bied.

Gedurende die oorlog het verdere verwikkelings op onderwysgebied ook die ontwikkeling van onderwys op Heidelberg beïnvloed. Eerstens het die stigting van "vrye" of "skoolgeldheffende" skole (fee-paying schools) in Transvaal ook dié dorp in Oktober 1901 en Maart 1902 betrek.[140] Reeds op die eerste inspekteurskonferensie van 14 tot 16 Augustus 1901 het Corbett die gedagte aan 'n "skoolgeldheffende" skool op Heidelberg geopper. As rede hiervoor het hy 'n moontlike toename van 200 leerlinge elk in die kampskole op Heidelberg, Standerton en Volksrust aangevoer. Tydens die besprekings het dit geblyk dat die tyd vir die instelling van sulke skole aangebreek het. Gevolglik het die konferensie daartoe oorgegaan om voorwaardes te bespreek waaronder die Regering die moontlike oorname van sulke skole sou aanvaar. Op dié tydstip het daar reeds skoolgeldheffende skole op Middelburg en Potchefstroom bestaan, maar nie op Heidelberg nie.[141] Met die hervatting van die konferensie op 16 Augustus het die inspekteurs saamgestem dat die Regering nie voor Oktober sulke skole moes oorneem of nuwes stig nie. Aangesien daar reeds probleme met Laugier, hoof van die kampskool, bestaan het, het Corbett aan die

[140] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal*, *1838-1937,* p. 74.

[141] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule eerste inspekteurskonferensie, derde sessie, 14.08.1901, punt no. 1.

konferensie sy voorneme bekend gemaak om eers ‘n onderhoud met Laugier oor die hoofskap van ‘n moontlike skoolgeldheffende skool op Heidelberg te voer.[142] Tydens die tweede inspekteurskonferensie in September het Corbett die vergadering meegedeel dat hy Laugier nie as geskik vir die hoofskap van die skoolgeldheffende skool op Heidelberg beskou nie. Terselfdertyd het hy ook sy skatting van getalle vir die stigting van so ‘n skool op dié dorp verstrek, naamlik sestig leerlinge en twee onderwysers.[143]

In Oktober 1901 het Corbett tydens die derde inspekteurskonferensie bekendgemaak dat ‘n “skoolgeldheffende” skool met 25 leerlinge op 9 Oktober in die ou Heidelberg Public School geopen het, nadat dit vir twee jaar gesluit was. Aangesien daar geen permanente hoof aangestel is nie, het hy twee onderwyseresse van die kampskool, naamlik mejj. Ueckermann en Snyman, daarheen oorgeplaas.[144] Op 21 Februarie 1902 rapporteer *The Heidelberg News* dat genoemde skool besig was om geleidelik van 'n Nederlandssprekende in ‘n Engelssprekende skool te verander. Terselfdertyd het die redaksie die vertroue uitgespreek dat die Engelssprekende ouers sou meewerk om die gedaantewisseling te voltooi deur hulle kinders daarheen te stuur.[145] ‘n Week later het dieselfde koerant die styging van die leerlingtal tot 80 leerlinge gerapporteer, naamlik vyftig seuns en dertig dogters. Daar is ook berig oor die aanstelling van hoogs gekwalifiseerde personeel. As hoof is Alex Stephen, wat oor ‘n meestersgraad van die Universiteit van Glasgow beskik het, aangestel. Een van die assistente, Arthur Stead, het ‘n B.Sc.-graad aan die Universiteit van

---

[142] *Ibid*., vierde sessie, 16.08.1901, punt no. 1.

[143] TAB, Colonial Secretary, CS 5923/01, notule tweede inspekteurskonferensie eerste sessie, 17.09.1901, punt no. 1.

[144] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 14.10.1901, punt no. 1; *The Heidelberg News*, “Heidelberg Public School”, 28.02.1902.

[145] *The Heidelberg News*, “It is said”, 21.02.1902.

Victoria, Australië, behaal. Die ander assistent, mej. Snyman, was bekend aan die gemeenskap.

Die leerplan wat aan die skoolgeldheffende skole gevolg is, het al die gewone elementêre vakke asook naaldwerk, tekene, sang en dril ingesluit. Die bedoeling van hierdie skole was om die leerlinge vir die Kaapse Universiteitseksamens voor te berei. Onderrig het slegs in Engels geskied terwyl die ouers 'n taalkeuse van Nederlands of Engels ten opsigte van godsdiensonderrig kon uitoefen. In Februarie 1902 is die skoolgeld op die volgende bedrae per kwartaal, vooruitbetaalbaar, vasgestel: Standerd IV en hoër £1 10s en standerd III en laer 15s.[146]

Uit gegewens later verskaf deur ds. Louw wil dit voorkom of die skoolgeldheffende skool hoofsaaklik die kinders van die "vooraanstaandes" van die dorp betrek het. Volgens Louw het hierdie groep meesal Engelse of Engelsgesindes ingesluit wat hulle kommandoplig ontduik het en liefs tuis wou bly om geld te maak.[147] Uit hierdie skool het die Engelse hoërskool op Heidelberg later ontwikkel.[148]

Tweedens het 'vrye" skole (free schools) in al die vernaamste sentra langs die spoorlyn en verafgeleë plekke hulle verskyning gemaak. Die aard van die onderwys het, soos in die kampskole, aan die elementêre gegrens en selde verder as standerd III gestrek. Uit die inspekteursverslag van Mei 1902 blyk dit dat die meeste skoolgaande kinders op die Transvaalse platteland in die

[146] *Ibid*., 28.02.1902.

[147] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, gegewens oor onderwys op Heidelberg soos verstrek deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof van die Volkskool Heidelberg, 20.03.1934, p. 3.

[148] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 67.

substanderds en eerste twee standerds onderrig ontvang het.[149] Talle kinders van “refugees” het hierdie “vrye” dorpskole bygewoon. Die inspekteurs het ook bevind dat daar tussen die personeel van die “vrye” dorpskole en die kampskole geen wesenlike verskil bestaan nie; “both refugee teachers in receipt of rations and non-refugee teachers being employed in each case”.[150]

Op Heidelberg het so ‘n “vrye” skool wat gratis onderwys aangebied het, op 3 Maart 1902 op erf no. 216 tot stand gekom. Die skool het onder die beheer van mej. De Beer wat van die kampskool af daarheen oorgeplaas is, begin. Meer as honderd dorpsleerlinge wat tot op genoemde datum die kampskool bygewoon het, sou voortaan hulle onderrig in die “vrye” skool ontvang, terwyl die kampskool slegs vir die kampkinders toeganklik was.[151] As hoof is S.P. Chapman, wat sy opleiding aan die St. John’s College, Battersea, en die College of Preceptors, Londen, ontvang het, aangestel. Hy het reeds oor veertien jaar se onderwyservaring beskik en is spesiaal deur die Onderwysdepartement te White Hall in Londen na Transvaal gestuur.[152] Vier personeellede het die onderrig van die leerlinge, van wie daar in April tussen 170 en 180 was, behartig.

*The Heidelberg News* het tydens sy besoek in April aan die skool bevind dat die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou en die kelder in die NH of G Kerk (Klipkerk) bogenoemde getal leerlinge gehuisves het. In die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou waar die hoër standerds (“upper section”) byeengekom het, het Chapman en ene mej. De Beer (voorletters nie beskikbaar nie) probeer om alles

---

[149] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, p. 74.

[150] TAB, Colonial Secretary, CS 5923/01, notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 17.09.1901, punt no. 2.

[151] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, brief J.H.F. Schraader aan dr. A.E.F. Bosman oor die halfeeufeesvierings van Volkskool Heidelberg, 12.10.1953; *The Heidelberg News*, “Heidelberg Public School”, 28.02.1902.

[152] *The Heidelberg News*, “Local and general”, 28.03.1902.

gereed te maak sodat hulle kon begin werk. Die laer standerds ("lower section") het in die kelder van die Klipkerk byeengekom, waar ene mej. Evers en 'n mej. E. de Beer die leiding geneem het. In dié stadium het 'n gebrek aan voorraad en lessenaars hierdie onderwysers in die uitvoering van hulle taak gekortwiek. Die skool sou egter die voorraad wat bestel is, met verloop van tyd ontvang.[153]

Volgens Dönges het die "vrye" skool as die "poor school" bekend gestaan, aangesien hierdie skool meer op die arm kinders gerig was.[154] Schraader kon hom nie met hierdie benaming versoen nie. In sy skrywe aan Bosman bewoord hy dit soos volg: "Wat die Engelse ook al mag wees, en hoe hulle ons ook al verneder het, dink ek was hulle te diplomaties om van 'n "poor school" te praat, want Engelse kinders het ook hierdie skool bygewoon."[155]

Met die vredesluiting aan die einde van Mei 1902 het die aantal "vrye" dorpskole in Transvaal op 33 te staan gekom In hierdie skole het 6 062 leerlinge by 155 onderwysers onderrig ontvang. Daar was net dertien "skoolgeldheffende" skole met 1 395 leerlinge, met inbegrip van die skool op Heidelberg.[156] Die lae syfers van laasgenoemde moet in 'n groot mate aan die benarde finansiële posisie van baie Boeregesinne toegeskryf word. 'n Aansienlike hoeveelheid Afrikaners het voor die oorlog as gevolg van verskeie faktore verarm en dit het tydens die oorlog vererger. Die armblankevraagstuk het vergroot en in die dertigerjare van die twintigste eeu 'n hoogtepunt bereik.

---

[153] *Ibid*., "Our schools after the Easter holidays", 11.04.1902.

[154] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 32; dr. C.C. Momberg, privaatversameling, gegewens oor die onderwys soos verstrek deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof van Volkskool Heidelberg, 20.03.1934.

[155] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, brief J.H.F. Schraader aan dr. A.E.F. Bosman oor die halfeeufeesvierings van Volkskool Heidelberg, 12.10.1953, p. 3.

[156] J. Chris Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937*, pp. 74-75.

Derdens het Sargant se onderwysbeleid vir kampskole spoedig vrugte afgewerp. Een van die suksesse tydens die kampskoolperiode op Heidelberg is sekerlik die instelling van ‘n aandskool vir volwassenes. Die bywoning was spoedig uitstekend. Tydens die inspekteurskonferensie op 16 Augustus 1901 het Corbett oor die waarde van die aandskool gerapporteer. Ongeveer 35 volwassenes, waaronder ook grysaards, het die skool bygewoon. Hierdie mense se gretigheid om Engels aan te leer, het hom heeltemal verras. Aan die ander kant het Corbett kennis gedra van persone in sy streek, soos militêre klerke, doeaneamptenare en andere, se begeerte om Nederlands aan te leer. Hy het reeds met so ‘n skool begin, maar militêre regulasies wat mense na 17:00 tot hulle huise beperk het, het sy pogings laat skipbreuk ly. Aangesien die vergadering geen besware teen Corbett se poging geopper het nie, het Sargant sy goedkeuring daarvoor verleen. Volgens hom was daar geen rede waarom sulke klasse nie konsekwent onder militêre regulasies kon voortgaan nie.[157]

Vierdens het daar benewens die Heidelbergse kampskool ook ander skole op die dorp bestaan wat nie so algemeen bekend in 1902 is nie. *The Heidelberg News* het tydens sy besoek aan die skole op Heidelberg in April ook privaatskole ontdek wat onderrig aan leerlinge verskaf het. Die skool van Madame Pohl het in die Waverley Hotel onderrig aan ongeveer dertig leerlinge gebied. ‘n Musiekonderwyseres sou spoedig aansluit om aan begaafde musiekleerlinge leiding te gee. Terwyl die verslaggewers op pad na die kampskool was, het hulle aangedoen by die woonhuis van Leonard de Beer, nog ‘n skool waar 25 leerlinge onderrig by ene mevrou De Beer, ‘n Engelse dame wat oor genoegsame onderwyservaring beskik het, ontvang het. Dit was opvallend om die vrolike gesiggies van die leerlinge wat angstig gelyk het om met die werk te begin, te aanskou. Na die besoek aan die kampskool het hulle van nog twee privaatskole verneem wat onderrig verskaf het naamlik “Miss Doig’s School” met dertien

[157] TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, notule, eerste inspekteurskonferensie, oggendsessie, 16.08.1901, punt no. 4.

leerlinge en "Miss Bantjes' School" met dertig leerlinge.[158] Aan die einde van April het nog 'n privaatskool ontstaan toe Miss Just eindelik uit Engeland haar opwagting op die dorp gemaak het. Sy het onmiddellik haar eie privaatskool, bekend as "Miss Just's School", met veertien leerlinge begin.[159]

*The Heidelberg News* verstrek aan die einde van sy berig oor die besoek aan die skole op Heidelberg belangrike syfers oor die getal blanke leerlinge op skool. Hiervolgens het die leerlingtal op meer as 1 100 te staan gekom, van wie oor die 900 gratis onderwys op die Britse Regering se onkoste ontvang het. Verder toon die syfers dat ongeveer 750 leerlinge in die kampskool onderrig ontvang het, terwyl die res daagliks by die Public School, die Free School en die privaatskole skoolgegaan het.[160]

Vyfdens het die onderwysowerhede nie van hulle verantwoordelikheid ten opsigte van weeskinders wat die kampskole ook bygewoon het, probeer wegskram nie. Die inspekteur van burgerkampe, C.E.W. Sands, het in sy verslag van Maart 1902 oor die kamp op Heidelberg die dringende oprigting van 'n weeshuis onder die aandag van die owerhede gebring.[161] Sargant het besef dat die onderwysowerhede nie hulle verantwoordelikheid ten opsigte van weeskinders in die kampskole kon ontduik nie. Op 23 April 1902 het hy in 'n skrywe aan die Transvaalse administrasie sy voorstelle in verband hiermee uiteengesit. Terwyl die weeskinders steeds in die kampe gewoon het, het hy voorgestel dat almal tot met die ouderdom van 16 jaar onder die direkte sorg van die staat sou val. Indien die getal weeskinders in 'n kamp meer as tien beloop

---

[158] *The Heidelberg News*, "Our schools – after the Easter Holidays",11.04.1902.

[159] *Ibid*., "Miss Doig's School", 02.05.1902.

[160] *Ibid*., "Our schools – after the Easter Holidays", 11.04.1902.

[161] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 39. Symington verwys na rapport van C.E.W. Sands, Maart 1902.

waarvoor die Regering verantwoordelikheid aanvaar het, sou ‘n tydelike weeshuis opgerig word. In so ‘n tehuis sou ‘n matrone vir die versorging van die weeskinders verantwoordelik wees. So ‘n matrone moes, waar moontlik, oor ervaring ten opsigte van onderwys en verpleging beskik. In die geval van die sluiting van die kampe na die beëindiging van die oorlog sou die weeskinders nie in een groot weeshuis gehuisves word nie, maar in kothuise (cottage homes) in groepies van ongeveer vyftien. Alle weeshuise sou, indien moontlik, kontak met die dorpskole behou.[162]

Deur die onvermoeide ywer van ds. Louw van Heidelberg is daarin geslaag om ses “wees-inrichtingen” in die Vrystaat en tien in die Transvaal tot stand te bring.[163] ‘n Gemeentelid van die NH of G Kerk op Heidelberg, Cornelis Meyer, het sy Sondaghuis en later nog ‘n huis tot die beskikking van ongeveer 22 weeskinders gestel. Louw het nie kans gesien om hierdie weeskinders, wie se ouers na sy mening die hoogste prys vir hulle vryheid betaal het, na ‘n Engelse skool te stuur nie. Gevolglik het mej. Anna Basson uit die Paarl ingewillig om hulle onderrig te behartig terwyl 'n weduwee, mev. Ockert Spruyt, as ‘n sorgsame huismoeder na die behoeftes van die weeskinders sou omsien. Onder die Klipkerk in die donkerkamer, bekend as “die grot”, het die weesskooltjie in 1903 geopen. Onmiddellik het ook ander kinders toegang tot die skool gesoek. Hieruit het later die stigting van die Volkskool op Heidelberg gevolg.[164] Louw het hierdie weeskinders tydens die “Boeren Vergadering” op 2 Julie 1903, wat deur onder

---

[162] TAB, FK 957, CO 291/39, volume 3 1902, minute by the Director of Education to the acting Secretary of the Transvaal Administration, 23.04.1902, pp. 370-373.

[163] TAB, Leydsargief 198(1), *De Zuid-Afrikaan*, “De Boeren-weezen”, 23.12.1902, p. 6.

[164] Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, gegewens oor onderwys op Heidelberg soos verstrek deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert hoof van die Volkskool, 20.03.1934.

andere genl. Louis Botha en Emily Hobhouse bygewoon is, aan die gehoor voorgestel.[165]

Kort nadat die inskrywings in die kampskole in Mei 1902 ‘n hoogtepunt bereik het, het ‘n daling in die leerlingtal gevolg wat deur vredesluiting op die 31ste voorafgegaan is. Hierdie daling het Heidelberg ook getref. In die daaropvolgende kampverslae rapporteer die kampsuperintendent, A.A. Allison, en die senior mediese offisier, dr. A. Strange, oor die dalende getalle in die skool en oor die goeie gesondheid van die leerlinge.[166] Intussen het die getalle in die kamp so gedaal dat Allison oor geen ander keuse beskik het as om die kamp op 12 November te sluit nie. Die oorblywende leerlinge is na die dorpskool oorgeplaas.[167]

Terwyl die leerlinggetalle in die kampskole na die vredesluiting vinnig verminder het, het die Transvaalse Onderwysdepartement dit beoog om “wykskole” in die landelike gebiede tot stand te bring. Gevolglik is plaaslike onderwysers twee-twee daarheen gestuur. Leerlinge wat nie binne loopafstand van die skool gewoon het nie, sou met kapkarre wat die Onderwysdepartement voorsien het, heen en weer vervoer word.[168] Op dié manier het die Onderwysdepartement die onderwys na die kinders in die landelike gebiede gebring en verseker dat hy die goeie werk van die kampskole voortsit.

---

165 TAB, Leydsargief 200(4) 1903, *De Volkstem*, “De Heidelberg Byeenkomst”, 04.07.1903, p. 21.

166 TAB, DBC 14, maandelikse verslae oor kamp te Heidelberg, Oktober 1902, superintendent p. 1, mediese offisier p. 2.

167 TAB, DBC 13, maandelikse verslag deur superintendent oor kamp te Heidelberg, November 1902, p. 1.

168 *The Heidelberg News*, “Local and general”, 24.07.1902.

Soos reeds genoem, het die totstandkoming van die weesskool op Heidelberg die stigting van die Volkskool voorafgegaan. Met vredesluiting in 1902 het Milner reeds al die gesubsidieerde skole, voorheen onder beheer van die Afrikaanssprekende gemeenskap, waarin volgens die transportakte slegs Nederlands as medium van onderrig gegeld het, by wyse van proklamasie op die naam van die Direkteur van Onderwys oorgedra. Hieroor het veral die Afrikaners op Heidelberg ongelukkig gevoel. Bosman bewoord hierdie ontnugtering soos volg: “Dit wat sedert 1868 met groot toewyding en offervaardigheid in belang van die Afrikaanse kind van Heidelberg op Onderwysgebied opgebou is, is deur die oorlog met ‘n enkele proklamasie vernietig.” Hierna het talle mislukte pogings van die gemeenskap gevolg om die Public School terug te wen. Die naoorlogse ekonomiese druk waaronder die inwoners van die twee voormalige Republieke gebuk gegaan het, het nie hulle idealisme ten opsigte van volkseie Christelike onderwys gedemp nie. Die Regering se herhaalde weiering om skole tot stand te bring waar die “volksbegeerte” erkenning geniet, het tot gevolg gehad dat vrye Christelike skole spoedig die lig gesien het. Ook op Heidelberg het die gedagte spontaan ontstaan om so ‘n skool, gegrond op Christelik nasionale beginsels, te stig.[169] Die voorgenome stigting van die Volkskool op die dorp kan ook aan die taalklousule in die Vrede van Vereeniging toegeskryf word. Dit het bepaal dat “... the Dutch language shall be taught in the public schools of the Transvaal and of the Orange River Colony where the parents of children demand it ...”[170] Die Onderwyswet, ordonnansie no. 7 van 1903, het dit bevestig en die onderrig van Nederlands as vak op drie uur per week vasgestel.[171] In die praktyk het dit beteken dat slegs Engels die amptelike medium van onderrig in die staatskole sou wees.

---

[169] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, pp. 31-33.

[170] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1900-1902, VI*, p. 598.

[171] A.A. van der Merwe, *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976*, p. 50.

Die Heidelbergers kon hulle nie hiermee vereenselwig nie. Op die Boerevergadering wat op 2 Julie 1903 op die dorp gehou is, het genl. Louis Botha die inwoners se gevoel verwoord. Die Afrikanerouers sou eerstens nie ‘n opvoedkundige stelsel toelaat wat hulle nie goedgekeur het nie en tweedens sou hulle kinders ook nie die “vrye” goewermentskole bywoon waar Nederlands as ‘n vreemde taal beskou word nie. Daarop het die vergadering die regering eenparig versoek om aan Nederlands in Suid-Afrika dieselfde status as Frans in Kanada toe te ken en dit nie in die skole of ander openbare instellings as ‘n vreemde taal te behandel nie.[172]

Die Heidelbergers het die onderwys en die taalkwessie verder gevoer en ongeveer drie weke later op 24 Julie 1903 ‘n openbare vergadering in die kelder van die Klipkerk onder die voorsitterskap van Louw en Dönges as sekretaris bygewoon. Die vergadering het ‘n besluit aanvaar om ‘n Volkskool waarin kinders van Nederlandssprekende ouers onderrig in hulle eie taal sou ontvang, te begin.[173] Terselfdertyd is ‘n nuwe skoolkommissie gekies met Louw as voorsitter, di. J. Van Belkum en W.J. de Klerk, genl. P.R. Viljoen en andere. Die skoolkommissie het ‘n huishoudelike reglement van 28 artikels vir die nuutgestigte skool opgestel. Van die belangrikste artikels handel oor gelyke regte aan beide tale, die aanstelling en afdanking van onderwysers en vereistes waaraan onderwysers ten opsigte van Christelike beginsels, sedelike gedrag en kwalifikasies moes voldoen. Die algemene bepaling in die Reglement bewoord die doel van die skool soos volg: “Het doel der school zal zijn de kinderen van

---

[172] TAB, Leydsargief, 209(1), South African Press Bureau, “The Great Boer Meeting at Heidelberg”, ongedateerd; P.H. Zietsman, *Die taal is gans die volk*, pp. 151-152.

[173] *The Heidelberg News*, “Heidelberg Volks-School – Public meeting on Saturday evening”, 31.07.1903.

ons volk op te voeden in Afrikaanschen zin, volgens Christelijk beginselen. Deze beginselen steunen op de belofte des Doops, door de ouders afgelegd."[174]

Bosman is daarvan oortuig dat, met die totstandkoming van die Volkskool naas die Public School op Heidelberg en die onderrig in die twee afsonderlike skole wat voortaan onderskeidelik in Nederlands en Engels sou geskied, die twis en onmin van die laaste kwart van die negentiende eeu oor die taalmedium in die vergetelheid verdwyn het.[175] Bosman was ietwat optimisties daarvan oortuig.

*The Heidelberg News*, wat die pro-Britse element op Heidelberg verteenwoordig het, het hom in sy hoofberig van 13 November 1903 nie met die stigting van die Volkskool vereenselwig nie. Kort na die stigting van CNO-skole het 'n Pretoriase dagblad die hoop uitgespreek dat 'n vereniging tussen die goewermentskole en genoemde skole tot stand sou kom. Volgens *The Heidelberg News* sou sommige van die Heidelbergers wat groot belangstelling in die Volkskool getoon het, so 'n vereniging verwelkom, omdat die onderhoud van die CNO-skole sonder staatsondersteuning 'n groot ekonomies las op die gemeenskap sou plaas. Selfs die bestaan van so 'n skool op Heidelberg kon die "public schools" verhinder om van so 'n "thoroughly national character as was desirable" te wees. Volgens die redakteur was die omstandighede toentertyd van so 'n aard "to cause the rising generation to grow up as separate as if they had been citizens of two distinct countries." Hierdie optrede sou vervreemding tussen Afrikaanse en Engelse skoolseuns veroorsaak. Die redaksie het hulle kommer oor die toekoms van die land met hulle lesers gedeel deur te vra: "What could be worse for the future of the country than this fostering of antagonism and aloofness?" Dit was juis hierdie gees van afsydigheid wat samewerking in die geval van skole verhinder het. Aan die einde van die berig is die redakteur hoopvol dat, ter wille van die land en die toekoms van hulle kinders, hierdie "verderflike suurdeeg" gou sou bederf en dat

[174] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 35.

[175] *Ibid*., p. 67.

die gesonder oordeel, ware patriotisme en groter menslikheid van diegene wat die hand van vriendskap oor die golf van verdeeldheid uitgereik het, weldra sou seëvier.[176]

Aangesien die Volkskool aanvanklik oor geen onderriglokale beskik het nie, het die Klipkerk en die NH Kerk hulle onderskeie kerkgeboue vir onderrig beskikbaar gestel. In die Klipkerk het die kelder, sykamers en die konsistorie as klaskamers gedien terwyl die Van Belkumsaal van die NH Kerk deur gordyne in drie klaskamers verdeel is. Die aand met die stigting van die Volkskool het die nuutverkose skoolkommissie Dönges genader met die oog op die hoofskap. Dönges was die regte man op die regte tyd. Hy kon die leiding neem "ooreenkomstig die uitgesproke behoeftes aan 'n Volkskool op Christelik-nasionale grondslag".[177]

Die Afrikaners se weiering om in Mei 1902 die nederlaag teen Brittanje gelate te aanvaar, het veroorsaak dat hulle die gedagte van Christelik Nasionale Onderwys as wapen teen die denasionaliseringsbeleid van die oorwinnaars ingespan het. Die beginsels van CNO het nog vir jare nadat die CNO-skole se bestaan in 1907 beëindig is, bewustelik of onbewustelik in die skoollokale van die Afrikaanse opvoeder inslag gevind.[178]

Om reg aan die kortstondige vooroorlogse onderwysbeleid van die ZAR en dié van die Britse owerhede tydens en na die oorlog te laat geskied, moet daar na die uitwerking van albei hierdie beleide op die verdere verloop van die onderwys, nie net op Heidelberg nie, maar ook op die hele Suid-Afrika, gekyk word.

---

[176] *The Heidelberg News*, hoofberig, 13.11.1903.

[177] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, p. 35.

[178] S.S. Barnard, *Blanke onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief*, pp. 111-112.

Hiermee saam moet die waarde van die Britse onderwysbeleid in die naoorlogse jare op politieke, opvoedkundige en maatskaplike gebied na behore geskat word.

Op politieke gebied het Milner die onderwys benut om die Afrikanerkind se gedagtegang meer Engels te oriënteer. Indien hy daarin wou slaag, moes die Britse element in Suid-Afrika versterk en vergroot word. Gevolglik het hy op die Transvaalkolonie met sy rykdomme gekonsentreer, omdat 'n ekonomiese opbloei onder 'n effektiewe regering daar tot 'n groot toename in die Britse bevolking op die Witwatersrand kon lei. 'n Sterk Britse teenwoordigheid, skole en die uitbreiding van die Britse taal sou die verspreiding van Britse invloede en vooruitstrewende idees op die platteland bevorder. Hieroor stel hy dit onomwonde in Desember 1901 soos volg: "Next to the composition of the population, the thing which matters most is its education. In the agricultural parts of the Cape Colony, this needs to be completely overhauled ... In the new colonies the case will be easier to deal with, provided we make English the language of all higher education. Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else. Language is important, but the tone and spirit of the teaching conveyed in it is even more important."[179]

Sy opvoedkundige beleid was daarop gemik om die proses van denasionalisering van die Afrikaanssprekendes voort te sit. Met 'n oordrewe chauvinistiese benadering wat aan jingoïsme gegrens het, wou hy deur die ophemeling van Engels as wêreld- en kultuurtaal en die minagting van die Afrikaner se taal en kultuur die Engelse taal tot die "uitsluitlike beskawingstaal van Suid-Afrika" verhef.[180] Om hierin te slaag, moes die klem op Engels as die amptelike landstaal en oorheersende taalmedium in die onderwys val om die Afrikanerkind vir die Britse taal en kultuur te wen. Die CNO-skole, wat in reaksie

[179] P.H. Zietsman, *Die taal is gans die volk*, p. 23.

[180] Paul Zietsman, "Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 93.

op Milner se verengelsingsbeleid gestig is, het hom egter na sy vertrek uit Suid-Afrika in 1905 oorleef. Op die vooraand van Milner se vertrek uit Suid-Afrika was sy beleid "under direct political attack both in South Africa and in Britain."[181]

Op maatskaplike gebied was talle Afrikaanssprekende ouers, nie net op Heidelberg nie, maar oor die hele Transvaal, bewus van die groot agterstand wat hulle kinders ten opsigte van intellektuele ontwikkeling op skool moes inhaal. Vele ouers op dié dorp het voor die oorlog al groot waarde aan die onderrig van hulle kinders geheg. *The Heidelberg News* het sonder om enigsins afbrekend te wees, in sy redaksionele kommentaar aan die begin van 1899 geskryf dat veral die Transvaalse Boere 'n groot behoefte aan onderwys ondervind het. Dit het nie alleen betrekking op die individu nie, maar ook op die res van hul volksgenote gehad om in die kompetisie tussen die ou ingesetenes en die nuwe aankomelinge van oorsee of ouer kolonies, wat daagliks in intensiteit toegeneem het, enige inspraak te hê. Die redaksie het goeie opleiding vir die kinders van die Transvaalse burgers as so belangrik beskou dat hulle gevrees het dat die kinders daarsonder vinnig sou uitvind dat hulle deur die pen oorwin is, "which is said to be mightier than the sword ..."[182] Die Afrikaanssprekende ouers op Heidelberg was bewus van die hoë vlak van intellektuele ontwikkeling wat die kinders van Engelssprekende ouers reeds bereik het, en wou hulle kinders deur volgehoue onderrig ook ophef sodat hulle as geskoolde volwassenes hul regmatige plek in die samelewing kon volstaan.

Die jong Transvaalse Onderwysdepartement het hom nie laat afskrik deur hierdie moeilike taak om die agterstand wat die Transvaalse jeug op akademiese gebied beleef het, met verloop van tyd uit te wis nie. In 'n betreklike kort tydperk het hierdie departement met sy vaartbelynde onderwysbeleid sommige van die agterstande gedeeltelik uitgewis en gehelp om die onderrig op Heidelberg meer

---

[181] W.K. Hancock, *Smuts 1.The sanguine years, 1870-1919*, pp. 178-179.

[182] *The Heidelberg News*, redaksionele kommentaar, 06.01.1899.

toeganklik vir albei taalgroepe te maak. Daarvan getuig onder andere die bykomende tyd wat Dönges op die weeklikse rooster vir die aanleer van Engels ingeruim het.

Sestien jaar na die einde van die oorlog het Dönges en Bonsma op ‘n onderwyskonferensie in 1918 hul waardering vir die ZAR se onderwysbeleid betoon: “... als wij terugdenken aan onze oude ZAR onderwijsdagen dan zeggen we... het was ‘n genot om onderwijzer te zijn en mee te werken aan de opbouw van ‘n jonge, krachtige natie.”[183]

Reeds voor die val van die twee Republieke in 1902 het die Britse militêre owerheid albei van hulle se onderwysbeleid beëindig en met ‘n eksklusief Britse stelsel vervang waarin geen sweem van die vroeëre Republikeinse onderwysbeleid, sy amptenare en skoolinspekteurs oorgebly het nie.[184]

In die kort bestaan van die kampskole – ongeveer dertien maande – het Sargant en sy span aan die onderwysstelsel in Suid-Afrika ‘n nuwe gedaante gegee. As die primitiewe toestande, onder andere oorvol lokale, waarin die onderrig geskied het, die geweldige eise wat aan die onderwysers gestel is en die skolastiese vordering van die leerlinge wat nie verder as die laer standerds gestrek het nie, in aanmerking geneem word, is die sukses wat behaal is, absoluut merkwaardig.

*The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI,* skryf dat van die kampkinders, wat nooit vantevore skoolgegaan het nie, in die kampskool vir die eerste keer met ‘n nuwe wêreld waarin hulle nuuskierigheid geprikkel is, kennis gemaak het. Hierdie bron voeg by dat “to most of the children the life in the camps represented a degree of interest and happiness which they had never

---

[183] T.A. Dönges en K. Bonsma, “Het lager onderwijs onder de ZAR”, *Gedenkboek*, April 1918, p. 71.

[184] E.G. Malherbe, *Education in South Africa, 1652-1922*, p. 315.

known before and which could not fail to leave a permanent impression on their characters".[185] Alhoewel geen bronne aan Afrikaanse kant hierdie stelling van die *Times history* onderskryf nie, blyk dit tog 'n aanneemlike stelling te wees.

Ten spyte van vele tekortkominge in die kamponderwys het daar tog veel goeds tot stand gekom. Nie net is die weg vir Sargant en sy medewerkers gebaan om met 'n meer gestruktureerde onderwysbeleid vorendag te kom nie, maar ook is die grondslag vir toekomstige akademiese vordering by talle kampkinders gelê.

Indien die Britse opvoedkundige beleid in die kampskole na 'n eeu van ontwikkeling op onderwysgebied weer in oënskou geneem word, ontstaan die vraag of die Britse opvoedkundiges deur onderrig en optrede in so 'n kort tydjie die kampkinders tot die aanname van 'n Britse wêreld- en lewensbeskouing kon beïnvloed. Hierop het die Transvaalse Onderwysdepartement in 'n verslag in Desember 1902 bevestigend beantwoord. Volgens die verslag het die Britse skoolhoofde en onderwyseresse die algehele standaard van dié skole verhoog. Die moderne metodes wat hulle gebruik het, was veral in die leerlinge se vordering in Engels merkbaar.[186] Volgens F.C. Symington, wat in die 1940's oor die kampskole geskryf het, het die Britse onderwysowerhede grootliks in hulle doel geslaag om "by die Boerekind 'n gevoel van lojaliteit aan en simpatie vir Engels en die Engelse kultuur te laat posvat." In hierdie verband moes veral die aandeel van die Britse onderwyseresse, wat 'n verfynende invloed op die leerlinge in die kampskole uitgeoefen het, nie geringskat word nie.[187] M.A. Basson sluit in 1950 in sy proefskrif: "Die Britse invloed in die Transvaalse skole,

---

[185] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902*, *VI*, p. 36.

[186] P.H. Zietsman, *Die taal is gans die volk*, p. 33. Zietsman verwys na Britse Blouboeke, Cd 1551, "Education Report, Jan.-Dec. 1902", p. 133.

[187] F.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat", in *Historiese Studies*, 5(1), Maart 1944, p. 66.

1836-1907", by Symington aan deur aan te toon dat daar sedert die aankoms van die Britse onderwysers aansienlike vordering met die aanleer van Engels gemaak is.[188]

Daarenteen het J.C. Otto, outeur van *Die Konsentrasiekampe*, met sy patriotiese inslag 'n ander siening. Die poging van die Britse owerhede om die verengelsing van die leerlinge in die kampskole deur te voer, het nie geslaag nie. 'n Kort tydfaktor en die verbittering oor hulle wedervaringe van die kamplewe wat verhoed het dat hulle "die Britse propaganda as soetkoek verorber", was volgens Otto die redes waarom verengelsing misluk het. Anders as Symington, maak Otto die gevolgtrekking dat "die Britse konsentrasiekampskole ... die doel waarmee hulle ingestel is, naamlik om die Boerekind te verengels, volkome gemis [het]." Die belangrikste waarde van die kampskole was volgens Otto om die leerlinge sinvol besig te hou, anders sou hulle betreklik ledig gebly het.[189]

Uit die Britse kampverslae blyk dit dat die kampleerlinge, veral op Heidelberg, hierdie Engelse invloed met ope arms verwelkom het. In werklikheid was hierdie ingevoerde Britse onderwysers nie vir lank genoeg aan die kampskole verbonde om die leerlinge werklik suksesvol ten gunste van Brittanje te beïnvloed nie. Die meeste van die ingevoerde Britse onderwysers wat tussen Januarie en Augustus 1902 in Suid-Afrika aangekom het, was net vir ongeveer 'n kwartaal aan die kampskole voor die beëindiging van die oorlog op 31 Mei verbonde.[190]

Basson vat die waarde van die kampskole soos volg treffend saam: "Deur die kampskoolonderwys is die grondslae van 'n hegte Britse onderwysstelsel in

---

[188] M.A. Basson, "Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1907", deel 2, p. 307, D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1950.

[189] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 154.

[190] Paul Zietsman, "Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 107.

Transvaal gelê. Ofskoon die oorlogsomstandighede die natuurlike ontwikkeling van die onderwys ontwrig het, het dit aan die anderkant vir die Britse bewind die gulde geleentheid geskep om sy groot anglisasieprogram na eie outokratiese goeddunke te bewerkstellig. Dit was nie ‘n stelsel wat bedoel was om by die behoeftes van die volk aan te pas nie, maar ’n stelsel waarby die volk noodgedwonge verplig was om homself aan te pas. Op hierdie grondslag sou daar in die toekoms voortgebou word.”[191]

Die Afrikanervolk het hom hierby aangepas. In die tydperk na Mei 1902 het talle Boereouers en Boerekinders die uitdaging om bo die haglike naoorlogse toestande op ekonomiese en maatskaplike gebied uit te styg, aanvaar. Skoolgeleerdheid sou voortaan die wapen wees waarmee hulle hul toekoms verseker. Talle van die onopgeleide onderwyseresse in die kampskole wat in baie gevalle slegs standerd ses geslaag het, het die kans aangegryp om hulle kwalifikasies te verbeter. Tydens die kampskoolperiode het hulle in moeilike omstandighede, maar onder die bekwame en simpatieke leiding van toegewyde hoofde en skoolinspekteurs, waardevolle ervaring oor die onderwys in die praktyk opgedoen. Gewapen hiermee kon hulle as ingeskrewe onderwysstudente aan die normaalkolleges, onder andere Heidelberg, ook die teoretiese kennis aanleer en ‘n onderwysdiploma verwerf. [192]

Milner het in die uitvoering van sy naoorlogse verengelsingsbeleid baie Boereouers se voorneme om nie in die weg van hulle kinders se onderwysbelange te staan nie, verkeerd vertolk. Beïndruk met die Boerekinders se gretigheid en hulle ouers se aandrang dat hulle Engels moes leer, het hy nie met hulle bitterheid oor die sinnelose oorlogsverwoesting, die onbeskryflike leed in die konsentrasiekampe en die sterkerwordende nasionale gevoel rekening

[191] M.A. Basson, “Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1937” deel 2, p. 311, D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1950.
[192] *Ibid.*, p. 107.

gehou nie. Milner het met sy naoorlogse verengelsing van die onderwys hom die wrewel van die Afrikaner op die hals gehaal. Hierteen het verset gevolg, wat tot die stigting van die CNO-skole gelei het.[193] Dit het onder meer op die stigting van die Volkskool op Heidelberg uitgeloop. Uit die Volkskool het die Hoër Volkskool (1915) en die Heidelbergse Onderwyskollege (1905) ontwikkel, wat hierdie dorp tot ‘n belangrike onderwyssentrum verhef het.[194] Dit het Heidelberg gebly tot met die sluiting van die Onderwyskollege aan die einde van 1967 en die oorname van die geboue deur die Suid-Afrikaanse Weermag vroeg in 1968.[195]

Die naoorlogse onderwys kon, deur die verskille tussen die twee blanke taalgroepe te oorbrug, gehelp het om samewerking en eenwording te bevorder. Dit het nie gebeur nie en die verskille tussen die twee taalgroepe het na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 steeds bestaan. Die beleid van versoening of konsiliasie wat deur die Eerste Minister, genl. Louis Botha, gevolg is, het misluk en politieke verskille onder die Afrikaners veroorsaak. Volgens dié beleid moes die Afrikaners die Engelse vir hulle optrede tydens die oorlog vergewe en vergeet dat so ‘n oorlog ooit plaasgevind het. Die twee taalgroepe moes tot één ware Suid-Afrikaanse nasie saamsmelt. Botha het die Afrikaners met sy beleid van hom vervreem. Oorbrugging tussen die twee taalgroepe het nie in die twintigste eeu geslaag nie en die twee taalgroepe het apart van mekaar op afsonderlike skoolterreine hulle gang gegaan. Taal- en kulturele verskille het die samesmelting van die twee groepe verhinder.

---

[193] *Ibid*., pp. 107-108.

[194] A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria*, pp. 55, 43.

[195] *Ibid.,* pp. 52-53.

# HOOFSTUK 5

## DIE KERKLIKE LEWE OP HEIDELBERG

Die geskiedenis van die Hollandse, Duitse en Engelse kerkgenootskappe op Heidelberg is sedert sy ontstaan in 1866 nou met die ontwikkeling van die dorp vervleg. Met die uitbreek van die oorlog in 1899 het die drie Nederlandse susterkerke se manlike lidmate hulle burgerlike plig nagekom en die Britse aanslag op sowel die slagveld as die tuisfront as ‘n verenigde front teengestaan. Die meeste lidmate van die Engelssprekende kerkgenootskappe het die Britte ondersteun, terwyl die sendelinge van die Berlynse sendinggenootskap sterk met die Boeresaak gesimpatiseer het.

Met die Britse verowering van Heidelberg in Junie 1900 het die stand van sake verander. Reeds voor die val van die ZAR en die Vrystaatse Republiek op 31 Mei 1902 het ‘n gees van neerslagtigheid onder sowel die gegoede as die minder gegoede burgers posgevat. Dit het toegeneem weens die Britte se verwoesting van plaashuise, hulle vernietiging van noodsaaklike lewensmiddele en die wegvoer van vroue en kinders na die konsentrasiekampe. Hierdeur is ‘n groot aantal gegoedes ekonomies geruïneer. Gevolglik het daar benewens die bestaande stoflike armoede ook ‘n geestelike verarming onder die Heidelbergers ingetree. Die kerkgenootskappe het besef dat die mense dringend geestelike aandag nodig gehad het. Pastorale bearbeiding onder Afrikaans- en Engelssprekendes op die dorp en veral onder die Afrikaanssprekende inwoners in die konsentrasiekamp het dit ten doel gehad om hierdie geestelik verarmde lidmate weer op te hef. Om die kontras tussen die redelik tevrede vooroorlogse kerklike gemeenskap en die oorheersend stoflik sowel as geestelik verarmde naoorlogse kerklike gemeenskap werklik te begryp, is dit nodig om die totstandkoming van die kerkgenootskappe op Heidelberg kortliks te bestudeer.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) op Heidelberg is op 27 Junie 1865 gestig; kort voor die amptelike totstandkoming van die dorp op 28 Maart 1866. Die kerkgebou se hoeksteen is reeds agt maande vroeër gelê. Die inwydingsplegtigheid van dié kerk, bekend as die Kruiskerk, het op 30 en 31 Desember 1865 saam met die viering van die Heilige Nagmaal plaasgevind. Terselfdertyd is die Heilige Doop aan 68 kinders bedien en dertig nuwe lidmate het geloofsbelydenis afgelê. In 1866 was daar 612 belydende lidmate en 1 628 siele.[1] Net voor die kerkvereniging in 1885 het die NHK in Heidelberg se dopelinge 4 087 en die getal belydende lidmate 533 beloop.[2]

Dié vinnig groeiende gemeente het die dienste van ‘n leraar dringend benodig. Die Kerkraad van die NHK het ds. N.J. van Warmelo, wat sy teologiese opleiding in Nederland voltooi het, in 1868 beroep. Hy het die beroep aanvaar en op 18 Julie het sy bevestiging as die eerste leraar van die NHK op Heidelberg plaasgevind.[3] As ‘n toegewyde leraar het hy nie net onder sy gemeente nie, maar ook onder ander kerkgenootskappe groot respek geniet.

‘n Aansienlike getal Engelse het reeds sedert die ontstaan van Heidelberg op die dorp gewoon. Die Kerkraad van die NHK, bewus van die geestelike nood waarin hulle verkeer het, het hulle geestelike bearbeiding oorgeneem. ‘n Groot groep Engelssprekendes het later lidmaatskap van die NHK verkry. Aangesien hulle die Nederlandse taal nie volkome bemeester het nie, het die Kerkraad aan Van

[1] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, pp. 13-14; A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, ‘n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 1865-1965*, pp. 58-59.

[2] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, p. 23.

[3] *Ibid*., pp. 14-15.

Warmelo toestemming verleen om hulle kinders aan huis in Engels te doop.[4] Die redes vir hierdie Engelse se vestiging op Heidelberg is onbekend. Daar kan aanvaar word dat hulle hul hoofsaaklik op die handel toegelê en so 'n belangrike bydrae tot die dorp se ekonomiese ontwikkeling gelewer het.

Die verdere geskiedenis van die NHK op Heidelberg het tot in 1885 soos dié van enige ander gemeente verloop. Onder 'n roepingsbewuste leraar wat die sieleheil van sy gemeentelede eerste gestel het, het die daaglikse kerklike lewe op hierdie plattelandse dorp rustig sy gang gegaan. Gereelde eredienste, Nagmaal- en Doopbediening, aflegging van geloofsbelydenis, kerkraadsvergaderings, huweliksbevestigings en die toepassing van die kerklike tug het kerklike meelewing, soos ook in ander gemeentes, bevorder.[5]

Ongeveer 'n jaar na die stigting van die NHK op Heidelberg het ds. Frans Lion Cachet op 1 April 1866 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) op die dorp gestig. Die NHK het egter nie voldoen aan 'n versoek van die NGK om die Kruiskerk vir dié geleentheid te benut nie.[6]

Die volgende negentien jaar, waarin die kerklike lewe in dié nuutgestigte gemeente op Heidelberg ook sy rustige gang gegaan het, is die Heilige Doop aan 178 kinders bedien terwyl 68 nuwe lidmate belydenis van geloof afgelê het. In vergelyking met die syfers van die NHK op Heidelberg in die ooreenstemmende tydperk blyk dit dat die meeste lede van die blanke bevolking

---

[4] *Ibid*., p. 19.

[5] A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, 'n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde. Gemeente Heidelberg Transvaal, 1865-1965*, p. 65.

[6] *Ibid*., p. 31.

steeds aan die NHK behoort het.[7] Hierdie prentjie het ná die kerkvereniging in 1885 drasties verander.

Kerkvereniging tussen die NHK en die NGK het na die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881, sterk op die voorgrond getree. Ten spyte daarvan dat dit wel in 1885 deurgevoer is, het dit tot groot twis en verdeeldheid onder die lidmate van beide kerke in Transvaal en gemeentes op Heidelberg gelei.[8] Vanuit die staanspoor het dit geblyk dat ernstige kwessies soos die plek van die sendelinge, gelykstelling tussen blank en swart en naamgewing vereniging sou bemoeilik.[9] Veral laasgenoemde het die pogings tot vereniging byna verongeluk. Van Warmelo wou die naam Hervormd behou, terwyl ds. H.L. Neethling weer aan die naam Nederduits Gereformeerd vasgeklou het. Twee voorstelle is ter tafel gelê, naamlik dié van Van Warmelo en dié van Neethling. Van Warmelo het as naam Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk (NH of G Kerk) voorgestel terwyl Neethling weer die naam Nederduitse Gereformeerde of Hervormde Kerk tot stemming wou bring. Nadat die stemmery op 'n staking van stemme uitgeloop het, is die lot gewerp en Van Warmelo se voorstel voorlopig aanvaar. Die gesprek oor hierdie saak is op 6 Mei 1889 op die Algemene Vergadering verder gevoer, waar die benaming van NH of G Kerk toe as amptelike naam van die Verenigde Kerk bekragtig is.[10]

Die vereniging van die twee kerke op Heidelberg het sonder enige raadpleging van die twee gemeentes op 28 September 1885 met Van Warmelo as predikant in werking getree. 'n Groot groep van die NHK het geweier om iets hiermee te

---

[7] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, p. 23.

[8] *Ibid*., p. 23.

[9] Hertzog Venter (red.), *Totius versamelde werke – die Kerk, II*, p. 257.

[10] A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, 'n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 1865-1965*, pp. 55-58, 74.

doen te hê.[11] Hierdie ontevredenheid is in 1889 na die vasstelling van die naam verder verhoog toe die Algemene Vergadering aan die kerkrade opdrag gegee het om die eiendomme op die nuwe naam oor te dra. Van Warmelo en Neethling het opdrag gekry om namens die Verenigde Kerk op te tree en die dokumente te onderteken. Terselfdertyd het ‘n prokurasiekommissie wat in belang van die NHK se eiendomme kon optree, tot stand gekom. So het die Verenigde Kerk die wind van voor gekry toe hy die eiendomme van die NHK, veral in Heidelberg, wou bekom.[12]

‘n Ernstige kerktwis wat selfs die Staatspresident nie deur sy bemiddeling kon beëindig nie, het ontbrand.[13] Die NHK wou nie kop gee nie en deur middel van hofinterdikte het hulle die saak verder gevoer. Die hofuitspraak van 5 Junie 1893 het bepaal dat die Verenigde Kerk benewens die teruggawe van alle eiendomme van die NHK ook die hofkoste moes betaal. Eers op 10 Maart 1897 is hierdie langdurige getwis oor kerklike eiendomme in Heidelberg tot ‘n punt gedryf toe die twee kerkrade ‘n skikking bereik het. Al die spanning wat hierdie gebeure tot gevolg gehad het, het daartoe bygedra dat Van Warmelo op 21 April 1892 op ‘n vroeë ouderdom oorlede is.[14]

Ten spyte daarvan dat die poging tot kerkvereniging gefaal het, het daar tog iets blywend uit al die onmin op Heidelberg tot stand gekom. ‘n Sierlike kerkgebou, bekend as die Klipkerk, het op die terrein langs die Kruiskerk op Heidelberg verrys en is op 13 Maart 1891 feestelik in gebruik geneem. Die Heidelbergers het

---

[11] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, p. 24.

[12] A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, ‘n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 1865- 1965*, p. 79.

[13] *Ibid*., p. 79.

[14] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, pp. 39-40, 47.

dié gebou wat 'n groot rol in die Afrikaners se geestelike lewe gespeel het, met verloop van tyd as 'n baken begin beskou.[15] Daarvan getuig die stigting van die Heidelbergse Volkskool in die kelder van die Klipkerk 'n jaar na die beëindiging van die oorlog.[16] Op die trappe van dieselfde kerk het Emily Hobhouse die Heidelbergers in 1903 toegespreek.[17]

Na die dood van Van Warmelo het die kerkraad van die NH of G Kerk op Heidelberg tot die beroeping van ds. A.J. Louw oorgegaan. Met sy bevestiging in April 1893 het daar 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die NH of G Kerk op die dorp aangebreek. Louw het met onvermoeide ywer vir 38 jaar in die gemeente gearbei. Nie net op kerklike gebied nie, maar ook op kultuur- en onderwysgebied het hy waardevolle insette gelewer. As 'n toegewyde teoloog is hy deur vele hooggeag. Hy het netelige situasies op 'n bekwame manier hanteer en hy was 'n man met onkreukbare integriteit.[18]

Die kerkraad van die NH Gemeente op Heidelberg wat die kerkvereniging nie erken het nie en Van Warmelo steeds as hulle predikant beskou het, het ds. A Lagerwey na Van Warmelo se afsterwe beroep. Sy bevestiging as predikant van die NH Gemeente op die dorp het in Januarie 1895 plaasgevind. Sy teenwoordigheid in die gemeente het tog te midde van die kerkstryd op die dorp 'n mate van kalmte onder sy gemeentelede teweeggebring. Ongelukkig het sy gesondheid by die dag agteruitgegaan. Dit het hom verplig om vir behandeling

---

[15] A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, 'n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 1865-1965*, pp. 76-77.

[16] D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, "Louw, Adriaan Jacobus", p.555.

[17] TAB, Leydsargief 200(4), *De Volkstem*, "De Heidelberg byeenkomst", 04.07.1903. pp. 23-24.

[18] D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, "Louw, Adriaan Jacobus", p. 555.

na Nederland te vertrek, waar hy op 17 Augustus 1898 op die operasietafel gesterf het. Sy dood het die gemeente hard getref. Met die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 het die gemeente nog nie 'n beroep uitgebring nie en vir die duur van die oorlog het hulle sonder die dienste van 'n leraar klaargekom.[19]

Die stigting van 'n gemeente van die Gereformeerde Kerk op Heidelberg het eers in 1890 plaasgevind. Ds. Ph. S. Snyman is as leraar beroep en het op 1 Augustus 1891 met sy bediening op Heidelberg begin. Sy bevestiging en intreepreek is bygewoon deur onder andere Van Warmelo, pastor Walters van die Berlynse Sendinggenootskap, mynkommissaris P.R. Viljoen en landdros F.K. Maré. Die gebied wat Snyman bedien het, het uit die kombinasie Heidelberg-Bethal-Middelburg bestaan. Daarby het hy ook nog as konsulent vir Piet Retief, Krugersdorp en Vryheid opgetree. Die uitgestrektheid van die gemeente het veroorsaak dat hy 32 Sondae per jaar nie die eredienste op Heidelberg kon waarneem nie.[20] In teenstelling met dié van die NH en NH of G gemeentes op die dorp, het die kerklike lewe in dié gemeente rustig verloop.

Die kerklike aktiwiteite op Heidelberg in 1899 is tot met die uitbreek van die oorlog in Oktober deur rustigheid gekenmerk. Die Heilige Nagmaal is gevier en daar moes deeglik met weersomstandighede rekening gehou word. Ossewaens en perdekarre het op die Markplein, waar talle tente opgeslaan is, saamgetrek. Saterdae is die besighede druk besoek. Die Nagmaalsviering het Sondag plaasgevind. Vroeg Maandagoggend het die Nagmaalgangers opgepak, ingespan en huiswaarts gekeer omdat hulle nie langer as wat nodig is van die

[19] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*, pp. 47-50.

[20] W.G. van der Schijf (red.), *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg, 1890-1965*, pp. 10-11, 23-24. Tydens die honderdjarige herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1999 het daar weer 'n ds. Snyman (D.S.) in die bediening van die Gereformeerde Kerk op Heidelberg gestaan.

plase af weg wou wees nie. Dreigende weersomstandighede het hulle vertrek op Maandag 23 Januarie verhaas. Op Heidelberg het ‘n gesegde bestaan dat dit verseker gedurende Nagmaal sou reën en met dié geleentheid was dit nie ‘n uitsondering nie. Tydens die Nagmaalviering in April het die reën soos gewoonlik die Sondagaand uitgesak, terwyl die terugtog huis toe Maandag in baie nat toestande plaasgevind het.[21]

Die rustigheid wat daar na 1893 op kerklike gebied op Heidelberg geheers het, is in Oktober 1899 wreed deur die oorlogsverklaring teen Brittanje versteur. Kerklike aktiwiteite soos kerkraadsvergaderings en die viering van die Heilige Nagmaal het vir byna drie jaar nie plaasgevind nie. Die algemene kerklike lewe het so te sê tot stilstand gekom, aangesien “die sluier van die oorlog” daaroor geval het.[22]

Ds. J.A. van Rooy, wat in Snyman se afwesigheid die laaste kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Gemeente Heidelberg voor die begin van die oorlog op 7 Julie 1899 gelei het,[23] het die oorlog in ‘n herinneringskrif bestempel as “’n haglike tydperk van volksontwrigting, verstoorde kerklike lewe en so te sê geen amptelike werksaamheid van belang, veral wat betref geestelike saamvergadering en opbou nie ...”[24] Louw het die gebeure van 1899-1902 op die eerste kerkraadsvergadering na die oorlog op 1 November 1902 treffend saamgevat. Hy het nie net gewys op die “akelige

---

[21] *The Heidelberg News*, “Notes and News”, 27.01.1899, 14.04.1899.

[22] W.G. van der Schijf (red.), *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg, 1890-1965*, p. 34.

[23] Gereformeerde Kerkargief Potchefstroom, notules van kerkraadsvergaderings Gereformeerde Kerk Heidelberg (Transvaal), 1890-1904, boek 1, 07.07.1899, p. 227.

[24] Klassis Waterberg, *Eeufeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die Klassis Waterberg, 1859-1959*, p. 101.

verwoesting" wat in die land plaasgevind het nie, maar ook op die skade op geestelike gebied wat veroorsaak is deur "verdeeldheid, verbittering, ontrouw en verraad, die op zulke treurige wijze zich hebben geopenbaard onder ons volk, alsmede in de kerk."[25]

Sowel Snyman as Louw het 'n belangrike rol tydens die oorlog gespeel. Om aan albei reg te laat geskied, is dit dus gepas om hulle betrokkenheid by die oorlog in oënskou te neem.

Snyman het sy opleiding as predikant deurloop aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp wat in die beginsel "Gereformeerd en Nasionaal" geanker was. Burgersdorp in die Noordoos-Kaap het onder Britse bewind in die Kaapkolonie gestaan. Hierdie dorp, waar 'n baie sterk Afrikanerelement woonagtig was, het tot groot ergernis van die bewindhebbers 'n sterk bolwerk teen Britse imperialisme gevorm. In hierdie skool is die Britse volkslied "God save the Queen" as gevolg van die anti-Britse houding van die dosente en studente nooit gesing nie. Snyman is aan hierdie skool met die Calvinisme as grondslag in die gereformeerde godsdiens opgelei. Saam hiermee het hy ook 'n liefde vir 'n eie volk, 'n eie land en 'n eie taal ontwikkel.[26] Dit is dus begryplik dat Snyman met die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 sonder om enigsins te twyfel sy burgerplig nagekom en die wapen teen Brittanje opgeneem het.

Alhoewel Snyman se betrokkenheid by die oorlog oor ongeveer drie maande gestrek het, het hy as 'n getroue ondersteuner van die ZAR sonder enige weifeling saam met die Heidelbergkommando na die Natalse front vertrek. Hier het hy hom nie net as 'n dapper soldaat onderskei nie, maar ook as 'n toegewyde

---

[25] NG Kerkargief, Stellenbosch, notule NH of G Kerkraadsvergadering op Heidelberg, 01.11.1902, p. 351.

[26] G.C.P. van der Vyver, *My erfenis is vir my mooi*, pp. 85, 87.

prediker wat nie geskroom het om die Woord van die Here by talle geleenthede aan die burgers in die veld te bedien nie. So het hy elke aand die huisgodsdiens waargeneem en op Sondae by die verskillende kommando's gepreek.[27] Tydens Dingaansdagviering op 16 Desember 1899, 'n dag na die slag van Colenso, het hy 'n besielende boodskap aan die burgers gebring.[28] Sy gesindheid in die stryd teen Brittanje het hy soos volg aan vk. C.J. Spruyt verwoord: "As predikant wil ek graag preek, maar as burger wil ek soos al die ander my plig doen."[29]

Tydens die beleg van Ladysmith het Snyman ernstig siek geword. Hy is in 'n oop trok huis toe vervoer waar hy kort na sy tuiskoms op 17 Januarie 1900 aan "typhus koorts ziekte" oorlede is. Twee dae later het ds. Martiens Postma die begrafnisdiens waargeneem.[30] Sy dood het nie net die klein gemeente baie hard getref nie, maar ook diegene wat saam met hom op die slagveld geveg het. Wilhelm Mangold beskryf in sy memoires die algemene gevoel oor sy dood soos volg: "Ons was baie hartseer oor die dood van ons geliefde ds. Snyman. Hy het vreugde en leed met ons gedeel, altyd vir elkeen 'n vriendelike woordjie gehad en was met sy bemoedigende woorde vir almal 'n voorbeeld."[31]

Na Snyman se dood het die gemeentes van die Gereformeerde Kerk en die NHK op Heidelberg in die dieselfde posisie verkeer. Albei sou vir die res van die

---

[27] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 64.

[28] *Ibid*., p. 75.

[29] *Ibid*., p. 102.

[30] Gereformeerde Kerkargief Potchefstroom, notules van kerkraadsvergaderings Gereformeerde Kerk Heidelberg (Transvaal), 1890-1904, boek 1, 23.02.1900, art. 2 en 5, pp. 231,233; W.G. van der Schijf (red.), *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg, 1890-1965*, p. 25.

[31] T. van Rensburg (red.), *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, pp. 101-102.

oorlog sonder die dienste van ‘n predikant wees. Postma is egter deur die Gereformeerde kerkraad versoek om as konsulent op te tree. Hy het aan die versoek gehoor gegee en “belooft in zijne zwakheid te doen met de hulp des Heeren wat in zijn vermogen is voor Kerkeraad en gemeente.”[32]

Die kerklike lewe van die Gereformeerdes op Heidelberg het na Snyman se dood gewoonweg sy gang gegaan. ‘n Kerkraadsvergadering onder leiding van Postma het vir oulaas op 23 Februarie 1900 plaasgevind, sonder ‘n kworum, omdat talle burgers op die slagveld was. Tog is die Heilige Nagmaal op 25 Februarie gevier.[33] Die Nagmaal wat vir die laaste Sondag in Mei beplan is, het egter nie gerealiseer nie. Godsdiens en katkisasie moes in opdrag van die Kerkraad elke Sondag gehou word. Die taak is aan oud-ouderling Evers opgedra indien omstandighede die beurtouderlinge sou verhinder om by die kerk teenwoordig te wees. Daarbenewens het die Transvaalse Regering ook Sondag, 25 Februarie, en Dinsdag, 27 Februarie, as dank- en biddae bepaal. Hieraan is, met die oorlog in gedagte, uitvoering gegee deur dienste op die dorp en in die buitewyke te hou.[34]

Na die dood van Snyman het slegs Louw nog vir ‘n kort rukkie as geestelike leier van die drie susterkerke op Heidelberg oorgebly. Vanaf die mobilisasie van die Heidelbergkommando voor die uitbreek van die oorlog tot voor die Britse besetting van die dorp in Junie 1900 het hy ‘n prominente rol gespeel, nie net op geestelike gebied nie, maar ook op vele ander terreine. Voor die vertrek van die Heidelbergkommando op 3 Oktober 1899 van die spoorwegstasie af na die

---

[32] Gereformeerde Kerkargief Potchefstroom, notules van kerkraadsvergaderings Gereformeerde Kerk Heidelberg (Transvaal), 1890-1904, boek 1, 23.02.1900, art. 6, p. 234.

[33] *Ibid*., art. 10, p. 235.

[34] *Ibid*., art. 16 en 17, p. 238.

Natalse front het Louw eers vir die burgers godsdiens gehou.[35] Tydens die Natalse offensief het hy die kommando's besoek om hulle vir die stryd te bemoedig. By Sandspruit het hy hom die inlywingsprosedure, wat 'n gewippery op 'n vars beesvel behels het, laat welgeval. Die gewone burgers het sy vrywillige deelname aan die beesvelry as 'n teken van kameraadskap aanvaar.[36]

Louw het nie net die geestelike nie, maar ook die liggaamlike welvaart van sy mense as van die grootste belang beskou. Daar was nie 'n hospitaal in Heidelberg toe die oorlog uitgebreek het nie, en Louw, dr. James O'Reilly, geneesheer op die dorp, en andere het probeer om dié leemte te oorbrug en 'n goed toegeruste hospitaal tot stand te bring. Ontoereikende fondse en die toename in pasiënte het die Hospitaalkommissie voor ernstige finansiële probleme te staan gebring. Louw het die Regering in Pretoria in sy hoedanigheid as voorsitter hieroor gaan spreek.[37] Selfs die oormatige gebruik van alkohol, wat vir die gesondheid nie bevorderlik is nie, het hom dwars in die krop gesteek. Ten spyte van streng regulasies om sterk drank te vernietig, was "verscheidene burgers onder het wapen herhaaldelijk beschonken op straat en op kommando ...". Hy het ook nie gehuiwer om hierdie skandelike gedrag onder president Kruger se aandag te bring nie[38].

Ook wanneer gerugte tot nadeel van landsbelang Louw ter ore gekom het, het hy nie geskroom om dit onder die aandag van hoër gesag te bring nie. In 'n gespanne en onsekere tyd tien dae voor die besetting van Heidelberg, nadat die Republikeinse hoofstede reeds geval en talle burgers wat wou veg weens 'n

---

[35] T. van Rensburg (red.),*Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 19.

[36] *Ibid*., p. 67.

[37] TAB, Staatsekretaris, 8076, R14129/99, notule van vergadering van hospitaalkomitee gehou te Landdroskantoor Heidelberg, 22.02.1900.

[38] TAB, Leydsargief, 726(6), oorlogstelegramme 7.6.1900-9.6.1900, telegram ds. Louw aan president Kruger Machadodorp, 08.06.1900.

gebrek aan leiding eerder tuis gebly het, het Louw op 13 Junie 1900 ‘n mededeling van ene W. Heunis oor vk. R.C. Spruyt aan president Kruger getelegrafeer. Hiervolgens het daar ‘n gesprek tussen Spruyt en sy skoonseun plaasgevind waartydens die skoonseun sy skoonpa verwyt het “dat hy aan de burgers gezegd zou hebben dat de burgers maar naar huis moeten gaan.”[39] President Kruger, hoegenaamd nie gelukkig hieroor nie, het dit as hoogverraad bestempel.[40] Nadat ene vk. Van Rensburg die saak op Heidelberg ondersoek het, het hy die President op 16 Junie 1900 in kennis gestel dat die hele aangeleentheid op ‘n misverstand berus en dat Spruyt op daardie tydstip besig was om die opkommandering van sy burgers met ywer af te handel.[41]

Louw het op 12 Junie belangrike inligting wat sy seun, Robbie, die vorige dag met sy aankoms op Heidelberg aan hom verstrek het, aan die President oorgedra. Ten tye van die inname van Pretoria was Robbie in die hospitaal. Na sy herstel het hy “een pas onder parole” bekom en per spoor tot op Elandsfontein gereis en vandaar te perd na Heidelberg. Sy inligting het verband gehou met die Britse teenwoordigheid op elke spoorwegstasie vanaf Irene tot Elandsfontein en Boksburg op die Oos-Rand en oor die aanwesigheid al dan nie van troepe tussen die stasies. Aangesien beheer oor die spoorlyne vir hom die sleutel tot suksesvolle oorlogvoering was, het hy in sy verslag aan die President ‘n belangrike gedagte geopper waaraan kommandant-generaal Louis Botha later ernstig aandag gegee het. Volgens Louw moes daar sover moontlik op die vernieling van die spoorlyn tussen Irene en Elandsfontein en dié tussen

---

[39] TAB, Leydsargief, 727(1), oorlogstelegramme, 13.06.1900-14.06.1900, telegram Heidelberg Direkteur aan Htd. Machadodorp, 13.06.1900.

[40] *Ibid*., telegram president Kruger Machadodorp aan vk. Van Rensburg Heidelberg, 13.06.1900.

[41] TAB, Leydsargief, 727(2), oorlogstelegramme, 15.06.1900-16.06.1900, telegram vk. Van Rensburg Heidelberg aan president Kruger Machadodorp, 16.06.1900.

Elandsfontein en Vereeniging gekonsentreer word. Ook moes die telegraaflyne tussen die genoemde plekke geknip word om lord Roberts se kommunikasielyne in die wiele te ry. Hy het ook aanbeveel dat burgers verbied word om voedsel en voer langs die spoorlyn aan ongewensde en onbekende persone te verkoop.[42] Dat die Regering hoë waardering vir Louw se optrede gehad het, blyk uit 'n telegram van die Kommandant-generaal waarin hy Louw vra om saam met die offisiere 'n groot kommando op Heidelberg byeen te bring.[43] Selfs die Eed van Neutraliteit, wat 'n groot getal oorlogsmoeë burgers vrywillig onderteken het om nie as krygsgevangenes weggevoer te word nie, het hom gegrief. Die eed het kortliks daarop neergekom dat hulle nie die wapen teen die Britse Regering sou opneem nie en "swear to remain quietly at home until the war is over."[44] Nadat Louw dit onder oë gehad het, het hy dit aan die President gestuur.[45] Die President het sy opregte dank daarvoor betuig.[46]

In die lig van Louw se optrede tot in hierdie stadium ontstaan die vraag of hy nie buite sy pligte as predikant opgetree het deur nasionalisme en godsdiens te vermeng nie. Om sy patriotiese optrede egter in die regte perspektief te sien, moet daar in gedagte gehou word dat hy, geskool in die tradisie van die NGK, nie gehuiwer het om sy pligte as predikant en burger tydens die oorlog na te kom nie. Louw is opgelei aan die Teologiese Seminarium van die NGK op

[42] TAB, Leydsargief, 726(7), oorlogstelegramme, 10.06.1900-12.06.1900, telegram ds. Louw Heidelberg aan president Kruger Machadodorp, 12.06.1900.

[43] TAB, Leydsargief, 727(3), oorlogstelegramme, 17.06.1900-18.06.1900, telegram Kommandant-generaal aan ds. Louw Heidelberg, 17.06.1900.

[44] Jan Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, II*, 14:7-14:8.

[45] TAB, Leydsargief, 727(4), oorlogstelegramme, 19.06.1900-20.06.1900, telegram ds. Louw Heidelberg aan president Kruger Machadodorp, 19.06.1900.

[46] *Ibid*., telegram president Kruger Machadodorp aan ds. Louw Heidelberg, 19.06.1900.

Stellenbosch wat sedert sy stigting in 1859 deur die Skotse Calvinistiese Presbiteriaanse en die Nederlandse Gereformeerde Calvinistiese leerstellinge beïnvloed is, en het gedurende die oorlog as een van die mees invloedryke predikante na vore getree.[47] Getrou aan artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die "amp van die owerheid" waarin krygsdiens sowel as deelname aan oorlog geregverdig word, het Louw as predikant en getroue vaderlander die vryheid van die Afrikaner en die bewaring van sy land teen vreemde invallers vooropgestel.[48] Dit is dus begryplik dat die meeste burgers, wie se godsdienstige sienings op die Calvinisme gefundeer was, waarskynlik niks verkeerd in die noue samehang van nasionalisme en godsdiens gesien het nie. Daarvan getuig moontlik hulle opvattings onder andere oor roepingsbewustheid, die soewereiniteit van God en Sy beskikking oor die lotgevalle van volke. Louw se optrede as predikant en burger kan in die lig van dié Gereformeerde Calvinistiese leerstellings geregverdig word.

Tussen alles deur het Louw met sy pastorale werk op die dorp voortgegaan. Sondae het hy gereeld die eredienste in die Klipkerk gelei en leiding aan die kinders in die Sondagskool gegee. Anna Jooste het die dorp se rustigheid op Sondagmôre 25 Maart 1900 toe die verskillende gemeentes se dienste begin het, treffend soos volg beskryf: "Die kinders is in die kerk. Dis 'n stille Sabbatmore. Die sing in die verskillende kerke bring so 'n sagte melodie na my oor ..."[49] Dit is die enigste beskrywing deur 'n inwoner van 'n vreedsame

---

[47] Fransjohan Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 185.

[48] E.E. van Rooyen, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*, p. 299.

[49] P.H.S. van Zyl, "Gertjie gaan oorlog-toe", in *Die Brandwag*, 05 07 1946, p. 13. Anna Jooste het haar seun Gertjie wat deur die Britte as krygsgevangene eers na Simonstad en later na St. Helena gestuur is met gereelde briewe van die daaglikse lewe op Heidelberg op hoogte gehou. Hierdie briewe het hy bewaar en *Die Brandwag* het in 1946 uittreksels daarvan gepubliseer.

Sondagmôre op Heidelberg voor die Britse besetting in Junie wat opgespoor kon word. Ook het Louw die bediening van die sakrament van die Heilige Doop nie agterweë gelaat nie en dit steeds aan die verbondskinders in die gemeente bedien. Die nuwe toevoeging tot die Joostegesin, Gertina Hendrika, is op 6 Mei 1900 gedoop.[50]

Na die Britse besetting van Heidelberg op 23 Junie het Louw se posisie by die dag meer onseker geraak. Reeds binne die eerste weke van die Britse bewind op Heidelberg het daar probleme ontstaan oor sy weiering om die Eed van Neutraliteit te onderteken. Op 6 Julie het genl.maj. A.F. Hart aan distrikskommissaris J.M. Vallentin opdrag gegee om toe te sien dat Wepener, die voormalige landdros, ene Cronjé en Louw die eed onderteken. Eersgenoemde twee het dit gedoen, maar laasgenoemde het summier geweier. Vallentin het Louw om 18:00 die aand gearresteer en vir die nag in die hofgebou aangehou. Die volgende dag het Vallentin Hart van Louw se weiering in kennis gestel. Op 9 Julie het Hart aanvanklik beoog om Louw na St. Helena te verban, maar hy het besluit om hom grasie van 24 uur te verleen om sy besluit in heroorweging te neem. Toe hy die volgende dag steeds weier om die eed te onderteken, het Hart die saak na Pretoria verwys. Louw is die volgende dag, 11 Julie, uit Heidelberg verban en hy het dieselfde dag per trein na Kaapstad vertrek.[51] Hier is hy op parool vrygelaat, waarna hy vir die res van die oorlog in die Wes-Kaap vertoef het. Na die vredesluiting het hy teen die einde van 1902 na Heidelberg teruggekeer.[52] Na Louw se verbanning het die drie Nederlandse kerke in Heidelberg vir die res van die oorlog sonder heeltydse predikante voortbestaan.

---

[50] P.H.S. van Zyl, "Op ou Heidelberg aan die Suikerbosrand", in *Die Brandwag*, 12 07 1946, p. 19.

[51] TAB, PSY 57, Political Secretary, 60/1900, diary of District Commissioner of Heidelberg, pp. 131, 134-135.

[52] D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, "Louw, Adriaan Jacobus", p. 555. In sy werk *Kommandolewe tydens die Anglo-*

Die NH of G Kerk se kerkraadslede wat weens omstandighede nie op die slagveld diens gedoen het nie, het tydens Louw se afwesigheid gesorg vir die agtergeblewe lidmate se geestelike versorging. Predikante wat Heidelberg besoek het, het die pastorale werk in die gemeente vir die duur van die oorlog saam met ouderling Freislich voortgesit.[53] Dié predikante het elk vir tydperke van ongeveer vier tot vyf weke in die vrouekampe na die inwoners se geestelike versorging omgesien, terwyl kerkraadslede en van die gemeentelede gereeld dienste op Sondae waargeneem het. Huisbesoek, waardeur kerklike toesig oor die lidmate se lewenswandel uitgeoefen is, het in 1899 gereeld plaasgevind, maar van Oktober daardie jaar af was dit weens die kerkraadslede op die slagveld se afwesigheid nie meer moontlik nie. Die kerkraadslede op kommando en diegene wat tuisgebly het, het in die gemeentelike verslag oor die tydperk 1899-1902 die versekering gegee dat hulle goeie toesig oor die lidmate op die gevegsfront en in die konsentrasiekampe uitgeoefen het. Die sakrament van die Heilige Nagmaal is in hierdie tydperk slegs eenkeer gevier, maar die bediening van die Heilige Doop, onderrig aan voornemende katkisante met die oog op die aflegging van geloofsbelydenis en huweliksbevestigings het normaalweg voortgegaan. So het daar 192 katkisante belydenis van geloof afgelê, terwyl 391 kinders ter doop gebring is, vyftig met attestate “erkend”, en 41 pare in die

---

*Boereoorlog, 1899-1902*, p. 173, stel Fransjohan Pretorius dit verkeerdelik dat ds.A.J. Louw: “tot diep in die guerrillafase die verskillende kommando’s in die veld besoek het,……..” Die twee dagboekskrywers, H.P.N. en M.J. Viljoen van Heidelberg, dui nie in hulle oorlogsherinneringe aan watter ds. Louw ‘n besoek aan hulle laers gebring het nie. (Sien W81, Viljoenaanwins, dagboeke, H.P.N. Viljoen dagboek no. 4, 29.12.1901; *ibid*., dagboek no. 5, 26.05.1901; *ibid*., M.J. Viljoen, dagboek no. 8, 14-15 10 1901.) Beide het geweet dit was J.M. Louw van Boksburg aangesien die Britse owerheid A. J. Louw in Julie 1900 voor die aanvang van die guerrillafase uit Heidelberg verban het.

[53] A.E.F. Bosman, *Aan God alleen die eer, ‘n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg, Transvaal, 1865-1965*, p. 92.

huwelik bevestig is.[54] Die NH of G gemeente op Heidelberg se eerste kerkraadsvergadering na die oorlog, gehou op 1 November 1902, het die datum vir die eerste Nagmaalsviering op 18 Januarie 1903 vasgestel. Dit is die "eenkeer" waarop die "Verslagen van den staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg, 1899-1902", dui.[55] Volgens Anna Jooste het dit teen 15 November 1900 nie goed met die Sondagskool op die dorp gegaan nie. Die Sondagskool het gely onder die vertrek van baie kinders en hulle onderwyseresse. Ten spyte daarvan is daar nog elke Sondag Sondagskool gehou, terwyl ene Muller die kerkdienste waargeneem het.[56]

Die getal lidmate van die onderskeie kerke wat in die konsentrasiekamp op Heidelberg gehuisves is, het tussen Augustus 1901 en Maart 1902 van 2 222 tot 2 164 gewissel. In hierdie tydperk het mans tussen 467 en 497 (19,42% en 21,48%), vroue tussen 748 en 811 (34,06% en 36,83%) en kinders tussen 897 en 911 (41,22% en 41,45%) van die konsentrasiekamp se inwoners uitgemaak.[57] Die kampowerhede was bewus van die Boere se erns met hulle godsdiens en het sover moontlik fasiliteite vir kerklike byeenkomste beskikbaar gestel. Vir die kampbewoners is twee markeetente opgeslaan waar, onder andere, ouderlinge van die verskillende kerke dooplidmate vir die aflegging van geloofsbelydenis voorberei het.[58] Daar kan met sekerheid aanvaar word dat die drie susterkerke

[54] NG Kerkargief Stellenbosch, RR-III/4, Verslagen van den staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg, 1899-1902, punte 1,5, 7-8, 15.

[55] NG Kerkargief, Stellenbosch, Notule van kerkraadsvergadering van NH of G Gemeente Heidelberg 01.11.1902, p. 354.

[56] TAB, A551, W19, mevrou P.H.S. van Zyl oorlogsherinneringe, brief Anna Jooste, ongedateerd.

[57] TAB, DBC 14, maandelikse statistieke oor die konsentrasiekamp op Heidelberg, Augustus 1901 tot Maart 1902.

[58] *.Ibid.*, maandelikse kampverslag, Heidelberg, Mei 1901, opgestel deur waarnemende superintendent F.R. Harvey, 05.06.1901, p. 3.

met mekaar oorleg gepleeg het vir die gebruik van die markeetente om wrywing te voorkom. Twee persone van die NH of G Kerk het hier aanvanklik die leiding op geestelike gebied geneem, naamlik ene ds. Theron en A.M. Strydom, onderskeidelik woonagtig op die dorp en in die kamp. Theron het in Mei 1901 as sielversorger 'n reeks evangeliese dienste in die kamp gehou terwyl Strydom begrafnisdienste en gebedsbyeenkomste waargeneem het.[59]

Die styging van die inwonertal in die Heidelbergse konsentrasiekamp van 1 996 tot 2 222 tussen Julie en Augustus 1901 het die kampowerhede verplig om meer markeetente vir godsdiensoefeninge beskikbaar te stel. In hierdie stadium was die konsentrasiekamp in drie verdeel. 'n Ekstra groot markeetent vir eredienste is in die middel van die kampe opgerig.[60] In Oktober is nog 'n groot markeetent vir hierdie doel langs die kamp opgeslaan. Die Oktoberverslag dui nie aan of hierdie tent oos of wes van die bestaande kamp gestaan het nie. Hier het vier geestelike leiers, naamlik Jacobs, Kruger, Strydom en Rautenbach, die dienste gelei.[61]

Die Gereformeerde Kerk wat aangrensend aan die kamp was, is ook vir dienste gebruik, terwyl die kampinwoners van Maart 1902 af toegelaat is om Sondae dienste in die kerke op die dorp by te woon.[62] Daar kon egter nie vasgestel word of hulle dit wel gedoen het nie. Dr. A.E.F. Bosman en prof. S.P. Engelbrecht wat onderskeidelik oor die geskiedenis van die NH of G Kerk en die NHK op Heidelberg geskryf het, maak geen melding van hierdie toegewing nie. Ook

---

[59] *Ibid*., maandelikse kampverslag, Heidelberg, Junie 1901, opgestel deur A.A. Allison, 06.07.1901, p. 4.

[60] TAB, Britse Blouboeke, Cd 819, maandelikse kampverslag, Heidelberg, Augustus 1901, opgestel deur A.A. Allison, 06.09.1901, p. 349.

[61] TAB, DBC 11, maandelikse kampverslag, Heidelberg, Oktober 1901, opgestel deur R.G. Ralston, 31.10.1901, p. 3.

[62] TAB, DBC 12, maandelikse kampverslag, Heidelberg, Maart 1902, opgestel deur A.A. Allison, 06.04.1902. p. 2.

gesaghebbende werke oor die konsentrasiekampe verswyg hierdie inligting. In sy studie, *Die Konsentrasiekampe,* vermeld J.C. Otto niks van die godsdienstige lewe in die kampe nie. Die rede vir hierdie toegif kan moontlik wees dat die Britse kampowerhede as gevolg van die pro-Britse gesindheid van 'n groot deel van die Heidelbergse kampinwoners en die moontlike beëindiging van die oorlog meer humanitêr wou optree.

Uiteindelik het die vredesluiting 'n oorlog beëindig wat diep letsels gelaat het, ook op die lidmate van die onderskeie kerke op Heidelberg. Alhoewel volledige gegewens nie beskikbaar is nie, kan die afleiding gemaak word dat 'n groot aantal lidmate van die drie susterkerke op Heidelberg in hierdie tydperk oorlede is. Slegs die dodesyfer van die Gereformeerdes, die kleinste van die susterkerke, is beskikbaar, en van hulle het 90 kinders uit die Heidelbergdistrik tydens die oorlog in verskillende kampe gesterf, 27 mans en vrouens het aan verskeie oorsake tuis en in die kamp die lewe gelaat en sewe burgers het op die slagveld gesneuwel.[63] Die NHK se dokumentasie tot 1907 het volgens F.S. van Rensburg, argivaris van die kerk, verlore geraak.[64] Selfs die NH of G Kerk se gegewens is nie beskikbaar nie. Die gemeente kon nie eers die werklike getal belydende en dooplidmate in 1904 in 'n verslag oor die toestand in die gemeente verstrek nie. Die verslag bewoord dit soos volg: "Naar gissing bestaat de gemeente ongeveer uit 3 500 zielen, waarvan 1 400 leden zyn."[65] Ten spyte daarvan dat hierdie syfers ontbreek, is dit belangrik om daarop te wys dat die verlies aan lidmate tydens die oorlog die groei van talle gemeentes vir jare daarna gestrem het.

---

[63] W.J. de Klerk, *De gesneuvelden en gestorvenen van de Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika gedurende den oorlog, 1899-1902*, pp. 2, 8-9, 35-37.

[64] Inligting telefonies op 02.05.2006 deur argivaris F.S.van Rensburg verstrek.

[65] NG Kerkargief Stellenbosch, RR III/4, Verslagen van den staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg over 1903, punt 14, p. 2.

Die kampe het begin leegloop namate die inwoners geleidelik huiswaarts gekeer het. Daar het hulle ‘n aaklige verwoesting aanskou wat hulle ekonomies geruïneer het. Baie het onmiddellik skouer aan die wiel gesit om bo hierdie ellende uit te styg. Die stoflike armoede waaronder hulle gebuk gegaan het, het baie lidmate nie daarvan weerhou om eredienste op Sondae in hulle eie gemeentes by te woon en betrokke te wees by geestelike heropbou nie.

Die onderskeie kerkrade het hulle werksaamhede kort na die oorlog hervat. Die notules van die eerste kerkraadsvergaderings getuig van ‘n gees van versoening en vertroue in die Hoër Hand. Louw verklaar dat hierdie vertroue “geeft moed en hoop voor de toekomst om in ‘t gebed en in des Heeren werk te volharden.”[66] Op sy beurt wys Postma op die dure plig van die kerkraad en die gemeente om, diep dankbaar vir die bewaring deur die oorlog, hulle hele lewe Godsgerig te maak. Hieruit vloei voort ‘n verdere plig om “de kerk des Heeren, die, wegens de oorlog, verstrooid en verwijderd is, weer op te bouven en te vergaderen...”[67]

Vele lidmate van die onderskeie kerke op Heidelberg het na die oorlog op Sondae steeds die eredienste getrou bygewoon. Tog was daar ‘n merkbare afname in sommige lidmate se kerkbesoek te bespeur. Hierdie “allerdroevigst verschijnsel” het volgens Louw veral onder die verarmde “klassen” wat die goeie gewoonte van kerkbesoek op Sondae verwaarloos het, voorgekom. Hiermee saam betreur hy ook die gebrek aan vrymoedigheid onder ‘n beperkte klein getal lidmate om eredienste op Sondae by te woon vanweë “de gevolgen des oorlogs,

---

[66] N.G. Kerkargief Stellenbosch, notule van kerkraadsvergadering van NH of G Kerk Heidelberg, 04.09.1902, p. 352.

[67] Gereformeerde Kerkargief Potchefstroom, notule van kerkraadsvergadering Gereformeerde Kerk Heidelberg (Transvaal), 1890-1904, boek 1, 23.10.1902, p. 240.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of de houding door hen in dien tijd aangenomen."[68] Die swak bywoning van eredienste het dan ook nie oornag verbeter nie.

Tydens die oorlog het sommige lidmate hulle aan oortredings teen die Heilige Skrif skuldig gemaak. Dit was veral die oortreding van die sewende gebod, "Jy mag nie egbreuk pleeg nie", wat aandag geverg het. Reeds voor die oorlog het so 'n geval onder die lidmate van die NH of G Kerk op Heidelberg voorgekom. Daarvan getuig die notule van 4 September 1899 van genoemde kerk wat in die uitoefening van die tug uiters streng opgetree het. Beide Robert Pretorius en sy skoonsuster, die weduwee Alletta Badenhorst, wat saam in ontug geleef het, is deur die kerkraad ernstig vermaan en onder sensuur geplaas. In dieselfde notule verskyn die naam van ene W.S. Smith, met wie die kerkraad probleme oor sy bewys van lidmaatskap vanaf Kimberley ondervind het.[69] Uit hofverslae blyk dit dat William Steven Smith, bekend as Willem Stephanus Smit, hom op Heidelberg aan bigamie skuldig gemaak het. Dit het later aan die lig gekom dat hy in 1892 op Heidelberg as getroude man met Alma Susanna Jooste in die huwelik getree het. Sy "eerste" huwelik is eers in Augustus 1896 deur die Kaapse Hooggeregshof ontbind. Sedertdien het die kerkraad talle vrugtelose pogings aangewend om meer oor dié broeder te wete te kom.[70]

'n Geval van bloedskande waarvoor die skuldige in 1898 tot drie jaar harde arbeid gevonnis is, het ook op Heidelberg voorgekom.[71] Moord is in dié tyd ook op Heidelberg gepleeg. In 1899 is Jan Harm Jacobus Steenkamp ter dood

---

[68] NG Kerkargief, Stellenbosch, RR III/4, Staat van den godsdienst der Gemeenten Heidelberg, over 1903, 18.01.1904, punt no. 1, pp. 1-2.

[69] N.G. Kerkargief Stellenbosch, notule van NH of G Kerkraadsvergadering Heidelberg, 04.09.1899, p. 343.

[70] TAB, Staatsprokureur van die ZAR, 1897, SP 674, Willem Stephanus Smit alias William Steven Smith, bigamie, 1896.

[71] *Ibid*., SP 673, G.J.F. Botha, bloedskande, 1898.

veroordeel vir die moord op sy vrou, vir wie hy met 'n byl dood gekap het.[72] Martha M. Lehmann is op 2 Mei vir die moord van haar eggenoot gearresteer.[73] Sy is onder die Britse bewind verhoor en in September 1900 ter dood veroordeel.[74] Van kerklike tugsake in hierdie drie gevalle is daar geen verslae te vinde nie.

Die gevalle van kerklike tug na 1902 het hoofsaaklik oor onsedelikheid tydens die oorlog gehandel. In die notule van die derde kerkraadsvergadering van die NH of G Kerk na die oorlog op 20 April 1903 kom vyf gevalle van onsedelikheid ter sprake. Eerstens dié van die weduwee Roelof Brits wat met haar "broeders kind", Hans Brits, onsedelik gelewe het; tweedens die onsedelike lewe van weduwee Ockert Brits saam met 'n Jood; derdens Jaap van Eeden en Catharina Brits wat hulle aan ontug skuldig gemaak het; vierdens Theodorus Goosen en Johanna Preuss en vyfdens Johannes van der Berg en Gertruida van Vuuren wat ook oor dieselfde oortreding by die kerkraad aangemeld is.[75] Nadat hierdie sake deur kerkraadslede ondersoek is, is daar op 20 Julie besluit dat die aangeklaagdes in September voor die kerkraad moes verskyn. Van die vyf aangeklaagdes het slegs weduwee Ockert Brits erken dat sy skuldig was. Op dié vergadering het 'n sesde geval, Hester Rensburg, ter sprake gekom. Ook sy moes in September voor die kerkraad verskyn.[76]

---

[72] *Ibid*., J.H.J. Steenkamp, moord, 14.02.1899.

[73] TAB, Heidelbergargief, Landdros kriminele sake, 1899, deel 2.

[74] TAB, LHB, 1/1/1, Criminal Records Heidelberg, 1900, case 165, Martha Magrietha Lehmann.

[75] N.G. Kerkargief Stellenbosch, notule van NH of G Kerkraadsvergadering Heidelberg, 20.04.1903, pp. 368-369. In die notule is Johanna Preuss verkeerdelik as Maria Pruys aangeteken.

[76] *Ibid*., 20.07.1903, pp. 373-374.

Op die vergadering van 5 September het Johanna Preuss voor die kerkraad verskyn en erken dat sy in ontug gelewe het. Hiervoor het die kerkraad haar vir agt maande onder sensuur geplaas. Terselfdertyd het sy Piet Roodt van Zaaihoek te Frankfort beskuldig. Die kerkraad op Frankfort is van hierdie beskuldiging in kennis gestel. Theodorus Goosen en sy vrou het nie vir die vergadering opgedaag nie.[77] Toe Goosen voor die kerkraad op 5 Desember verskyn, het hy erken dat hy in ontug met Preuss en die weduwee Du Preez gelewe het. Nadat hy ernstig vermaan en op sy skandelike gedrag op 'n hoë ouderdom gewys is, het die kerkraad hom vir een jaar onder sensuur geplaas. Roodt het intussen Preuss se aanklag dat hy saam met haar in ontug gelewe het, ontken. Hierop het Preuss se broer wat ook voor die kerkraad verskyn het, Roodt se bekentenis aan hom aan die kerkraad bekend gemaak. Roodt het erken hy het in ontug gelewe, maar dat hy (Preuss) van Leentje Reneke verneem het dat Chrissie Badenhorst, tans Roodt se eggenote, aan 'n kindjie van hom in die kamp te Standerton geboorte geskenk het. Die kerkraad het besluit dat Roodt moes verskyn en dat getuienis van Reneke verkry sou word.[78] Hester Rensburg, wat op 5 September verskyn het, het erken sy het in ontug met 'n Britse offisier gelewe, wat beloof het om met haar in die huwelik te tree. Die kerkraad het haar vir tien maande onder sensuur geplaas.[79]

Die volgende geval wat op dieselfde dag voor die kerkraad verskyn het, is dié van die weduwee Roelof Brits. Sy is deur die kerkraad oor die vingers getik vanweë haar onbetaamlike saamlewe met haar broerskind, Hans Brits, met wie sy vroeër in die huwelik wou tree. Voorts het sy die kerkraad meegedeel dat haar dogter sedertdien met die jongeling Hans Brits getroud is. Toe die jongeling voor die kerkraad verskyn, het hy 'n aanmatigende houding ingeneem, die

[77] *Ibid*., 05.09.1903, pp.379, 382.

[78] *Ibid*., 05.12.1903, pp. 392-393.

[79] *Ibid*., 05.09.1903, pp. 379-380.

vergadering verlaat en gedreig dat hy sy attestaat sou opeis. Aangesien hy intussen getroud is, het die kerkraad besluit om nie die saak verder te voer nie.[80]\

Vervolgens het die saak van weduwee Catharina Brits en Jaap van Eeden aan die beurt gekom. Sy het skuld erken en Van Eeden beskuldig dat hy die pa van haar kind is. Van Eeden is ingeroep en hy het die beskuldiging ontken. Aangesien getuies ontbreek het, het die Kerkraad besluit om die saak uit te stel om sodoende persone te vind om te getuig.[81] Met die hervatting van die saak op 5 Desember het Brits nie opgedaag nie. As lidmaat van die NH Kerk kon sy nie verplig word om voor die kerkraad te verskyn nie. Van Eeden het egter volgehou dat hy onskuldig was en die kerkraad moes die saak noodgedwonge skrap. Aangesien die kerkraad nie hulle broederlike plig mag nagelaat het nie, het hulle hom vermaan om in sy lewenswandel opreg met God te leef.[82]

Weduwee Ockert Brits, wat reeds haar skuld ten opsigte van ontug met ‘n Jood erken het, het nie by die vergadering van 5 September opgedaag nie.[83] Toe sy weer eens nie voor die vergadering van 5 Desember verskyn nie, het die kerkraad besluit om die strafbepaling van artikel 213(4) van die kerkwet op haar van toepassing te maak. Haar naam sou tydens die volgende Nagmaalsviering van die kansel aan die gemeente bekendgemaak word.[84]

Die saak van Gertruida van Vuuren en Johannes van den Berg het vervolgens aan die beurt gekom. Van Vuuren, ‘n lidmaat van die NH Kerk, het nie die vergadering bygewoon nie. Van den Berg het egter aan die vergadering erken dat hulle in ontug saamgeleef het, maar dat hy graag met haar in die huwelik

---

[80] *Ibid*., 05.09.1903, pp. 380-381.

[81] *Ibid*., 05.09.1903, p. 381.

[82] *Ibid*., 05.12.1903, pp. 393-394.

[83] *Ibid*., 05.09.1900, p. 382.

[84] *Ibid*., 05.12.1903, p. 394.

wou tree. Hy is onder sensuur geplaas, wat vir nog ‘n jaar verleng sou word as hy met haar sou trou. Die kerkraad van die NHK is van Van Vuuren se oortreding in kennis gestel.[85] In ‘n skrywe van ds. J. Van Belkum is op 5 Desember aan die kerkraad bekend gemaak dat Van Vuuren na die NH of G Kerk oorgegaan het. Die kerkraad het gevolglik besluit om met die saak voort te gaan.[86]

Die NH of G Kerk het die verskillende tuggevalle in ‘n ernstige lig beskou. Ten spyte daarvan dat die kerkraad op die vergadering van 18 Januarie 1904 die “aller-pijnlijkste” sake van onsedelikheid moes behandel, was daar in die gemeentelike verslag van dieselfde datum ‘n meer hoopvolle toon te bespeur. As daar rekening gehou word met die ongekende en onnoemlike versoekings waaraan lidmate tydens die oorlog in die dorpe en kampe en op kommando blootgestel was, was daar in alle opsigte rede tot gelukwensing dat die openbare skandale nie verhonderdvoudig het nie.[87]

Volgens die Gereformeerde Kerk op Heidelberg se kerkraadsnotules blyk dit dat daar geen gevalle van tug na afloop van die oorlog aangemeld is nie.

Van tuggevalle in die NHK op Heidelberg is daar geen verslae te vinde nie, aangesien die notuleboek tydens die oorlog verlore geraak het. Met die koms van Van Belkum was daar groot armoede op stoflike gebied onder die gemeentelede en die benarde ekonomiese posisie waarin die gemeente verkeer het, het ontmoedigend op die lidmate ingewerk. Tog het die gemeente saamgestaan en hierdie probleme metteryd te bowe gekom.[88]

---

[85] *Ibid*., 05.09.1903, pp. 381-382.

[86] *Ibid*., 05.12.1903, p. 394.

[87] NG Kerkargief Stellenbosch, RR III/4, staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg over 1903, punt 2, p. 2, 18.01.1904.

[88] S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk Heidelberg, 1865-1935*, pp. 52-53.

Die drie susterkerke in Heidelberg, en veral die NH of G Kerk, het na die oorlog die beginsel van kerklike tug, naamlik om dit wat aanstoot in die gemeente van God gee, te verwyder, volgens die riglyne van die Skrif op ‘n liefdevolle en broederlike wyse toegepas. Sonder om die oortreders in die gemeente die harnas in te jaag, is daar op taktvolle wyse gepoog om hulle tot ander insigte te bring.

Louw het op 18 Januarie 1904 sy waarnemings insake openbare sedelikheid en die NH of G Kerk op Heidelberg soos volg in ‘n verslag gestel: “...dat in sommige opzichten de levens-aard en ‘t karakter des volks is verhoogd en veredeld gedurende den smeltkroes waarin het geplaast was ... Ook over de zonden van dronkenschap, ontucht en andere openbare gruweldaden, is er thans minder te klagen dan voorheen.”[89]

Teenoor die National Scouts in die gemeentes het die onderskeie kerkrade op Heidelberg ook ‘n versoenende houding ingeneem. Die National Scouts, bestaande uit oorlogsmoeë burgers wat vrede begeer het, is in die laaste maande van die oorlog deur lord Kitchener as “’n afsonderlike korps ... op ‘n stewige organisatoriese grondslag geplaas.” As soldate van die Britse imperiale leër het hulle soldy ontvang terwyl ‘n eiesoortige uniform en vuurwapens aan hulle uitgereik is. Op dié wyse is hulle by krygsverrigtinge betrek met die doel om vrede deur algehele onderwerping te verwesenlik.[90]

[89] NG Kerkargief, Stellenbosch, RR III/4, staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg over 1903, punt no. 2, p. 2, 18.01.1904.

[90] A. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 209; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 15:17.

*The Heidelberg News* het hom reeds op 10 Oktober 1902 oor die behandeling van die National Scouts uitgelaat. Die koerant het die onderskeie kerkrade gevra om nie hiervan ‘n dissiplinêre aangeleentheid te maak nie, aangesien die kerk niks goeds daardeur sou bereik nie. Dit sou ook geen positiewe doel dien om die mense aan verdere vernedering bloot te stel of onder sensuur te plaas nie.[91]

Uit die notule van die kerkraadsvergadering van die NH of G Kerk op 19 Januarie1903 blyk dit dat van die lidmate hulle nie met dié groep se optrede tydens die oorlog kon versoen nie. ‘n Versoekskrif, onderteken deur 46 lidmate van dié gemeente, is ingedien teen die verkiesing van verskeie kerkraadslede wat tydens die oorlog ontrou teenoor die land was. Die kerkraad het beslis opgetree en besluit dat, aangesien die versoekskrif geen werklike klagtes teen enige lidmate bevat en geen besware teen die wetlik verkose broeders aanhangig gemaak is nie, hulle die saak as afgehandel beskou. Gevolglik “vertrouwd de Kerkeraad dat de Gemeente met de verkiezing tevreden zal zijn.”[92]

Die resident-magistraat op Heidelberg het ds. Louw daarvan beskuldig dat hy geen poging aangewend het om die twee groepe te versoen nie.[93] In teenstelling hiermee het *The Heidelberg News* ‘n week na bogenoemde besluit van die kerkraad waardering betuig vir Louw se preke op Sondag 25 Januarie 1903 waartydens hy geensins na “hendsoppers” of “verraaiers” verwys het nie. In belang van die Christendom en die welvaart van die gemeenskap was die bevordering van goedgesindheid vir die redaksie verkieslik bo “the perpetuation

---

[91] *The Heidelberg News*, “Local and general”, 10.10.1902.

[92] N.G. Kerkargief Stellenbosch, notule kerkraadsvergadering NH of G Kerk Heidelberg, 19.01.1903, p. 362.

[93] Albert Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 382. Grundlingh verwys na EC30/39/03, vertroulike verslag van resident-magistraat, Heidelberg, 24.01.1903.

of bitterness."[94] Louw het wel probeer om met die verkondiging van die Woord versoening te bewerkstellig en op 14 Junie 1903 dienste vir die nedersetters op Major Morley's Settlement Farms, ongeveer 130 kilometer vanaf Heidelberg, gehou. Die dienste, wat heel rustig verloop het, is deur talle Scouts bygewoon.[95] In teenstelling met die "ontevredenheid en tweedracht" wat in 1903 in sommige NH of G Kerke geheers het, kon Louw namens die gemeente in die "Staat van den Godsdienst der Gemeenten Heidelberg over 1903", dankbaar getuig van 'n toenemende gees van versoening en samewerking op Heidelberg ten spyte van 'n groepie wat steeds 'n "onbroederlijke houding" inneem.[96]

Die "ontevredenheid en tweedracht" waarvan Louw in die genoemde verslag melding maak, was 'n uitvloeisel van 'n besluit wat die sinode van die NH of G Kerk in Mei 1903 geneem het. Die sinode het die National Scouts se optrede tydens die oorlog veroordeel en was van mening dat hulle ernstig vermaan moes word. 'n Paar gemeentes het dit gedoen, maar gefouteer deur nie die kerklike tug op 'n eenvormige wyse toe te pas nie. Hiermee kon die National Scouts hulle nie versoen nie en in Desember 1903 het hulle van die NH of G Kerk afgeskei en tot die stigting van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Transvaalkolonie, meer bekend as die Scoutkerk, oorgegaan. Reeds in Julie 1904 is daar beweer dat so 'n gemeente onder andere op Heidelberg gestig is. Dit het gou geblyk dat die Scoutkerk nie lewensvatbaar was nie, aangesien talle Scouts afsydig daarteenoor gestaan het. Hierdie kerk, wat in 1906 uit slegs sewe baie klein

---

[94] *The Heidelberg News*, "Local and general", 30.01.1903.

[95] TAB, A2030, Lotgevalle van die burgerlike bevolking tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, posisie van die National Scouts na die oorlog, lêer 27.

[96] NG Kerkargief Stellenbosch, A-Z, RRIII/4, Staat van den Godsdienst der Gemeente Heidelberg over 1903, 18.01.1904, p. 1.

gemeentetjies, onder andere op Heidelberg, bestaan het, het in dieselfde jaar opgehou om as 'n aparte kerk te bestaan.[97]

Louw en sy kerkraad het in hulle volgehoue pogings tot versoening nie die National Scouts onder kerklike tug geplaas nie en so probeer om deur voorkomend op te tree, enige moontlike tweespalt in die kerklike lewe op Heidelberg vroegtydig in die kiem te smoor. Daarvan getuig die notule van die kerkraadsvergadering van 21 Mei 1904. Die kerkraad het van die verskyning van die Scoutkerk op Heidelberg kennis geneem, en besluit dat "de Voorzitter met den betrokken ouderling der wijk zal uitvinden in hoeverre de leden onzer gemeente zich met die beweging hebben ingelaten, dan naar bevind van zaken te handelen, met rapport aan den Kerkeraad."[98] Of daar so 'n verslag bestaan, is te betwyfel, aangesien hierdie kerk in sy kort bestaan geen werklike invloed op die Heidelbergse kerklike lewe uitgeoefen het nie.

Afgesien van die drie susterkerke was daar ook anderstalige kerkgenootskappe op Heidelberg en in die distrik wat reeds geruime tyd voor die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 na die geestelike versorging van hul lidmate omgesien het.

Pastor H.A. Düring van die Berlynse Sendinggenootskap het reeds in 1875 met sendingwerk onder die swartes in die Heidelbergse distrik begin. Hy het in 1878, na die aankoop van 'n stuk grond aan die Blesbokspruit vir die Berlynse Sendinggenootskap, met die oprigting van 'n kerk daar begin. Die gebou is 'n jaar later in gebruik geneem. Aangesien sommige van die blanke Heidelbergers sendingwerk nie goedgesind was nie, het Düring in 1881 die plaas Rietspruit

---

[97] Albert Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, pp. 385-386, 388-389, 398-399.

[98] NG Kerkargief, Stellenbosch, notule van kerkraadsvergadering van NH of G Kerk Heidelberg, 31.5.1904, pp. 414-415.

gekoop, ongeveer 30 kilometer van Heidelberg af, waar daar spoedig 'n nuwe sendingstasie, genaamd Woyentin, tot stand gekom het.[99] Goeie verhoudinge het deurentyd tussen die Duitse sendelinge en die drie susterkerke op Heidelberg bestaan. Daarvan getuig onder andere die teenwoordigheid van ene pastor Walters by die bevestiging van ds. Snyman as leraar van die Gereformeerde Kerk in 1891.[100] In 1897 is pastor H.K.A. Müller van Botshabelo, distrik Middelburg Transvaal, as hoof van die Berlynse sendingstasie na Heidelberg gestuur.[101]

Toe die oorlog in 1899 uitbreek, het lt.kol. S.P.E. Trichard van die staatsartillerie Müller versoek om as veldprediker onder die Duitssprekendes in die kommando's op te tree. Dit het hy gewilliglik gedoen, gereeld godsdiensoefeninge waargeneem en aan die gewondes en sterwendes bystand verleen. In sy oorlogsherinneringe maak Wilhelm Mangold van Müller se gewaardeerde bydrae met sy ambulanswa melding.[102] In Mei 1900 het 'n krisis in sy skoonfamilie se geledere Müller verplig om na Natal te reis. Met sy terugkeer het die Britte Heidelberg reeds beset en hy is nie toegelaat om sy sendingstasie te besoek nie. In sy afwesigheid het ouderling Rosenbrock in beheer gestaan en met die geestelike bearbeiding van die swartes voortgegaan. Nadat hy op 28 Maart 1901 skielik gearresteer en na Natal gestuur is, het ene Teichmann die bestuur van die sendingstasie behartig. Hyself is kort daarna deur die Britse

---

[99] L. Zöllner en J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, pp. 68-69.

[100] W.G. van der Schijf, *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg, 1891-1965*, p. 23.

[101] L. Zöllner en J.A. Heese, *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag*, p. 287.

[102] *Missionsberichte*, Junie 1900, p. 292; T. van Rensburg, *Wilhelm Mangold – Vir vaderland, vryheid en eer*, p. 178.

owerhede gevange geneem, waarna die opstal en die besittings van die sendelinge gekonfiskeer is.[103]

Die Britse militêre bewind se onaanvaarbare behandeling van die Duitse sendelinge in Transvaal het op 16 Maart 1901 tot die oorhandiging van ‘n memorandum deur die Duitse ambassadeur in Londen aan die Britse Departement van Buitelandse Sake gelei. Volgens die ambassadeur was hierdie behandeling te wyte aan sekere sendelinge wat, sonder dat hulle daartoe gedwing is, huisvesting aan Boere verskaf het. Die ambassadeur het hom verplig gevoel om ook die volgende daaraan toe te voeg: eerstens, die ontkenning van die Britse militêre owerhede dat hulle verantwoordelik was vir die vernieling en plundering van Duitse sendingstasies deur Britse troepe (onder andere Woyentin); tweedens, ‘n vroeëre klagte van die Duitse konsul-generaal in Suid-Afrika by sir Alfred Milner oor die onvriendelike houding van die Britse militêre bewind teenoor die Duitse sendelinge, ten spyte van hulle neutraliteit, en derdens die kwessie van skadevergoeding en beskerming aan die Duitse sendelinge deur die Britse regering.[104]

In ‘n ondersoek na bogenoemde bewerings het twee sake aandag geniet, naamlik die vernieling van die sendingstasies se eiendom en die verwydering van Duitse sendelinge en hulle families uit die onderskeie gemeenskappe. Ten opsigte van die sendingstasie Woyentin blyk daar uit die verslag dat die twee sake met mekaar in verband gestaan het.[105] Op die eerste bewering het lord Kitchener op 16 Januarie 1902 soos volg gereageer: “...the assertions..., are not

---

[103] Siebenundsiebzigster Jahresbericht Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den Heiden zu Berlin, 1900, pp. 16-17.

[104] Jan Ploeger, *Lotgevalle van die burgerlike bevolking tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, IV*, p. 31:15.

[105] TAB, FK 1837, War Office Records, verslag opgestel deur lt.kol. F. Gordon, Army Head Quarters, Pretoria, 16.01.1902, pp. 31, 34.

borne out by fact, and that with the exception of a certain amount of stock commandeered, and grain and forage destroyed to prevent it being seized by the wandering Boer commandos, no material damage has, as far as can be ascertained, done to these Mission Stations."[106]

Volgens distrikskommissaris Vallentin se verslag van 20 Desember 1900 het hy op 14 Desember 'n besoek aan Woyentin gebring om aan Düring opdrag te gee om saam met sy gesin na Heidelberg te vertrek. Kort daarna het die Vierde Kavallerie Brigade onder brig.genl. Gilbert Hamilton 'n besoek aan die sendingstasie gebring en volgens Vallentin is Düring se woonhuis geplunder.[107] Op Hamilton se versoek het lt.kol. F. Gordon op 3 Desember 1901 die presiese ligging van Woyentin, geleë op die plaas Rietspruit (223), ongeveer 24 kilometer suid van die dorp, aan hom verstrek.[108] Hamilton het hom soos volg teen hierdie aanklag verdedig: Vroeg in Desember 1900 was hulle in die omgewing van hierdie groot sendingstasie bedrywig. Sy manskappe is gemaan om dit te respekteer. Op hierdie tydstip het hy 200 beeste van die Boere wat die diere digby die sendingstasie opgepas het, gebuit. Hy het aanskou hoe van sy manskappe die sendingstasie besoek, maar nie lank daar vertoef het nie. Met hulle terugkoms het hy geen vlamme of enige vernieling daar opgemerk of enige verslag oor vernielsugtige optrede ontvang nie. Gevolglik kon hy nie rekenskap van enige vernieling deur sy troepe gee nie. Waaroor hy wel kon verslag lewer, was die beeste wat hulle van die Boere afgeneem het. Sommige van die beeste kon dalk aan die sendingstasie behoort het.[109] Vallentin, die enigste persoon wat

---

[106] *Ibid*., brief General Commanding in Chief South Africa aan The Director General of Military Intelligence War Office, 16.01.1902, p. 29.

[107] *Ibid*., verslag van die District Commissioner Heidelberg aan die Military Governor Pretoria, 20.12.1900, p. 39.

[108] *Ibid*., brief brig.genl. G. Hamilton aan DAAG, Pretoria, 2.12.1901; brief lt.kol. F. Gordon aan brig.genl. G. Hamilton Pretoria, 03.12.1901.

[109] *Ibid*., brief brig.genl. G. Hamilton aan DAAG Pretoria, 04.12.1901.

verdere lig op hierdie gebeure kon werp, het intussen gesneuwel.[110] Hamilton se verslag skep die indruk dat die Britse militêre owerheid hulle van die vernieling van dié sendingstasies probeer verontskuldig het. Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die Duitse bewerings wel geregverdig was.

Vervolgens is ondersoek ingestel na die verwydering van sendelinge Düring en Müller uit die Heidelbergse gemeenskap. Kort na die besetting van Heidelberg het Vallentin en Düring mekaar ontmoet en Vallentin het Düring versoek om die Eed van Neutraliteit af te lê. As 'n Duitse onderdaan het Düring daarteen beswaar gemaak en Vallentin belowe om neutraal te wees. Vallentin het Düring se woord as geestelike leier hiervoor aanvaar. Toe dit bekend word dat Düring se seun saam op kommando vertrek het, het Vallentin dit as 'n skending van Düring se neutraliteitsbelofte beskou. Vallentin het tydens sy besoek aan Woyentin op 14 Desember 1900 aan Düring opdrag gegee om saam met sy gesin na Heidelberg te vertrek en 'n betroubare swarte by sy huis agter te laat om dit op te pas. Tot Vallentin se spyt moes hy die nuus bekend maak dat die Vierde Kavallerie Brigade kort daarna die sendingstasie besoek, Düring se huis geplunder en al die vee opgeëis het. Hiervoor is ontvangsbewyse aan die swart eienaars oorhandig, maar nie aan Düring nie. Vallentin het gevolglik aanbeveel dat Düring geen kompensasie daarvoor ontvang nie. Dat Düring se simpatie vir die Boere se saak Vallentin grensloos geïrriteer het, blyk uit sy aanbeveling op 20 Desember aan genl.maj. J.G. Maxwell, die Militêre Goewerneur in Pretoria, om Düring en sy gesin na Duitsland te stuur, asook die beëdigde verklarings van verskeie persone hieroor. Hierdie verklarings is op 20 Desember 1900 deur P.B. Bower, mevrou M.F. Flanagan, mevrou D. Levinson en haar eggenoot A.H. Levinson voor Vallentin afgelê. [111] Op 6 Februarie 1901 het Maxwell in Pretoria

---

[110] *Ibid*., verslag oor die Berlynse sendingstasie te Woyentin opgestel deur F. Gordon, 16.01 1902, p. 32.

[111] *Ibid*., letter District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 20.12.1900, pp. 39-45.

die Heidelbergse Distrikskommissaris van Düring en sy gesin se beoogde vertrek na Europa op 8 Maart in kennis gestel.[112]

Die sewe-en–sewentigste jaarverslag van die Berlynse sendinggenootskap van 1900 toon punte van ooreenkomste en verskille met bogenoemde verslag van Vallentin. Volgens hierdie sendingverslag is Düring in die nag van 19 Desember 1900 gearresteer en in die tronk gestop waar hy elf dae, Kersfees ingesluit, in haglike omstandighede moes deurbring. Eers nadat hy na Pretoria geneem is, het hy van die aanklagte wat teen hom ingebring is, te wete gekom. Volgens die reeds genoemde beëdigde verklarings, wat 'n dag na sy arrestasie afgelê is, het hy hom aan opruiende toesprake teen die Britte en die voorsiening van voedsel aan die vegtende Boere skuldig gemaak. Nadat die onwaarhede in hierdie beëdigde verklarings bewys is, is hy nie toegelaat om na sy familie in Heidelberg terug te keer nie. Volgens die verslag moes Düring vir die res van die oorlog ten duurste en sonder werk in Pretoria bly. Dit het veroorsaak dat hy nie sy familie kon onderhou nie.[113] Laasgenoemde, wat nie ooreenstem met die beoogde vertrek van Düring en sy gesin na Europa nie, bevraagteken die geloofwaardigheid van Vallentin se verslag.

Vallentin het kort na die besetting van Heidelberg ook met Müller, wat hy as 'n vuurvreter bestempel het, te doen gekry. Op 10 Julie 1900 het Vallentin in sy dagboek aangeteken dat Müller nietemin die Eed van Neutraliteit afgelê en wapens in sy besit, onder andere 'n Dublin Lee Metford en Mauser, ingegee het.[114]

---

[112] TAB, Military Governor Pretoria (MGP), volume 218, 421/873, letter Military Governor Pretoria to District Commissioner Heidelberg (DCH), 06.02.1901.

[113] Siebenundsiebzigster Jahresbericht der Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missonen unter den Heiden zu Berlin, 1900, pp. 14-15.

[114] TAB, PSY 57, Political Secretary, 60/1900, diary of District Commissioner of Heidelberg, 10.07.1900, p. 135.

Müller is deur die Britse militêre owerhede uit Heidelberg weggestuur weens die vyandige houding wat hy teenoor hulle ingeneem het. Gevolglik is die agterdog van die Britse amptenare op die dorp tydens sy eerste besoek in 1901 (die maand word nie in die verslag vermeld nie), wat op ‘n misverstand berus het, heel begryplik. Die swak behandeling wat Müller met sy aankoms ontvang het, is te wyte daaraan dat Vallentin afwesig was en vergeet het om die bevelvoerder van sy aankoms in kennis te stel. Daarby het die oningeligte bevelvoerder nie geweet dat Müller van die opperbevelhebber toestemming verkry het om die dorp te besoek nie. Die agterdog teen Müller het nie na sy verbanning uit Heidelberg afgeneem nie. Tydens sy afwesigheid in Natal is sy huis op Heidelberg deursoek en daar is op verskeie gewere en ‘n groot hoeveelheid ammunisie beslag gelê. Sy huis is nie geplunder nie en sedert sy tweede besoek in Julie 1901 het dit gesluit gebly. Tydens sy tweede besoek aan die dorp het hy by sy swaer, ene Glad, tuisgegaan. Alhoewel sy bewegings daar nie aan bande gelê is nie, was dit die amptenare se uitdruklike begeerte dat hy nie langer as wat werklik nodig was, op die dorp sou vertoef nie. Die enigste eis wat hy hierna ingedien het, het gehandel oor die neem van ‘n paar perde vir gebruik deur die Britse militêre owerhede en ‘n stukkende draadheining wat glo deur Britse troepe verniel is.[115]

Uit die lotgevalle van die twee sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap op Heidelberg is dit duidelik dat talle Duitse sendelinge in Transvaal groot simpatie met die Boere se saak gehad het. ‘n Hele aantal het nie geskroom om hulle pro-Boergesindheid tydens die oorlog openlik te kenne te gee nie. Aan die ander kant het Müller en Düring se verbanning uit Heidelberg die Berlynse sendinggenootskap, net soos die drie susterkerke, sonder heeltydse predikers tydens die oorlog gelaat. In teenstelling met die susterkerke wat die geestelike versorging van die lidmate kon voortsit, is dit egter te betwyfel of dié sendinggenootskap daarmee kon voortgaan.

---

[115] TAB, FK 1837, War Office Records, report Lt Col F. Gordon, Army Head Quarters Pretoria, 16.01.1902, pp. 34-36.

‘n Deel van die Engelse gemeenskap op Heidelberg het aan die St. Ninian’s Anglican Church behoort en hulle het in 1882 ‘n kerkgebou opgerig. Op daardie stadium was dié kerk die sterkste Engelssprekende kerk op die dorp. Later het hierdie kerk ook as die soldatekerk bekend gestaan; ‘n benaming wat uit die Anglo-Boereoorlog kom.[116] Ene Private Tucker skryf op 30 Julie 1900, ‘n dag na hulle aankoms op Heidelberg, in sy dagboek oor die gebeier van die kerkklokke dié Sondagaand. Die atmosfeer wat die kerkklokke geskep het, het vir hom soos “the nearest approach to civilization” gevoel.[117] ‘n Week later, terwyl hy op ‘n buitepos gestasioneer was, kon hy duidelik die gewyde sang in die Anglikaanse Kerk wat in die stilte van die veld oor die oop ruimtes na hom aangesweef het, hoor. Net soos die kerksang op ‘n Sondag Anna Jooste vroeër met heimwee vervul het, het die sang hom huis toe laat verlang – “It was just another reminder of home.”[118] Op 12 Augustus het hy die gewyde atmosfeer van ‘n kerkdiens beleef nadat hy verlof ontvang het om die aanddiens by te woon. Die aangename atmosfeer waarin die diens geskied het, het hom weer eens onwillekeurig aan sy tuiste in Engeland laat dink.[119] Nie net Tucker nie, maar ook menige ander Britse soldaat wat soms vir lang tye in die veld vertoef het, moes hierdie nostalgie beleef het wanneer hulle Sondae saam met lidmate van hul eie taalgroep aanbid het.

Met die Britse besetting van Heidelberg het die spasie in die kerkgebou heeltemal ontoereikend geraak. Om hierdie probleem te bowe te kom, moes ‘n groter kerkgebou verkry word sodat die soldate ook op Sondae kon aanbid. Die

---

[116] Lynn Fordred (samesteller), Tour guide of Heidelberg, “St. Ninian’s Anglican Church”.

[117] Pamela Todd and David Fordham, *Private Tucker’s Boer War Diary*, 30.07.1900, p.124.

[118] *Ibid*., 05.08.1900, p. 125.

[119] *Ibid*., 12.08.1900, pp. 126-127.

kerkgebou van die NH of G Gemeente sou die oplossing wees en gevolglik het Vallentin die kerkraad in dié verband genader. Die kerkraad se antwoord aan Vallentin het daarop neergekom dat hulle weens die afwesigheid van talle kerkraadslede op die slagveld nie by magte was aan sy versoek te voldoen nie. Vervolgens het Vallentin Maxwell in Pretoria genader op 11 Maart 1901 om in te gryp, maar dié het hom die volgende dag in kennis gestel om hierdie saak voorlopig daar te laat.[120]

Alhoewel min oor die werksaamhede van die Anglikaanse Kerk in hierdie tyd bekend is, het sy ampsdraers getrou na die geestelike versorging van hulle lidmate omgesien. Onder andere noem Cassie O'Reilly, eggenote van James O'Reilly, 'n geneesheer op die dorp, in 'n brief die naam van ene Hatton, 'n Engelse predikant onder die troepe van genl. Hart, wat dienste in hulle kerk waargeneem en gereeld siekes in die hospitaal besoek het.[121]

Sondag, 8 Junie 1902, is amptelik bepaal as "a day for thanksgiving to the Almighty God for the gift of Peace, and prayer for the tranquillity of the land ..." Spesiale dienste het in al die sentra plaasgevind. Hieroor berig *The Heidelberg News* dat identiese feeste op Heidelberg en Standerton plaasgevind het. Op Heidelberg het 'n kerkparade, bygewoon deur sowat 2 000 persone, op die markplein plaasgevind, terwyl 'n Anglikaanse prediker, H.W. Pughe-Jones, die diens gelei het. Die prediker was skaars hoorbaar en veral die toeskouers wat aan die kante plaasgeneem het, kon kwalik iets hoor. Selfs die samesang was swak. Afgerolde bladsye waarop die woorde van die gewyde sang verskyn het, is aan die toeskouers uitgedeel. Ten spyte hiervan het feitlik niemand aan die sang meegedoen nie. Die enigste positiewe kommentaar oor die kerkparade het oor

---

[120] TAB, MGP, volume 78, letter DCH to MGP, 11.03.1901; letter MGP to DC Heidelberg, 12.3.1901.

[121] TAB, A 432, E. Joubert 1899-1901, brief Cassie O'Reilly aan Kate, 03.05.1901, p. 31.

die uitstekende spel van The Somerset's Band en die goeie parade van die troepe gehandel.[122] Die swak sang kon die moontlike gevolg wees van verslaentheid oor die smarte van die oorlog of die weiering van die Afrikaanssprekendes om gewyde liedere in Engels te sing.

Tydens die Britse besetting van Heidelberg het die kerklike lewe in die Anglikaanse Kerk op die dorp gedy. Die naam van distrikskommissaris Vallentin wat by Afrikaans- en Engelssprekendes groot agting afgedwing het, val onmiddellik op. Vallentin het as 'n "gallant and God-fearing soldier" 'n groot bydrae tot die kerklike lewe op Heidelberg gemaak. Vallentin wat tydens sy verblyf op Heidelberg tot die rang van majoor bevorder is, het op 4 Januarie 1902 te Onverwacht gesneuwel. Na die oorlog het sy mede-offisiere en die Vallentin's Heidelberg Volunteers hom met die aanbring van 'n bronsplaat en brandgeskilderde glas in dié kerk op Heidelberg gehuldig. Die onthulling van die bronsplaat op Sondag, 26 Julie 1903, in 'n stampvol kerkie is ook deur sy weduwee bygewoon.[123]

'n Ander deel van die Engelse gemeenskap op Heidelberg het aan die Wesleyan Methodist Church wat sedert 1875 dienste op die dorp gehou het, behoort. In 1890 is eerwaarde W.B. Milward as die eerste predikant van die gemeente aangestel, terwyl die bouwerk aan die huidige kerkgebou vier jaar later, in 1894, begin het. Met die voltooiing van die kerkgebou in 1895 het die koste £3 000 beloop, terwyl die bou van die pastorie in 1902 die gemeente £1 300 uit die sak gejaag het.[124]

---

[122] *The Heidelberg News*, "Peace celebrations", 13.06.1902.

[123] *Ibid*., "Dedication of a Brass Tablet / In memory of major J.M. Vallentin", 31.07.1903; Lynn Fordred (samesteller), Tour guide of Heidelberg, "St. Ninian's Anglican Church"; Ian Uys, *The Heidelbergers of the Boer War*, p. 250.

[124] Lynn Fordred (samsteller), Tour guide of Heidelberg, "The Methodist Church".

Eerwaarde E.H. Morgan het voor die begin van die oorlog reeds met sy pastorale pligte op die dorp begin.[125] Die oorlogsverklaring het Morgan nie daarvan weerhou om sy werk op Heidelberg voort te sit nie en gevolglik het hy as predikant van die Wesleyan Mission toestemming van die ZAR ontvang om tydens die oorlog sy pastorale bearbeiding op Heidelberg voort te sit.[126] Tussen al sy take deur het hy as toegewyde leraar in Mei 1902 die sinodesitting van sy kerk in Johannesburg bygewoon.[127] Tydens die oorlog het hy sy pligte nougeset uitgevoer en goeie werk onder die burgerlikes sowel as die Britse troepe verrig. Na die oorlog het hy en sy eggenote na Engeland teruggekeer.[128]

Nog voor die uitbreek van die oorlog is die lidmate se gedagtegang met interessante en aktuele onderwerpe geprikkel. Die Heidelberg Wesleyan Temperance Society het hulle deel bygedra en gereël dat T. Slatter op 8 Augustus 1899 'n lesing aanbied oor die onderwerp, "The effects of alcohol upon nerves and muscles, with illustrative diagrams." Dit was 'n interessante aanbieding wat met musiekitems afgewissel is.[129] Tydens die aanddiens op Sondag, 3 September, het eerwaarde J.G. Davies van die Wesleyaanse Kerk op Nigel oor die onderwerp "International Disputes in the Light of New Testament Teaching" gepreek.[130]

Verdere berigte in *The Heidelberg News* tussen 1 November 1901 en 30 Mei 1902 oor die Wesleyaanse Kerk op die dorp toon dat daar ywerig aan

---

[125] *The Heidelberg News,* "Notes and News", 10.03.1899.

[126] TAB, Staatsekretaris, 8253, R304/99, brief G. Weavind superintendent-generaal Wesleyaanse Kerk der ZAR aan die Staatsekretaris ZAR, 16.10.1899; TAB, HB 1232/99, brief Staatsekretaris aan Landdros Heidelberg, 17.10.1899.

[127] *The Heidelberg News*, "Wesleyan Church News", 02.05.1902.

[128] *Ibid*., "Wesleyan", 30.05.1902.

[129] *Ibid*., "Heidelberg Wesleyan Temperance Society", 11.08.1899.

[130] *Ibid*., "Wesleyan Church, 01.09.1899.

gemeentelike aktiwiteite meegedoen is. Die weeklikse gemeenteprogram het soos volg verloop: Sondae is twee dienste, soggens en saans, gehou. In die middag is Sondagskoolklasse vir kinders en Men's Bible Classes vir volwasse mans aangebied. Dinsdagmiddae het die Women's Meeting gevolg. Woensdagaande is Gospel Service gehou, terwyl die Soldier's Christian Association op Donderdagaande byeengekom het.[131] Daarbenewens het die Heidelberg Wesleyan Temperance Society steeds 'n belangrike bydrae tot die kerklike lewe gemaak deur die aanbieding van musiekaande waar programme van hoë gehalte aangebied is. Ten spyte van 'n hewige haelstorm op 6 November 1901, wat gelukkig nie lank geduur het nie, is daar dié aand 'n musiekprogram aangebied wat groot byval gevind het.[132]

Die Wesleyaanse Kerk op Heidelberg het tydens die oorlog 'n bloeitydperk beleef omdat talle Britse soldate, wat ook aan die Wesleyaanse Kerk in Engeland behoort het, die kerkdienste op Sondagaande gereeld bygewoon het. Dat die kerkdienste uiters gewild was, spreek uit 'n berig op 31 Januarie 1902 in die plaaslike koerant wat die groot toeloop van kerkgangers na die aanddienste noem. Aangesien die kerk vol was, moes talle mense teleurgesteld omdraai en huis toe gaan. In die lig hiervan vra die koerant of die tyd nie aangebreek het om die vergroting van die kerkgebou ernstig te oorweeg nie.[133]

Die Rooms-Katolieke Kerk het nie in hierdie tydperk op Heidelberg bestaan nie. In 'n brief van Cassie O'Reilly op 3 Mei 1901 aan haar suster in Skotland, vertel sy van 'n pasiënt wat in die hospitaal op die dorp gesterf het en dat Heidelberg

---

[131] *Ibid*., "Wesleyan Church Services", 15.11.1901.

[132] *Ibid*., "Heidelberg Wesleyan Temperance Society", 08.11.1901.

[133] *Ibid*., "It is said", 31.01.1902.

oor geen Rooms-Katolieke priester beskik het om die begrafnis waar te neem nie.[134]

Na die oorlog het die kerk, by name die drie susterskerke in Suid-Afrika, nie weggeskram van die verantwoordelikheid om die oorwonne, verslae en verarmde Afrikaner op te hef nie. Daarby het die kerk besef dat sy wêreld- en lewensbeskouing oor sake in ‘n snel veranderende internasionale en Suid-Afrikaanse samelewing met die eise van die tyd moes tred hou. Die predikante, onder andere Louw van Heidelberg, het die kerk se onmiddellike taak, naamlik die geestelike opheffing van die Afrikaner en die onderlinge broederlike versoening na die oorlog, nougeset en danksy ‘n vaste vertroue in die Hoër Hand, mettertyd uitgevoer.

Die kerklike lewe voor die oorlog, wat deur ontevredenheid en onderlinge twis gekenmerk is, is in die smeltkroes van die oorlog gelouter. Twis en tweedrag het vir verdraagsaamheid plek gemaak. Die smarte van die oorlog wat soveel letsels gelaat het, het die drie susterskerke op Heidelberg nie net nader aan mekaar laat beweeg nie, maar hulle ook verplig om hulle gevalle lidmate deur liefdevolle bearbeiding met hulle Skepper te versoen. Op ‘n tydstip van algehele volksontwrigting veroorsaak deur moedeloosheid, verraad, bitterheid en ontduiking van diensplig, was dit die kerk as behoudende en saambindende faktor wat getrou aan die Woord versoening gepredik het.

Volk en kerk was veral na die oorlog vir die Afrikaner sinoniem met mekaar. Die kerk het ook op die gebied van die volkslewe die leiding geneem en met die opheffing van die Afrikaner op maatskaplike gebied begin. Op Heidelberg het predikante soos Louw, dr. D.F. Malan, latere premier van die Unie van Suid-Afrika (1948-1954), en ds. W.J. de Klerk, grootvader van ‘n latere staatspresident

---

[134] TAB, A432, E. Joubert, 1899-1901, brief Cassie O’Reilly aan Kate, 03.05.1901. p. 24.

van die Republiek van Suid-Afrika, die leiding geneem en gepoog om die Afrikaner op opvoedkundige gebied op te hef. Dit was veral Milner se beleid van anglisasie wat die Afrikaanse predikante dwars in die krop gesteek het. Met onvermoeide ywer het Louw, gesteun deur Dönges, as opvoedkundige, en genl. P.R. Viljoen, die voortou geneem. Hulle het hul gevolglik beywer vir die stigting van ‘n CNO-skool, die bekende Volkskool, as teenvoeter vir Milner se volgehoue verengelsing van die onderwys. Op dié wyse het Louw en sy medewerkers nie net die behoud van moedertaalonderwys voorlopig verseker nie, maar ook verwagtinge geskep dat die Afrikaner naas die Engelssprekende met verloop van tyd sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing sou inneem.

# HOOFSTUK 6

## DIE BRITSE OWERHEID EN DIE HEIDELBERGSE SWART BEVOLKING

Die bestaan van konsentrasiekampe vir swart mense tydens die Anglo-Boereoorlog het slegs in die laaste drie dekades aandag begin kry. Namate meer inligting hieroor aan die lig gekom het, het verhale van ongekende lyding, swaarkry en ellende begin ontvou. Ook die swart mense op Heidelberg en in die distrik het hierdie verskriklike lot nie vrygespring nie. Die Britse verskroeide aarde-beleid het tot gevolg gehad dat van die Heidelbergse Boerevroue en hulle kinders, sowel as ‘n groot aantal swart vroue en kinders wat as arbeiders op die plase gewerk het, sedert 1901 vir die duur van die oorlog in afsonderlike konsentrasiekampe byeengebring is.

Ongeveer twee maande nadat die grafte van inwoners van die swart konsentrasiekamp by Greylingstad ontdek is, het mnre. Eric van den Berg en Johann Strauss van die Heidelbergse Historiese Vereniging in Junie 1999 die begraafplaas vir die Heidelbergse swart konsentrasiekamp vlak by die Jacobsstraatafrit van die N3-hoofweg gevind. ‘n Kaart wat uit 1905 dateer, het die presiese ligging van dié begraafplaas aangedui. Nadat die ou kaart se gegewens op ‘n hedendaagse kaart oorgeplaas is, het die soektog na die swart begraafplaas in alle erns begin. Na ‘n intensiewe soektog het dié twee persone ongeveer dertig grafte byna in sig van die blanke konsentrasiekampkerkhof geïdentifiseer. Tussen al die grafte was daar slegs een graf met ‘n grafsteen, waarop die volgende aangebring is: “COSANA – MB.” Al die grafte is egter nie opgespoor nie. Die vermoede bestaan dat van die grafte onder die uitgegraafde grond kan wees wat vir die bou van die N3-hoofweg weggeskraap is. Selfs die

moontlikheid van nog grafte aan die oorkant van die hoofweg is nie uitgesluit nie.[1]

*The Heidelberg News* was deeglik bewus van die swart konsentrasiekamp aan die noordoostelike buitewyke van die dorp, maar het die bestaan daarvan tydens die oorlog geïgnoreer. Oor die blanke konsentrasiekamp het die koerant op 15 November 1901 verslag gelewer, maar oor die swart konsentrasiekamp, wat op dieselfde plaas tot stand gekom het, het daar vir die duur van die oorlog nie ‘n enkele berig verskyn nie. Eers vyf maande na die beëindiging van die oorlog het die koerant in sy redaksionele kommentaar aan die bestaan van so ‘n kamp erkenning gegee.[2] Hieroor sal daar later in besonderhede ingegaan word.

Uit die beskikbare verslae is dit duidelik dat daar in Oktober 1901 reeds vier swart konsentrasiekampe in Heidelbergdistrik bestaan het, naamlik op Heidelberg, Klippoortje, Greylingstad, en The Nigel/Floridakop.[3] Die inligting oor elk van die vier kampe is baie beperk. Trouens, slegs oor die Heidelbergse kamp is daar meer gegewens beskikbaar.

Om die ontstaan van die swart konsentrasiekampe op Heidelberg en in die distrik in die regte konteks te plaas, moet die beleid en optrede van die ZAR teenoor swartes en gekleurdes vanaf September 1899 tot met die besetting van Heidelberg in Junie 1900 kortliks in oënskou geneem word. Reeds voor die uitbreek van die oorlog op 27 September 1899 het die Superintendent van Naturelle in Pretoria die Transvaalse Regering se beleid teenoor die swartes soos volg aan landdros Wepener uiteengesit: “... verder zal het uw plicht zyn de grootste waakzaamheid omtrent de houding van de Naturellen aan den dag te

---

[1] *Beeld*, “Grafte uit Anglo-Boereoorlog by Heidelberg gevind”, 23.06.1999.

[2] *The Heidelberg News*, Hoofberig, 10.10.1902.

[3] TAB, British Bluebooks, Cd 934, Native Refugee Camps, Transvaal, October 1901, p. 75.

leggen en moet het uw streven zyn hen zoo rustig mogelyk te houden opdat er geene gisting onder hen ontstaan waardoor gevaar voor de bevolking zou ontstaan, ik kan op dit punt niet genoeg nadruk leggen ...”[4]

Twee dae later het vk. C.J. Spruyt tydens ‘n vergadering in die Heidelbergse landdroskantoor sy kommer oor die teenwoordigheid van swartes by die Nigelmyn ten tye van die opgekommandeerde burgers se afwesigheid in Heidelberg en die distrik uitgespreek. ‘n Voorstel wat die sluiting van alle myne en die terugstuur van alle swart mynwerkers oor die grense behels, is op 30 September 1899 aan die Transvaalse Regering voorgelê.[5] Dieselfde dag het landdros Wepener staatsekretaris F.W. Reitz ook daarvan in kennis gestel dat die myn op Nigel geen produksie meer gelewer het nie. Die toestand wat as gevolg daarvan op hierdie tydstip betreffende die teenwoordigheid van die swart mynwerkers op Nigel ontstaan het, het die inwoners beskou “als een zaak van groote gevaar” vir hulle lewens.[6] Alhoewel die Uitvoerende Raad van die Transvaalse Regering besluit het om die produksie van die goudmyne te handhaaf en die Landdros op Heidelberg op 7 Oktober deur die Staatsekretaris dienooreenkomstig in kennis gestel is,[7] het die terugtog van die swart mynwerkers na hulle tuistes in Natal reeds in alle erns begin.

---

[4] TAB Heidelbergargief, no. 2, Landdros inkomende stukke 1892-1900, telegram Superintendent van Naturellen Pretoria aan Landdros Heidelberg, 27.09.1899, no. 253.

[5] TAB, Staatsekretaris, 8071, R14143/99, notule van publieke vergadering, voorstel no. 4, p. 39; brief landdros F. Wepener Heidelberg aan Staatsekretaris Pretoria, 30.09.1899, p. 37.

[6] TAB, Staatsekretaris, 8064, R13647/99, telegram no. 189, Landdros Heidelberg aan Staatsekretaris, 30.09.1899, p. 77.

[7] TAB, Staatsekretaris, 8071, R14143/99, brief Staatsekretaris aan Landdros Heidelberg, 07.10.1899, p. 34.

Heidelberg sou tydens die terugkeer van swart mynwerkers na die Natalse grens ‘n belangrike funksie vervul. Binne drie dae het ‘n vloedgolf van duisende swart mynwerkers die dorp getref. Die owerhede het die terugtog op uiters bekwame wyse hanteer sonder dat enige steurnis in die daaglikse lewe op Heidelberg veroorsaak is. Hierdie terugtog van swartes het inderdaad op ‘n geordende wyse geskied. Hiervoor het die Hoof van Mynwese gewapende geleide vir die swart mynwerkers van Nigel af tot op die grens as vereiste gestel.[8] Die eerste groep van 800 swartes het Heidelberg op 6 Oktober 1899 bereik. Sewehonderd van hulle is per trein na Natal vervoer. Ongeveer 100 swartes het oor geen fondse vir so ‘n reis beskik nie. Mynkommissaris P.R. Viljoen het die Staatsekretaris versoek of hierdie swartes nie op staatskoste verder kon reis nie.[9] Die Staatsekretaris het die volgende dag toestemming verleen dat “reisbiljetten op kosten van het Gouverment uitgenomen worden.”[10]

Op Saterdag, 7 Oktober 1899, het J.S. Marwick, die Natalse naturelle-agent in die ZAR, met meer as 5 000 swart mynwerkers onder geleide van drie blankes en ses blanke polisie padlangs uit Johannesburg na Natal begin terugkeer. Die Kommandant-generaal was bewus daarvan dat die swartes miskien kos sou koop wanneer hulle deur die dorpe reis, en hy het die landdroste van Heidelberg en Standerton dus van hulle vertrek in kennis gestel. Die landdroste kon die boodskap van hulle koms aan die winkeliers oordra.[11]

---

[8] TAB, Staatsekretaris, 8064, R13647/99, telegram Hoofd Mynigen aan Mynkommissaris Heidelberg, 06.10.1899, p. 77.

[9] TAB, Staatsekretaris, 8076, R14090-14156, telegram Mynkommissaris Heidelberg aan Staatsekretaris Pretoria, 06.10.1899.

[10] TAB, Staatsekretaris, 8868, brieweboeke en telegramme, September-November 1899, telegram Staatsekretaris Pretoria aan Mynkommissaris Heidelberg, 07.10.1899.

[11] TAB, Kommandant-generaal, 580, brieweboek, brief Kommandant-generaal aan landdroste Heidelberg en Standerton, 07.10.1899.

Meningsverskille oor die wyse van terugkeer het tussen Marwick en Louis de Souza, sekretaris van die Kommandant-generaal, ontstaan. Marwick wou die swartes te voet per pad na Natal terugneem. De Souza kon hom nie hiermee vereenselwig het nie omrede: "You will be leading the natives into certain death, as the Transvaal commandos will be sure to fire on such a large party advancing towards their lines." President Kruger was ook ten gunste daarvan om hulle per spoor na Natal te laat terugkeer, terwyl die Kommandant-generaal Marwick se sienswyse van te voet padlangs gesteun het.[12]

Laat die middag van 7 Oktober het 'n Boerepatrollie die groep swartes ongeveer twaalf kilometer van Heidelberg af ingewag. Die aand het hulle in die omgewing van die reservoir uitgekamp. Toe die koue hulle in die laatnag oorval het, het hulle in die klipheuwels skuiling gesoek. Die volgende dag (Sondag) het Marwick 'n besoek aan landdros Wepener gebring en sy geleibriewe getoon. Die winkels op die dorp het oopgemaak en voedsel aan die swartes verkoop. Intussen het Marwick uitgevind dat daar plek op die trein na Natal was. Daarop het hy 70 mans en 50 vroue en kinders wat siek en voetseer was, op die stasie agtergelaat om per spoor na Natal vervoer te word. Die res het die reis verder te voet aangepak.[13] Hierdie gebeurtenis het inderdaad geen uitwerking op die daaglikse lewe op die dorp gehad nie en alles het normaal voortgegaan.

Met die vertrek van die opgekommandeerde burgers na die gevegsfront in Oktober 1899 het 'n groot probleem ten opsigte van arbeid op die Heidelbergse plase ontstaan. Reeds voor die uitbreek van die oorlog het die Superintendent van Naturelle in Pretoria aan landdros Wepener opdrag in verband hiermee gegee. Hy moes swart arbeiders aan burgers wat binnekort na die gevegsfront

[12] Elsabé Brink, *The long march home*, p. 61.

[13] *Ibid.,* pp. 68-71.

sou vertrek, voorsien. Hy moes noukeurig aanteken watter burgers gehelp is, asook die name van die arbeiders en hulle kaptein.[14]

Talle Boerevroue moes van toe af noodgedwonge die boerdery sonder genoegsame arbeid behartig. Wepener het probeer om hierdie vroue van swart arbeiders uit ander distrikte te voorsien. Hy het op 28 Oktober 1899 aan vk. A. Machattie van Vlakfontein opdrag gegee om ongeveer 90 swartes op Heidelberg in ontvangs te neem. Op dieselfde dag het hy aan die "Commandant" van Natalspruit getelegrafeer dat daar waarskynlik ongeveer 'n honderd swart arbeiders vanaf Middelburg op pad is, wat hy op Natalspruit in ontvangs moes neem.[15] Deur die toedoen van die Superintendent van Naturelle in Pretoria is daar swartes uit ander distrikte gewerf om die arbeidsprobleem die hoof te bied. So het hy onder meer vir Heidelberg van 67 en 183 swart arbeiders uit die distrikte van onderskeidelik Lydenburg en Middelburg voorsien. Die Superintendent het probeer om sover moontlik in die behoefte aan arbeid te voorsien. Hyself was daarvan oortuig dat "de bevolking op dit oogenblik beter met werkvolk voorsien is, dan voor langer tijd het geval is geweest."[16]

Tot met die Britse besetting van Heidelberg in Junie 1900 het daar 'n rustigheid onder die swartes in Heidelberg en die distrik geheers. Ten spyte van 'n tekort aan arbeid het die Boerevroue aanhou boer om kos vir die burgers in die veld te produseer. Van 'n sametrekking en rondloop van swartes op die dorp en in die

---

[14] TAB, Heidelbergargief, Landdros inkomende stukke 1892-1900, telegram Superintendent van Naturellen aan Landdros Heidelberg, 27.09.1899.

[15] TAB, Heidelbergargief, Landdros telegramkopieboek, Februarie 1899-Januarie 1900, telegram Landdros Heidelberg aan vk. McHattie, 28.10.1899, no. 258; telegram Landdros Heidelberg aan Comdt. Natalspruit, 28.10.1899, no. 259.

[16] TAB, Staatsekretaris, 8271, R1141, brief Superintendent van Naturellen Pretoria aan Staatsekretaris B Pretoria, 06.11.1899.

distrik was daar geen sprake nie. Geen hofsake oor veediefstal en rondlopery is in hierdie tyd gehou nie. Na die besetting het die rustige prentjie egter verander.

Op 14 Augustus 1900, twee maande na die besetting, het die Britse distrikskommissaris op Heidelberg, J.M. Vallentin, by die Politieke Sekretaris oor die swartes se houding gekla. Volgens hom het die swartes onder die indruk verkeer dat "the advent of the British rule means a period of lawlessness for them. There have been 30 convictions for sheep and cattle stealing already, since I have been here, and that can only represent a small percentage of the crimes committed. The Pass Law too, has been allowed to lapse and it is important that it be brought into force again."[17] Hierdie toestand sou verder verswak indien die militêre owerhede nie daadwerklik sou optree met betrekking tot die sametrekking van swartes op die dorp tydens die uitvoering van die verskroeide aarde-beleid nie.

Die uitreiking van passe aan swartes in die Heidelbergdistrik het deurgaans Vallentin se aandag geniet. Hieroor het hy by drie geleenthede in Augustus 1900 in sy dagboek geskryf. Op 16 Augustus 1900 vermeld hy dat die swartes se gedrag te veel wense oorgelaat het. Terselfdertyd berig hy oor die tuiskoms van ene Fleuris vanaf Johannesburg. Genoemde persoon, wie se identiteit nie vasgestel kon word nie, het die passtelsel wat in Johannesburg in swang was, uiteengesit. Fleuris het hierdie stelsel op die westelike deel van die Heidelbergdistrik van toepassing gemaak. Hiervolgens wou dit voorkom of alle swartes verplig was om 'n distrikspas van 5/- (vyf sjielings) uit te neem. Alhoewel daar nie vir so 'n tipe pas in die ZAR se paswet voorsiening gemaak is nie, was Vallentin daarvan oortuig dat "this was a sound course to pursue: the worst of it is that, as it has been enforced in one part of the district, great complications will arise if it is not enforced throughout." Twee dae later het Vallentin op die

[17] TAB, Political Secretary, PSY 57, letter District Commissioner Heidelberg to Political Secretary Pretoria, 14.08.1900, p. 166.

verwarring gewys wat hieroor geheers het toe baie gevalle van swartes sonder passe vanaf Nigel na Heidelberg gebring is. In hierdie stadium was Vallentin begerig om die paswet in Heidelberg in werking te stel, maar sake met betrekking tot die swartes en passe was deurmekaar.[18]

Vallentin het ook met die uitreiking van passe aan swart mynwerkers probleme ondervind. Inligting wat hy bekom het, het daarop gedui dat net een goudmyn in die Springsgroep passe vir sy swart werkers op Heidelberg uitgeneem het, terwyl die ander myne passe op Boksburg verkry het. Vallentin was onseker oor wat hom te doen staan en het op 30 Augustus 1900 die Johannesburgse Mynkommissaris oor die kwessie van passe genader, wat op dieselfde dag ‘n memorandum oor die optrede aldaar aan hom gestuur het. ‘n Duidelike verskil het tussen werkers vir regeringsdepartemente en huishoudelike of privaatondernemings bestaan. Vir dié doel sou ‘n regeringskampong as depot vir die verskaffing van arbeid aan die Imperiale Militêre Spoorweë dien, terwyl ‘n lokasie op sy beurt as depot werk vir swartes as bediendes in huishoudings of as werkers in private ondernemings sou vind. Sodra die twee depots werk vir die swartes gevind het, sou gratis distrikspasse as ‘n tydelike maatreël uitgereik word. Wanneer die regering of private instansies distrikspasse vir die swartes uitneem, moes ‘n sertifikaat getoon word wat deur die amptenare van die regeringskampong of lokasie uitgereik is. ‘n Regeringsdepartement moes onmiddellik passe uitneem vir alle swartes wat aan die kampong toevertrou is en bestem was om in regeringsdiens te tree. Swartes wat aan die lokasie oorgedra is, sou tydelike passe ontvang totdat hulle permanente werk vind.[19] Dit kon nie

---

[18] TAB, PSY 57, diary J.M. Vallentin, 16.08.1900, 18.08.1900, 23.08.1900, pp. 151-152, 154.

[19] TAB, SNA volume 3, telegram District Commissioner Heidelberg to Mining Commissioner Johannesburg, 30.08.1900, p. 62; Memorandum re Native Affairs, pp. 63-64.

vasgestel word of Vallentin die bepalings van hierdie memorandum op Heidelberg van toepassing gemaak het nie.

Kort na die besetting van Heidelberg het die aanbreek van die volgende fase, naamlik die guerrilla-oorlog, die Britse militêre owerheid met twee onmiddellike probleme ten opsigte van swart vlugtelinge opgesaal: Eerstens, die verligting van die haglike omstandighede van die swartes wie se bestaan deur militêre optrede vernietig is, en tweedens, die beskerming van swart gemeenskappe wat vergelding van die Boeremagte gevrees het omdat hulle aan die Britse magte hulp verleen het. Groot getalle swartes het teen die einde van Julie 1900 na die Britse militêr beheerde dorpe en linies gestroom op soek na beskerming teen militêre optrede en strooptogte op hulle nedersettings.[20]

Teen die einde van 1900 was dit duidelik dat ‘n definitiewe beleid ten opsigte van die swart vlugtelinge in die dorpe neergelê moes word. Tot in hierdie stadium het daar geen reëlings bestaan om die swart vlugtelinge vir ‘n tydperk te huisves nie.[21] Vallentin het die geweldige toestroming van swart vlugtelinge na Heidelberg met groot kommer waargeneem. Om ‘n mate van orde te skep, het hy genl.maj. J.G. Maxwell, die Militêre Goewerneur in Pretoria, daarop gewys dat daar in feitlik al die distrikte ‘n bedrag van ‘n 1/- (een sjieling) vir maandelikse passe aan swartes, ook dié in militêre diens, betaalbaar was. Gevolglik het Vallentin hom versoek om hierdie reëling vanaf 1 Januarie 1901 ook in dié distrik van toepassing te maak.[22] Maxwell het op 27 Desember 1900 soos volg reageer: “Yes, one shilling should be charged for all native passes except those in military

---

[20] Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 146.

[21] *Ibid*., p. 147.

[22] TAB, MGP, Minute Register 61(b), 5681---, no. 8094, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor in Pretoria, 27.11.1900.

employ."[23] Vallentin het nie duidelikheid oor hierdie antwoord gehad nie, aangesien daar nie genoem is of swart bediendes daarvan vrygestel is nie. Om sekerheid hieroor te verkry, het hy Maxwell op 7 Junie 1901 versoek om te beslis of swart bediendes wat deur offisiere in diens geneem is, ook hierdie maandelikse sjielingpasse moes uitneem. Daarby wou hy weet of dié vrystelling ook op swartes wat deur die South African Constabulary in diens geneem is, betrekking gehad het. Na 'n uitgebreide briefwisseling oor hierdie aangeleentheid het die Sekretaris vir Naturellesake op 25 Junie soos volg geantwoord: "Military Governor does not propose to take any further steps on this matter."[24] Hierna sou die Departement vir Naturelle Vlugtelinge hierdie aangeleentheid behartig.

Vallentin, wat bewus was van die talle werklose swartes op die dorp en die voedsel wat aan sommiges verskaf moes word, het op 21 Desember 1900 'n voorstel ter oplossing van hierdie probleem aan Maxwell getelegrafeer. Hy het aangebied om 500 swartes van die dorp af aan die Militêre Goewerneur in Johannesburg te stuur om in die myne te werk en "in compounds out of mischief" gehou te word. Volgens Vallentin was hierdie swartes op die dorp 'n moontlike bron van gevaar, want dit was waarskynlik hulle wat die Boere van inligting voorsien het. Maxwell het dieselfde dag op Vallentin se voorstel reageer. Vallentin moes swartes na Johannesburg stuur "to work in the mines and be kept in compounds out of mischief."[25] Warwick is van mening dat dié bewoording "carried with it the danger they might become influenced by the diillusionment

---

[23] TAB, MGP 241, telegram books, 15.07.1900–31.01.01, telegram Military Governor in Pretoria to District Commissioner Heidelberg, 27.12.1900.

[24] TAB, MGP 167, Minute Register, 19.04.1901-29.06.1901, no. 6541, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 07.06.1901; reply Secretary Native Affairs 25.06.1901.

[25] TAB, MGP 54, 7891/00, incoming correspondence, December 1900–January 1901, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 21.12.1900; reply of MGP, 21.12.1900.

with the new military regime that was already prevalent among blacks on the Witwatersrand."[26] Vallentin se voorstel was nie 'n oplossing vir hierdie probleem nie, aangesien slegs 'n geringe persentasie van die swart plaaswerkers op die Britsbeheerde dorpe daarby betrek sou wees.

Die vestiging van die swart vlugtelinge het in hierdie stadium die dringende aandag van die Britse militêre owerhede vereis. Dit het geblyk dat as die verskroeide aarde-beleid en die verwydering van vroue en kinders van die plase, en hulle plasing in konsentrasiekampe, die guerrilla-oorlog moes beëindig, die swartes ook van die plase af verwyder sou moes word.[27] Lord H. Kitchener, bevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika, het in Pretoria op 21 Desember 1900 met betrekking tot die verwydering van swartes vanaf die plase te kenne gegee dat dit in geen opsig die Britse militêre owerhede se bedoeling was "to clear Kaffir locations, but only such Kaffirs and their stock as are on Boer farms. Every endeavour should be made to cause as little loss as possible to the natives removed, and to give them protection when brought in. They will be available for any works undertaken, for which they will receive pay at native rates."[28]

Onwillekeurig ontstaan die vraag waarom die Britse militêre owerhede tot die stigting van konsentrasiekampe vir swartes oorgegaan het. Historici verskil oor die redes vir die oprigting van swart konsentrasiekampe. Napier Devitt is daarvan oortuig dat die oprigting van die swart kampe in hoofsaak daarop neergekom het "to save them (natives) from falling between the warring whites on the veldt." 'n Groot aantal swartes het hulle vrywillig in die swart konsentrasiekampe gevestig, terwyl ander onder dwang daarheen geneem is.[29]

---

[26] Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 147.
[27] *Ibid*.
[28] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, V*, p. 87.
[29] Napier Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902*, p. 21.

Charlotte Searle verskil van Devitt se opvatting en stel dit pertinent dat die grondliggende rede vir hierdie massaverskuiwing van swartes van die plase af na die Britsbeheerde dorpe die verskroeide aarde-beleid was. Die Boereplase waar hulle gewoon en gewerk het, het onder die vernietigende aanslae van die Britse troepe deurgeloop. Die haglike toestande wat na die verwoesting op die plase geheers het, het die swartes verhinder om ‘n bestaan te maak. Gevolglik het hulle oor geen ander keuse beskik as om in die swart konsentrasiekampe ‘n heenkome te vind nie.[30]

Stowell Kessler is, soos Peter Warwick, ook van mening dat die redes vir die oprigting van swart konsentrasiekampe nie van dié vir die blanke konsentrasiekampe verskil het nie. In wese het hierdie Britse militêre strategie die beëindiging van die guerrilla-oorlog behels. Alles in ag genome, stel Kessler dit dat “die voorkoming van logistieke en intelligensiesteun vir die Boerekommando’s” as die belangrikste rede vir die verwydering van swart werkers vanaf die Boereplase na die konsentrasiekampe beskou moes word.[31]

Alhoewel Heidelberg nie in die volgende paragrawe genoem word nie, kan die beskrywing van die swart vlugtelinge vanaf die verwoeste plase, hulle aankoms by die terminuspunte langs die spoorlyne, hulle saamtrekkery op die dorpe en hulle gesoek na werk ook op dié dorp van toepassing gemaak word.

‘n Groot aantal swart vlugtelinge het die plase vrywillig verlaat omdat hulle krale, hutte en voedselvoorrade onder die vernietigende aanslae van die Britse troepe

---

[30] Charlotte Searle, “A socio-historical survey of the development of nursing in South Africa between 1652 and 1960”*.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1964, p. 211.

[31] Stowell Kessler, “Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 135, 137.

deurgeloop het. Die Britte het hierdie vlugtelinge, bestaande uit bediendes en plaaswerkers, en hulle besittings na die dorpe weggeneem. Die militêre vervoer met beperkte laaivermoë wat tot die swartes se beskikking gestel is, het hulle genoodsaak om 'n groot deel van hulle graan te vernietig en met 'n veel kleiner voorraad te vertrek. Vlugtelinge is by spoorwegstasies wat as basisse vir die Britse kolonnes se militêre bedrywighede gedien het, afgelaai. Hier in die vlugtelingekampe wat die swart vlugtelinge langs die treinspoor opgerig het, was hulle sonder enige steun van die Britse militêre owerhede op hulleself aangewese.[32] Of menslikheidsoorwegings aanvanklik, voor die stigting van die Departement van Naturellevlugtelinge in Junie 1901, enigsins 'n rol gespeel het in die Britse militêre owerhede se behandeling van swart vlugtelinge, is te betwyfel.

Die Britsbeheerde dorpe het daarna 'n groot toestroming van swart plaaswerkers beleef wat by die Britte werk gesoek het om hulle omstandighede te verbeter. Verblyf op die dorpe het geen probleme veroorsaak nie, aangesien hulle blyplek in die lokasies gevind het. Groot getalle het in die nabyheid van die Britse garnisoene hulle arbeid in ruil vir kos aangebied. Hulle het selfs in die omgewing van die blanke konsentrasiekampe op soek na werk rondgedrentel. Hierdie groot ongeorganiseerde massa swart vlugtelinge wat die dorpe getref het, het die oprigting van swart konsentrasiekampe veroorsaak.[33]

Die Heidelbergse swart konsentrasiekamp, een van die oudstes in die Transvaal, wat op dieselfde terrein as die blanke konsentrasiekamp geleë was, het reeds aan die begin van 1901 ontstaan. Hiervan getuig 'n skrywe op 13 Maart 1901 van

[32] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901, to December 1902, p. 1.

[33] Stowell Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 138-139.

dr. George Turner aan Maxwell in Pretoria, waarin hy van die aanwesigheid van 600 swartes in die kamp melding gemaak het.[34]

Ofskoon die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg volgens Vallentin nie toegelaat is om met die swart vlugtelinge te onderhandel nie,[35] het die swartes tog sekere werkies daar verrig. Dit het onder andere die skoonmaak van latrines behels. Hieroor het die Dameskommissie tydens hulle besoek aan die kamp op Heidelberg in November 1901 soos volg gerapporteer: “The actual work is well done by small black boys.” Hierdie kommissie het ook inligting in sy verslag oor die aanwesigheid van swartes in die blanke konsentrasiekamp verstrek wat nie in ander bronne te vinde is nie. Hulle het byvoorbeeld gemeld dat die sterftesyfer van 270 blankes in die kamp tot November 1901 ook vier swartes ingesluit het. Nog ‘n feit wat hulle aan die lig gebring het, was dat swart bediendes wel in die blanke kamp toegelaat is, maar dat hulle geen rantsoene ontvang het nie. Ten tye van die kommissie se besoek het die totale swart bevolking in die blanke kamp 49 getel: dertien mans, sestien vroue en twintig kinders.[36] In ‘n stadium was daar ook “one native sanitary boy” op die personeel van die kamphospitaal.[37]

Selfs op Nigel in die Heidelbergdistrik het ‘n konsentrasiekamp vir vlugtelingswartes reeds in Maart 1901 bestaan, waar hulle ook vee aangehou

[34] TAB, MGP 78, 2713/01, telegram dr. George Turner MOH Transvaal to Military Governor Pretoria, 13.03.1901.

[35] TAB MGP volume 54, incoming correspondence, December 1900–January 1901, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 2296, 17.02.1901.

[36] TAB, British Bluebooks, Cd 893, report by Ladies Commission on Concentration Camp Heidelberg, 21-22.11.1901, pp. 184, 187.

[37] TAB, DBC 14, report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, September 1901, p. 1.

het. Aangesien die vee toesig vereis het, het Vallentin op 21 Maart by die owerhede in Pretoria toestemming gevra vir 'n bedrag van 2s1d (twee sjielings en een pennie) per dag vir die indiensneming van 'n blanke man om oor die vee toesig te hou.[38] Toestemming is verleen en op 25 Maart het die plaaslike bevelhebber van die Britse troepe aan die adjudant van Third King's Royal Rifles opdrag gegee om 'n blanke in 'n toesighoudende hoedanigheid oor die swart kampinwoners se vee aan te stel.[39]

Vallentin het vroeg reeds die gebrek aan toesig oor die swart kampinwoners bemerk. Om hierdie probleem aan te spreek, het hy Maxwell op 17 Februarie 1901 daarop gewys dat die Heidelbergse swart kampbevolking hoofsaaklik uit vroue en kinders bestaan het, aangesien die meeste mans in Johannesburg gewerk het. Omdat hierdie swart agtergeblewenes baie versorging nodig gehad het, het hy die aanstelling van 'n superintendent teen 15/- (vyftien sjielings) per dag versoek. 'n Week later het Vallentin sy versoek herhaal en die Distriksgeneesheer se sienswyse oor die swartes aangehaal, naamlik dat "they want a lot of looking after to keep healthy". Die owerhede het aan hierdie pleidooie gehoor gegee. Op 4 Maart het hulle Vallentin in kennis gestel dat Richard Lavers teen 15/- per dag as "sanitary inspector for native locations" op Heidelberg aangestel is.[40] Vier maande later sou Lavers se pos egter in gedrang wees.

---

[38] TAB, MGP, minute register, no. 45-3999, Distrikskommissaris Heidelberg aan MGP, no. 3052, 23.03.1901.

[39] Jan Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, V, 1899-1902*, p. 43:5.

[40] TAB, MGP 73, 2296/01, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 17.02.1901; Controller of Treasury to District Commissioner Heidelberg, 04.03.1901; MGP 76, 2434/01A, letter District Commissioner Heidelberg to Military Governor of Pretoria, 25.02.1901.

Aanvanklik het die swartes wat in die blanke konsentrasiekampe gewerk het, hulle arbeid vir kos verruil, maar mettertyd het die stand van sake verander. Omstandighede het daartoe bygedra dat ‘n mate van onderlinge afhanklikheid ontstaan het wat die superintendente van blanke konsentrasiekampe verplig het om ‘n mate van verantwoordelikheid vir die swart konsentrasiekampe, wat in baie gevalle rondom blanke kampe op dieselfde terrein ontstaan het, te aanvaar. Namate die Britse kolonnes toenemend blanke en swart vlugtelinge na die dorpe gebring het, moes ‘n struktuur daargestel word om verhoudinge tussen die twee groepe op ‘n gesonde grondslag te plaas. Onderlinge afhanklikheid sou die antwoord in hierdie verband wees. Die kamppersoneel sowel as die inwoners van die blanke konsentrasiekampe het die beskikbare arbeid in die swart kampe benut om die allernoodsaaklikste werk te verrig. Swart werkers het hiervoor ‘n inkomste en kos vir hulle arbeid verdien. Hierdie toestand het daartoe gelei dat die blanke kampe, soos Stowell Kessler verduidelik, “toenemend verantwoordelikheid vir hul algemene welsyn aanvaar” het.[41]

Op Heidelberg en ander plekke waar swart vlugtelinge werk in die blanke konsentrasiekampe verrig het, het die Britse leër terselfdertyd van die swart vlugtelinge as spioene in diens geneem. Dit was in ooreenstemming met Kitchener se “General Instructions to Columns” van 17 Mei 1901 waar hy dit soos volg bewoord het: “For purposes of obtaining information, natives can be frequently employed with more success than patrols. Natives work best at night, and when sent out should invariably have some definite task assigned to them. It will probably be best to fix their remuneration according to success.”[42]

---

[41] Stowell V. Kessler, “Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge”, in Fransjohan Pretorius (red.) *Verskroeide aarde*, pp. 139-140.

[42] TAB, MGP 261, AG/ Circular Memorandum/ no. 37, General Instructions to Columns, no. 6, 17.05.1901, p. 91.

Die Boeremagte het vanselfsprekend nie hierdie soort indiensneming goedgekeur nie. Daarvan het die Heidelbergkommando se streng optrede teen swart spioene tydens die oorlog deeglik getuig. Henning Viljoen, seun van veggenl. Piet Viljoen en jonger broer van Ouboet (Marthinus) Viljoen, het op 3 Julie 1901 in sy dagboek die doodskiet van swart spioene wat aan die kommando bekend was, beskryf. ‘n “Speciale Hof” het op 1 Julie drie swart spioene, genaamd Hendrik, Abram en Marthinus, ter dood veroordeel. Toe die skote op die middag van 3 Julie tydens die teregstelling geklap het, het Abram en Hendrik onmiddellik ineengesak en gesterf, maar ‘n dodelik gewonde Marthinus het die omstanders verbaas. Een koeël het hom in die nek getref en twee ander in die bors. Terwyl die dokter by hom buk om die wonde te ondersoek, het Marthinus gepleit: “Néé baas! Schiet mij toch verder dood, want ik gaat al te zwaar dood.” ‘n Skoot wat hom daarna in die hart getref het, het steeds nie die gewenste uitwerking gehad nie. Nog drie skote in sy hart het gevolg voordat hy gesterf het. Henning, wat hierdie teregstellings baie moeilik verwerk het, het gehelp om hulle graf toe te dra, want meer kon “ik niet doen ... aan de vroegere speelmakkers myner jeugd.”[43]

Kommando’s bestaande uit swartes was tot die burgers se groot ergernis ook in die Heidelbergdistrik bedrywig. Teen die einde van November 1900 het Hendrik Kamffer en ‘n groep lede van die Heidelbergkommando met so ‘n kommando slaags geraak. Die burgers se dodelike geweervuur het groot konsternasie in hulle geledere veroorsaak. Ongeveer twintig swartes het die hasepad gekies, maar dié is met akkurate geweervuur almal afgemaai. Daarop het die burgers die

[43] TAB, W 81, Viljoenaanwins, dagboek H.P.N. Viljoen, dagboek no. 5, 01.07.1901, 03.07.1901.

res van daardie kommando uitgewis en groot hoeveelhede ammunisie, gewere en perde buitgemaak.[44]

Die Boerekommando's het die skiet van gevange swart soldate as geregverdig beskou, aangesien die swartes na hulle oordeel veronderstel was om hulle rustig te gedra. As die swartes hulle deur die Britte as soldate wou laat gebruik, moes hulle nie vir die gevolge daarvan terugdeins nie. Die burgers se sienswyse was dat indien swartes bewapen word, hulle weldra ook in 'n oorlog met gekleurdes betrokke sou wees en só 'n situasie was ontoelaatbaar. As teenargument vir die teregstelling van swartes het hulle die dra van verbode kakie-uniforms weens 'n gebrek aan ander kledingstukke aangevoer, wat tot die doodskiet van hulle makkers deur die Britse militêre owerhede gelei het.[45]

Volgens koloniale beleid moes daar min geld aan swart sowel as blanke konsentrasiekampe bestee word, aangesien die superintendente in die besteding van geld aan die bewaring van menselewens voorkeur moes gee. Dit is duidelik dat "ekonomiese oorwegings ... die ontwikkeling van 'n formeel gestruktureerde verhouding" bepaal het. In Junie 1901 is hierdie verhouding beëindig, aangesien 'n nuwe stelsel vir konsentrasiekampe, wat ook die swart konsentrasiekampe behels het, ontstaan het. Swart konsentrasiekampe wat eers naby blanke konsentrasiekampe geleë was, is nou na verlate plase verskuif. Voortaan sou hulle onder die beheer van die nuut gestigte Departement van Naturellevlugtelinge (DNV), met kapt. G.F. de Lotbinière as hoof, ressorteer.[46] Die Heidelbergse swart konsentrasiekamp sou voortaan ook onder die DNV val.

---

[44] TAB, Ian Uysversameling, A2029, Oorlogsherinneringe van vk. Hendrik Kamffer, p. 6. Kamffer praat van kleurlinge, 'n benaming wat indertyd in die ZAR op swartes gedui het.

[45] Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, p. 85.

[46] Stowell V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 140-142.

Gevolglik is die swart vlugtelinge onder Krygswet "located some distance from the ordinary Location, on Proclaimed land."[47] In Heidelberg se geval is sowel die blanke as die swart konsentrasiekampe op die plaas Klippoortje opgerig, taamlik ver van mekaar af. 'n Kaart in besit van die Heidelbergse Historiese Vereniging dui die ligging van die swart konsentrasiekamp langs die huidige Heidelberg/Nigel-hoofweg (R42) aan waar dit die N3-hoofweg ongeveer twee kilometer van die dorp af kruis.[48]

Na die totstandkoming van die DNV het die militêre ontvolkingsbeleid in intensiteit toegeneem. Die Britse kolonnes het opdrag gekry om geen voedsel van enige aard in die swart vlugtelinge se besit toe te laat nie. Ook moes alle swartes se hutte met die grond gelyk gemaak word, omdat die Boeremagte hulle as barakke gebruik het. Daarna moes die bewoners na swart vlugtelingekampe geneem word. Uit die telegram van die bevelvoerder op Heidelberg aan Maxwell kan die afleiding gemaak dat genl. J. Spens nie van die opdragte oor die behandeling van die swartes in die Heidelbergdistrik geweet het nie. Maxwell het die bevelvoerder gelyk gegee en die telegram aan Spens getoon.[49] In hierdie tyd is duisende swartes op 'n gewelddadige wyse na die DNV-vlugtelingekampe geneem.[50]

---

[47] TAB, SNA 58, 2060/02, letter office of the Resident Magistrate Heidelberg to the Commissioner for Native Affairs Johannesburg, 23.10.1902.

[48] Gauteng Provinsiale Administrasie, Museumdienste, J.W. van der Westhuizen, "Anglo-Boer/South African War – 1899-1902", punt 3.6.

[49] TAB, MGP 109, 9370/01, telegram Commanding Officer Heidelberg to Military Governor in Pretoria, 26.07.1901; response Military Governor, 3274/01, 27.07.1901.

[50] Stowell V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 145.

Gedurende die eerste helfte van 1901 het die administrasie van die swart vlugtelingekampe, met inbegrip van Heidelberg, onder die beheer van die hoofsuperintendent van die blanke konsentrasiekampe geval. Met die aankoms op 22 Junie 1901 van ene Klinkert op die dorp om in opdrag van ene kapt. Cowie namens die Army Labour Depot in Johannesburg beheer van die swart konsentrasiekamp op Heidelberg oor te neem, het Vallentin geweier om dit oor te dra, aangesien Maxwell hom nie opdrag gegee het om dit te doen nie. Lavers, wat voor Junie 1901 deur Maxwell as sanitêre inspekteur aangestel is en as superintendent opgetree het, het hom goed van sy taak gekwyt. Benewens die goeie beheer wat hy oor die swart vlugtelinge uitgeoefen het, het hy ook swart arbeiders aan werkgewers voorsien. Onomwonde het Vallentin dit aan Maxwell gestel dat hy hierdie swart konsentrasiekamp onder sy beheer en nie onder dié van die Army Labour Depot nie wou gehad het. Die status quo moes gehandhaaf word sodat hy in beheer van die Heidelbergse burgerlike bevolking, blank sowel as swart, sou bly. Terselfdertyd het hy duidelik te kenne gegee dat Klinkert hom in vergelyking met Lavers hoegenaamd nie beïndruk het nie.[51]

Die volgende dag het De Lotbinière die gebeure aan Maxwell in Pretoria gerapporteer en gevra dat daar aan Vallentin opdrag in verband met die oordrag van swart konsentrasiekampe aan die DNV gegee moes word.[52] Onenigheid tussen die DNV en die Army Labour Depot in Johannesburg oor die beheer van die Heidelbergse swart konsentrasiekamp het Maxwell verplig om tussenbeide te tree. Dieselfde dag het hy aan A.A. Allison, superintendent van die blanke konsentrasiekamp op die dorp, die volgende opdrag gegee: “All native refugee camps are handed over to Capt. Lotbinière and his representatives.”[53]

---

[51] TAB, MGP 101, 7366/01, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 22.06.1901

[52] *Ibid*., telegram Capt. G.J. de Lotbinière to MGP Johannesburg, 24.06.1901.

[53] *Ibid*., telegram MGP to Superintendent Burgher Camp Heidelberg, 24.06.1901.

De Lotbinière was, ten spyte van onenigheid oor hierdie aangeleentheid, steeds bereid om tegemoetkomend te wees ten opsigte van die beheer oor die swart konsentrasiekamp op Heidelberg. Hy was egter daarvan oortuig dat beheer oor die swart kampe slegs onder een departement moes val. Lavers kon sy werk as superintendent van die kamp voortsit, maar met die verstandhouding dat sy loon 15/- per dag sonder rantsoene of 13/- per dag met rantsoene sou beloop. Wat die swart vlugtelinge se indiensneming, rantsoenering en "intern economy" van die kamp betref, sou hy opdragte direk van kapt. Cowie ontvang. Alle ander sake, soos die keuse van 'n kampterrein, strafmaatreëls en sanitêre reëlings, moes hy na die Distrikskommissaris verwys.

Daar kan twee redes aangevoer word vir die totstandkoming van die DNV in Junie 1901 onder De Lotbinière om die probleem met die swart vlugtelinge aan te spreek. Eerstens het die departement wat na die blanke konsentrasiekampe se belange moes omsien, dit al hoe moeiliker gevind om die probleme van blanke sowel as swart vlugtelinge te hanteer. Tweedens het die Britse leër se behoefte aan voldoende arbeid meer dringend geraak.[54] Die werwing van swart arbeiders het aanvanklik, tot met die stigting van die DNV, by die Johannesburgse tak van die leër se Arbeidersdepot berus totdat De Lotbinière dit gesluit het.[55]

Die swart konsentrasiekampe wat daarna opgerig is, het op twee beginsels berus, naamlik om te verseker dat voldoende arbeid tot die Britse leër se beskikking gestel word en om die swart kampe so ver moontlik selfversorgend te maak.[56] Om van arbeid verseker te wees, is swart vlugtelinge gevolglik in kampe

---

[54] J.S. Mohlamme, "Vlugtelingekampe vir swartes in die Boererepublieke", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 113.

[55] *Ibid*., Stowell V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", p. 143.

[56] Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 149.

langs die spoorlyn by spoorwegstasies wat as basisse vir Britse militêre optrede gedien het, geplaas.[57] Die hoofkwartier van die leër in Pretoria het gevrees dat die swartes vanaf die stasies na hulle krale sou terugkeer, en het dus op 1 Julie 1901 'n bevel in hierdie verband uitgevaardig. Die bevelvoerders by die onderskeie stasies moes met die aankoms van die swartes verantwoordelikheid vir hulle veiligheid aanvaar totdat die bevelvoerder van die leër se Arbeidersdepot 'n verteenwoordiger daarheen gestuur het. Aan hierdie persoon moes alle bystand verleen word "to enable him to form native refugee camps in the most suitable localities where natives are required for supplying the Departments of the Army with labour."[58] 'n Superintendent is daarna na alle tydelike kampe gestuur met die opdrag om alle gesinne te registreer, sanitêre en mediese reëlings onder kampinwoners se aandag te bring en aan die kwessie van voedselvoorsiening aandag te skenk.[59]

Onder die swart vlugtelinge was daar relatief min sterk geboude mans, omdat die meeste van hulle vantevore by die Britse kolonnes as transportryers, touleiers en veewagters gewerk het. De Lotbinière het in sy optrede jeens die swart vlugtelinge nie die verarming van hierdie mense nie, maar eerder aanmoediging tot werk voorop gestel.[60] Gevolglik was daar 'n stelsel wat die swart vlugtelinge in staat sou stel om goeie lone te verdien en so al hulle benodigdhede teen billike pryse te kon aankoop. Swart vlugtelinge het in groot getalle werk in die regeringsdiens, veral die leër, verkry. Die volgende beweegredes, soos deur die owerhede verstrek, het die swart vlugtelinge daartoe aangemoedig: Afgesien van

---

[57] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 1.

[58] TAB, SNA 58, 2097/02, A.G. /Circular Memorandum/ no. 44, 01.07.1901.

[59] TAB, SNA 59, 2097/02, Native Refugee Department Johannesburg to the High Commissioner, 30.09 1901, pp. 2-3.

[60] *Ibid*., pp. 2-3.

die 1/- (een sjieling) loon per dag in die leër en rantsoene wat elke swarte wat gewillig was om te werk, ontvang het, was hulle gesinne wat in die kampe agtergebly het, so bevoorreg om mielies teen ‘n halfpennie per pond (0,45 kg) of ‘n sak van 180 lb. (81 kg) teen sewe sjielings en ses pennies (7s. 6d.) aan te koop. Swartes wat nie gewerk het nie, moes meer as dubbel die prys vir ‘n sak mielies betaal, naamlik 18/-.[61] Hierdie stelsel wat sedert die ontstaan van die swart konsentrasiekampe in Transvaal bestaan het, het in werklikheid behels dat die swartes die helfte van die koste verbonde aan die rantsoene self betaal het. Die werklike koste van die administrasie, die aankoop van voedsel vir 23 000 swartes en alles wat daarmee gepaard gegaan het, het in Augustus 1901 op ‘n bedrag van ongeveer £2 500 te staan gekom. Hierdie bedrag het maandeliks op 2/6d. (twee sjielings en ses pennies) per kop of daagliks op 1d. (een pennie) per kop neergekom.[62]

Swartes het vir tydperke van drie maande gewerk, waarna hulle na die kamp kon terugkeer om uit te vind hoe dit met hulle gesinne gaan. ‘n Aansienlike aantal vroue en kinders in die kampe moes die teenwoordigheid van broodwinners ontbeer. Hierdie groep het gratis rantsoene ontvang terwyl hulle mans reeds in diens van die DNV was of “with the Boers or dead.”[63] Alle behoeftiges, bejaardes en siekes wat sonder sorg was, is ook by hierdie groep ingesluit.[64]

---

[61] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 1.

[62] TAB, SNA 59, 2097/02, Native Refugee Department Johannesburg to the High Commissioner, 30.09.1901, p. 8.

[63] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 1.

[64] TAB, SNA 59, report Native Refugee Department Johannesburg to the High Commissioner, 30.09.1901, p. 3.

Aan die einde van September 1901 het ongeveer 25 000 swart vlugtelinge in Transvaal onder die beheer van die DNV geval. Hiervan het 9 000 swartes rantsoene teen betaling en nog 7 000 ander gratis rantsoene ontvang. Daarenteen is daar aan 9 000 swartes geen rantsoene uitgereik nie.[65]

Die tabel op p. 309 is 'n opsomming van die amptelike statistieke tussen November 1901 en April 1902 en gee 'n duidelike uiteensetting van die aantal swartes in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik, naamlik op Heidelberg self, Nigel/Floridakop, Klippoortje en Greylingstad, wat rantsoene as deel van hul loon of gratis ontvang het. Die meeste swart kampinwoners op Heidelberg het volgens die loonooreenkoms rantsoene ontvang, alhoewel 'n klein aantal gratis rantsoene ontvang het. Daar was ook 'n geringe aantal, wat van maand tot maand gewissel het, wat geen rantsoene gekry het nie. Daar kan aanvaar word dat die swart kampinwoners wat nie in hierdie voorreg van rantsoenering gedeel het nie, merendeels selfversorgend was.

Die volgende blyk uit die statistieke: Eerstens, op Greylingstad het die rantsoenering van 'n groot getal swart kampinwoners met dié van die swart kampinwoners op Heidelberg ooreengestem. Tweedens, in die swart kamp op Nigel is die swart kampinwoners aanvanklik nie volgens lone gerantsoeneer nie. Hierdie stelsel het eers in Januarie 1902 op Nigel in werking getree. Hier was die aantal swartes wat rantsoene volgens lone en gratis uitreiking ontvang het, minder as diegene wat geen rantsoene ontvang het nie. Derdens, op Klippoortje het die gratis rantsoene aan swart kampinwoners, naamlik 1 150 van November 1901 tot April 1902, vinnig tot 23 afgeneem. Vierdens blyk dit ook dat die Britse owerhede se finansiële uitgawes ten opsigte van die swart konsentrasiekamp op Greylingstad aansienlik meer as die ander drie kampe beloop het.

[65] *Ibid*., p. 10.

## Heidelberg

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Feb. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | 23 | 1 204 | | | | |
| Teen 7/6 (lone) | 1 294 | 212 | 1 114 | 1 211 | 987 | 1 588 |
| Gratis rantsoene | 53 | 71 | 35 | 10 | 11 | 11 |
| Geen rantsoene | 249 | 40 | 35 | 505 | 294 | 11 |
| Koste Britse regering | £38-17-5 | £77 2-11 | £32-5-5 | £21-16-8 | £45-6-4 | £43-13-4 |

## Nigel/Floridakop

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Feb. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | - | - | - | - | - | - |
| Teen 7/6 (lone) | - | - | 187 | 262 | 392 | 312 |
| Gratis rantsoene | 303 | 315 | 35 | 12 | 36 | 25 |
| Geen rantsoene | 800 | 720 | 823 | 860 | 746 | 681 |
| Koste Britse regering | £13-19-9 | £36-5-2 | £12-7-3 | £18-2-8 | £26-15-2 | £28-15-0 |

## Klippoortje

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Feb. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | - | - | - | - | - | - |
| Teen 7/6 (lone) | - | - | 574 | 721 | 652 | 894 |
| Gratis rantsoene | 1 150 | 631 | 17 | 34 | 20 | 23 |
| Geen rantsoene | 383 | 830 | 880 | 721 | 680 | 507 |
| Koste Britse regering | £87-14 6 | £42-16-4 | £29-6-9 | £29-16-5 | £48-18-11 | £55-17-4 |

## Greylingstad

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Feb. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | - | - | - | - | - | - |
| Teen 7/6 (lone) | 1 934 | 1 884 | 1 730 | 1 756 | 1 305 | 1 728 |
| Gratis rantsoene | 14 | 20 | 25 | 25 | 25 | 21 |
| Geen rantsoene | 285 | 233 | 219 | 155 | 155 | 134 |
| Koste Britse regering | £74-17-10 | £88-2-10 | £79-1-10 | £122-10-9 | £99-11-11 | £95-7-0[66] |

[66] TAB, FK 607, CO, Native Refugee Camps, financial statement to November 1901, p. 371; TAB, SNA, volumes 20, 25, 28, 30, 44, 59.

Na die vredesluiting in Mei 1902 het die Britse regering se finansiële uitgawes ten opsigte van die swart konsentrasiekampe in Heidelbergdistrik aansienlik verminder. Onderstaande tabel toon dat die kostes in die geval van Greylingstad tot aan die einde Julie hoog gebly het. 'n Moontlike rede hiervoor kon die betrokkenheid van swart werkers by landboubedrywighede gewees het. Die ander drie swart konsentrasiekampe se kostes het verminder, terwyl Klippoortje aan die einde van Julie 'n krediet van agt pennies getoon het.

**Finansiële uitgawes ten opsigte van swart konsentrasiekampe in Heidelbergdistrik, Mei tot Julie 1902**

| **Konsentrasiekamp** | Mei 1902 | Jun. 1902 | Jul. 1902 |
|---|---|---|---|
| Heidelberg | £2-9-0 | £17-19-1 | £0-14-2 |
| Nigel/Floridakop | £0-7-6 | £1-8-6 | £0-6-10 |
| Klippoortje | £3-6-10 | £2-5-0 | £0-0-8 Kr. |
| Greylingstad | £50-14-2 | £82-0-0 | £104-8-11[67] |

Swart mans het na die stigting van swart konsentrasiekampe geleidelik in diens van die leër en privaat ondernemings getree, terwyl hulle vroue en kinders spoedig, volgens die finale verslag van die DNV, in goed opgerigte kampe blyplek gevind het. Met betrekking tot indiensneming deur privaat instansies het die swart vlugtelinge – mans, vroue en kinders – toestemming daavoor gehad. Aangesien die Heidelbergse swart konsentrasiekamp 'n hanetreetjie van die dorp geleë was, het talle swartes eerder werk in die dorp by private huishoudings gevind as om die kamp te verlaat en vir die leër te gaan werk.[68]

---

[67] TAB, SNA, volumes 44, 59.

[68] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, pp. 1, 3.

‘n Groot aanvraag na jong swart bediendes, sowel seuns as meisies, in privaat huishoudings het eerlank in Johannesburg ontstaan. Om aan daardie behoefte te voldoen, het twee agentskappe op versoek van sir Godfrey Lagden, Kommissaris vir Naturellesake, in Johannesburg geopen. Alhoewel hierdie skema nie ‘n sukses was nie, was die beginsel prysenswaardig, aangesien baie jong swartes huishoudelike werk geleer het. Vir so lank as wat hulle bestaan het, het hierdie twee agentskappe aan 276 swart seuns en 133 swart meisies werk as huisbediendes in Johannesburg verskaf.[69] Twee sake is egter opmerklik. In die eerste plek is die gebruik van kinderarbeid opvallend en vreemd, aangesien die Britse Parlement in die tweede helfte van die negentiende eeu deur wetgewing gepoog het om hierdie gebruik te beperk. Tweedens het die agentskappe nie werklik in hulle doel geslaag nie. Slegs ‘n baie klein persentasie van die swart jeug het as huisbediendes in Johannesburg gewerk en die oorgrote meerderheid het steeds hulle tyd in die konsentrasiekampe verwyl.

Tydens die oorlog was veral die dienste van swart vroue, en in die besonder jong swart meisies, hoog in aanvraag in Johannesburg. Om in die aanvraag te voorsien, sou ene mev. Wirth op 5 Mei 1902 ‘n depot oorkant die Caledonian Hotel in Johannesburg open. Volgens Omsendbrief no. 46 van 1902 moes pogings aangewend word om swart diensmeisies te voorsien, “but care should be taken that only suitable girls are sent ...” Gevolglik het majoor H.J.A. Eyre, superintendent van die DNV in Transvaal, daarop aangedring dat die onderskeie superintendente van swart konsentrasiekampe met groot sorg sou toesien dat slegs gesonde swart meisies Johannesburg toe gestuur word. Om die administrasie te vergemaklik, moes superintendente die Hoofkantoor van die DNV ongeveer 24 uur vooraf telegrafies van die treine se vertrektye in kennis stel. Nog ‘n vereiste was dat so ‘n treinreis bedags sou geskied en dat die swart meisies van kos voorsien sou wees.

[69] *Ibid*., p. 3.

Om onnodige samedromming by die depot te verhoed, het die DNV vasgestelde dae vir die versending van swart meisies uit verskillende distrikte opsy gesit. So is Maandae vir die versending van swart vroue afkomstig uit die Heidelbergdistrik gereserveer. Alle swart meisies sou ter wille van kontrole met hulle aankoms by die depot deur mevrou Wirth geregistreer word.[70] Hierdie depot, wat op 5 Mei geopen het, het binne 'n week ongeveer 40 swart diensmeisies aan private huishoudings in Johannesburg voorsien. Eyre was bekommerd dat die aanvraag die aanbod sou oorskry en het hom voorgeneem om so 'n probleem vroegtydig die hoof te bied.[71] Aangesien hierdie depot eers teen die einde van die oorlog tot stand gekom het, is dit moeilik om sy werksaamhede in die kort tydjie van sy bestaan na behore te beoordeel.

Onderstaande statistieke vir die tydperk Julie 1901 tot Mei 1902 (September 1901 ontbreek) ten opsigte van die swart konsentrasiekampe op Heidelberg, Nigel/Floridakop, Klippoortje en Greylingstad toon dat daar 'n geleidelike toename van swart werkers in diens van die regering en privaat ondernemings of huishoudings ontstaan het. Die aantal swart werkers wat deur die leër in diens geneem is, was in die geval van die vier kampe hoër as die aantal by privaat ondernemings. Daarenteen was daar 'n afname in die aantal swart werkers in diens van die regering en privaat ondernemings wat uit die Greylingstadse en Nigelse swart konsentrasiekamp afkomstig was. Dit is moontlik daaraan te wyte dat hulle in hierdie tydperk toenemend 'n heenkome in die landbou gevind het. In die algemeen gesien het die aantal mans in die vier swart kampe in April 1902 op 'n totaal van 1 882 te staan gekom, terwyl 1 630 in diens van die regering, privaat instansies en die superintendente van swart konsentrasiekampe gestaan het. Die regering het 1 339 of 71,14% van hulle se dienste benut, terwyl 291 of 15,5%

---

[70] TAB, SNA 28, NA 1008/02, Native Refugee Department Transvaal, Circular no. 46 to Camp Superintendents, 30.04.1902, pp. 110-111.

[71] *Ibid*., letter Major H.J.A. Eyre to Sir Godfrey Lagden, Native Affairs Office, Johannesburg, 13.05.1902, p. 116.

deur privaat ondernemings en deur die superintendente in diens geneem is. Die groot aantal Heidelbergse swart vlugtelinge wat in regeringsdiens was, kan eerstens aan die ligging van die dorp as een van die vernaamste sentra langs die Natalse spoorlyn en tweedens aan die beskikbaarheid van werk toegeskryf word. Dit is ook opmerklik dat so min swart vrouens en kinders in hierdie tydperk gewerk het.

**Heidelbergse swart konsentrasiekamp**

| | **Swartes in diens** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regering** | | | **Privaat** | | | **Kamp** | | |
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Jul. 1901 | 381 | - | - | 36 | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | 420 | - | - | 72 | 32 | 55 | - | - | - |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 455 | - | - | 103 | 14 | 43 | - | - | - |
| Nov. 1901 | 470 | - | - | 109 | 3 | 10 | 14 | - | - |
| Des. 1901 | 549 | - | 2 | 119 | 9 | 10 | 22 | - | - |
| Jan. 1902 | 573 | 1 | 5 | 129 | 57 | 10 | 29 | - | - |
| Feb. 1902 | 605 | 1 | 3 | 148 | 72 | 10 | 10 | - | - |
| Mrt. 1902 | 61? | 1 | 3 | 151 | 43 | 9 | 10 | - | 1 |
| Apr. 1902 | 627 | 1 | 3 | 136 | 54 | 9 | 10 | - | 1 |
| Mei 1902 | 685 | 1 | 3 | 131 | 30 | 7 | 11 | - | 1 |

**Nigel/Floridakop swart konsentrasiekamp**

| | Swartes in diens | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regering | | | Privaat | | | Kamp | | |
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Jul. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 9 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 42 | - | - | 4 | - | 1 | 8 | - | - |
| Des. 1901 | 85 | - | - | 9 | - | 3 | 8 | - | - |
| Jan. 1902 | 87 | - | - | 7 | 1 | 6 | 17 | - | - |
| Feb. 1902 | 105 | - | - | 8 | 2 | 8 | 18 | - | - |
| Mrt. 1902 | 11? | - | 3 | 18 | 9 | 21 | 18 | - | - |
| Apr. 1902 | 132 | - | 3 | 19 | 15 | 37 | 12 | - | - |
| Mei 1902 | 116 | - | 1 | 11 | 8 | 25 | 6 | - | - |

**Klippoortje swart konsentrasiekamp**

| | Swartes in diens | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regering | | | Privaat | | | Kamp | | |
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Jul. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 9 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 49 | - | 6 | 9 | - | 1 | 10 | - | - |
| Des. 1901 | 109 | - | 5 | 14 | 2 | 3 | 29 | - | 5 |
| Jan. 1902 | 107 | - | 5 | 17 | 9 | 4 | 20 | - | 7 |
| Feb. 1902 | 145 | - | 5 | 23 | 8 | 4 | 23 | - | 4 |
| Mrt. 1902 | 205 | - | 6 | 29 | 10 | 7 | 11 | - | 2 |
| Apr. 1902 | 213 | - | 9 | 32 | 10 | 11 | 5 | - | 1 |
| Mei 1902 | 203 | - | 11 | 33 | 11 | 13 | 10 | - | 5 |

**Greylingstad swart konsentrasiekamp**

| | Swartes in diens | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regering | | | Privaat | | | Kamp | | |
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Julie 1901 | 187 | - | - | 22 | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | 284 | - | - | 24 | 21 | 34 | - | - | - |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| 0kt. 1901 | 315 | - | - | 28 | 37 | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 332 | - | - | 38 | 39 | 1 | 14 | - | - |
| Des. 1901 | 296 | - | - | 43 | 39 | 1 | 20 | - | - |
| Jan. 1902 | 285 | - | - | 47 | 39 | 1 | 25 | - | - |
| Feb. 1902 | 324 | - | - | 49 | 41 | 5 | 25 | - | - |
| Mrt. 1902 | 347 | - | 1 | 52 | 34 | 1 | 25 | - | - |
| Apr. 1902 | 367 | - | 6 | 53 | 36 | 8 | 21 | - | - |
| Mei 1902 | 294 | - | 2 | 51 | 3 | 5 | 26 | 1 | |
| | | | | | | | | | 1[72] |

Die tweede doelwit met die daarstel van die DNV was om die nuut gestigte swart konsentrasiekampe selfversorgend te maak. De Lotbinière het Kitchener gevolglik versoek om toestemming te verleen vir die vestiging van alle naturellevlugtelinge se gesinne op verlate Boereplase. Volgens De Lotbinière kon die swartes op hierdie plase langs die spoorlyne wat onder die Britse troepe se beskerming gestaan het, die grond tydens die reënseisoen tussen September en November 1901 bewerk en genoeg voedsel vir hul eie gebruik produseer. Die bewerking van hierdie plase sou nie indruis teen die lewering van arbeid aan die leër nie. ‘n Klein aantal swart mans sou die ploeëry behartig terwyl swart vroue

[72] TAB, British Bluebooks, Cd 934, Native Refugee Camps Transvaal, October 1901, p. 75; TAB, FK 607, CO, Native Refugee Camps, financial statement to November 30th 1901, pp. 369-370; TAB, SNA, volumes 20, 25,28,30, 44, 59.

en kinders die daaglikse arbeid op die landerye sou verrig. Die koste aan voeding van die swart vlugtelinge het volgens De Lotbinière ongeveer £10 000 per maand beloop. Indien die swart vlugtelinge so 'n landbouskema suksesvol kon bedryf, sou die regering naastenby £120 000 per jaar spaar. Met sy beoordeling van die swartes se karakter was De Lotbinière daarvan oortuig dat dit verkeerd en onraadsaam sou wees "to feed them gratis for nearly two years, when their natural instincts and habits lead them to cultivate their own food requirements, which occupation comes as second nature, and in so doing they would improve instead of deteriorate physically and morally if fed free."[73]

Op 12 Augustus 1901 het genl.maj. W.F. Kelly, adjudant-generaal van die Britse magte in Suid-Afrika, aangekondig dat die swartes in vlugtelingekampe tydens die reënseisoen voedsel vir eie gebruik kon verbou. Verlate plase kon daarvoor benut word. Terselfdertyd moes dit onder die swartes se aandag gebring word dat hulle na die oorlog geen aanspraak op die grond wat hulle tydelik gebruik het, sou hê nie. Op die voordele van die oeste was hulle ten volle geregtig, maar die regering het die reg behou om oorskotgraan aan te koop.[74]

Sonder enige vertraging het die Britse troepe begin om swart vlugtelinge na kleiner kampe in die beskermde gebiede langs die spoorlyne te verskuif. Die verkleining van die swart konsentrasiekampe was nie slegs op die verbetering van sanitêre maatreëls en die voorkoming van die onbeheerbare verspreiding van siektes gemik nie, maar ook daarop om genoeg bewerkbare grond binne die beskermde gebiede naby aan die spoorwegstelsel te voorsien. Aangesien gesaaides tydens militêre bedrywighede beskerming aan die kommando's kon

[73] TAB, SNA 59, 2097, report Native Refugee Department Johannesburg to High Commissioner, 30.09.1901, pp. 3-4.

[74] TAB, MGP, volume 125, AG/ Circular Memorandum/ no. 50, 13284/01, Cultivation of Crops, etc., by Native Refugees, Army Headquarters Pretoria, 12.08 1901, p. 141.

verleen, het Kitchener bepaal dat geen grond binne 1,61 kilometer van ‘n blokhuis af bewerk mag word nie.[75]

Noodsaaklike implemente vir die bewerking van landerye, soos ploeë, skoffels, en pikke is aangeskaf, asook saad. Die grond is gewoonlik met pikke en skoffels voorberei omdat daar ‘n tekort aan trekosse was. Tot die superintendente van die swart konsentrasiekampe se verbasing het hulle bevind dat die swartes vergeet het hoe om hierdie primitiewe gereedskap te gebruik en die omdolwe van die landerye met ploeë verkies het. Ongeveer 150 ploeë is daarvoor gebruik. Elke swart kamp is van ‘n aantal ploeë voorsien, terwyl hulp aan elke gesin verleen is om drie akker (1,2 hektaar) grond te bewerk. Dit was gewoonlik die ou mans, vroue en kinders wat op die lande gepik en geskoffel het. Gevolglik is die voorsiening van arbeid aan die leër geensins benadeel nie. Ten spyte van die talle probleme waarmee die DNV te kampe gehad het, het De Lotbiniére en sy departement deur harde werk daarin geslaag om in ‘n kort tydperk baie te vermag. Algou is ongeveer 9 000 akker (3 600 hektaar) grond met die swartes se stapelvoedsel, naamlik sorghum, mielies en pampoen, beplant.[76]

Ten opsigte van die hervestiging van swart vlugtelinge op uitgesoekte grond of in lokasies langs die spoorlyne is geen bewyse gevind om te bepaal of die swart kampinwoners op Heidelberg daaraan onderwerp is of met die verbouing van graangewasse gemoeid was nie. Uit die statistieke op p. 327 kan daar tog ‘n afleiding in dié verband gemaak word. In Augustus 1901 was daar 2 945

---

[75] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 4; Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 153.

[76] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 4.

inwoners in die swart konsentrasiekamp op die dorp. Aan die einde van Oktober was daar 1 966 inwoners, wat aandui dat ongeveer eenduisend swartes – mans, vroue en kinders – waarskynlik voortaan by landbou betrokke sou wees.

Die swart lokasies het teen Desember 1901 so toegeneem dat Maxwell die hoop uitgespreek het dat hulle spoedig selfonderhoudend sou wees. Nie net moes hierdie swart eenhede genoeg voedsel vir hul eie gebruik in die komende jaar produseer nie, maar ook "possibly be able ... to assist in supplying the Army with forage and vegetables."[77] Die swart vlugtelinge in die konsentrasiekamp op Greylingstad het met die verwerking en aanplant van gewasse op 60 akker (24 hektaar) begin. Vir De Lotbinière was dit belangrik dat hierdie projek op Greylingstad "be pushed at once .. and the natives there allowed to go on with their work."[78]

Oor genoemde 24 hektaar het daar verwarring ontstaan wat oor-en-weer beskuldigings tot gevolg gehad het. Die nuwe bevelvoerder van die Britse troepe op Greylingstad, majoor A.E. Jenkins, het heftig beswaar gemaak teen die aanklagte dat hy nie ten gunste van die bewerking van landbougrond in dié omgewing deur swart vlugtelinge was nie. Volgens Jenkins het die vorige bevelvoerder, kol. Cooke, aan hom die 24 hektaar getoon wat hy vir die swart vlugtelinge toegeken het om te bewerk. Die verwarring het oor 'n bykomende 24 hektaar gehandel wat Jenkins aan ene Engelbrecht en vier ander burgers toegeken het. Hierdie grond was volgens Jenkins "outside the limit".[79] 'n Briefwisseling oor hierdie saak het gevolg waarby Maxwell, die bevelvoerder op

[77] TAB, MGP 139, 16726B/01, Minute, Military Governor Pretoria to Chief of Staff Headquarters Pretoria, 14.12.1901, p. 107.

[78] TAB, MGP volume 125, 13284/01, brief G. de Lotbinière aan Militêre Goewerneur Pretoria, ongedateerd.

[79] *Ibid*., letter major A.E. Jenkins Commanding troops Greylingstad to GOC Heidelberg, 13.10.1901, p. 149.

Standerton, Jenkins self en genl.maj. Gordon, bevelvoerder op Heidelberg, betrek is.[80] Op 16 Oktober 1901 het Gordon hierdie aangeleentheid tot 'n punt gedryf deur Jenkins in sy optrede gelyk te gee. Volgens Gordon het die persoon wat die saak aan Maxwell gerapporteer het, oorhaastig opgetree, aangesien Jenkins alles in sy vermoë met betrekking tot die swart vlugtelinge en die verbouing van gewasse gedoen het. Gordon het persoonlik met Jenkins hieroor in gesprek getree. Hy het tot die slotsom gekom dat die 24 hektaar grond aan die vyf burgers "in no way interferes with the land the natives are to cultivate."[81]

Alhoewel geen verdere inligting oor swart boerderybedrywighede op Greylingstad beskikbaar is nie, kan daar aanvaar word dat toereikende graanproduksie die swart vlugtelinge in staat gestel het om ook hulle gesinne te onderhou. Volgens De Lotbinière was dit nie moontlik om 'n uitvoerige verslag oor ingesamelde oeste oor die hele Transvaal op te stel nie. Die agterdogtige geaardheid van die swartes wat hulle ongehinderd aan groenmielies gehelp en sover moontlik die oeste verberg het, was volgens hom grootliks daarvoor verantwoordelik. Ten spyte daarvan het De Lotbinière geskat dat die ongeveer 20 000 sakke wat die mielieoes opgelewer het, die naoorlogse terugstuur van swart vlugtelinge na hulle tuistes sou bespoedig. Planne vir die verbouing van gewasse tydens die oorlog deur swart vlugtelinge het nie die resultate opgelewer waarop De Lotbinière gehoop het nie. Dit kon aan faktore soos droogte, ontoereikende voorbereiding van landerye en laat saaityd toegeskryf word. Alhoewel hy erken het dat sommige skemas 'n algehele mislukking was, het hy tog gereken dat "the cultivation work was not without results and the money expended not entirely wasted."[82] Voldoende graan is in depots geberg om die

---

[80] *Ibid*., pp. 146-151.

[81] *Ibid.*, letter GOC Heidelberg to A.A. General Standerton, 17.10 1901, p. 148.

[82] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 4.

swart vlugtelinge vir ‘n jaar na hulle vrylating en terugkeer na hulle tuistes van voedsel te voorsien. Boeregesinne wat na die oorlog ook huiswaarts gekeer het, het rantsoene vir slegs vier tot ses weke ontvang. Dis ironies dat die DNV die teruggekeerde swart plaaswerkers vir ongeveer ses maande na die oorlog gevoed het.[83]

Die haglike toestande waarin swart vlugtelinge in die swart konsentrasiekampe tot voor die stigting van die DNV in Junie 1901 geleef het, was ook op die kampinwoners van die Heidelbergse swart konsentrasiekamp van toepassing. In teenstelling met die inwoners van die blanke kamp op die dorp, wat rantsoene ontvang het, was die inwoners van die swart kamp op hulleself aangewese. Behuising het nie bestaan nie. Hulle moes self skuilings vir beskerming teen die natuurelemente oprig en middels teen siektes was moeilik bekombaar.

Vallentin het op 11 Maart 1901 die ernstige siektetoestand wat onder die swart vlugtelinge in die Heidelbergse kamp geheers het, onder die aandag van Maxwell gebring. Dit het hom genoodsaak om van die dienste van die distriksgeneesheer gebruik te maak om die siekes te ondersoek. Toenemende armoede onder die swart inwoners het veroorsaak dat hulle die distriksgeneesheer nie vir sy dienste kon betaal nie. Vallentin het hom verplig gevoel om magtiging vir vergoeding teen £10 per maand aan die distriksgeneesheer aan te vra. Mediese sorg was volgens Vallentin absoluut noodsaaklik, aangesien die swartes teen ‘n gemiddeld van een per dag gesterf het.[84]

---

[83] Stowell V. Kessler, “Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 147.

[84] TAB, MGP 78, 2713/01, telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor Pretoria, 11.03.1901.

Die mediese offisier op Heidelberg, dr. George Turner, het Vallentin se verslag op 13 Maart beaam en die verergering van die koorstoestand waarin baie swart vlugtelinge verkeer het, aan 'n gebrek aan behoorlike voedsel toegeskryf. Volgens Turner het die ongeveer 600 swart kampinwoners meesal van die "carcases of animals dead of lung sickness" geleef. Hierdie ongesonde toestand waarin die vlugtelingswartes verkeer het, moes volgens Turner dringend aandag geniet. Gevolglik het hy aanbeveel dat die "good class of black", wat in die Johannesburgse goudmyne werksaam was, die geleentheid moes aangryp om hulle afhanklikes van geld te voorsien. Die vroue tuis het probeer om as wasvroue hulle gesinne te onderhou, maar die skaarste aan werk van hierdie soort het hulle laat noustrop trek. Turner het sy argument soos volg gestel: "They are much more deserving of assistance than the dirty shiftless burghers and are quite as dangerous when sick as white people."[85] Maxwell het die volgende dag op Turner se telegram gereageer deur hom te versoek om met die Superintendent van Naturellesake in Johannesburg in verbinding te tree ten einde "remittance from the husbands of these people" te verkry.[86] Op 16 Maart het Maxwell 'n soortgelyke boodskap aan Vallentin gestuur.[87]

Vallentin was bekommerd oor die siektes onder die swart kampinwoners en het op 15 Maart 1901 'n voorstel in hierdie verband aan Maxwell in Pretoria voorgelê. Dit het die oprigting van 'n klein hospitaal vir die Heidelbergse swart kampinwoners en die aanstelling van 'n swart vrou as verpleegster teen een

---

[85] *Ibid*., telegram George Turner M.O.H. to Military Governor Pretoria, 13.03.1901, p. 7.

[86] TAB, MGP 219, letter book 01.03 – 14.04.1901, letter no. 290, Maj. Asst. Military Governor of Pretoria to District Commissioner Heidelberg, 14.03.1901.

[87] TAB, MGP 78, 2713/01, telegram Military Governor of Pretoria to District Commissioner Heidelberg, 16.03.1901, p. 6.

sjieling per dag met rantsoene behels.[88] Maxwell het Vallentin die volgende dag toestemming gegee om voort te gaan. Indien dit absoluut noodsaaklik was, kon hy 'n swart verpleegster een sjieling per dag betaal en 'n klein, tydelike hospitaal vir die swart kampinwoners oprig.[89]

Turner rapporteer op 13 Maart 1901 dat siektes in die swart konsentrasiekamp op Heidelberg tog in 'n mate afgeneem het omdat daar 'n verandering in die watervoorsiening plaasgevind het. Die gebruik van twee waterkarre wat die leër aan die swart konsentrasiekamp gelewer het, het volgens hom grootliks tot die afname in siektegevalle bygedra. Die leër het egter hierdie waterkarre onder die voorwendsel van militêre noodgevalle teruggekommandeer. Turner het hierdie optrede as belaglik beskryf en was van plan om 'n verslag daaroor in te dien.[90] Of dit ooit gebeur het, kon nie vasgestel word nie. Die waterkarre is teen 16 Maart nog nie aan die leër teruggestuur nie.[91] Vallentin het op 18 Maart oor dié waterkarre, wat deur die General Officer Commanding (G.O.C.) en die South African Constabulary (S.A.C.) aangevra is, soos volg aan Maxwell gerapporteer: "... both state their respective water cart will be returned when replaced at present. They cannot absolutely give them up."[92] Uit die verdere briefwisseling kon daar nie bepaal word of die G.O.C. en die S.A.C. die twee waterkarre teruggestuur het nie.

---

[88] *Ibid*., telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor of Pretoria, 15.03.1901, p. 8.

[89] *Ibid*., telegram Military Governor Pretoria to District Commissioner Heidelberg, 16.03.1901, p. 6.

[90] *Ibid*., telegram George Turner M.O.H. to Military Governor of Pretoria, 13.03.1901, p. 7.

[91] *Ibid*., telegram Military Governor of Pretoria to District Commissioner Heidelberg, 16.03.1901, p. 6

[92] *Ibid*., telegram District Commissioner Heidelberg to Military Governor of Pretoria, 18.03.1901, p. 5

Na die totstandkoming van die DNV wil dit voorkom of daar ‘n verbetering in die gesondheidstoestand van die swart vlugtelinge in die swart konsentrasiekamp op Heidelberg ingetree het. Dit blyk uit ‘n brief wat De Lotbinière op 28 Januarie 1902 aan die Sekretaris van die Transvaalse Administrasie in Johannesburg gerig het. Twee sake wat in die brief genoem word, verdien aandag. Eerstens praat De Lotbinière van meer as een swart vlugtelingekamp op Heidelberg. Hiervoor kan daar twee verklarings bestaan. Soos die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg uit verskillende kampe bestaan het, kon dit om administratiewe en organisatoriese redes ook die geval met die swart konsentrasiekamp op die dorp gewees het. Die statistieke ten opsigte van die Transvaalse swart konsentrasiekampe vir Oktober 1901 onderskryf hierdie bewering. Die swart konsentrasiekampe op Heidelberg, Klippoortje en Nigel is ten opsigte van die hoeveelhede voedsel wat verskaf is, die kostes vir die regering daaraan verbonde en die bedrag wat van die swartes verhaal is, saamgehaak. ‘n Ander verklaring hiervoor kan wees dat De Lotbinière na nog ‘n swart konsentrasiekamp op Heidelberg, naamlik die een op Klippoortje, verwys het, wat dalk ook onder die beheer van dieselfde mediese offisier, ene Stewart, geval het. Laasgenoemde rede verklaar ook die lae sterftesyfer in hierdie twee swart konsentrasiekampe.

Tweedens het De Lotbinière Stewart se voortreflike werk onder die aandag van die Transvaalse Administrasie gebring. Alhoewel Stewart nie oor voldoende geneeskundige kwalifikasies beskik het nie, het uitstekende getuigskrifte hom as uiters geskik vir hierdie taak verklaar. Hy het sy werk in die swart konsentrasiekampe tot De Lotbinière se groot tevredenheid verrig. Terselfdertyd voeg hy by dat selfs die “death rate in the camps under his charge being very fair.” Gekwalifiseerde medici was in daardie stadium baie skaars. Gevolglik het De Lotbinière alles in sy vermoë gedoen om Stewart se dienste te behou, aangesien hy volgens Milner se proklamasie no. 103, volume IV, Transvaal no.1 van 1902, spesiale toestemming daarvoor moes verkry. Stewart se kennis van

die swartes se taal en gewoontes was vir De Lotbinière op hierdie tydstip van groter waarde as 'n gekwalifiseerde medikus se onvermoë om die swartes te verstaan.[93] Die Transvaalse Administrasie het De Lotbinière se skrywe gunstig oorweeg. Stewart kon hierdie spesiale werk in die Heidelbergse swart konsentrasiekamp voortsit terwyl hy in diens van die militêre owerhede gestaan het. As hierdie militêre verbintenis tot 'n einde sou kom, sou hy van 'n private mediese praktyk uitgesluit wees. Daarby kon hy as onopgeleide geneeskundige nie registreer of gelisensieer word om in Transvaal as 'n mediese praktisyn te praktiseer nie.[94]

Die mediese dienste in blanke konsentrasiekampe – wat groot gebreke gehad het – het in die geval van swart konsentrasiekampe feitlik nie bestaan nie. Die ernstige tekortkominge in die Britse leër se mediese dienste was nie bevorderlik vir die swart kampinwoners se fisieke welstand nie. Aanvanklik het die owerhede versuim om aan die swart kampinwoners mediese dienste te verskaf omdat die Britse koloniale beleid daarop ingestel was om die gesondheid van die Britse garnisoene en die blanke inwoners te bevorder. Die welstand van die inheemse bevolking is volgens Stowell Kessler oorweeg "only when it was being ravaged by epidemics such as plague and tuberculosis. And (even) then, the colonial government was not so much concerned about these people's wellbeing as it was worried that the epidemic might spread to the white community, or severely disrupt the labour market."[95]

---

[93] TAB, Colonial Secretary, CS 64, 866/02, letter G. de Lotbinière, Native Refugee Department to Secretary Transvaal Administration Johannesburg, 28.01.1902; British Bluebooks Cd 934, Native Refugee Camps, Transvaal, October 1901, p. 75.

[94] *Ibid*., letter Assistant Secretary Transvaal Administration to G. de Lotbinière, 01.02.1902.

[95] Stowell V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 148-149. Kessler verwys na

Die gebrekkige mediese dienste in die blanke konsentrasiekampe het tot ‘n buitengewoon hoë sterftesyfer gelei. Die sterftesyfers in die meeste swart konsentrasiekampe, waar feitlik geen mediese dienste verskaf is nie, het in Desember 1901 ‘n hoogtepunt bereik. Alhoewel De Lotbinière in sy finale verslag oor die redes vir die sterftesyfer geen swart konsentrasiekamp by name genoem het nie, het hy die sterfgevalle in die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergse distrik ook ingesluit. Swartes kon nie in normale toestande en skielike veranderinge gedy as hulle na nuwe toestande, water, voedsel en grond oorgeskakel het nie. Dit sou tyd verg om by die nuwe omstandighede aan te pas. Daarby het die beperkte gebiede (restricted areas) wat onder militêre beskerming gestaan het, veroorsaak dat die swartes se hutte veel nader aan mekaar as onder normale omstandighede gestaan het. Hierdie opset het veroorsaak dat die swartes daaronder gely het, aangesien epidemies soos waterpokkies en masels die swart kampe getref en die dodetal geweldig laat styg het.

Om hierdie situasie te verbeter, het mediese offisiere van nabygeleë blanke konsentrasiekampe volgens die DNV se verslag van 1902 die swart kampe daagliks teen betaling besoek. Aangesien die toediening van medisyne weinig effek getoon het, het die DNV hulle eerder op die verdeling van die kampe, verbeterde watervoorsiening en veral beter voedselvoorrade toegespits. Waar moontlik, is vars melk, groot hoeveelhede geblikte melk, Bovril en mielieblom gratis aan die swart kampinwoners voorsien. Daarby is winkels in die swart kampe geopen waar die swartes benodigdhede soos meelblom, suiker, koffie, Boermeel, klerasie, ensovoorts, teen kosprys kon aankoop. Volgens De

---

M.S. Stone se ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Londen, “The Victorian Army: health, hospitals and social conditions as encountered by British troops during the South African War, 1899-1902”, p. 15.

Lotbinière het die uitreiking van melk en voedselvoorrade die inwoners in die swart konsentrasiekampe baie goed gedoen.[96]

De Lotbinière se relaas oor die uitbreek van, onder andere, masels in die swart konsentrasiekampe val egter vreemd op, aangesien hy geen melding van die gevolge van hierdie siekte, soos longontsteking, brongitis en diarree gemaak het nie. In teenstelling met die verslae oor die blanke konsentrasiekampe waar siektes en sterftes noukeurig aangeteken is, bestaan daar geen verslae oor die oorsake van sterftes in die swart konsentrasiekampe nie. Warwick wys daarop dat die redes vir individuele sterfgevalle “are rarely given.”[97] Die ontstellende sterftesyfer onder die swart kampbevolking kon volgens Kessler aan die tekort aan huisvesting en gebrek aan sanitêre geriewe toegeskryf word.[98]

Statistieke ten opsigte van die getal inwoners en sterftesyfer in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik, naamlik op Heidelberg, Greylingstad, Nigel en Klippoortjie, bring die volgende aan die lig:

[96] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 3.

[97], Stowell V. Kessler, “Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 150-151; Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 152.

[98] Stowell V. Kessler, “Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 151.

## Heidelberg

| Datum | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | K | T | M | V | K | T | % |
| Jul. 1901 | 629 | 672 | 1 175 | 2 476 | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | 817 | 836 | 1 292 | 2 945 | - | - | - | - | - |
| Sept. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Okt. 1901 | 733 | 474 | 759 | 1 966 | 5 | 3 | 26 | 34 | 1,73 |
| Nov. 1901 | 762 | 512 | 799 | 2 073 | 2 | - | 20 | 22 | 1,06 |
| Des. 1901 | 797 | 541 | 830 | 2 168 | 5 | 3 | 26 | 34 | 1,57 |
| Jan. 1902 | 823 | 586 | 892 | 2 301 | - | - | 15 | 15 | 0,65 |
| Feb. 1902 | 836 | 603 | 905 | 2 344 | 2 | 1 | 23 | 26 | 1,11 |
| Mrt. 1902 | 849 | 607 | 916 | 2 372 | 1 | - | 3 | 4 | 0,16 |
| Apr. 1902 | 855 | 622 | 946 | 2 423 | 2 | - | 4 | 6 | 0,25 |
| Mei 1902 | 848 | 645 | 991 | 2 484 | 1 | - | 2 | 3 | 0,12 |
| Jun. 1902 | 382 | 656 | 968 | 2 006 | - | - | - | - | - |
| Jul. 1902 | 413 | 621 | 902 | 1 936 | 3 | 1 | 2 | 6 | 0,31 |

## Greylingstad

| Datum | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | K | T | M | V | K | T | % |
| Jul 1901 | 253 | 332 | 586 | 1 171 | - | - | - | - | - |
| Aug. 1901 | 349 | 543 | 939 | 1 831 | - | - | - | - | - |
| Sept. 1901 | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Okt. 1901 | 393 | 567 | 954 | 1 914 | - | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 473 | 719 | 1 184 | 2 376 | 2 | 9 | 43 | 54 | 2,28 |
| Des. 1901 | 472 | 711 | 1 131 | 2 314 | 6 | 7 | 67 | 80 | 3,46 |
| Jan. 1902 | 454 | 700 | 1 054 | 2 208 | 6 | 4 | 66 | 76 | 3,44 |
| Feb. 1902 | 462 | 702 | 1 029 | 2 193 | 1 | 1 | 32 | 34 | 1,55 |
| Mrt. 1902 | 456 | 699 | 1 013 | 2 168 | - | 2 | 14 | 16 | 0,74 |
| Apr. 1902 | 456 | 699 | 1 009 | 2 164 | 2 | 1 | 9 | 12 | 0,55 |
| Mei 1902 | 458 | 689 | 978 | 2 125 | - | - | 9 | 9 | 0,42 |
| Jun. 1902 | 487 | 685 | 975 | 2 147 | - | 2 | 6 | 8 | 0,37 |
| Jul. 1902 | 510 | 703 | 1007 | 2 220 | 4 | 2 | 3 | 9 | 0,41 |

**Nigel/Floridakop**

| | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Okt. 1901 | 123 | 250 | 519 | 892 | - | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 163 | 328 | 659 | 1 150 | 1 | 1 | 18 | 20 | 1,74 |
| Des. 1901 | 170 | 330 | 628 | 1 128 | 1 | 2 | 38 | 41 | 3,63 |
| Jan. 1902 | 177 | 358 | 650 | 1 185 | 1 | 1 | 32 | 34 | 2,87 |
| Feb. 1902 | 186 | 380 | 680 | 1 255 | 2 | 4 | 14 | 20 | 1,59 |
| Mrt. 1902 | 193 | 378 | 678 | 1 249 | - | 3 | 14 | 17 | 1,36 |
| Apr. 1902 | 195 | 373 | 671 | 1 239 | - | 2 | 6 | 8 | 0,65 |
| Mei 1902 | 199 | 372 | 666 | 1 237 | 1 | 4 | 8 | 13 | 1,05 |
| Jun.1902 | 207 | 364 | 660 | 1 231 | 1 | 3 | 4 | 8 | 0,65 |
| Jul. 1902 | 220 | 359 | 655 | 1 234 | - | 2 | 5 | 7 | 0,57 |

**Klippoortjie**

| | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Okt. 1901 | 251 | 495 | 834 | 1 580 | - | - | - | - | - |
| Nov. 1901 | 271 | 493 | 825 | 1 589 | 2 | 1 | 12 | 15 | 0,94 |
| Des. 1901 | 294 | 488 | 802 | 1 584 | 2 | 4 | 24 | 30 | 1,89 |
| Jan. 1902 | 303 | 497 | 799 | 1 599 | - | 4 | 16 | 20 | 1,25 |
| Feb. 1902 | 322 | 502 | 812 | 1 636 | - | 3 | 9 | 12 | 0,73 |
| Mrt. 1902 | 336 | 519 | 837 | 1 692 | - | - | 7 | 7 | 0,41 |
| Apr. 1902 | 343 | 515 | 824 | 1 682 | 1 | - | 10 | 11 | 0,65 |
| Mei 1902 | 354 | 521 | 843 | 1 718 | 1 | - | 8 | 9 | 0,52 |
| Jun. 1902 | 370 | 523 | 852 | 1 745 | 1 | - | 2 | 3 | 0,17 |
| Jul. 1902 | 361 | 468 | 759 | 1 588 | - | - | 1 | 1 | 0,06[99] |

[99] TAB, British Bluebooks, Cd 934, Native Refugee Camps Transvaal, October 1901, p. 75: TAB, FK 607, CO, Native Refugee Camps, financial statement to November 1901, p. 368; TAB, Secretary Native Affairs, SNA volumes 20, 25, 28, 30, 44 and 59.

Wat uit die bostaande opvallend is, is die hoër sterftesyfer onder die swart kampinwoners van Greylingstad en Nigel as op Klippoortje en Heidelberg. Hierdie statistieke verklaar dan ook De Lotbinière se tevredenheid met Stewart se werk as mediese offisier van die swart konsentrasiekamp op Heidelberg, asook sy uitlating: "The death rate in the camps under his charge being fair", waarna daar reeds verwys is.

Toe die amptelike dodetal in die Transvaalse swart konsentrasiekampe in Desember 1901 'n hoogtepunt met 1 160 sterftes (2,69%) uit 'n totale kampbevolking van 43 120 bereik het,[100] het die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik se bydraes tot dié sterftesyfer soos volg daar uitgesien: Klippoortje 30 sterftes (2,59%), Heidelberg 34 sterftes (2,93%), Nigel 41 sterftes (3,53%) en Greylingstad die hoogste, naamlik 80 sterftes (6,9%). Heidelbergdistrik se totale bydrae tot die Transvaalse sterftesyfer in hierdie maand het op 185 (15,95%) te staan gekom, terwyl sy bydrae in Februarie 1902, 92 sterftes (17,36%) uit 530 Transvaalse sterftes beloop het. Die Transvaalse en Heidelbergdistrik se sterftesyfers vir die tydperk November 1901 tot Februarie 1902 het 3 638 en 533 respektiewelik getel. Heidelbergdistrik se bydrae (533) het 14,65% van die Transvaalse sterfgevalle (3 638) verteenwoordig. In dieselfde tydperk het Greylingstad met 244 sterftes (45,78%) boaan die lys in die Heidelbergdistrik geëindig het, gevolg deur Nigel met 115 (21,57%), Heidelberg met 97 (18,2%) en Klippoortje met 77 (14,44%).

Wanneer die statistieke met betrekking tot die sterftesyfer van die Heidelbergse blanke sowel as swart konsentrasiekamp vir die tydperk Oktober tot Desember 1901 in oënskou geneem word, is die bevindings soos volg: Elk van die twee konsentrasiekampe se kampinwoners het ongeveer 2 000 siele getel. In hierdie

---

[100] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 3.

tydperk was die swart konsentrasiekamp se persentasie sterfgevalle elke maand laer as dié van die blanke konsentrasiekamp. Toe die sterftesyfer in Desember 1901 in die Transvaalse swart konsentrasiekampe 'n hoogtepunt bereik het, het die swart konsentrasiekamp se persentasie sterfgevalle op 1,57% (34 oorledenes uit 2 168 inwoners) en die blanke konsentrasiekamp s'n op 1,67% (37 oorledenes uit 2 212) te staan gekom. Hierdie laer persentasie ten opsigte van sterftes in dié swart konsentrasiekamp was moontlik aan die volgende faktore te wyte: Eerstens moet Stewart se werk as mediese offisier in die swart konsentrasiekamp en De Lotbinière se vertroue in hom nie geringskat word nie. Tweedens kon die swartes deur die bestaan van 'n blanke konsentrasiekamp op dieselfde terrein, moontlike kontak met die blanke ingesetenes en aanhoudende beïnvloeding van veral Stewart dalk tot die nakoming van verbeterde gesondheidsmaatreëls beweeg gewees het. Derdens kon Stewart met sy kennis van die swartes se taal en gewoontes tydens gereelde besoeke aan die swart konsentrasiekamp 'n heilsame invloed op hulle denke uitgeoefen het. Op dié wyse kon hy die moontlike, heersende wantroue teenoor die blankes grotendeels uit die weg geruim het. Hieroor het Maxwell reeds op 19 Desember 1901 sy kommer in 'n skrywe aan Lagden, uitgespreek. Die swartes het nie geweet na wie om op te sien nie, aangesien hulle met verskeie bevelvoerders, intelligensie-agente, kommandante en distrikskommissarisse moes onderhandel. Hy het hierdie probleem soos volg saamgevat: "One day they are trusted, the next day with suspicion".[101] Lagden het met Maxwell saamgestem dat " the Native Chiefs do not know whom they are to look to in the present situation, and that they are at times wrongly suspected and misjudged."[102] Stewart, met al sy goeie hoedanighede, het dus in 'n gunstige posisie verkeer om as 'n amptenaar in

---

[101] TAB, MGP 141, 17358B/01, minute Military Governor of Pretoria to Commissioner Native Affairs Pretoria, 19.12.1901, p. 47.

[102] *Ibid*., letter Commissioner Native Affairs to Military Governor of Pretoria, 31.12.1901, p. 46.

diens van die Britse militêre owerhede beter vertrouensverhoudinge tussen blank en swart teweeg te bring.

Onwillekeurig ontstaan die vraag: waaraan was die hoë sterftesyfer in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik te wyte? Geneeshere het swart konsentrasiekampe egter selde of nooit besoek nie. In teenstelling met die blanke konsentrasiekampe wat oor voldoende mediese personeel beskik het, het die swart konsentrasiekampe daaraan mank gegaan. Ten spyte hiervan het die Heidelbergse swart konsentrasiekamp soos reeds genoem in Desember 1901 oor 'n laer sterftesyfer as die blanke kamp op die dorp beskik. Daarby is die werwing van medici in Brittanje vir die blanke kampe in Suid-Afrika in Januarie 1902 gestaak. Die hoë sterftesyfer moet egter voor die deur van die Britse leër gelê word. Deur 'n maandelikse besparing van £10 000 wou hulle eerder die leërafdelings van voedsel en arbeid voorsien sodat hulle die Randse goudmyne, ook dié op Nigel, kon heropen. Die Britse leër was daarvan oortuig dat, so lank die voortbestaan van swart konsentrasiekampe geen risiko vir militêre gemeenskappe of blanke konsentrasiekampe ingehou het nie, daar van mediese ingryping geen sprake sou wees nie.[103]

Die hoë sterftesyfer in sowel die blanke as swart konsentrasiekampe in Suid-Afrika het opslae in Brittanje gemaak. Emily Hobhouse, wat die Britse publiek oor die droewige bestaan van die inwoners in die blanke konsentrasiekampe ingelig het, kon weens 'n gebrek aan tyd en krag nie die toestande in die swart konsentrasiekampe ondersoek nie. Sy was aanvanklik onder die indruk dat die Fawcettkommissie of die Dameskommisie tydens hulle besoek aan Suid-Afrika ook die lewensomstandighede in die swart konsentrasiekampe sou inspekteer. Eers nadat hulle verslag verskyn het, het sy bemerk dat hierdie belangrike aspek van die konsentrasiekampe geen aandag geniet het nie. Sy het daarop reageer

[103] Stowell V. Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, pp. 152-153.

deur treurige verhale wat verskeie geestelikes wat in die swart konsentrasiekampe werksaam was, haar vertel het, onder H.R. Fox Bourne se aandag te bring.[104]

Fox Bourne het op 24 Maart 1902 namens die Vereniging vir die Beskerming van Naturelle ‘n skrywe in dié verband gerig aan die minister van kolonies, Joseph Chamberlain, waarin sekere voorstelle vervat is. Eerstens het hy die Britse regering gevra om ondersoek in te stel na die ingeperkte swartes en toe te sien dat hulle nie “met ... minder sorg en menslikheid as die Boere-‘refugees’ behandel word nie.” Tweedens het hy die regering versoek om ‘n meer omvattende verslag oor die toestande in die swart konsentrasiekampe op te stel. Derdens is die aanstelling van ‘n komitee van Suid-Afrikaanse dames soortgelyk aan die Fawcettkommissie aan die hand gedoen. Hierdie versoeke het op dowe ore geval en gevolglik is dit te betwyfel of die Britse regering die haglike toestande in die swart konsentrasiekampe enigsins simpatiekgesind was.[105]

Gebrekkige statistieke ten opsigte van sterftesyfers verhoed geskiedkundiges om die volle omvang van die verlies aan swart menselewens te bepaal. Erg verwaarloosde en onherkenbare grafte van onbekende swart vlugtelinge in die omgewing van die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik is vandag die enigste getuies van die eens onsimpatieke beleid van die Britse regering waaronder hierdie swart vlugtelinge gebuk gegaan het.

Nog ‘n aspek van die bestaan van die swart konsentrasiekampe wat in noue verband met die sterftes gestaan het, was die swartes se bevolkingsaanwas. Die aantal geboortes in die verskillende swart konsentrasiekampe het sedert November 1901 deel van die maandelikse statistieke uitgemaak. Onderstaande

---

[104] Emily Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p. 323.

[105] *Ibid*., pp. 323-325.

tabel gee 'n uiteensetting van die aantal geboortes in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik vanaf November 1901 tot Julie 1902:

**Geboortes**

| | **1901** | | **1902** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Tot.** |
| Heidelberg | 2 | 2 | 2 | 1 | 4 | 6 | 6 | - | 6 | **29** |
| Nigel/Floridakop. | - | 4 | 2 | 5 | 1 | 3 | 4 | 6 | 3 | **28** |
| Klippoortjie | 1 | 2 | 2 | 2 | 4 | 5 | 9 | 8 | 6 | **39** |
| Greylingstad | 5 | 4 | 2 | - | 4 | - | - | 1 | 2 | **18** |
| **Totaal** | **8** | **12** | **8** | **8** | **13** | **14** | **19** | **15** | **17** | **114**[106] |

Bogenoemde syfers is misleidend en nie betroubaar nie. 'n Bevolkingsaanwas van 114 swart babas in nege maande is allesbehalwe geloofwaardig. Gedurende die Industriële Revolusie in Brittanje het die geboortesyfer weens haglike lewensomstandighede die hoogte ingeskiet, dus moes dié neiging ook onder die swart vlugtelinge wat in soortgelyke omstandighede gelewe het, na vore gekom het. Dit is egter moontlik dat geboortes vanweë die swartes se gerapporteerde agterdogtige houding nie volledig opgeteken is nie of dat die mans as gevolg van werkomstandighede selde tuis was.

Die gesamentlike geboortesyfer in die swart konsentrasiekampe in die Transvaal het in die ooreenstemmende tydperk op 512 te staan gekom. Hieroor het De Lotbinière hom soos volg uitgelaat: "In studying these figures it must be borne in mind that, for some reason not understood, the natives objected to report 'births'; and I am of the opinion that for every one birth reported there were four or five

[106] TAB, FK 607, CO, Native Refugee Camps, financial statement to November 1901, p. 369; TAB, Secretary Native Affairs, volumes 20, 25, 28, 30, 44, 59.

left unreported. This objection on the part of natives to report births does not apply to deaths."[107]

Heidelbergdistrik se bydrae tot die swartes se geboortesyfer in die genoemde tydperk het op 114 te staan gekom. Indien hierdie syfer tot 'n persentasie verwerk word, verteenwoordig dié distrik met sy vier swart konsentrasiekampe 22,27% van die geboortes in ongeveer 38 Transvaalse swart konsentrasiekampe. In die lig van De Lotbinière se bewering gee hierdie getalle ongetwyfeld nie 'n ware beeld van die bevolkingsaanwas in die swart konsentrasiekampe weer nie.

Die Britse militêre owerhede se onsimpatieke beleid teenoor die swartes in die konsentrasiekampe word vervolgens ook uit hulle houding ten opsigte van onderwys aan swart kampkinders duidelik. In teenstelling met die onderrig wat blanke kampkinders in die Heidelbergse en alle ander blanke konsentrasiekampskole in Suid-Afrika ontvang het, het die swart kinders in hulle kampe aan die kortste end getrek. Hierdie aangeleentheid is ongelukkig te laat aangepak, toe samesprekings vir vrede reeds aan die gang was. 'n Half-amptelike skrywe van E.B. Sargant, Direkteur van Onderwys, aan De Lotbinière oor die kwessie van onderwys aan swart kinders is selfs afgekeur. De Lotbinière het hom op 17 Mei 1902 in 'n brief aan Lagden soos volg oor hierdie aangeleentheid uitgelaat: "I am of the opinion that, as the camps are only temporary, it is hardly worth while for the Educational Department to take this matter up. I am also of the opinion that, while the War lasts, the introduction of a new element into each Camp in the shape of a Schoolmaster or Clergyman of some denomination would only tend to unsettle the natives' present system of

[107] TAB, Transvaal Administration Reports for 1902, final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June 1901 to December 1902, p. 3.

control, and weaken the hands of my Superintendents."[108] Lagden, wat waardering vir Sargant se standpunt gehad het, het hom met De Lotbinière se sienswyse vereenselwig deur te verklaar: "I deprecated any movement of that sort until more was known regarding the peace proposals as, if peace was assured, it would be useless to commence any Education work."[109] Die owerhede het voorwaar hier 'n gulde geleentheid om hierdie knelpunt uit die toekomstige politieke arena te lig en gelyke onderwys vir alle bevolkingsgroepe in 'n toekomstige verenigde Suid-Afrika te verseker, deur die vingers laat glip.

Vrede is uiteindelik op 31 Mei 1902 gesluit. Net soos die blankes in die Heidelbergse blanke konsentrasiekamp na die oorlog op hulle plase hervestig is, moes daar ook vir die ongeveer 7 500 swartes in die vier swart konsentrasiekampe in hierdie distrik 'n heenkome gevind word. De Lotbinière en sy departement, wat die swartes as "an asset of the farming industry" beskou het, het hulle doelbewus daarvoor beywer om die swart vlugtelinge deur oorreding aan te moedig om na die plase terug te keer "instead of going to other employment and to town locations."[110] Hieroor het H.M. Taberer, Naturelle Kommissaris vir die Pretoria- en Heidelbergdistrikte en bekend vir die bekwame wyse waarop hy met die swartes omgegaan het,[111] op 23 Februarie 1903 gerapporteer dat die swart vlugtelinge van die swart konsentrasiekampe in hierdie twee distrikte na hulle vorige woonplekke teruggekeer en hulle werk as plakkers op die Boereplase hervat het. Die swartes wat geweier het om weer in

---

[108] TAB, Secretary Native Affairs, SNA, 27, NA 1037/02, letter G.F. de Lotbinière to Sir Godfrey Lagden, Commissioner Native Affairs, 17.05.1902, p. 144.

[109] *Ibid*., letter Sir Godfrey Lagden to De Lotbinière, 20.05.1902.

[110] J.S. Mohlamme, "Vlugtelingekampe vir swartes in die Boererepublieke", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 125. Mohlamme verwys na SNA 8, 1088/02, De Lotbinière aan Lagden, 27.05.1902.

[111] E. Rosenthal, "Taberer, Henry Melville", in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V*, p. 607.

diens van hulle vorige werkgewers te staan, is tegemoet gekom deurdat die keuse van ‘n woon- en werkplek aan hulle oorgelaat is.[112]

De Lotbinière het hierdie saak as so belangrik beskou dat hy op 12 Julie 1902 in ‘n omsendbrief opdrag gegee het dat die teruggekeerde burgers wat die kampe self besoek het om om hulle vroeëre plaaswerkers aansoek te doen, vriendelik behandel en alle moontlike bystand verleen moes word om hulle eertydse werkers so gou moontlik saam met hulle te neem. Wanneer hierdie verarmde swart werkers saam met hulle gesinne na hulle onderskeie bestemmings vertrek het, het hulle genoeg rantsoene vir een tot drie maande ontvang, met die verwagting dat hulle na drie maande weer selfversorgend sou wees. Rantsoene het uit twee lb. (0,9 kg) mielies per dag vir volwassenes, 1,5 lb. (0,675 kg) mielies per dag vir persone onder sestien jaar en een lb. (0,45 kg) sout per persoon bestaan. Indien die swartes geld gehad het, kon hulle die nodige kruideniersware en klerasie by die kampwinkels aankoop. Saad vir die plant van mielies en sorghum, asook grawe en pikke, is voor hulle vertrek kosteloos aan hulle voorsien. Ploeë, indien in voorraad, was teen kosprys minus 50% te koop.[113] Die swartes het met hulle aankoms by hulle woonplekke onmiddellik met die aanlê van tuine begin. Volgens naturellekommissaris Taberer se verslag het die tuine van die swartes in die Heidelbergdistrik buitengewoon groot mielie-, sorghum-, pampoen- en ertappeloeste opgelewer, maar die gebrek aan reën in Januarie 1903 het verdere groei belemmer.[114]

---

[112] TAB, British Bluebooks, Cd 1551, Report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg, 21.02.1903, p. 172.

[113] J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, V*, pp. 43:43-43:44. Ploeger verwys na SNA 44, 1473/02, omsendbriewe L38 (12.07.1902) en 139 (18.07.1902).

[114] TAB, British Bluebooks, Cd 1551, report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg Districts, 21.02.03, p. 175.

Die vooruitsig dat die swartes teen die einde van 1902 selfversorgend sou wees, het teen Desember geblyk wensdenkery te wees. In agt droogtegeteisterde Transvaalse distrikte, met inbegrip van Heidelberg, het voedselvoorsiening aan die swartes daagliks meer problematies geword. In Suid- en Oos-Transvaal en by Rustenburg in die weste was die droogte op sy ergste. De Lotbinière het gevrees dat 'n tekort aan graan vir swartes se gebruik die volgende vyftien maande ernstige afmetings kon aanneem, aangesien "the natives' reserves of pit mealies are all exhausted in the above named districts." Om hierdie probleem die hoof te bied, het De Lotbinière voorgestel dat agt bestaande graandepots, waaronder die een op Heidelberg, gesluit word en dat elf graandepots wat hy as noodsaaklik geag het, onder andere dié op Greylingstad in die Heidelbergdistrik, behou word. Hieraan is uitvoering gegee. Saam met die graandepot in Johannesburg het al hierdie depots op 31 Desember 1902 oor ongeveer 5 200 sakke graan met 'n boekwaarde van £4 888 beskik.[115]

Die hervestiging van die swart vlugtelinge het vinniger verloop as dié van die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg se inwoners. Die swart kamp op Nigel het reeds op 31 Augustus 1902 gesluit terwyl dié op Heidelberg en Klippoortjie op 25 Oktober en dié op Greylingstad op 31 Oktober gevolg het.[116] Die sluiting van die swart konsentrasiekampe op Heidelberg en Klippoortjie op dieselfde datum, wek die indruk dat dit één kamp was. Dokumentêre bewyse bring egter aan die lig dat dié twee kampe inderdaad afsonderlik van mekaar bestaan het.

Taberer het na sy besoek aan die Pretoria- en Heidelbergdistrikte, waartydens hy hom van die lewensomstandighede van die swartes vergewis het, op 21

---

[115] TAB, Secretary Native Affairs, SNA 72, 2500/02, letter G. de Lotbinière to Secretary for Native Affairs Johannesburg, 12.12.1902, pp. 7-9.

[116] *Ibid*., SNA 98, 253/02, Native Refugee Department Transvaal, November 1902.

Februarie 1903 'n verslag die lig laat sien oor 'n aantal aspekte, waarvan die onderstaandes aandag verdien.

Eerstens het die hervestiging van swart vlugtelinge in hierdie twee distrikte volgens hom baie suksesvol verloop. Dit het hy toegeskryf aan die swartes se kenmerkende maklike aanpassing by veranderende omstandighede en in 'n groot mate "to the happy hand to mouth existence which they enjoy."

Tweedens het die swart vlugtelinge wat nadelig deur die oorlog geraak is, volgens Taberer veranderinge in die administrasie verwelkom en op 'n stil, wetsgehoorsame wyse gevestig geraak. Gevolglik het Taberer geen moeilikhede met die swartes voorsien nie, veral omdat die meeste hoofmanne (chiefs) gretig was om die departementele amptenare behulpsaam te wees.

Derdens is die swart vlugtelinge volgens die verslag ontnugter wat betref hulle toekomsverwagtinge. Die volgende aanhaling uit Taberer se verslag verklaar hierdie teleurstelling: "They have readily accepted the change of Government, and the expressed joy with which they welcomed the ultimate success of the British arms was greatly the outcome of a hope that under the just British Government they would be able to do as they pleased, and there would not be the necessity to perform even as little work as they performed under Boer rule. They expected to be given the choice of the conquered Boers' farms and to be allowed to live wherever they pleased, and openly expressed surprise, and in some cases almost indignation, at the British Government allowing the Boers to retain their farms." Hierdie onrealistiese verwagtings van die swartes is gou die nek ingeslaan. Hulle aandeel in die naoorlogse ontwikkeling van die land sou voortaan meer van hulle verg as in die verlede, terwyl die verbetering van hulle lewensomstandighede en status meer voorrang sou geniet. Taberer het tydens sy besoek aan hierdie twee distrikte tot die gevolgtrekking gekom dat die swartes se beleid daarop gemik was "to welcome the British Government and despise the conquered Boers. This was only the usual native practice of jumping down on the

right side of the fence, but I am pleased to say that after a great deal of trouble taken in explaining that not only was there no longer a barbed wire fence, but no fence at all, upon which they could sit and watch, they are gradually grasping the, to them, strange situation, and have accepted the fact that British and Boer are henceforth to live side by side, and unite in one common endeavour to restore the country to its pre-war state, and to work together for its future prosperity, and that they, the natives, have the part to fulfil in these united efforts."

Vierdens, soos in die geval van die oudburgers, is daar ook kompensasie vir verliese wat die swartes tydens die oorlog gely het, toegestaan. Die swartes in hierdie twee distrikte het 'n groot aantal eise by die kantoor van die Naturelle Kommissaris ingedien. Tot met die verskyning van Taberer se verslag is eise teen die leër vir 'n bedrag van £4 733, gesteun deur kwitansies, reeds ingedien. Taberer het onderneem om so gou moontlik, sodra hy die nodige tyd daarvoor kon inruim, hieraan aandag te gee.

Vyfdens het Taberer oor die algemeen oor die goeie gesindheid van die swartes in hierdie twee distrikte gerapporteer dat hulle "... are easily led, and with a strong and respected personality, those in charge of them can do much to guide them in the right path." Terselfdertyd het hy ook erken dat die swartes nie meer werk verrig het as wat nodig was nie. Alhoewel hulle 'n groot mate van onderrig geniet het, het dit nie gedien "to raise them in the social scale." Tog het belowende vooruitsigte bestaan dat, met 'n "sound policy, the material we have to deal with is capable of being moulded into a useful article. The natives of these districts are law-abiding, and serious crimes are not of frequent occurrence."[117]

Met vredesluiting moes die swart soldate in die Britse leër, wat tot die burgers se groot ergenis tydens die oorlog ook in die Heidelbergdistrik aktief was, net soos

[117] TAB, British Bluebooks, Cd 1551, report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg Districts, 21.02,1903, pp. 172-176.

die burgers die wapens neerlê. Die Kommissaris vir Naturelle Sake, Lagden, was van mening dat so 'n wapenneerlegging op 'n vreedsame wyse kon geskied indien slegs die amptenare van sy departement, sonder inmenging van die leër of die polisie, daarby betrokke sou wees.[118]

Taberer het op 1 September 1902 al die swart leiers, "chiefs and headmen", in die Pretoria- en Heidelbergdistrik byeengeroep en die situasie ten opsigte die besit van wapens en ammunisie aan hulle verduidelik. Aangesien die swartes voortaan Britse beskerming sou geniet, was daar geen rede vir hulle om hul wapens te behou nie. Hierop het die opperhoofde en die hoofmanne aan Taberer die versekering gegee dat hulle sou saamwerk en in opdrag van die regering 'n algehele neerlegging van wapens onder hulle mense sou bewerkstellig. Teen 19 September het 'n groot groep swartes reeds daaraan gehoor gegee en teen 29 September het feitlik almal wat wapens besit het, hulle reeds ingegee. Volgens Taberer het die inhandiging van wapens sy verwagtings oortref. Hy het selfs verneem van gevalle waar swart leiers opgetree het teen swartes wat versuim het om aan die opdrag gehoor te gee. 'n Totaal van 3 864 wapens is ingegee, waarvan die subkommissaris op Hammanskraal 2 623 in ontvangs geneem het. Die wapens is teen £6 291-3-0 gewaardeer, waarvan 'n bedrag van £4 055-7-6 uitbetaal is. Die gemiddelde waarde van die gewere het £1-14-0 elk beloop en die swartes was oor die algemeen baie tevrede met die vergoeding wat hulle daarvoor ontvang het. Vanweë hulle verbondenheid aan die plase was die swartes ietwat traag om hulle geld vir die wapens in ontvangs te neem.[119]

In sy verslag van 21 Februarie 1903, na sy besoek aan die distrikte van Pretoria en Heidelberg, het Taberer sy tevredenheid oor die ontneming van die swartes

---

[118] TAB, War Office, 1882, S5/812, memo for the Lieutenant Governor by G.T. Lagden, Commissioner for Native Affairs, Johannesburg, 23.02.1903, p. 5.

[119] *Ibid*., letter H.M. Taberer, Native Commissioner Pretoria and Heidelberg Districts to the Secretary Native Affairs, 28.01.1903, pp. 13-14.

se wapens soos volg uitgespreek: “To have deprived the natives of their guns, at once useless and dangerous to them, was an admirable measure, and the sooner it is done in other parts of South Africa, the more will be assured of general prosperity uninterrupted by threats of rebellion on the part of native tribes, whose limited intellects are not able to grasp what constitutes a *casus belli* or to foresee the consequence of rebellion, but whose minds are turned to an undue estimation of their powers by the idea that the possession of thousands of obsolete and crude weapons constitutes an irresistible power.”[120]

Die uitslag van die Anglo-Boereoorlog in die guns van die Britse regering het die toekomsverwagtinge van die swart bevolking in die subkontinent van Afrika beïnvloed. Veral artikel agt van die Vrede van Vereeniging, dat geen besluit oor die kwessie van die uitbreiding van politieke regte aan swartes geneem sou word alvorens selfregering nie in die voormalige republieke herstel is nie, het ‘n gees van optimisme onder die swart bevolking tot gevolg gehad. Dit het die beveiliging van belange en ‘n progressiewe toename van status en invloed in die Suid-Afrikaanse samelewing ingesluit. Daarby het hulle verwag dat ‘n Britse oorwinning tot meer politieke, opvoedkundige en handelsgeleenthede sou lei. Dit was veral lede van die swart elite wat die leiding geneem en hierdie aspirasies brandend gehou het.[121] Soos reeds aangetoon, is die swartes wreed ontnugter wat betref hulle toekomsverwagtings.

Naoorlogse probleme, soos veral die moeilike bekombaarheid van swart arbeid, het die Heidelbergse blanke plaasboere se dringende aandag vereis. Volgens Taberer se verslag van 21 Februarie 1903 het ongeveer 12 000 swartes op

[120] TAB, British Bluebooks, Cd 1551, report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg Districts, 21.02.1903, pp. 175-176.

[121] Peter Warwick, *Black people and the South African War, 1899-1902*, pp. 163-164.

privaat eiendom in die Heidelbergdistrik gewoon.[122] Hierdie syfer toon dat die Heidelbergse boere oor 'n beperkte hoeveelheid swart arbeid beskik het. *The Heidelberg News,* wat tydens die oorlog geen berig oor die swart konsentrasiekamp op die dorp gepubliseer het nie, het in 'n hoofartikel op 10 Oktober 1902 sy kommer oor hierdie swartes se gesindheid ten opsigte van arbeid soos volg uitgespreek: "The native concentration camps established during the war afforded conditions which, but for rather irksome restrictions, would have been as nearly the ideal of the native's heart as could be. His bread and his water were sure and there was no necessity for him to exert himself. He basked in the sunshine by day and slept none the less soundly by night and his rations were served out with the greatest regularity. But those days are past and yet we find that there are many 'boys' still living the same idleness. Any offer of work they smiled at but refuse ..."[123]

Die skaarste aan swart arbeid kon ook aan die vooroorlogse wetgewing, wat oor die getal toelaatbare swart gesinne op blanke plase gehandel het, toegeskryf word. Die onbeperkte sametrekking van swartes op stukke grond het gevare ingehou en is deur wetgewing aan bande gelê. Nedersettings wat as toevlugsoorde vir diewe en rondlopers gedien het, het nie daartoe gedien om die "habits of industry in the native" te bevorder nie. Om die toeloop van plakkers hok te slaan, het die ZAR wetgewing deurgevoer wat die aantal swart gesinne op blanke plase tot vyf beperk het. Hierdie wetgewing het gou besware by die grondeienaars uitgelok, omdat vyf gesinne se arbeid heeltemal ontoereikend sou wees. Na die oorlog is hierdie wetgewing, ten spyte van 'n toename in plaaswerk as gevolg van die skaarste aan trekdiere, tot groot ergernis van die plaasboere

---

[122] TAB, British Bluebooks, Cd 1551, report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg Districts, 21.02.1903, p. 177.

[123] *The Heidelberg News*, hoofberig, 10.10.1902.

steeds toegepas. Die Britse regering moes van die onpaslikheid van hierdie wet oortuig word sodat die nodige wysigings aangebring kon word.[124]

Die gebrek aan voldoende arbeid het intussen tot gerugte aanleiding gegee dat die invoer van Sjinese arbeiders ernstig oorweeg word. Hiermee kon die “Boeren Vergadering” van 2 Julie 1903 op Heidelberg hulle nie vereenselwig nie. Stemme het hierteen opgegaan en daar is verklaar dat die invoer van Sjinese tot ‘n verhoging van die nieblanke bevolking sou lei. Die vergadering het die mening gehuldig dat die swartes verplig moes word om te werk. Op hierdie wyse het die vergadering dit duidelik aan die regering laat blyk dat arbeid vir die plaasboere sowel as die mynmagnate ‘n absolute vereiste was, en sonder ‘n wet om die swarte tot arbeid te verplig, kon daar geen voorspoed in die land bestaan nie. Die vergadering het hierdie kwessie as so belangrik geag dat hulle die regering versoek het om die invoer van Sjinese arbeiders vir die myne uit te stel. Sodra verteenwoordigende bestuur ingestel is, sou die inwoners ‘n geleentheid gebied word om self oor so ‘n gewigtige saak te besluit. Uit hierdie optrede het dit duidelik geblyk dat hulle hul nie in hierdie opsig deur enige instansie of deur persone wat nie die behoeftes van die land verstaan het nie, sou laat lei nie.[125]

In Heidelbergdistrik het die tekort aan arbeid na die oorlog ernstige afmetings aangeneem. In ‘n onderhoud met die *Natal Mercury* in September 1903 het H.P.F.Jansen van Rensburg, lid van die Wetgewende Raad, die erns van die probleem onder die aandag van die lesers gebring deur te verklaar dat “...we have absolutely no labour to work the farms,...” Terselfdertyd het hy verwys na die swartes wat na die uitbetaling van hulle eise te onafhanklik geraak het en nie

---

[124] *Ibid*., hoofberig, 31.10.1902.

[125] TAB, Leydsargief 200(3), *Transvaal Leader*, “Heidelberg Meeting”, 03.07.1903, native labour, p. 5; Leydsargief 209(1), The South African Press Bureau, “The great Boer meeting at Heidelberg.”

meer geneë was om werk te verrig nie.[126] *The Heidelberg News* het vyf maande na die vredesluiting in sy hoofberig die volgende kommentaar oor hierdie tendens gelewer: “A good many natives received such high pay in military service during the war that it is quite possible, though not very likely, that a number of them saved enough money to live in idleness for a few months after the declaration of peace.”[127] Warwick wys daarop dat van die swartes ‘n aantal jare na die oorlog as finansieel onafhanklik kon voortbestaan.[128] Van Rensburg se gevolgtrekking dat “it is in the interest of the farmer that the labour question should be settled” is dus heeltemal begryplik.[129]

Die invoer van Sjinese arbeiders om in die myne te werk, het wel die goedkeuring van sommige Heidelbergers, onder wie Van Rensburg, weggedra. Oud-veggeneraal P.R. Viljoen, eens mynkommissaris op Heidelberg, kon hom nie hiermee versoen nie en het ‘n brief oor die aangeleentheid aan die redakteur van *De Volkstem* gerig. Viljoen, wat die belange van die blanke bevolking vooropgestel het, het die redenasie dat die swartes deur die indiensneming van Sjinese op die myne gedwing sou word om vir die plaasboere te werk, weerspreek. Uit ondervinding het die blanke in Suid-Afrika geweet dat niks en niemand die swartes kon dwing om te werk nie. Daarby het die Afrikaner geweet dat die swarte met al sy vroue nie nodig gehad het om die hand uit die mou te steek nie tensy hy daartoe gedwing word deur hom vir die huur van sy woonplek te laat betaal. In teenstelling met die Boere, het die swartes onmiddellik na die oorlog kompensasie ontvang. Dit het die toestand verander. Voortaan moes die Boer “voor hen werken door hunne landerye om te ploegen, ten einde wat geld te

---

126 TAB, Leydsargief 202(4), 1903/1904, *Natal Mercury*, “A plain talk with Mr. H.P. van Rensburg, M.L.C.”, 04.09.1903, p. 3.

127 *The Heidelberg News*, hoofberig, 10.10.1902.

128 Peter Warwick, *Black people and the South African War, 1899-1902*, p. 167.

129 TAB, Leydsargief 202(4), 1903/1904, *Natal Mercury*, “A plain talk with Mr. H.P. van Rensburg, M.L.C.”, 04.09.1903, p. 3.

verdienen voor de levensbehoeften van een gezin dat nagenoeg van gebrekt krepeert." As die swarte sy £2 per vrou betaal het, waarvoor hy twee sakke mielies verkoop het, en ook nog 'n paar komberse aangeskaf het, kon hy sonder om te werk 'n jaar sonder enige sorge voortbestaan. Viljoen het by sy sienswyse volstaan dat die invoer van ander arbeiders nie die swarte tot vrywillige werk sou dwing nie.[130]

Die burgers van die voormalige republieke het na die oorlog in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer. Polities gesproke was hulle magteloos. Toe die Politieke Sekretaris in 'n stadium wou weet waarom die burgers nie 'n sienswyse oor die kwessie van Sjinese arbeiders uitgespreek het toe hulle gevra is om dit te doen nie, het Viljoen soos volg gereageer: Die burgers het streng by die bepalings van Vereeniging gehou deur hulle kans tot met die toekenning van selfbestuur af te wag. Daarna sou hulle met hulle volksverteenwoordigers samesprekings voer. In hierdie stadium kon hulle in die allerdringendste gevalle slegs protesteer, aangesien hulle oor geen stem in die landsregering beskik het nie.[131]

Ten spyte van alle besware is daar in 1904 met die invoer van Sjinese arbeiders begin. Hulle getalle het toegeneem en teen Januarie 1907 was daar 57 828 Sjinese arbeiders in die myne werksaam. Hullle was kontraktueel verplig om vir drie jaar ongeskoolde arbeid in die myne te verrig en die kontrakte kon verleng word. Die openbare mening plaaslik en in die buiteland het egter daartoe bygedra dat die dienskontrakte nie hernieu is nie. Daarby het swak oeste in die swart tuislande tot 'n grootskaalse terugkeer van swart werkers na die goudmyne gelei. Na die toekenning van selfbestuur aan die Transvaalkolonie in 1906 is

---

[130] TAB, Leydsargief 203(3), 1903/1904, *De Volkstem*, brief P.R. Viljoen aan redakteur van genoemde koerant, 21.02.1904, pp. 1-2.

[131] *Ibid*., p. 2.

daar in Julie 1907 met die repatriasie van Sjinese arbeiders begin en in 1910 was slegs 305 van hulle nog in die goudmyne werksaam.[132]

Die algemene blanke opvatting tydens die vergadering op Heidelberg in Julie 1903 was dat Suid-Afrika "should be kept a white man's land." Die snel veranderde toestande het egter weldra bewys dat daardie sienswyse nie die toets van die tyd deurstaan het nie. Heidelbergdistrik se belangrikste naoorlogse ekonomiese aktiwiteit op arbeidsgebied was die landbou. In teenstelling met die goudmynbedryf op Nigel, wat werk aan 'n beperkte aantal swartes gebied het, het die landboubedryf 'n groot tekort aan swart arbeiders ondervind. Generaal Louis Botha het die belangrikheid van arbeid vir die mynbou ingesien en saamgestem dat die myne in hierdie opsig gehelp moes word. Gevolglik was hy ten gunste van wetgewing "which deal effectually with the natives we have in such numbers in this country before importing Chinese. Even if the Chinese worked the mines and left the natives to the farmers, they would not be much good to them unless the laws were good."[133]

Hieruit blyk dit dat die blanke gemeenskap, en veral die Afrikaner, ten opsigte van die kwessie van werkverskaffing eerder die swartes se ekonomiese belange deur wetgewing sou beskerm as om die invoer van Sjinese werkers om ongeskoolde arbeid te verrig, goed te keur. So 'n sienswyse is dan ook begryplik, omdat baie van die Heidelbergse plaasboere en die swartes van kindsbeen af naas mekaar op die plase bestaan het.

Blank en swart het baie in hierdie uitputtende oorlog verloor. Die burgers het die einde van twee vrye Republieke en die verlies van hulle kosbare onafhanklikheid beleef. Die swartes, aan die ander kant, is wreed ontnugter wat betref hulle verwagtinge. Onder andere sou die verkryging van grond en die toekenning van

---

[132] A.L. Müller (red.), *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika*, p. 215.

[133] *The Heidelberg News*, "The Dutch Meeting", 03.07.1903.

stemreg bykans ‘n honderd jaar sloer. Die blanke en swart konsentrasiekampe op Heidelberg, sowel as die drie swart kampe in die distrik, het hulle offers in die vryheidstryd gebring. Die geestelike letsels wat siekte, lyding, dood en armoede in die konsentrasiekampe op hulle gelaat is, het nog lank na oorlog voortbestaan. Die burgers wat oor die nodige geesteskrag beskik het, het binne ‘n redelike tyd na die toekenning van selfbestuur in 1906/1907 hierdie terugslae verwerk, bokant hulle armoedige bestaan uitgestyg en in 1961 staatkundige vervulling met republiekwording bereik. Die verwesenliking van die swartes se politeke ideale sou langer duur – dit het eers in 1994 gebeur.

# HOOFSTUK 7

## DIE EINDE

Op 31 Mei 1902 het vrede uiteindelik aangebreek. Alhoewel vele kampinwoners deur die oorlog verarm is, moes die vooruitsigte om na ‘n verblyf van verskeie maande huis toe te kon terugkeer, verkieslik bo die eentonige daaglikse bestaan in die konsentrasiekamp gewees het. Ander se vooruitsigte was allesbehalwe rooskleurig. Vooroorlogse bywoners op vooruitstrewende boere se plase kon nie daarheen terugkeer nie. Verarming het sy tol ook onder hierdie boere geëis en hulle kon nie die bywoners huisves of hulle dienste bekostig nie. Selfs van die dorpenaars wat in hierdie tydperk in die kamp gehuisves was, het die toekoms met groot kommer tegemoet gegaan. Verarm, werkloos en as onopgeleide werkers het hulle die kamp verlaat met geen vooruitsigte op enige verdienste nie.

Die Britse bewindhebbers het voor ‘n magdom probleme te staan gekom waarvoor daar vinnig oplossings gevind moes word. Al die kampinwoners en die teruggekeerde burgers moes hervestig word in ‘n gebied wat deur die oorlog in ‘n wildernis omskep is. Soos reeds vermeld, het Heidelbergdorp en sy onmiddellike omgewing hierdie verwoesting grootliks vrygespring, maar in die distrik het die Britse troepe ‘n spoor van ongekende vernieling agtergelaat. Min plase het hierdie verwoesting vrygespring. Murasies van verwoeste plaashuise was tekenend van die Transvaalse en Vrystaatse landskap. Karkasse van veestapels wat die Britse troepe uitgeroei het, was geen vreemde verskynsel op die verwoeste plase nie. Hierdie optrede van die Britse troepe het talle Boeregesinne verarm gelaat. Die Britse regering het hom moreel verplig gevoel om na afloop van die oorlog ‘n helpende hand na die verslane Boere uit te steek deur hulle ekonomies weer op te hef.

Aan die begin van 1902 het Milner reeds ‘n hervestigingsprogram van stapel gestuur. Inligting oor alle krygsgevangenes en kampbewoners is versamel. ‘n

Register oor elkeen se distrik en die aard, waarde en toestand van sy eiendom, hulp wat hy wou ontvang, sy familie en sy gesindheid teenoor die Britse owerhede is saamgestel. Die algemene behoeftes van die distrikte ten opsigte van voorrade, implemente en boumateriaal, asook beskikbare bronne, is oorweeg en ondersoek. Teen April was alles gereed om die hervestiging op 'n vinnige maar ordelike wyse in die komende winter deur te voer. Met die aanbreek van die lente moes 'n aansienlike hoeveelheid mense reeds op plase gevestig wees. Terselfdertyd het die vooruitsigte vir die vermindering van die Boere se weerstand tot 'n klein beperkte gebied bestaan, indien dit nie reeds heeltemal onderdruk is nie.[1]

Artikel 10 van die vredesverdrag het die aanstelling van plaaslike kommissies in elke distrik, onder voorsitterskap van 'n magistraat of "anderen ambtenaar", in die vooruitsig gestel om met die hervestiging van die kampbevolking en teruggekeerde krygsgevangenes asook die voorsiening van lewensmiddele aan diegene, "die wegens oorlogsverliezen niet in staat zijn zichzelven te voorzien van voedsel...", behulpsaam te wees. Hiervoor het die Britse regering 'n fonds van £3 000 000 beskikbaar gestel.[2] Kort na vredesluiting het so 'n plaaslike of distrikskommissie op Heidelberg tot stand gekom. Dit het bestaan uit: F.L. Aitchinson (voorsitter), A. Brink, kolonel Fair SAC, J. Pagan en F.D.J. Wepener. Die taak van hierdie kommissie was om aandag aan die plaaslike administrasie van die fonds ten opsigte van die terugkeer van boere na hulle plase en vorige beroepe te verleen.[3]

Op 21 Junie 1902 het Patrick Duncan van die Tesourie in Pretoria instruksies in verband met hervestiging aan alle plaaslike kommissarisse uitgereik. Op 26 Julie

---

[1] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI*, p. 38.

[2] J.D. Kestell en D.E. van Velden, *De vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika*, p. 136.

[3] *The Heidelberg News*, "Local and general", 11.07.1902.

het die "Repatriation Staff" by sy hoofkantoor in Pretoria die uitvoering van hierdie instruksies aan superintendent Allison versend. Om die hervestiging organisatories te vergemaklik, is daar tot die byvoeging van plaaslike depots by die konsentrasiekampe oorgegaan. So 'n depot sou dien as hoofkwartier vir alle vervoer wat benodig word en ook as die plek waar alle noodsaaklike voorrade soos saad en implemente, asook rantsoene voor uitreiking, geberg word. Op Heidelberg het hierdie depot onder die beheer van superintendent Allison geval, maar die werk daaraan verbonde sou deur assistent-superintendent R.G. Culverwell uitgevoer word. 'n Personeelkorps, bestaande uit beamptes vir vervoer, opsigters vir voorrade, en klerke, sou Culverwell in die uitvoering hiervan bystaan. Slegs die plaaslike kommissie kon die bevel vir die uitreiking van voorrade gee. Dit sou nie op die eerste maand se rantsoene betrekking hê nie, aangesien die kampstoor die verskaffing van voorrade aan die terugkerendes sou behartig.[4]

'n Aantal belangrike instruksies is uitgereik om die hervestiging van die kampinwoners so vlot moontlik te laat verloop. Ten opsigte van burgers wat oor plase beskik het, het die volgende gegeld: Eerstens moes alle burgers wat hulle eie vervoer reël, eers van beddens, gereedskap en 'n maand se voorrade uit die kampstoor voorsien word voordat hulle kon vertrek. Met hulle vertrek sou elke gesinshoof 'n kaart ontvang waarop sy naam en die name van sy gesin asook sy blanke afhanklikes (familielede en vriende wie se eggenotes en broers nog nie teruggekeer het nie) verskyn, geteken deur superintendent Allison, met die datum waarop die voorrade uitgereik is. Nadat 'n maand verstryk het, of gouer indien prakties moontlik, moes die gesinshoof die kaart aan die Distrikskommissie voorlê, waarna hy geregtig sou wees om op hulle bevel

---

[4] TAB, FK 959, CO 291/39, volume 5, 1902, instructions to superintendents of Burgher Camps, 26.07.1902, pp. 598-599.

goedere of ‘n deel daarvan by die plaaslike depot te trek.[5] Tweedens sou families wat in die kamp agterbly van voorrade uit die kampstoor voorsien word. Die plaaslike kommissie sou so gou moontlik uitsluitsel oor noodsaaklike benodigdhede gee alvorens die families na hul plase kon terugkeer. Hierdie toerusting moes dan so spoedig moontlik deur die plaaslike depot uitgereik word. Derdens moes gesinshoofde aangemoedig word om ‘n maand se voorrade te neem en eers alleen na hulle plase te vertrek. Die doel hiermee was om kennis oor die toestande op die plase te bekom en dan na hulle gesinne terug te keer.[6] Op 18 Julie 1902 het *The Heidelberg News* gerapporteer dat talle van die Heidelbergse kampinwoners eers hulle plase besoek het. Hulle het met droewige verslae oor die verskriklike verwoesting wat hulle huise getref het, teruggekeer. Mismoedig en onseker oor die toekoms en dringend op soek na middele, het hulle nie geweet hoe om die lewe opnuut aan te pak nie. Die koerant beskryf die heersende pessimisme soos volg: “And so they are standing waiting with eyes shut and open mouths ‘to see what the King will send them’“.[7] Hierdie opmerking is beslis ‘n veralgemening. A.P.J. van Rensburg beskryf die herstel van die Afrikaner: “Sonder die aalmoese van die veroweraar het ‘n volk uit sy eie geesteskrag opgestaan. Met die bewussyn van hul eie krag sou die Bittereinders die herrysenis verseker en in hierdie proses ook die renegaat tot selfstandige herstel inspireer.”[8]

---

[5] *Ibid*., p. 598; F.M. von N. Hansenversameling, Naboomspruit, rantsoenkaart uitgereik deur Burgher Camps Department aan G.F. Honiball op 02.07.1902 en kwitansies vir die verskaffing van voorrade tot 19.03.1903.

[6] TAB, FK 959, CO 291/39, volume 5, 1902, instructions to superintendents of Burgher Camps, 26.07.1902, p. 598.

[7] *The Heidelberg News*, “Local and general”, 18.07.1902.

[8] A.P.J. van Rensburg, “Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907”, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, II, 1967,* p. 334.

Op burgers wat nie plase besit het nie, was die volgende instruksies van toepassing: Eerstens moes diegene wat vooruitsigte van werk op ‘n ander se plaas of ‘n ander betrekking gehad het, dieselfde behandeling as die plaasbesitters ontvang. Op hierdie wyse sou die plaaslike kommissies slegs aan die uitreiking van noodsaaklike benodigdhede ten opsigte van elkeen se toekomstige posisie magtiging verleen. Tweedens kon dié burgers wat geen vooruitsigte op werk gehad het nie, tot verdere kennisgewing in die kamp gehou word. Hierdie burgers was onder geen verpligting nie. Indien hulle die kamp wou verlaat, moes hulle ‘n maand se rantsoene ontvang.[9]

Aan gesinne wat in ‘n konsentrasiekamp gewoon het, is daar ook toegewings gemaak. Eerstens*,* diegene aan wie nie genoeg beskerming met die herstel van hulle woonhuise verleen kon word nie, moes in die kamp bly in afwagting van verdere rantsoene. Tweedens*,* vroue en gesinne wat die gesinshoof op kommando gevolg en na oorgawe in Mei 1902 ‘n blyplek in die kamp gevind of direk plaas toe vertrek het, moes mee gehandel en gerantsoeneer word asof hulle inwoners van die kamp was. Derdens*,* kampinwoners wat die kamp wou verlaat en met hulle families ‘n tuiste op die dorp vind, moes ‘n maand se rantsoene ontvang. Met hulle moes gehandel word asof hulle plaas toe vertrek het, maar hulle moes nie van ‘n tent voorsien word nie. Hierdie groep sou geen verdere bystand in die vorm van rantsoene ontvang nie. Vierdens*,* enige burger wat met sy gesin dorp of plaas toe vertrek en graag van sy familielede of vriende wie se eggenotes en broers nog in krygsgevangeskap verkeer, wou saamneem, kon dit sonder enige besware doen. Aan hierdie mense moes, soos aan sy gesin, ook rantsoene uitgereik word. Vyfdens*,* burgers wat oorgegee het en na hulle plase wou vertrek terwyl hulle gesinne in die dorp woonagtig was, kon saam met hulle gesinne vir ‘n maand gerantsoeneer word asof laasgenoemde

[9] TAB, FK 959, CO 291/39, volume 5, 1902, instructions to superintendents of Burgher Camps, 26.07.1902, p. 598.

steeds in die kamp woonagtig was.[10] Hierdie reëling het vir die plaasboere gegeld wat met hulle terugkeer van die front af bevind het dat hulle plaashuise totaal verwoes is.

Van die plaasboere wat teruggekeer het, het huise op Heidelberg besit wat reeds ‘n geruime tyd deur ander inwoners bewoon was. Aan hierdie mense het hulle kennis gegee om dit so gou moontlik te ontruim. Hierdie optrede was nie die gevolg van haatdraendheid nie, maar bloot omdat die verwoeste plaashuise nie aan hulle gesinne huisvesting kon bied nie. Gevolglik het hulle hul dorpshuise vir die verblyf van hulle gesinne benodig totdat hulle plaashuise herbou is.[11]

Vandat die hervestiging van die kampbewoners begin is, het groot groepe die konsentrasiekamp op Heidelberg elke maand verlaat en na hulle plase vertrek. Allison rapporteer in die maandverslag van Julie 1902 dat 239 gesinne, bestaande uit 290 mans, 282 vroue en 357 kinders, die kamp verlaat het. Die korrektheid van Allison se syfers word betwyfel, omrede 239 gesinne nie uit ongeveer een kind elk kon bestaan het nie. By verlating het elke gesin, soos wat die instruksies bepaal het, ‘n maand se rantsoene en ‘n tent ontvang. Alhoewel Allison nie weer hiervan melding maak nie, kan daar aanvaar word dat alle kampverlaters daarna dieselfde rantsoene ontvang het.[12]

Met die ondertekening van die vredesverdrag 31 Mei 1902 was daar ‘n totaal van 1 925 inwoners in die kamp op Heidelberg. Die inwonertal van die kamp het op 1 Junie en 1 Julie onderskeidelik op 2 230 en 2 274 te staan gekom. Hierdie styging is te wyte aan 501 nuwelinge wat in dieselfde tydperk ‘n heenkome in die kamp gevind het. In Junie het 148 persone uit ‘n getal van 2 230 plaas toe

---

[10] *Ibid*., pp. 598-599.

[11] *The Heidelberg News*, “Out in the cold street”, 11.07.1902.

[12] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, July 1902, p. 2.

vertrek, wat 6,64% van die totale inwonertal verteenwoordig het. Hierdie groep het op plase naby aan die dorp gewoon. Aan die begin van Julie het daar ‘n drastiese vermindering van getalle in die kamp plaasgevind. Die hoogste getal van 966 persone uit ‘n totaal van 2 274, gelykstaande aan 42,48% van die kampinwoners, het in die loop van die maand vertrek. ‘n Studie van die maandelikse statistieke tussen Augustus en November toon dat, benewens die groot getalle wat maandeliks vertrek het, 241 nuwe aankomelinge, hoofsaaklik teruggekeerde krygsgevangenes, huisvesting in die kamp gevind het. Terselfdertyd het die inwonertal teen ‘n gemiddeld van 341 siele (41,19%) per maand tot 240 aan die einde van November gedaal. Hierna het geen maandverslae verskyn nie.[13] Dit is ‘n aanduiding dat die kamp aan die einde van November finaal gesluit het.

Die plaasboere in die kamp kon nie meer wag om na hulle plase terug te gaan nie, aangesien die ploeg- en plantseisoen op hande was. Die aantal kampinwoners wat in Augustus 1902 vertrek het, was aansienlik minder as dié in Julie. Vervoer was nie ‘n probleem nie, maar Allison het die skaarste aan voorrade, implemente en boumateriaal vir die herstel van hulle wonings as rede voorgehou. Aangesien dit aan die begin van September begin reën het, het Allison verwag dat ‘n groot aantal die kamp binnekort sou verlaat. Burgers wat reeds huis toe vertrek het, het saad vir die plant van mielies, ertappels, hawermout en tabak, voorsien deur die plaaslike depot, saamgeneem.[14]

Met hulle aankoms op hulle plase het hulle met die werklikhede van die pas afgelope oorlog kennis gemaak. *The Times history* beskryf dit soos volg: “On arrival at the homestead the goods were dumped down, the repatriation wagons

---

[13] TAB, DBC 11, 13, 14, monthly statistics and reports on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, June – November 1902.

[14] TAB, DBC 11, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, August 1902, p. 2.

lumbered away for their next job, and the family found themselves alone with the heap of ruins which represented their old home. For the first time the Boers realized the full meaning of the guerilla war, and passed through the depths of despondency when faced with its results."[15] Armoede sou in die eerste maande na hulle hervestiging op die plase kenmerkend van hulle lewensbestaan wees. Daarby het 'n heersende droogte die benarde ekonomiese posisie waarin hulle verkeer het nog verder bemoeilik. Die letsels van die oorlog was teen die middel van 1903 nog nie uitgewis nie, omrede die knellende droogte die boere daarvan weerhou het om met die ploeëry van die landerye te begin. Te midde van hierdie probleme het hulle tog daarin geslaag om hulle woonhuise in so 'n mate te restoureer dat hulle nie meer van die gebruik van tente vir huisvesting afhanklik was nie.[16] Die Afrikaner in 1902 het ten spyte van die greep van "ekonomiese ondergang" waarin hy hom bevind het, geweier om boedel oor te gee. Volgens A.P.J. van Rensburg was sy vasberadenheid om bo sy ellende uit te styg, "by hom allesoorheersend."[17]

In skrille kontras hiermee staan 'n groep kampinwoners wat vier maande na die verstryking van die oorlog steeds in die konsentrasiekampe woonagtig was. Oor hierdie groep mense het die meeste ander kampinwoners geen vleiende gedagtes gekoester nie. Bekend as bywoners, het hulle voor die oorlog as nie-grondbesitters op gegoede Boere se plase 'n bestaan gemaak. Hulle onpatriotiese optrede tydens die oorlog deur die wapen neer te lê, het hulle die argwaan van die meeste kampinwoners op die hals gehaal. Dit is geen wonder

[15] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI*, p. 51.

[16] S.J. Esterhuizen, "Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910", ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1965, pp. 93, 96.

[17] A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie" in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, II, 1967*, p. 333.

dat talle plaasboere na vredesluiting ”showed a marked reluctance to take back their former quota of *bywoners”.*[18]

Dit is asof Allison in sy maandverslag van Oktober 1902 nie met die werklikheid tred gehou nie. Hy was onder die indruk dat ‘n skaarste aan voorrade die rede was waarom hierdie mense nog nie vertrek het nie. Hy was van mening dat voorrade hulle in staat sou stel om na enige van die plaasboere te vertrek wat hulle met ope arms op sy grond sou verwelkom. Die plaaslike depot het egter wel voldoende voorrade gehad, maar hierdie mense se gebrek aan fondse en sekuriteit het hulle kanse op hervestiging vertraag. Oor hierdie bywoners se hervestiging teen die einde van November het Allison geen illusies gekoester nie. As dit nie spoedig plaasvind nie, sou hulle min of geen kans hê om enige gewasse aan te plant en sodoende selfonderhoudend te word nie.[19]

Deur bemiddeling van majoor E.H.M. Leggett is daar pogings aangewend om vir hierdie mense werk te vind. Sommige het werk op die spoorweë gevind, maar die meeste van hierdie hulpbehoewendes het plaaswerk verkies. Leggett het hierdie groep in twee verdeel, naamlik die “deserving class” en die “doubtful class.” Laasgenoemde het hy bestempel as “apparently lazy, and satisfied to remain in the Burgher Camp long as they are fed by the Government.” ‘n Engelstalige koerant, *The Transvaal Leader,* kon geen gunstige kommentaar oor hierdie groep lewer nie en het oor hulle berig: “Life in the concentration camp is one prolonged loaf – an ideal state of existence to a ‘bywoner’. To them the concentration camp is a palace of plenty.”[20]

---

[18] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI*, p. 54.

[19] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, October 1902, p. 2.

[20] Aangehaal in A.M. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 349. Grundlingh verwys na CT 290/522, Leggett – Duncan, 11.10.1902 en *The Transvaal Leader*, 11.10.1902.

Om hierdie probleem die hoof te bied, het Leggett 'n beroep op die meer gegoede National Scouts gedoen om vir hierdie mense grond te vind. Ook het hy vyf "farmers' associations" gestig, waaronder die Vaal River Farmers' Association, (geleë tussen Heidelberg en Standerton). Om die werk te vergemaklik, is Leggett in Oktober 1902 as die Direkteur van "Burgher Land Settlement" en in November as die Direkteur van die "Transvaal Burgher Camps" aangestel. Met die aanbreek van 1903 het Leggett daarin geslaag om ongeveer 3 000 van hierdie mense te vestig.[21] Allison noem in sy maandverslag van November 1902 dat talle gesinne op die punt gestaan het om na plase wat deur Land Settlement Board voorsien is, te vertrek.[22]

Die verdere geskiedenis van die Burgher Land Settlement was allesbehalwe rooskleurig. As 'n privaat onderneming is dit deur die swak beheer en soms oneerlike optrede van sy lede en werknemers gekenmerk. Hierdie aangeleentheid kan aan die einde van die dag slegs as 'n eksperiment bestempel word. Die waarde van hierdie organisasie lê egter daarin dat "the experiment solved the immediate difficulty of disposing of the *bywoners* who were not wanted by other farmers."[23]

Te midde van al die woelinge het die Boerevrou gestaan, wat ontberings moes deurmaak en voortgaan om haar taak as hoof van 'n gesin in die plek van 'n afwesige vader te verrig. Tereg kan die vraag gevra word: Watter plek moet aan die vrou en meer bepaald die vrou op Heidelberg toegeken word? Die posisie

---

[21] *Ibid*., p. 349; L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI*, p. 55.

[22] TAB, DBC 13, monthly report on Burgher Camp Heidelberg by A.A. Allison, November 1902, p. 2.

[23] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, VI*, pp. 55-56.

van die Heidelbergse vrou tydens die konsentrasiekamptydperk verskil nie van dié van vroue in ander kampe nie. Dieselfde lot wat vroue in ander kampe getref het, het sy ook verduur. Talle vroue uit Heidelberg het tyd in konsentrasiekampe, onder andere by Howick en Merebank in Natal en by Kroonstad in die Vrystaat deurgebring. Alhoewel die sterftesyfer in die Heidelbergse konsentrasiekamp heelwat laer as dié in ander kampe was, moes die Heidelbergse vrou net soos talle ander vroue die dood van haar geliefdes op die slagveld en haar kinders in die konsentrasiekamp verwerk.

Dit was veral die vroue en kinders wat gely het. Die sterftesyfer wat ds. A.J. Louw van Heidelberg tydens die onthulling van die Vrouemonument in Bloemfontein op 16 Desember 1913 bekend gemaak het, het dit weerspieël. Die statistieke is uit inligting wat kerkrade, die hoofkomitee van Het Volk-party onder leiding van genl. Louis Botha, veldkornette, die Rooikruis en P.A. Goldman as statistikus versamel het, saamgestel. In 45 konsentrasiekampe het die sterftesyfer op 27 800 te staan gekom. Die ontslapenes het bestaan uit 3 288 getroude vroue, 825 meisies bo sestien jaar, 209 seuns bo sestien jaar, 22 057 kinders onder sestien jaar en 1 421 bejaarde mans. Hierteenoor het die sterftesyfer onder die burgers op kommando en in die krygsgevangenekampe op 6 189, wat 17,19% van die totale Boere-sterftesyfer verteenwoordig het, te staan gekom. 3 990 het op die slagveld gesneuwel en aan wonde beswyk, 1 081 is op kommando aan siekte of ongelukke oorlede en daar was 1 118 sterfgevalle in krygsgevangenekampe. Hierby moet ook nog ongeveer 2 000 burgers bygereken word wat van ontberings in die veld omgekom het. Volgens ds. Louw is die totale sterftesyfer aan Boerekant aan die einde van die oorlog op 35 989 vasgestel.[24] Heidelberg se bydrae tot die sterftesyfer het 506 getel. Dit het uit 122 manlike burgers op kommando en in krygsgevangekampe (24,11%)[25] en 384 vroue en kinders in die konsentrasiekamp (75, 88%) bestaan. Indien verdere berekeninge

---

[24] E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, pp. 245-247.

[25] Ian Uys, *Fight to the bitter end*, pp. 198-201.

gemaak word, blyk dit dat die Heidelbergse sterftesyfer slegs 1,41% van die totale landswye Boere-sterftesyfer beloop het. Ten spyte daarvan dat hierdie syfer die indruk skep dat dit met die Heidelbergers tydens die oorlog goed gegaan het, toon die daaglikse sterftes in die konsentrasiekamp dat die vroue die smarte van die oorlog in al sy naaktheid ervaar het.

‘n Groot persentasie Afrikaanssprekendes het vir ‘n geruime tyd na afloop van die Anglo-Boereoorlog intuïtief ‘n negatiewe konnotasie aan die woord “konsentrasiekamp” geheg. Na die oorlog het subjektiewe beoordeling van die kamplewe ‘n verwronge beeld van sowel die lewenswyse as die lotgevalle van die inwoners van die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe tot gevolg gehad. Van die kritiek wat gevolg het, was geregverdig. Objektiewe geskiedskrywing het gevolglik nie tot sy reg gekom nie, omdat baie van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywers merendeels die negatiewe aspekte van die kamplewe uitgelig het en die positiewe agterweë gelaat het.

Nuwe inligting oor die konsentrasiekampe wat deur navorsing aan die lig gebring is, het geskiedskrywers verplig om wanvoorstellings oor die kamplewe uit ‘n meer objektiewe oogpunt te beskou en in die regte konteks te plaas. Volgens die Britse kamp- en mediese verslae oor die daaglikse bestaan in die konsentrasiekamp op Heidelberg het die kampinwoners in ‘n betreklike goeie posisie verkeer. Dit was aan verskeie faktore te danke, onder meer genoegsame huisvesting, mediese geriewe, sanitêre dienste, gereelde voedselrantsoene en die kampowerhede se menslikheid. Hierdie inligting het die skrywer dan ook in staat gestel om ‘n onderskeid tussen “goeie” en “swak” konsentrasiekampe te maak en Heidelberg se kamp as ‘n “goeie” kamp te bestempel.

Geskiedskrywing oor die onreg wat in die konsentrasiekampe teenoor die Boerevroue en kinders gepleeg is, was grootliks op die emosionele gerig. Veral J.C. Otto het hom in sy werk, *Die Konsentrasiekampe,* daaraan skuldig gemaak deur die leser op ‘n chauvinistiese wyse tot sy standpunt te probeer oorhaal.

Sulke geskiedskrywing, wat soms met onaanvaarbare vertolkings gepaard gaan, skep by lesers nie slegs wanvoorstellings nie, maar ook twyfel oor die werklike toestande in die konsentrasiekampe.

Die steeds subjektiewe of eensydige beoordeling van hierdie hoogs emosionele onderwerp na 'n honderd jaar het veroorsaak dat talle goeie aspekte van die konsentrasiekampe nog nie aan die lig gebring is nie. Die kampinwoners is wel aan 'n dodelik eentonige roetine met min vooruitsigte op iets opwindend onderwerp, maar daar moenie uit die oog verloor word dat die daaglikse bestaan in die konsentrasiekampe nie net om siekte en dood gewentel het nie. So 'n eensydige beskouing, wat slegs die ellendige bestaan van die kampinwoners beklemtoon, kan veroorsaak dat die slagoffers verkeerdelik tot helde verhef word. Die volgehoue onwilligheid in Afrikanergeledere om die nodige erkenning aan die Britse kampowerhede se goed bedoelde optrede te verleen, laat selfs die vraag ontstaan of konsentrasiekampe se werklike verhaal al ooit op objektiewe wyse vertel is.

Navorsing oor die bestaan van die Heidelbergse konsentrasiekamp het getoon dat goeie samewerking tussen die meeste van die kampinwoners en die kampowerhede dit ten doel gehad het om die algemene welsyn te bevorder. Veral onderwys het aandag geniet. Honderde kampkinders en 'n groot aantal volwassenes het daarby gebaat. Die grondslae vir toekomstige gestruktureerde laer, middelbare en tersiêre onderwys is gelê. Terselfdertyd is die moreel van die kampinwoners verhoog deur die verskaffing van mediese dienste, instel van effektiewe sanitêre maatreëls, bevordering van selfwerksaamheid en versorging van armes.

Dit blyk verder uit die navorsing oor die konsentrasiekampe dat 'n unieke situasie ontstaan het. Eerstens is dit foutief om die konsentrasiekampe as gevangenisse te tipeer waar geen vryheid van beweging bestaan het nie. So 'n aanname neem nie die volle waarheid in ag nie. Volgens dr. Iain Smith was geen

konsentrasiekamp tot diep in 1901 omhein nie. Omheining van die kampe wat hierna plaasgevind het, het ten doel gehad om eerder die Boerekommando's en Britse soldate uit die kamp te hou as om die kampinwoners se vryheid van beweging aan bande te lê.[26] In Heidelberg se geval was daar nie 'n doringdraadheining om die konsentrasiekamp nie. Daar was geen beperking op die beweging van enige kampinwoners nie, met inbegrip van die wapenneerlêers of hensoppers, wat vrywillig saam met hulle gesinne 'n toevlug in die konsentrasiekamp gevind het. Alle kampinwoners kon die dorp twee keer per week besoek en terselfdertyd by familie of vriende kuier. In 1902 het hulle toestemming verkry om op Sondae eredienste in hulle eie gemeentes op die dorp by te woon.

Tweedens, volgens Smith word daar ook gefouteer om sowel die kampadministrasie as die Britse militêre as 'n monolitiese geheel te tipeer.[27] Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* beskryf "monolities" as "...'n massiewe, ongedifferensieerde geheel..., wat 'n soliede uniformiteit vertoon sonder verskeidenheid."[28] Smith stel dit onomwonde dat daar van so 'n uniformiteit in die stelsel van konsentrasiekampe in Suid-Afrika nie sprake was nie, aangesien 'n deurlopende konflik tussen die kampadministrasie en die militêre die verkryging van voorrade vir die kampe bemoeilik het. Die militêre wat besig was om 'n oorlog te veg, kon nie aan die vergeefse versoeke van die kampadministrasie voldoen om die nodige voorrade te verskaf nie. Volgens Smith moet in gedagte gehou word dat lord Kitchener, lord Roberts se opvolger as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, hoegenaamd nie in die afloop van die "skoonmaak van plase" belanggestel het nie. Kitchener was eerder verlig toe die burgerlike administrasie die beheer van die kampe

[26] Brief dr. Iain Smith, Universiteit van Warwick, aan skrywer, 01.05.2007.

[27] *Ibid*.

[28] F.F. Odendaal (red.), *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, p. 676.

oorgeneem en die toestande gou 'n verbetering getoon het.[29] Heidelberg konsentrasiekamp het hierdie verbeteringe ervaar. Teen Januarie 1902 het verbeterde voedselvoorrade en mediese geriewe 'n redelike gelukkige kampgemeenskap tot gevolg gehad.

Derdens bestaan die indruk dat ontoereikende mediese en gesondheidsdienste in die konsentrasiekampe tot buitengewone hoë sterftesyfers aanleiding gegee het. Primitiewe mediese dienste en veral die kampinwoners se gebruik van Boererate het die Britse medici in die kampe egter erg gefrustreer en dit was die Boerevroue se onoordeelkundige gebruik daarvan en hulle wantroue in die Britse medici se geneeswyse wat die sterftesyfer die hoogte laat inskiet het. Die mediese offisiere in die konsentrasiekamp op Heidelberg het alles in hulle vermoë gedoen om hierdie wantroue af te breek. Die liggaamlike welsyn van die kampinwoners is as 'n prioriteit beskou. Goeie hospitaalversorging tydens siektes, beter en meer voedselrantsoene en kindervoeding het spoedig goeie resultate getoon. Dit is dus verstaanbaar dat hierdie konsentrasiekamp se sterftesyfer in die een en twintig maande van sy bestaan relatief laag was.

Vierdens is dit nie algemeen bekend dat sommige burgers in die konsentrasiekampe pro-Brits gesind was nie. Die pro-Britse gesindheid van veral 'n groot aantal Heidelbergse kampinwoners, hendsoppergesinne, het tot meer humanitêre optrede deur die kampowerhede op die dorp gelei. Kampsuperintendent A.A. Allison het sedert die opening van die konsentrasiekamp op die dorp tot met die sluiting daarvan aan die hoof gestaan. Na die oorlog het hy hom op 'n plaas ses kilometer suidoos van Greylingstad gevestig, wat hy na Tegwan's Nest herdoop het. Greylingstad se inwoners het hom tot met sy dood in 1946 gerespekteer.[30] Indien hy hom wel tydens die konsentrasiekamptydperk aan onmenslike optrede teenoor die kampinwoners

---

[29] Brief dr. Iain Smith, Universiteit van Warwick, aan skrywer, 01.05.2007.

[30] Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, p. 237.


skuldig gemaak het, sou sy verblyf in die Heidelbergdistrik alles behalwe aangenaam gewees het. Maar dit was veral sy menslikheid teenoor en goeie verhouding met die kampinwoners wat ‘n meer ontspanne bestuurstyl tot gevolg gehad het. Die vertroue wat die kampinwoners in hom gestel het, het veroorsaak dat hulle ‘n beter verhouding met die kampowerhede gehad het en daaruit het beter samewerking voortgevloei. Dit was tot hulle voordeel, aangesien hulle hul veel beter onder vreedsame as dwangtoestande vir beter lewensomstandighede kon beywer.

Genoemde faktore verklaar in ‘n mate waarom die konsentrasiekamp op Heidelberg as ‘n “goeie” kamp gereken kan word. As ‘n modelkamp kan dit nie beskou word nie, aangesien ‘n model die “volmaakte voorbeeld van iets” veronderstel.[31] Die ontspanne atmosfeer in hierdie kamp het moontlike konfliksituasies voorkom of ontlont, wat weer bevorderlik vir die totstandkoming van ‘n gelukkige kampgemeenskap kon gewees het.

---

[31] F.F. Odendaal (red.), *HAT Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 671.

# BYLAES




Mrs Kriegler. Heidelberg
By order of the District
Commnr on instructions
received, You are hereby
ordered to proceed to
P. Maritzburg Natal on
Tuesday next Dec 18th by the
mail train leaving Heidelberg
at 10.30. am
By order
Huff Fowle (Capt)
Act Provost Marshal
Heidelberg
15/12/00

Opdrag aan mevrou Issie Kriegler om op 18 Desember 1900 Heidelberg te verlaat en per trein na Pietermaritzburg (konsentrasiekamp op Howick) te vertrek.

(Dr. C.C. Momberg)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PROTECTION PASS.

Mr. J Russell — of Heidelberg


district Heidelberg is permitted to keep ~~Stallions~~,

2 Geldings ~~and~~ ~~Mares~~ which are

not to be requisitioned.


M Vallentin
Major ~~Capt.~~
District Commissioner.

Heidelberg, 13 Mch — 1901.



OFFICE OF THE DISTRICT COMMISSIONER
8. OCT. 1900
HEIDELBERG

Mr Harvey has permiss to go to & fro over the bridge.



Notice.

W.Harvey.

By Order of G.O.C.Heidelberg you are hereby ordered to proceed to Capetown this day and will leave Heidelberg Station under escort at 4 o'clock p.m.

BY ORDER,

Heidelberg, Friday,
12th October, 1900.

H.W. Fowle Captain.
Acting Provost Marshall.


Voorbeelde van passe wat gedurende die Britse besetting van Heidelberg aan die inwoners uitgereik is. (Dr. C.C. Momberg)



Heidelberg en die konsentrasiekamp op die agtergrond (Dr. C.C. Momberg)



Heidelberg konsentrasiekamp, 1901 (Dr. C.C. Momberg)



BURGHER CAMPS DEPARTMENT.

No. 23 RATION TICKET. Repatriation

Name Honibell G. F.

Where from Beltfontein Alberg

Date of ~~Admittance~~ issue four weeks July 2nd 02

Children under 12 yrs. 3 5 yrs. 1

Adults 4

Flour 184 lbs — Meat 106 lbs

Coffee 11½ s — Milk 60 tins. bottles

Sugar 24 s — Butter 4 s

Salt 4½ s — Syrup

Samp, Beans or Rice — Coal

Vegetables — Wood

Soap 16 s

A A Allison
Superintendent.

G. & McK.—8971.


359

20/5 01 Honibell George Frederik 43
Mrs. 33
James Eduard 15
Wynand Willem 13
Adrian Peter 7
Elena Maria 11
Marie Magdalene 5
George Frederik 2

Rationed B. E. Alberg
four weeks 2/7 02
four weeks 30/7 02
A A Allison Supt.

RESIDENT MAGISTRATE

Voor– en rugkant van rantsoenkaart uitgereik deur die Burgher Camps Department tydens die hervestiging van die Heidelbergse kampinwoners (F,M, von N. Hansen)



Many happy returns of 12/8 or your health shall be duly drunk that day in Scotch Wine & Eau de Soude; sorry there will be no Grouse for dinner! No news, all's well.

M. v. B.

Native Refugee Camp,
HEIDELBERG.

12/7 02

Poskaart gedateer 12.07.1902. Gestuur vanaf swart konsentrasiekamp op Heidelberg. (Brig.genl. (dr.) H.J.G. Kamffer)

# BIBLIOGRAFIE

## A. ARGIVALE BRONNE

Ongepubliseerd, tensy anders vermeld

### 1. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB)

#### Aanwinste

W2, N.J. de Wet
W19, P.H.S. van Zyl, oorlogsherinneringe
    Oorlogsherinneringe, Issie Kriegler
    Briewe Johanna Landsberg, Johanna C. van Wyk en ongedateerde brief Anna Jooste.
A787, Dr. G.S. Preller-versameling
    20-21, Korrespondensie van veggenl. H.A. Alberts.
    31, 34, Korrespondensie van veggenl. P.R. Viljoen.
    36, Korrespondensie F. Wepener aan kmdt. C.J.Spruyt.
A432, E. Joubert-aanwins
    Brief Cassie O'Reilly, Beaumont Natal, 03.05.1901.
A 2029, Ian Uys-versameling
    Oorlogsherinneringe van vk. Hendrik Kamffer.
W81, Viljoen-aanwins
    M.J. Viljoen, dagboek no. 2 en 5.
    H.P.N. Viljoen, dagboek no. 5.

#### Colonial Office Records

(Fotokopieë van oorspronklike dokumente, Public Record Office, Londen.)
Oorspronklike reeksnommer: CO 291-292.
Fotokopie reeksnommer: FK volumes 602, 896, 951, 957, 959, 975, 980, 1788, 1798.

#### Archives of Colonial Secretary, Transvaal (CS)

Volumes 44 - 5923/01, 31 – 4100/01, 2834/02, 64 – 866/02 handel oor notules van skoolinspekteursvergaderings tydens Anglo-Boereoorlog in Pretoria.

#### Archives of the Director of Burgher Camps (DBC)

Volumes 11, 12, 13, 14. Kampregisters, kampverslae, mediese verslae, inspeksieverslae, statistieke in verband met siektes en

sterftes in konsentrasiekampe opgestel deur A.A. Allison, E.R. Harvey, W. Bentinck, dr. H. Crook, dr. R.G. Ralston, dr. A. Strange en C.E.W Sands.

**Heidelbergargief**

Landdros kriminele sake, 1899, deel 2.
Landdros inkomende stukke 1892 – 1900
Landdros telegramkopieboek, Februarie 1899 - Jan. 1900
LHB Criminal Records Heidelberg, 1/1/1, 1900.

**Argief van die Kommandant-generaal, ZAR (KG)**

Volume 380, notule van vergadering van Heidelbergkommando, 18.09 1900.
Volume 580, brieweboek.

**Dr. W.J. Leyds-argief.**

Oorlogstelegramme: uit volumes 717 (6) en (8), 726 (6) en (7), 727 (1), (2), (3), (4) en (5); 728 (1), (2), en (8); 729 (1); 732 (1).
Oorlogsargief: volumes 737 kopieë oorlogsberigte; 753 genl. Louis Botha telegramkopieboek; 759 ingekome stukke afkomstig van jonkheer Sandberg
Persberigte:

Volume198 (1) *De Zuid-Afrikaan*, “De Boeren weezen”, 23.12.1902.
Volume 200(3), *Transvaal Leader,* “Heidelberg meeting.”
Volume 200(4), *De Volkstem, “*De Heidelberg byeenkomst”, 04.07.1903.
Volume 202 (4), *Natal Mercury,* “A plain talk with Mr. H.P. van Rensburg, MLC”, 06.09 1903.
Volume 203 (3) brief P.R. Viljoen aan *De Volkstem*.
Volume 209 (1), The South African Press Bureau, “The Great Boer Meeting at Heidelberg, ongedateerd.

**Archives of the Military Governor, Pretoria (MGP)**

Volumes 9, 28, 54, 55, 67, 73, 75, 76, 78, 89, 101, 109, 113, 123, 125, 139, 165, 167, 218, 207, 218, 224, 234, 241, 245, 251, 258, 261.
Volume 219 – letterbook; Minute Registers, MR 45, 61(B),165, 167.

**Archives of the Secretary for Native Affairs (SNA)**

Volumes 3, 20, 25, 27 – 28, 30, 44, 58 – 59, 72, 98.

**Archives of the Political Secretary (PSY)**

Volume 57: diary of J.M. Vallentin.

**Archives of the Provost Marshall's Office, Army Headquarters, South Africa (PMO)**

Volume 76, report on Refugee Camp Heidelberg by F. Wepener en P. Groesbeek, 21.01.1901.

**Lord Roberts Papers**

Volumes 34, 58.

**Argief van die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (SS)**

Volumes 8064, 8071, 8076, 8253, 8271, 8348, 8408,8413, 8482, 8868.

**War Office Records (WO)**

FK 1788, 1798, 1910, 1911.

**2. Argiefbewaarplek van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk, Stellenbosch (voorheen Pretoria)**

**Godsdiensverslae**

RR – III/4, Verslagen van den staat van den godsdienst der gemeenten, Heidelberg, 1899 – 1902.
RR – III/4, Verslagen van den staat van den godsdienst der gemeenten Heidelberg over 1903.

**Kerkraadsnotules**

Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 03.07.1899 – 29.04.1905.

**3. Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria Godsdiensverslag**

Verslag van gemeentevergaderings in die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Gemeente op 17 en 18 Maart 1901; brief aan J.M. Vallentin op 19 Maart 1901.

**4. Argiefbewaarplek van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom**

**Notules kerkraadsvergaderings**

Gereformeerde Gemeente Heidelberg Transvaal, 1890 – 1904, boek 1.

## B. AMPTELIKE PUBLIKASIES

### 1. Britse Blouboeke

Cd. 524 *Return of buildings burnt each month from June 1900 to January 190 including Farm Buildings, Mills, Cottages and Hovels.* 1901.

Cd. 582 *Correspondence between the Commander-in-Chief in South Africa and the Boer Commanders so far as it affects the Destruction of Property.* 1901.

Cd. 819 *Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust, and upon the Government Schools at Marthinus Wesselstroom and the Nigel.* 1901.

*Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education.* 1901.

*Copy of circular telegram sent to all Superintendents.* 1901.

*Report on Burgher Camp Heidelberg, July - August 1901.*

*Reports on the Refugee Camps at Heidelberg, Standerton, and Volksrust, by Dr. Kendal Franks.* 1901.

Cd. 893 *Report on the Concentration Camps in South Africa, by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, containing Reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal.* 1902.

Cd. 934 *Native Refugee Camps, Transvaal, October 1901.*

*Statement by J.H. Corbett, Organising Inspector of Schools.* 1901.

Cd. 1551 *Report by Native Commissioner, Pretoria and Heidelberg Districts.* 1903.

**2. Transvaalkolonie**

Transvaal Administration Reports for 1902: Final report of the work performed by the Native Refugee Department of the Transvaal from June, 1901, to December, 1902.

**3. Zuid-Afrikaansche Republiek**

ZAR 120 *Suid-Afrikaanse Republiek Onderwys, Jaarverslag van Superintendent, 1883 – 1898.*

ZAR 125 *Suid-Afrikaanse Republiek Onderwys, skoolinspeksieverslae 1896.*

ZAR 126 *Suid-Afrikaanse Republiek Onderwys, skoolinspeksieverslae 1897.*

**4. Berliner Missionsberichte (**Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria, Spesiale versamelings)

*Missionsberichte Juni 1900*
*Ziebenundsiebzigster Jahresbericht der Gesellschaft zur Beförderung der evangelischen Missionen unter den heiden zu Berlin, 1900.*

**C. PERIODIEKE PUBLIKASIES (KOERANTE EN TYDSKRIFTE)**

*Beeld,* 23.06.1999.
*Die Brandwag,* 05.07.1946 – 19.07.1946.
*Historia,* jaargang 12(3), September 1967.
*Historia,* jaargang 52(1), 2007.
*Historiese Studies,* 5(1), Maart 1944.
*The Heidelberg News,* 1899, I November 1901 tot Desember 1902.

**D. KORRESPONDENSIE**

Stowell V. Kessler, 14.04.2007.
Dr. C.C. Momberg, 10.02.2007.
Dr. Iain Smith, 01.05.2007.

**E. PRIVAATVERSAMELINGS**

1. Dr. C.C. Momberg, Heidelberg
A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria.*
Kort oorsig van skool en opvoedingsake op Heidelberg, Transvaal soos vertel deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof Volkskool Heidelberg, 20.03.1934.

Opmerkings deur J.F.H. Schraader oor die halfeeufeesvierings van die Volkskool Heidelberg, 12.10 1953.
Kaart van Heidelbergdorp, 1906.
Eksemplare van *The Heidelberg News.*
Inligtingstuk Gauteng Provinsiale Administrasie: *Anglo-Boer/South African War – 1899-1902. Heidelberg Black- & White Concentration Camp.*
Lynn Fordred (samesteller) – Tour guide of Heidelberg: "St. Ninians Anglican Church."

2. F.M. von N. Hansen, Mookgophong (Naboomspruit)
Rantsoenkaart uitgereik deur Burgher Camps Department tydens repatriasie aan G.F. Honiball asook kwitansies vir rantsoene.

**F. LITERATUUR**

Amery, L.S. (red.),*The Times history of the war in South Africa, 1899-1902,* V, VI (London, Sampson Low, Marston & Co., 1900-1907).

Barnard, S.S., *Blanke onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief* (Durban: Butterworth, 1979).

Basson, M.A., "Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1907," deel 1 en 2 (Gepubliseerde D.Ed. proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1950).

Bosman, A.E.F. (red.), *The diary of E.S. Leversage during the siege of Ladysmith, 1899 – 1902*, in die Christiaan de Wet-Annale, no. 10 (Bloemfontein, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, in samewerking met die Oorlogsmuseum, Oktober 2000).

____, *Aan God alleen die eer, 'n geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Heidelberg, Transvaal, 1865–1965* (Pretoria, Craft Pers Edms. Bpk, 1965).

____, *Pro Deo et Patria* (Pretoria, Craft Pers, 1976).

Bot, A.K., *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836–1936* (Pretoria, Staatsdrukker, 1936).

Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, I* (Pretoria, Staatsdrukker, 1969).

Brink, Elsabe, *The long march home* (Kaapstad, Nasionale Pers, Kwela Books, 1999).

Coetzee, J. Chr., *Onderwys in Transvaal, 1838 – 1937* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1941).

Danes, Richard, *Cassel's history of the Boer War* (London, Cassell & Co., 1901).

De Klerk, W.J., *De gesneuvelden en gestorven van de Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika gedurende den oorlog, 1899–1902* (Pretoria, N. D. van der Reyden, 1906).

Devitt, N., *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899 – 1902* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter, 1941).

Dönges, T.A. en K. Bonsma, "Het lager onderwys onder de ZAR", in *Gedenkboek*, *uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika, April 1918* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1918).

Du Moulin, L.E., *Two years on trek* (London, Murray and Co., 1907).

Du Toit, Bep, *Die verhaal van Johanna Brandt* (Pretoria, Protea Boekhuis,1999).

Engelbrecht, S.P., *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865 – 1935* (Pretoria, Wallachs, 1935).

Esterhuizen, S.J., "Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910" (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1965).

Grundlingh, Albert, *Die "hendsoppers" en "joiners". Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, Protea Boekhuis, tweede uitgawe, 1999).

Forrester, George, *The life of Lord Roberts,* (London, Cassell & Co, 1916).

Hancock, W.K., *Smuts, 1, The sanguine years, 1870–1919* (Cambridge University Press, 1962).

Hattingh, J.L., "Die Irenekonsentrasiekamp", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* jaargang 30, deel 1 (Pretoria: Staatsdrukker, 1967).

Hobhouse, Emily, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* (Kaapstad, Nasionale Pers, derde druk, 1943).

Kessler, S.V., "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human en Rousseau, 2001).

Kestell, J.D. en Van Velden, D.E., *De vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de verteenwoordigers der Britsche regeering* (Pretoria – Amsterdam, J.H. de Bussy, 1909).

Klassis Waterberg, *Eeufeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die Klassis Waterberg, 1859-1959* (Potgietersrus, Morester-drukkery, geen datum).

Le Roux, Owen, "Die vroue-organisasies en die kerk", in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die vrou, IV* (Stellenbosch, C.F. Albertyn Edms. Bpk., geen datum).

Lötz, P.W., "Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys aan blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal van 1839 tot 1950" (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1952).

MacKinnon, W.H., *Journal of the C.I.V. in South Africa* (London, John Murray, Albemarle Street, 1901).

Malherbe, E.G., *Education in South Africa, 1652–1922* (Cape Town and Johannesburg, Juta & Co., Ltd., 1925).

Malherbe, K. (red.), *Die Boerevrou-boek* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1950).

Martin, A.C., *The Concentration Camps, 1900–1902: Facts, Figures and Fables* (Cape Town, Howard Timmins, 1957).

Mohlamme, J.S., "Vlugtelingkampe vir swartes in die Boererepublieke", in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human en Rousseau, 2001).

Müller, A.L. (red.), *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika,* (Pretoria en Kaapstad, Academica, 1979).

Neethling, E., *Mag ons vergeet?* (Kaapstad, Nasionale Pers Beperk, tweede druk, 1940).

Odendal, F.F., *HAT, Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Midrand, Perskor, 1994).

Otto, J.C., *Die konsentrasiekampe* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2005).

Ploeger, J., *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902, dele II, IV en V* (Pretoria, Staatsargiefdiens, Mei 1990).

Pretorius, Fransjohan, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Kaapstad, Human & Rousseau, tweede uitgawe, 1999).

___, “Die lot van die Boerevroue en –kinders”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

___, “Besinning”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde,* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

Romer, C.F. en Mainwaring, A.E., *The Second Battalion Royal Dublin Fusilliers in the South African War* (London: A.L. Humphreys, 187 Piccadilly, W., 1908).

Searle, C., “A socio-historical survey of the development of nursing in South Africa between 1652 and 1960” (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1964).

Spies, S.B., *Methods of barbarism?* (Johannesburg and Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2001).

Steyn, D.G., “Geneeskruie en boererate”, in C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die vrou, VII* (Stellenbosch, C.F. Albertyn (Edms.) Bpk., 1973).

Stanley, Liz, *Mourning becomes...* (Manchester University Press, 2006).

*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* vyf volumes (Pretoria, RGN, 1968-1987).

Symington, F.C., “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat”, in *Historiese Studies,* 5(1), Maart 1944.

Todd, Pamela en Fordham, David (red.), *Private Tucker’s Boer War diary* (London, Elm Tree Books, 1980).

Uys, Ian, *Fight to the bitter end* (Knysna Press, 2002).

___, *Heidelbergers of the Boer War* (Cape Town, Galvin and Sales Pty. Ltd., 1981).

Van der Merwe, A.A. (red.), *Transvaalse Onderwysdepartement, 1876-1976* (Johannesburg, Perskor, 1976).

Van der Schijf, W.G. (red.), *Die Gereformeerde Kerk van Heidelberg, 1890-1965* (Potchefstroom Herald Edms. Bpk., geen datum)

Van der Vyver, G.C.P., *My erfenis is vir my mooi. Gedenkboek by die eeufees van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* (Potchefstroom Herald Edms. Bpk., 1969).

Van Heyningen, Elizabeth, "Britse geneeshere teen Boerevroue: botsing van mediese kulture" in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

Van Jaarsveld, F.A., "Die Afrikaner en geskiedenis op skool", in *Historia,* 12(3), September 1967.

____, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms* (Johannesburg, Perskor, 1992).

Van Rensburg, A.P.J., "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jaargang 30, deel 2 (Pretoria: Staatsdrukker, 1967).

Van Rensburg, T. (red.), *Vir vaderland, vryheid en eer. Oorlogsherinneringe van Wilhelm Mangold, 1899-1902* (Pretoria, RGN, 1988).

_____, *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong. Expriences of a Boer nurse in the Irene Concentration Camp, 6 April – 11 October 1901* (Pretoria, RGN, 1980).

Van Rooyen, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia-drukkery Bpk., 1948).

Van Zyl, P.H.S., "Gertjie gaan oorlog-toe", in *Die Brandwag,* 05.07.1946.

_____, "Op ou Heidelberg aan die Suikerbosrand", in *Die Brandwag,* 12.07.1946.

_____,"Die toneel verander na die konsentrasiekamp", in *Die Brandwag,* 19.07.1946.

Venter, Hertzog (red.), *Totius, 2, versamelde werke* (Kaapstad, Tafelberg, 1977).

Wallace, R.L., *The Australians at the Boer War* (Canberra, Australian War Memorial, 1976).

Warwick, Peter, *Black people and the South African War, 1899-1902* (Johannesburg, Ravan Press (Pty) Ltd, 1983).

Wassermann, J. en Kearney, B. (reds.), *A warrior's gateway: Durban and the Anglo-Boer War, 1899-1902* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2002).

Wilson, H.W., *After Pretoria: the guerilla war, IV* (London, Amalgamated Press, 1902).

Zietsman, P.H., *Die taal is gans die volk* (Universiteit van Suid-Afrika, 1992).

____, “Die konsentrasiekampskole ligbakens in die duisternis”, in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

Zöllner, Linda en Heese, J.A., *Die Berlynse sendelinge in Suid-Afrika en hul nageslag* (Pretoria, RGN, 1984).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SAMEVATTING


**Die Britse owerheid en die burgerlike bevolking van Heidelberg, Transvaal, gedurende die Anglo-Boereoorlog**

deur

Willem Jacobus Pretorius

Promotor: Prof. Fransjohan Pretorius
Medepromotor: Dr. J.E.H. Grobler
Departement: Historiese en Erfenisstudies
D.Phil.-proefskrif

Op 23 Junie 1900 het die Britse troepe Heidelberg beset. Die rustige bestaan het vir spanning onder die burgerlikes en agterdog teenoor die Britse militêre owerheid plek gemaak. Inwoners soos ds. A.J. Louw, wat geweier het om die Eed van Neutraliteit te teken, is onverwyld uit die dorp verban. Vroue soos Issie Kriegler en Cassie O'Reilly, wat met hulle uitgesprokenheid die gramskap van die Britte ontketen het, is saam met hulle gesinne na die konsentrasiekamp by Merebank in Natal gestuur. Aangesien die beëindiging van die oorlog vir die Britse owerheid belangrik was, het distrikskommissaris J.M. Vallentin Heidelbergse wapenneerlêers gebruik om die burgers tot oorgawe te oorreed en voorstelle vir die bereiking van vrede aan die hand te doen.

As deel van die verskroeide aarde-beleid is Boerevroue en kinders wat sonder heenkome was, na die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg geneem, waar hulle getalle mettertyd tot ongeveer 2 000 aangegroei het.

Die Heidelbergse kampowerhede het die aankomelinge van tente voorsien terwyl higiëniese maatreëls en mediese dienste vir liggaamlike welsyn ingestel is. Siektes het uitgebreek. Die pogings van die Britse medici om die sterftesyfer met Westerse medikasie en voorskrifte vir beter voeding aan kinders te verlaag, het allesbehalwe seepglad verloop onder meer vanweë die Boerevroue se wantroue in hulle.

Voor die Anglo-Boereoorlog was die gemeentelike lewe besonder aktief. Met die Britse oorname het eredienste, bediening van die doop en katkisasie in die susterskerke op Heidelberg op 'n gereelde grondslag voortgegaan. Godsdiensoefening in die konsentrasiekamp is ook nie agterweë gelaat nie. Fasiliteite is vir die gemeentelike aktiwiteite van die drie susterskerke beskikbaar gestel. Ook het die Britse kerke op Heidelberg, die St. Ninian's Anglican Church en die Wesleyan Methodist Church, 'n bloeitydperk beleef, terwyl die Berlynse Sendinggenootskap sy werksaamhede gestaak het. Teen 1902 is die kampinwoners toegelaat om dienste in hulle gemeentes op die dorp by te woon.

Onderwys het met die Britse besetting ‘n nuwe tydvak betree. Die kampskool het saam met die skoolgeldheffende skole en die “free schools” op die dorp daartoe bygedra om die grondslag vir ‘n Britse onderwysstelsel in Transvaal te lê. Ingevoerde Britse onderwysers het nuwe wêrelde vir die kampkinders ontsluit, wat hulle tot verdere intellektuele ontwikkeling sou aanspoor. Die kampskole, waarby ook volwassenes gebaat het, was ‘n ligpunt in die bestaan van die konsentrasiekampe.

Tot onlangs was min oor die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik bekend. Toestande in hierdie kampe het na hulle oorname deur die Departement van Naturellevlugtelinge in Junie 1901 verbeter. Swartes is deur die leër en privaat huishoudings in diens geneem. Sommige was selfversorgend deurdat hulle mielies en ander gewasse produseer het. Die swart kamp op Heidelberg se sterftesyfer was laag. Dit is waarskynlik aan die goeie werk van die mediese offisier, ene Stewart, te danke.

Hervestiging van blanke en swart kampinwoners het na afloop van die oorlog in Mei 1902 gevolg. Met Britse hulp en danksy rantsoene wat aan hulle uitgereik is, kon hulle huiswaarts keer. Dit blyk dat Heidelberg se blanke konsentrasiekamp relatief goed bestuur is en vanweë sy lae sterftesyfer onder die beter kampe tel.

**SLEUTELTERME**

Anglo-Boereoorlog
Blanke konsentrasiekamp
Boererate
Dameskommissie
Departement van Naturellevlugtelinge
Eed van Neutraliteit
Guerrillastryd
Hendsoppers
Hervestiging
Kampskool
Swart konsentrasiekamp
Verskroeide aarde-beleid
Wapenneerlêers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SYNOPSIS

**The British authorities and the civilian inhabitants of Heidelberg, Transvaal, during the Anglo-Boer War, 1899-1902**

by

Willem Jacobus Pretorius

Promoter: Prof. Fransjohan Pretorius
Co-promoter: Dr. J.E.H. Grobler
Department of Historical and Heritage Studies
D.Phil. thesis

On 23 June 1900, the British troops occupied Heidelberg. The serene life there was replaced by tension among the civilians and suspiciousness towards the British military authorities. Inhabitants such as the Rev. A.J. Louw, who refused to sign the Oath of Neutrality, were immediately banned from the town. Women such as Issie Kriegler en Cassie O'Reilly, whose outspokenness infuriated the British, were sent with their families to the concentration camp at Merebank in Natal. Since it was important to the British authorities that the war should end, District Commissioner J.M. Vallentin used Heidelberg men who had laid down their arms to persuade the burghers to surrender and to make proposals for the termination of hostilities.

As part of the scorched-earth policy, homeless Boer women and children were taken to the concentration camp for whites at Heidelberg, where their numbers gradually increased to approximately 2 000.

The Heidelberg camp authorities provided the arrivals with tents and established measures for hygiene and medical services for their physical wellbeing. Diseases broke out. The British authorities' attempts to lower the mortality rate with Western medication and prescriptions for better nutrition were fruitless, due to the Boer women's distrust.

Before the Anglo-Boer War, congregational life had been very active. After the British occupation, church services, baptism and catechism continued on a regular basis at the three sister churches in Heidelberg. Religious exercises in the concentration camp were also not neglected. Facilities were made available for the congregational activities of the sister churches. The English churches in Heidelberg, the St. Ninian's Anglican Church and the Wesleyan Methodist Church, experienced a period of growth, while the Berlin Mission closed its doors. By 1902, the inhabitants of the camp were permitted to attend the services of their congregations in the town.

With the British occupation, education entered a new era. The camp school, with the schools that charged school fees and the “free schools” in Heidelberg, contributed to laying the foundation for a British educational system in the Transvaal. Imported British teachers opened new worlds to the camp children, which would encourage further intellectual development. The camp schools, from which adults benefited, as well, was a redeeming feature in the existence of the concentration camps.

Until recently, little had been known about the black concentration camps in the Heidelberg district. The conditions in those camps improved after their manangement had been taken over by the Department of Native Refugees in June 1901. Blacks were employed by the army and private households. Some of them were self-sufficient, since they produced maize and other crops. The mortality rate in the black camp at Heidelberg was low, probably thanks to the good work of Stewart, the medical officer.

The relocation of the white and black inhabitants of the camps followed after the war, in May 1902. Thanks to the assistance of the British and the rations that had been issued to them, they could start going home. It appears that the white concentration camp at Heidelberg was managed reasonably well and that, due to its low mortality rate, it was one of the better camps.

## KEY TERMS

Anglo-Boer War
Black concentration camps
Boer remedies
Burgher camp – white concentration camp
Camp school
Collaborators
Guerrilla War
Heidelberg
Ladies Commission
Native Refugee Department
Repatriation
Scorched earth policy